

INGRID WINTERBACH,  
'N DERDE KULTUUR  
EN DIE NEO-VICTORIAANSE  
ROMANTRADISIE (1984–2006)

ERIKA LEMMER

INGRID WINTERBACH, 'N DERDE KULTUUR  
EN DIE NEO-VICTORIAANSE ROMANTRADISIE (1984–2006)

deur

ERIKA LEMMER

INGRID WINTERBACH, 'N DERDE KULTUUR EN DIE  
NEO-VICTORIAANSE ROMANTRADISIE (1984–2006)

deur

ERIKA LEMMER

voorgelê ter vervulling van die vereistes

vir die graad

DOCTOR LITTERARUM et PHILOSOPHIAE

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF. H.M. ROOS

AUGUSTUS 2010



Ek verklaar hiermee dat

INGRID WINTERBACH, 'N DERDE KULTUUR  
EN DIE NEO-VICTORIAANSE ROMANTRADISIE (1984-2006)

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het  
deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

.....  
HANDTEKENING

(ME. E. LEMMER)

.....  
DATUM



## ERKENNINGS

Die studie het tot stand gekom met die hulp van verskeie instansies en persone. In hierdie verband verleen ek graag die volgende erkennings:

Die **Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)** vir finansiële ondersteuning;

**Henriette Roos** van die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap (UNISA) vir bekwame studieleiding en stimulerende gespreksgenootskap;

**Marisa Keuris** van die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap (UNISA) vir logistieke bystand;

**Hleziphi Napaai**, vakreferent by die UNISA-biblioteek;

**Alf Casey** van die Produksieafdeling (UNISA) vir die inskandering van illustrasies;

**Dineke Ehlers** vir die redigering van die teks;

**Vriende, kollegas en familie (veral my sussie, Sylvia)** vir hulle ondersteuning en belangstelling.

Erika Lemmer  
Pretoria  
Augustus 2010





## OPSOMMING

In hierdie navorsingsverslag word verbande tussen die romankuns van Ingrid Winterbach / Lettie Viljoen, 'n derde kultuur en die neo-Victoriaanse romantradisie ondersoek. Die studie word binne die kultuurfilosofiese raamwerk van 'n derde kultuur geplaas, wat veronderstel dat die sogenaamde twee kulture van wetenskap en letterkunde nie apart nie, maar eerder as organiese eenheid funksioneer.

Kritici wat navorsing in die interdisipline van letterkunde en wetenskap onderneem, onderskei veral die Wetenskapsera (1879–1914), waarby die Victoriaanse tydperk (1837–1901) inbegrepe is, as 'n historiese periode waar sodanige derdekulturese tydsgees waarneembaar was. Dié vermelde periode is gekenmerk deur talle wetenskaplike ontdekkings, waarvan Darwin se evolusieleer waarskynlik die heftigste reaksie in die burgerlike samelewing ontlok het. Negentiende-eeuse letterkunde (en veral die Victoriaanse roman) weerspieël dan ook hierdie tydsgees waar die interaksie tussen wetenskap en letterkunde besonder prominent was.

Die tydsgees van ons eietydse inligtingsgedrewe samelewing, waar die klem nou weer, soos destyds, op wetenskaplike ontdekking en kennisverspreiding val, word daarom ook deur sosiale kommentators as “neo-” of “retro-Victoriaans” bestempel. Darwin se opspraakwekkende evolusieleer word vandag nog steeds in die eietydse verbeelding geproblematiseer en kontemporêre fiksie, soos dié van Winterbach, herskryf dus nie slegs geykte modernistiese grense tussen wetenskap en kuns nie, maar herbesoek ook die negentiende-eeuse fiksie wat simptome van 'n soortgelyke tydsgees was.

Winterbach se romans (1984–2006), met hulle sterk natuurhistoriese ingesteldheid en verankering in Darwinistiese beginsels, is dus postmoderne herskeppings van bekende negentiende-eeuse genre- en periodekonvensies. Darwinistiese konsepte soos groei, metamorfose, transformasie, evolusie asook oorsprong, benoeming en uitsterwing van spesie word bevoorgrond. Die fiksionalisering van 'n empiries-wetenskaplike wêreldbeskouing vlerk dus aan by soortgenootlike Afrikaanse voorgangertekste deur amateur-natuurwetenskaplikes soos Eugène Marais en C. Louis Leipoldt. Winterbach se popularisering van wetenskaplike kennis en ontginning van Victoriaanse literêre kodes

sluit ook sterk aan by 'n neo-Victoriaanse romantradisie (synde 'n eietydse permutasie van die Victoriaanse tradisie). Haar oeuvre vertoon dus noodwendig ook raakpunte met dié van haar Britse tydgenoot, A.S. Byatt; 'n neo-Victoriaanse spilfiguur. 'n Beskrywing van die natuurlike wêreld in hierdie romantradisie impliseer egter ook 'n gelyktydige verkenning van bonatuurlike sfere, 'n tendens wat eweneens aantoonbaar is in soortgenootlike tekste van (George) Eliot, Marais, Leipoldt, Winterbach en Byatt.

## SYNOPSIS

This research report explores the link between the novels of Ingrid Winterbach / Lettie Viljoen, a third culture and the neo-Victorian novel. The study is therefore situated within the cultural-philosophical framework of a third culture, which implies that the two cultures of science and literature do not function as separate disciplines, but as an organic unit.

Researchers in the interdiscipline of literature and science identify the Age of Science (1879–1914) – including the Victorian era (1837–1901) – as a historical period where the existence of such a third culture was observed. This period was characterised by numerous scientific discoveries, and Darwin's theory of evolution generated heated debates in Victorian society. Nineteenth-century literature (and specifically the Victorian novel) therefore reflects the spirit of an age where the interaction between science and literature was particularly evident.

In our information-driven society, the focus is once again on scientific discovery and dissemination of knowledge, prompting social critics to typify the current period as “neo-” or “retro-Victorian”. The contemporary imagination still problematises Darwin's theory of evolution, and fiction such as Winterbach's therefore not only renegotiates the fixed modernistic boundaries between science and literature, but also revisits the nineteenth-century genres symptomatic of a similar third culture.

Winterbach's novels (1984–2006) display a distinctive predisposition towards natural history and Darwinistic principles and are therefore postmodern adaptations of nineteenth-century conventions. Darwinistic concepts such as growth, metamorphosis,

transformation, evolution and the origin, naming and extinction of species are therefore accentuated. Winterbach's fictionalisation of a nineteenth-century worldview can be linked to the work of her ancestors in the Afrikaans literary tradition, Eugène Marais and C. Louis Leipoldt (both amateur scientists). Her popularisation of scientific knowledge and revisitation of Victorian codes also link her to a neo-Victorian novelistic movement (a contemporary permutation of the Victorian tradition). Her oeuvre therefore also displays similarities to that of her British contemporary, A.S. Byatt, a prominent neo-Victorian novelist. An exploration of the natural world in this tradition, however, also implies an exploration of supernatural spheres, a trend which is equally evident in texts by congeners such as (George) Eliot, Marais, Leipoldt, Winterbach and Byatt.

#### KEY PHRASES

Winterbach, Ingrid; Viljoen, Lettie; two cultures; third culture; literature and science; natural history; Darwin and literature; Afrikaans literature; Victorian novels; neo-Victorian studies.



## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1

#### INLEIDING

|       |  |    |
|-------|--|----|
| 1.1   | TER AANVANG.....   | 1  |
| 1.1.1 | Die interdisipline: letterkunde en wetenskap.....              | 1  |
| 1.1.2 | Die twee kulture: ’n historiese oorsig.....                    | 6  |
| 1.1.3 | Lettie Viljoen / Ingrid Winterbach: die literêre tradisie..... | 13 |
| 1.2   | PROBLEEMSTELLING.....  | 17 |
| 1.3   | DOELFORMULERING.....   | 19 |
| 1.4   | HIPOTESES.....   | 20 |
| 1.5   | WERKSWYSE EN TEORETIESE PARADIGMA.....                         | 21 |
| 1.6   | TERREINAFBAKENING EN HOOFSTUKINDELING.....                     | 23 |
| 1.7   | AKTUALITEIT.....   | 25 |

### HOOFSTUK 2

#### DIE DERDE KULTUUR: “Advance together, men of letters and men of science...”

|       |   |    |
|-------|---|----|
| 2.1   | INLEIDING.....  | 28 |
| 2.2   | DIE TWEKULTURE-DEBAT.....   | 30 |
| 2.2.1 | Die oorsprong van die debat.....  | 30 |
| 2.2.2 | Die Huxley-Arnold-debat.....  | 32 |
|       | (a) “Science and culture” (Thomas H. Huxley, 1880).....                     | 32 |
|       | (b) “Literature and science” (Matthew Arnold, 1882).....                    | 34 |
| 2.2.3 | Die Snow-Leavis-debat.....  | 37 |
|       | (a) “The two cultures and the Scientific Revolution” (C.P. Snow, 1959)..... | 37 |
|       | (b) “Two cultures? The significance of C.P. Snow” (F.R. Leavis, 1962).....  | 40 |
|       | (c) “The two cultures: a second look” (C.P. Snow, 1963).....                | 41 |
| 2.2.4 | Die tweekulture-model.....  | 43 |

|   |    |
|---|----|
| 2.2.5 'n Derde kultuur: die Brockman-definisie..... | 44 |
| 2.3 GEVOLGTREKKING.....                             | 46 |

### HOOFSUK 3

#### PRESEDENTE VAN 'N DERDE KULTUUR: DEFINISIES, HISTORIESE PERIODES EN LITERÊRE GENRES

|  |    |
|--|----|
| 3.1 INLEIDING.....   | 50 |
| 3.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS.....  | 52 |
| 3.2.1 “wetenskap/wetenskappe” (“science/sciences”).....  | 52 |
| 3.2.2 “natuurgeskiedenis” (“natural history”).....   | 56 |
| 3.2.3 “wetenskapsromantiek” (“romantic science”).....  | 58 |
| 3.2.4 “letterkunde”.....   | 61 |
| 3.2.5 “kultuur”.....   | 63 |
| 3.3 DIE WETENSKAPSERA (“ <i>AGE OF SCIENCE</i> ”) (1789–1914).....   | 64 |
| 3.3.1 Die aanloop.....   | 64 |
| 3.3.2 Wetenskap en letterkunde in die negentiende eeu: 'n derde kultuur...   | 67 |
| 3.4 GENRES VAN DIE NEGENTIENDE EEU: VICTORIAANSE<br>ROMANS, NATURALISTIESE LETTERKUNDE EN WETENSKAPS-<br>FIKSIE..... | 73 |
| 3.4.1 Ter inleiding.....   | 73 |
| 3.4.2 Die Victoriaanse roman: “We had fins, we may have wings”.....  | 74 |
| 3.4.3 Naturalistiese literatuur.....   | 81 |
| 3.4.4 Wetenskapsfiksie.....  | 83 |
| 3.5 'N EIETYDSE DERDE KULTUUR.....   | 86 |
| 3.5.1 Historiese parallele: “neo-/retro-/pseudo-Victoriaans”.....  | 86 |
| 3.5.2 Die neo-Victoriaanse roman.....  | 90 |
| 3.6 GEVOLGTREKKING.....  | 98 |

## HOOFSTUK 4

### “AN ENTANGLED BANK”: EVOLUSIONÊRE PATRONE IN ENKELE WINTERBACH-TEKSTE (1984–2006)

|     |   |     |
|-----|---|-----|
| 4.1 | INLEIDING.....  | 101 |
| 4.2 | DIE <i>GESTALT</i> VAN DARWINISTIESE IDEES.....                         | 106 |
| 4.3 | <i>Klaaglied vir Koos</i> (Lettie Viljoen, 1984).....                   | 108 |
| 4.4 | <i>erf</i> (Lettie Viljoen, 1986).....                                  | 115 |
| 4.5 | <i>Belemmering</i> (Lettie Viljoen, 1990).....                          | 120 |
| 4.6 | <i>Landskap met vroue en slang</i> (Lettie Viljoen, 1996).....          | 130 |
| 4.7 | <i>Buller se plan</i> (Ingrid Winterbach, 1999).....                    | 137 |
| 4.8 | <i>Die boek van toeval en toeverlaat</i> (Ingrid Winterbach, 2006)..... | 143 |
| 4.9 | GEVOLGTREKKING: “There is grandeur in this view of life”.....           | 150 |

## HOOFSTUK 5

### *NIGGIE* (2002): ’N VICTORIOGRAFIE?

|     |  |     |
|-----|--|-----|
| 5.1 | INLEIDING.....   | 158 |
| 5.2 | HISTORIOGRAFIESE METAFIKSIE.....   | 159 |
|     | 5.2.1 Ter aanvang.....   | 159 |
|     | 5.2.2 ’n Fiksionele herskepping van die Victoriaanse (koloniale) periode.. | 161 |
| 5.3 | DARWINISTIESE PATRONE: “Animal, vegetable, mineral”.....                   | 170 |
|     | 5.3.1 Ter aanvang.....   | 170 |
|     | 5.3.2 In gesprek met Darwin.....   | 171 |
| 5.4 | DIE DARWINISTIESE OOMBLIK: “Dit strook nie met die Bybel nie”...           | 180 |
| 5.5 | BONATUURLIKE EN PARANORMALE VERSKYNSELS.....                               | 184 |
|     | 5.5.1 Ter inleiding.....   | 184 |
|     | 5.5.2 Spiritisme, trieksters en drome.....                                 | 187 |
| 5.6 | NOSTALGIE EN VERLIES.....  | 196 |
| 5.7 | GEVOLGTREKKING.....  | 198 |

HOOFSTUK 6  
OOR NEFIES EN NIGGIES: LITERÊRE SOORTGENOTE

|       |   |     |
|-------|---|-----|
| 6.1   | INLEIDING.....  | 201 |
| 6.2   | AFRIKAANSE VOORGANGERTEKSTE.....  | 203 |
| 6.2.1 | Ter aanvang.....  | 203 |
| 6.2.2 | Eugène N. Marais.....   | 205 |
| 6.2.3 | C. Louis Leipoldt.....  | 213 |
| 6.2.4 | C.J. Langenhoven.....   | 218 |
| 6.2.5 | I.D. du Plessis (“Mal Gert”).....   | 221 |
| 6.3   | TYDGENOTE: WINTERBACH EN BYATT.....   | 224 |
| 6.3.1 | A.S. Byatt: ’n inleiding.....   | 224 |
| 6.3.2 | “Morpho Eugenia” (A.S. Byatt, 1992).....  | 227 |
| 6.3.3 | <i>Karolina Ferreira</i> (Lettie Viljoen, 1993) (vertaal as <i>The elusive moth</i> ) | 241 |
| 6.4   | INSECT/INCEST: a game the whole family can play.....                                  | 252 |

HOOFSTUK 7  
SAMEVATTING: DIE ESTETIKA VAN KENNIS

|  |   |     |
|--|---|-----|
|  | Samevatting: die estetika van kennis..... | 258 |
|  | BYLAAG A.....                             | 267 |
|  | BYLAAG B.....                             | 268 |
|  | BYLAAG C.....                             | 269 |
|  | BYLAAG D.....                             | 277 |
|  | BYLAAG E.....                             | 281 |
|  | BYLAAG F.....                             | 282 |
|  | GERAADPLEEGDE BRONNE.....                 | 287 |



# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

A Keats and a Newton, listening to each other, might hear the galaxies sing.

Richard Dawkins, *The selfish gene*

### 1.1 TER AANVANG

#### 1.1.1 Die interdisipline: letterkunde en wetenskap

In een van die vele gesprekke in *Belemmering* (1990) wat oor die kartering van grense handel, vra een van die karakters: “Hoekom die grense hier gooi? Hoekom hier probeer begrens? Ons is tog besig om te bepaal wat hier kan gebeur. *Ons ondersoek tog die tussenterrein*” (Viljoen 1990:51; my kursivering). En dan later weer: “Hulle buig met hernieude, versterkte geesdrif oor die kaarte. Hulle onderskei, hulle plot uit, hulle begrens, hulle versit die grense, hulle bevraagteken die verskuiwings van die begrensinge; hulle dring die onbekende, die betwiste terrein verder en dieper binne” (Viljoen 1990:111).

In hierdie navorsingsverslag sal ’n soortgelyke “tussenterrein”, naamlik dié van ’n derde kultuur, verken word met spesifieke verwysing na die romans van Ingrid Winterbach (1984–2006). Die globale kultuurfilosofiese begrip van ’n derde kultuur veronderstel ’n toestand waar die dissiplines van die wetenskap en die letterkunde sodanig met mekaar in wisselwerking tree dat die geykte grense tussen dié twee dissiplines in die proses herdink word. Navorsers binne hierdie “interdisipline van letterkunde en wetenskap” (aldus Collini in Levine 1987:vii) het bevind dat daar veral in die Victoriaanse era (1837–1901) ’n besonder noue interaksie tussen die wetenskap en die letterkunde was. ’n Soortgelyke derdekultuurse toenadering tussen dié twee dissiplines is nou weer in ons eietydse inligtingsgedrewe samelewing waarneembaar – ’n verskynsel wat deur sommige kritici soos Rauch (2001) en Shuttleworth (1998) al as “neo-Victoriaans” beskryf is. Soos die Victoriaanse letterkunde van destyds, weerspieël ook die kontemporêre neo-Victoriaanse fiksie hierdie tydsgees van ’n derde kultuur.

Die term “derde kultuur” is uiteraard ’n toespeling op die bekende debatte tussen die Britte Thomas Huxley en Matthew Arnold aan die einde van die negentiende eeu waar die status van die twee tersaaklike dissiplines beredeneer is. Arnold en Huxley verskil wel skerp oor die rangorde van wetenskap en letterkunde in die kurrikulum, maar ontken geensins die noue wisselwerking tussen die twee dissiplines gedurende die negentiende eeu nie. Hulle debatte het weer aanleiding gegee tot ’n verdere reeks invloedryke lesings in Brittanje deur C.P. Snow en F.R. Leavis in die 1960’s, waar spesifiek Snow die globale verskynsel van ’n kloof tussen wetenskaplikes en letterkundiges betreur het.

Dié gaping of skeiding waarna Snow verwys, het egter eers sedert die einde van die negentiende eeu duidelik sigbaar begin word. Vir die eerste gedeelte van die twintigste eeu is die gaping in stand gehou deur modernistiese wetenskapsopvattinge wat die wetenskap as aparte en selfingeslote entiteit gedefinieer het. In reaksie op hierdie skeiding tussen die dissiplines het Snow ’n derde kultuur bepleit waar die “twee kulture” volgens hom weer by mekaar moes aansluit (soos wat vir die laat agtiende eeu en die grootste gedeelte van die negentiende eeu wél die geval was).

In 1995 het die Amerikaner John Brockman, ’n eietydse wetenskaplike en outeur van *The third culture*, weer hierdie Snow-konsep herwin en verruim; nié om soos laasgenoemde net die potensiële toenadering tussen die “twee kulture” in die Westerse samelewing te beskryf nie, maar om pertinent te verwys na ’n hedendaagse tendens waar die wetenskapsdiskoers só gepopulariseer geraak het dat dit toenemend deel van die openbare domein (“public culture”) word.

Barricelli en Gibaldi (1982:iv) wys op die middelpuntvliedende gees (“centrifugal spirit”) van literêre tekste en hulle geneigdheid om nie slegs op artistieke en intellektuele wyse internasionale grense oor te steek nie, maar ook om met ander vorme van kuns en kennis te vermeng. Vir hulle beklee die letterkunde dus ’n posisie in die samelewing waar dit as ’n sentrale kognitiewe bron funksioneer: “as society’s most faithful and comprehensive interpreter” (1982:iv). Die navorsingsverslag fokus dus op die verskynsel dat die letterkunde van ’n bepaalde era uiteindelik ook simptome is van die heersende tydsges (in hierdie geval ’n derdekultuurse tydsges). Die wedersydse invloed tussen die twee tersaaklike dissiplines, naamlik die wetenskap en

die letterkunde (nader gedefinieer in Afdeling 3.2), word toenemend in die literêre kritiek bestudeer. Shaffer (1998:3) verwoord dié stand van sake soos volg in *The third culture: literature and science*:

The title of the volume may merit a word or two of explanation, though *both the notion of the 'third culture' and the interdisciplinary field of literature and science have become established points of departure*. [...] Literary studies are concerned both with the way science impinges on literary works or is represented within them, and increasingly with the ways literature and related fields may have found a resonance within scientific thinking (my kursivering).

In 'n gesaghebbende artikel in die *Journal of Victorian Culture* (2006) getiteld "Literature and science under the microscope", wys Dawson (2006:301) op die belang van toepaslike interdisiplinariteit ("appropriate interdisciplinarity"). Hy bevestig 'n eietydse herleefde belangstelling in die interdisipline van wetenskap en letterkunde en sonder die bestaan van verskeie relevante vakwetenskaplike verenigings en publikasies uit. *The Society for Literature, Science and the Arts (SLSA)* onderhou byvoorbeeld sedert 1993 'n publikasie getiteld *Configurations* asook 'n nuusbrieff genaamd *Decodings*. Die Universiteit van Glamorgan huisves 'n *Centre for Literature, Arts and Science* met 'n publikasie, *Journal of Literature and Science*. Die *British Society for Literature and Science (BSLS)* asook die fokusgroep *Literature and Science* van die *American Culture Association* getuig eweneens van 'n toenemende belangstelling in die "rapidly emerging interdisciplinary field of literature and science" (Dawson 2006:315). Hier te lande beywer die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hulleself reeds jare lank vir die erkenning en bevordering van dié twee vormende kragte in ons samelewing.

Levine (1987:vii), wat as 'n gerekende navorser op hierdie terrein geag word, onderskryf die volgende drie tersaaklike aannames:

1. Wetenskap en kuns is twee alternatiewe, maar *verwante* uitdrukkings van 'n kultuur se waardes, aannames en intellektuele raamwerke.
2. Die verstaan van wetenskap in verhouding tot kultuur en letterkunde vereis nie slegs 'n begrip van die interne prosesse nie, maar ook van die eksterne druk wat

uitgeoefen word deur sosiale, politieke, estetiese, psigologiese en biografiese kragte.

3. Die *invloed* van een dissipline op die ander werk na weerskante toe: wetenskap beïnvloed nie slegs letterkunde nie, maar letterkunde kan ook wetenskap beïnvloed.

Literêr-krities beskou is die bestudering van 'n interaksie tussen die sogenaamde “twee kulture” ’n studieveld wat alreeds sedert die 1940’s in die VSA aansien geniet het. Teen 1950 het die *Modern Language Association* (MLA) op aandrang van ene Marjorie Nicholson selfs ’n studiegroep (*Literature and Science*) gestig met gefokusde navorsingsuitsette ter uitbouing van die studieveld. Rousseau (1978:586) identifiseer verskillende fases in die ontwikkeling van hierdie navorsingstradisie waarna daar sedert die helfte van die twintigste eeu algemeen verwys is as “literature and science” (vertaal as “letterkunde en wetenskap”).

Aanvanklik was daar dié literêre kritici of tradisionele filoloë wat bloot gekonsentreer het op die wetenskaplike verwysings in literêre tekste (die sogenaamde “traditionalists-philologists”). Hulle is opgevolg deur ’n vlag teoretici wat die tradisionalistiese werkwyse as beperkend ervaar het, ’n sterker fokus op die teorie bepleit het en sodoende amper eerder historici van die wetenskap was.

Nicholson word uitgesonder as ’n geval wat die beste van die filoloë en die teoretici verteenwoordig het: “She professed not to be capable of overlooking the tremendous influence of science on literature” (Rousseau 1978:586). Haar geïntegreerde benadering kan volgens Rousseau beskou word as ’n derde ontwikkeling binne die gemelde interdissipline.

’n Vierde uitgangspunt was dié van literatoure wat rondom die konsep van invloed (“influence”) navorsing gedoen het. Hulle aanname was dat letterkunde en wetenskap mekaar wedersyds beïnvloed. In ’n klimaat waar die literêre kritiek egter self op ’n eiesoortige wetenskaplike status aanspraak begin maak het, het die lidmaatskap van dié reeds vermelde studiegroep beduidend getaan.

'n Volgende ontwikkeling wat deur Rousseau aangetoon word, is die *kritiese pluralisme* waar daar 'n verskeidenheid van benaderings voorgestaan is wat veral in die 1990's hoogty gevier het met eksponente soos George Levine, Gillian Beer, Tess Coslett, Ludmilla Jordanova, Alan Rauch, David Knight en Sally Shuttleworth. Daar is in hierdie periode ook 'n verbreding van die studieveld, aangesien die fokus nie slegs meer soos voorheen op literêre tekste val “that borrowed from and popularised science” nie, maar ook uitgebrei word na die literêre ondersoek van wetenskaplike tekste (Jordanova 1986:19). Die bekendste voorbeeld in hierdie verband is Gillian Beer (2000) se belangwekkende studie oor die literêre invloede in Charles Darwin se *On the origin of species by means of natural selection or the preservation of favoured races in the struggle for life* (1859) – waarna hierna slegs in verkorte vorm as *On the origin of species* verwys sal word.

O’Gorman (2002) bevestig dat literêre kritici, in navolging van hulle negentiende en pre-negentiende-eeuse voorgangers, vandag weer (in weerwil van die streng vroeg-twintigste-eeuse onderskeid tussen die twee diskoerse) letterkunde en wetenskap as verwante praktyke beskou. Hy wys daarop dat die interdisipline veral oor die afgelope paar dekades 'n beduidende intellektuele onderneming binne die terrein van kontemporêre Engelse literêre kritiek geword het: “Major books completed in the 1980s and 1990s, essays, and university theses continue to push the boundaries of this field in the twenty-first century” (O’Gorman 2002:231).

Dit is opvallend dat sekere historiese periodes soos die Victoriaanse era deurentyd uitgesonder word in navorsing oor die interdisipline van letterkunde en wetenskap. Die rede daarvoor is dat die dissiplines gedurende hierdie vermelde periodes sodanig oorvleuel het dat Levine die konsep van een kultuur (“one culture”) gemunt het om dié noue wisselwerking mee te beskryf (sien ook Afdeling 1.1.2 hieronder). Die onderstaande genres en/of strominge dien dus dikwels as vrugbare ondersoekterrein vir studies oor die verhouding tussen die twee dissiplines:

- die wetenskapsromantiek (“romantic science”) wat onder meer die Romantiese periode (1775–1830) se behepthed met die natuurgeskiedenis reflekteer, maar ook 'n oop praktyk impliseer waar estetiese konvergensies tussen wetenskap en letterkunde ondersoek word;

- Victoriaanse romans (1837–1901) met inbegrip van subgenres soos Victoriaanse evolusionêre en natuurgeskiedenisromans;
- die naturalistiese letterkunde van die laat negentiende eeu en dié romantradisie se obsessie met erflikheid, noodlot en evolusionêre metafore;
- die genre van wetenskapsfiksie (of SF, die afkorting vir *science fiction*);
- die eietydse neo-Victoriaanse romantradisie wat Victoriaanse periode- en genrekonvensies herwin.

Volgens O’Gorman (2002) is die profiel van die interdisipliene vandag veral prominent in kontekstuele of *neo-Victoriaanse* studies. Dié kontemporêre sytak van Victoriaanse studies sal in Afdeling 3.5.2 bespreek word: “Increasing in its profile in twentieth-century studies, the study of science and the novel constitutes the most prominent aspect of contextual studies currently explored in Victorian fiction (O’Gorman 2002:230).” Kucich (2002:253) voer aan dat die heel nuutste ontwikkeling binne die interdisipliene selfs ’n verskuiwing vanaf ’n Darwinesentreerdheid na ’n groter kritiese belangstelling in die psigologiese gebied van die Victoriaanse roman sinjaleer.

In die loop van hierdie studie sal daar, benewens die tipering van Winterbach se romans as draers van ’n eietydse derde kultuur, ook verwys word na haar verbande met ander soortgenootlike tekste wat eweneens inspirasie put uit die tipiese negentiende-eeuse romanvorme waar die wetenskap as integrale deel van die romanstruktuur gefigureer het.

### **1.1.2 Die twee kulture: ’n historiese oorsig**

Die bestaan van en wedersydse invloed tussen die “twee kulture” binne die Westerse intellektuele tradisie – synde die meerduidige diskoerse van die wetenskappe en die kunste – is al vanaf die vroegste tye ’n onderwerp van vele debatte. Die geskiedenis strek minstens vanaf Klassieke tye, die Middeleeue, Renaissance, die agtiende-eeuse era van die Verligting (met die Linnaeummoment in 1751) tot by die sogenaamde *Age of*

*science* (en meer spesifiek die Victoriaanse periode). Die Victoriaanse tydperk is grootliks gedefinieer deur die publikasie van Darwin se opspraakwekkende *On the origin of species* (1859) en die meegaande popularisering van die wetenskap. Die bekende negentiende-eeuse debatte tussen Huxley en Arnold asook die verreikende lesings van Snow en Leavis in die twintigste eeu lei uiteindelik tot Brockman se eietydse verruimde idee van 'n derde kultuur.

'n Klassieke denker soos Plato het alreeds in navolging van Sokrates onderskei tussen die twee “modes of discourse associated with these impulsions” (Slusser & Guffey 1982:179). Gedurende die Middeleeue, wat deur denkers van die Verligting tradisioneel as “donker” beskryf is, bestaan daar egter ook 'n merkwaardige integrasie van die wetenskap, filosofie en teologie. Whitehead (in Levine 1987) voer aan dat die werklike beginpunt van die “slow vast sweep of science through the consciousness of the West” eintlik eers vanaf die sestiende eeu sigbaar geraak het. Die destydse ontdekkings van Copernicus en die publikasie van Newton se *Principia* was simbole van hierdie wetenskaplike revolusie.

In die Renaissance ('n tydperk wat veral deur frenetiese intellektuele aktiwiteit gekenmerk is) oorspan die werk van 'n veelsydige Da Vinci reeds die twee dissiplines. Levine (1987:9) beweer egter dat die wetenskap eintlik eers sedert die sewentiende eeu 'n gesaghebbende en intrinsieke deel van die populêre kultuur geword het. 'n Kenmerk van die sewentiende eeu was veral die stigting van invloedryke organisasies soos die *Royal Society of London for the Promotion of Natural Knowledge* en die *Académie des Sciences* in Parys.

In 1751 publiseer die Sweedse botanikus Linnaeus sy ensiklopediese *Philosophia Botanica* waarin die kernbeginsels van 'n binêre nomenklatuur uiteengesit is (en waarvolgens alle plante en diere potensieel geklassifiseer sou kon word). Die agtiende-eeuse verbeelding word verder aangegryp deur die resultate van verskeie wetenskaplike ontdekkingsreise. Die ikoniese ekspedisie van James Cook (1768), waartydens alle ontdekkings gedokumenteer is en voorsien is van wetenskaplike sketse, het volgens Fulford (2004) die koers van die wetenskap permanent verander.

Die insameling van wetenskaplike data kan uiteraard nie geskei word van die koloniale of imperiale projek nie. Sulke navorsing is dikwels onderneem deur reisende natuurwetenskaplikes wat lede was van formele ekspedisies asook deur diegene wat amptelike pligte in die kolonies uitgevoer het. Die bestudering van die natuurgeskiedenis was aanvanklik teen die agtiende eeu in Brittanje die gereserveerde domein van 'n klein groepie welvarendes, maar gedurende die negentiende eeu het dit bykans 'n nasionale obsessie geword.

Die Romantiek van die laat agtiende en vroeë negentiende eeu word voorts deur Shaffer (1997:4) uitgesonder as 'n stroming waarin die sentrale belang van die wetenskap vir die moderne wêreld ook begryp is deur denkers buite die wetenskap. Sy lê trouens ook oortuigende verbande tussen die Romantiek van daardie periode en ons eie post-modernistiese tye. Richardson (2001:xiv) beklemtoon die Romantiek (1775–1830) se fassinatie met die brein en sensus en asook die kontinuïteit tussen liggaam en psige. Hy identifiseer verder die volgende motiewe, ideale en ontdekkings wat dikwels toegedig word aan dié stroming: “the split or fragmented psyche; the revaluation of feeling, instinct and intuition; the active mind; developmental models of subject formation; the unconscious.” Hy argumenteer verder dat die biologiese psigologie van Darwin, Gall en ander radikale breinwetenskaplikes 'n kritieke bydrae gelewer het tot die Romantiese diskursiewe veld met woorde soos “sensitivity, nervous, organic, natural, universal and brain”. Die Gotiese romanvorm, waarin die klem weer geplaas word op die bonatuurlike, word egter óók tot die Romantiek gereken (sien Afdelings 3.4.2, 3.5.2 en 5.5).

Die Wetenskaps-era (“Age of science”) strek vanaf 1879 tot 1914 en omsluit dus die Victoriaanse periode (1837–1901). Herringman (2003:2) beskryf dié era as 'n “tweede wetenskaplike revolusie”, waar wetenskaplike belange uiteindelik ook literêre belange was. Halliwell (1999:viii) verwoord dié laat-agtiende- en negentiende-eeuse tendens van “wetenskapsromantiek” soos volg en dig 'n ruimer betekenis daaraan toe wat nie bloot tydsgebonde is nie:

*In many ways, romantic science is an open tradition which can be adopted for any practice which fuses scientific with aesthetic understanding and seeks to deal with the experience of individuals. Romantic science also carries an ethical undercurrent which directs the inquirer to the sensitive issue of knowing the*



Other and checks abstract speculation with a firm commitment to develop particular modes of active communication [...]. Instead of mapping science onto art, as is usually the practice, we explore points of *aesthetic convergence from the perspective of the human sciences*” (Halliwell 1999:viii; my kursivering).

Die drang na kennis in Victoriaanse Engeland is volgens Rauch (2001:22) gekenmerk deur die stigting van verskeie instellings wat hulleself daarvoor beywer het om wetenskaplike kennis te genereer. Nuwe ontdekkings is deur middel van veelvuldige geïllustreerde publikasies en openbare lesings aan die algemene publiek bekend gestel. Enkele van hierdie verenigings was byvoorbeeld *The Society for the Diffusion of Useful Knowledge* en die *British Association for the Advancement of Science* (1854) met sy sewe vertakings (Wiskunde, Fisika, Chemie, Geologie, Dier- en Plantkunde, Geografie en Etnologie, Statistiek en Ingenieurswese).

“Science is penetrating everywhere,” som G. H. Lewes in 1874 (*Problems of life and mind*) die tydsgees op. Myers (1998:6) bevestig dat die *retoriek van wetenskap* die begroning was vir die groot Victoriaanse romanskrywers soos Dickens en Eliot. Volgens Paradis en Postlewait (1981:x) het die negentiende-eeuse wetenskap juis ’n tema van Victoriaanse letterkunde geword omdat dit so ooglopend op alle vlakke van die Victoriaanse gemeenskap gemanifesteer het: “Those writers who set out consciously to address the cultural influences of science often did so by demonstrating in literary works how scientific forces significantly redirected or redefined the live of individuals. As signs of the times, scientific images and ideas became important literary metaphors.”

Cosslett (1982), Chapple (1986), Beer (1996) en Dale (1989) bevestig almal die sterk verband tussen die negentiende-eeuse tydsgees van “wetenskaplikheid” en die Victoriaanse roman. Otis (2002:xvii) benadruk spesifiek die feit dat ’n streng skeiding tussen die twee kulture nooit ’n negentiende-eeuse fenomeen was nie, maar eerder ’n verskynsel wat sedert die laat negentiende eeu aantoonbaar geraak het namate die professionalisering van die wetenskap posgevat het. Die jare 1880–1882 dateer natuurlik die welbekende debat tussen Thomas Huxley en Matthew Arnold. Daar is reeds in Afdeling 1.1.1 uitgewys dat hierdie twee kritici verskil het oor die prioretisering van die twee dissiplines in die kurrikulum, maar nie noodwendig die idee van twee *aparte kulture* onderskryf het nie: “Huxley and Arnold, debate as they would over the respective values instilled by scientific and humanistic education, found *not*

*two cultures, but one, its traditions located in the accumulated wisdom of both humanism and science”* (Paradis & Postlewait 1981; my kursivering).

Die Victoriane was dus getuies van ’n sosiale revolusie en die wetenskap het ’n beduidende invloed gehad op die wyse waarop individue hulle leefwêreld ervaar het:

The man of science had become a noteworthy and influential public species, a symbol for many, of the new age. It was natural then, for Victorian writers to explore the human dimensions of the man of science and to consider the cultural meaning of his emergence within English society. Not surprisingly, the lives, ideas and values of this new intellectual and social class became the raw material for a variety of artistic works. Science was in the air by mid-century, and Darwin’s *On the origin of species* in 1859 made *scientific definitions and theories central to ethical, aesthetic and social ideas*. [...] The literary artist and social critic who wished to recreate some aspect of Victorian life, whether in fiction or poetry, in social or intellectual commentary, was destined to come face to face with the remarkable fact that science and its applications were not only transforming the structure of English society, but that they were also *redefining the images and values upon which the culture as a whole had traditionally been based* (Paradis & Postlewait 1981:x, xii; my kursivering).

Die tydperk rondom 1859 (die verskyningsdatum van *On the origin of species*) word allerweë as die Goue Era van die natuurgeskiedenis bestempel. Darwin se ensiklopediese teks gee volgens Bronowski (1978:20) aanleiding tot ’n algehele *biologisering* van die wêreldbeeld en steun volgens Beer (2000:xi) sterk op tydgenootlike literêre motiewe en strategieë. Die opkoms van Darwinistiese oorsprongsteorieë het in die proses egter alle teologiese sekerhede opgehef en die verskynsel van ’n kollektiewe Victoriaanse geloofskrisis na die oppervlak gedwing (Shuttleworth 1998:253).

Kennis oor die evolusieleer het die gewone burgers van alle geloofsekerhede ontnem, wat gelei het na ’n aangryping van esoteriese praktyke (soos byvoorbeeld spiritisme) as “superwetenskap”. Daar is selfs gepoog om wetenskaplike verklarings vir hierdie paranormale gebeurtenisse te vind. Die letterkunde van hierdie tyd het ’n gelyktydige fokusverskuiwing ondergaan waar daar nie meer slegs ’n sosiale orde gereflekteer is wat direk vanaf ’n godheid uitgegaan het nie, maar een waarin menslike wesens as *produkte van die natuurlike wêreld* beskryf is.

Knight (1986:1) en Rauch (2001:22) lê direkte verbande tussen hierdie negentiende-eeuse tydperk en die kennisontploffing in ons huidige inligtingsera. Levine (1987), Shaffer (1998) en Shuttleworth (1998) meen ook dat die bevoorgroting van wetenskaplike wêreldbeskouings in die negentiende eeu (asook die aanwending daarvan binne niespesifieke kontekste) *in ons huidige tydsgewrig* weer 'n toenemend belangrike rol begin speel by skrywers wat buite die wetenskapsprofessie staan:

The interface of science with other disciplines has become a matter of urgency in our times, because science is the dominant intellectual discipline, whose authority, influence and through its practical applications, financial and political power are unequalled (Shaffer 1998:3).

Shuttleworth (1998:253), in ooreenstemming met Knight en Rauch, bestempel ons huidige tydsgewrig met sy verhoogde ingesteldheid teenoor die natuurwetenskaplike diskoers as *retro- of neo-Victoriaans*. Die opbloeï van 'n studieveld genaamd *neo-Victoriaanse studies* onderstreep hierdie analogie tussen die negentiende eeu en ons eietydse kennisgedrewe samelewing (sien Afdeling 3.5.2).

Daar is hierbo alreeds vlugtig verwys na Levine (1987:3) se gebruik van die term “one culture”. Met dié term verwys hy na 'n sogenaamde integrasie van die twee kulture soos wat dit byvoorbeeld *tydens die negentiende eeu* gemanifesteer het en *tans weer*:

It is *one culture* then, in two senses: first, in that what happens in science matters inevitably to what happens everywhere else, literature included; and second, in that it is possible and fruitful to understand how literature and science are mutually shaped by their participation in the culture at large – in the intellectual, moral, aesthetic, social, economic, and political communities which both generate and take their shape from (1987:5).

Later in dieselfde argument diskrediteer Levine egter dié idee van 'n enkele kultuur omdat dit volgens hom die aard van die verskille tussen die twee afsonderlike kulture buite rekening laat. Hy spits hom derhalwe daarop toe om in sy navorsing eerder te soek na *punte van oorvleueling*, maar met die intuïtiewe aanvoeling dat die diskoerse en hulle produkte tog wel verskillend is. Dit is een van die bevindinge van hierdie navorsingsverslag dat dié “een geïntegreerde kultuur” waarna Levine verwys, met 'n nuwe betekenis-aanwending van die oorspronklike Brockman-frase as “derde kultuur” beskryf kan word.

Hierdie onderwerp (synde die integrasie van letterkunde en wetenskap) resoneer weer in die twintigste-eeuse debatte tussen Snow and Leavis (1958–1963), waar eersgenoemde uiteindelik ’n derde kultuur voorspel het waarbinne die “twee kulture” (’n term wat deur Snow gemunt is) suksesvol geïntegreer sou wees. Die tweekulture-debat het op boeiende wyse herleef as die sogenaamde wetenskapoorlog (“science wars”) in die laaste deel van die twintigste eeu. Wetenskaplikes (soos Brockman, Gould en Dawkins) het – in navolging van Thomas Kuhn se *The structure of scientific revolutions* (1962) – toenemend daarop aanspraak gemaak dat die wetenskap nie bloot ’n *stel objektiewe, kontroleerbare gegewens* is nie. Hulle het dit eerder beskou as ’n *sosiale konstruksie* “revealing of the dominant social and cultural concerns of the societies in which it is produced” (Cordle 1999:46). Hierdie benadering ondersteun Beer (1996:173) se uitspraak dat die wetenskap en letterkunde vir verskillende gemeenskappe in verskillende periodes telkens nuut onderhandel behoort te word (sien die tersaaklike begripsomskrywings in Afdeling 3.2).

Brockman (1995:17) verruim uiteindelik in die laat 1990’s die inhoud van die term “derde kultuur”. Hy argumenteer dat die Westerse intellektuele tradisie reeds vir te lank deur die sogenaamde “literary scholars” gedomineer is en eis vervolgens ’n sentrale rol vir die wetenskap in die publieke kultuur op. Hy fasiliteer ook publikasies van eendersdenkende wetenskaplikes soos Gould en Dawkins, wat (in die tradisie van ’n Darwin) dikwels van narratiewe strategieë gebruik maak om wetenskaplike kennis aan die leek te dissemineer:

The third culture consists of those scientists and other thinkers in the empirical world who, through their work and expository writing, are taking the place of the traditional intellectual in rendering visible the deeper meanings of our lives, redefining who and what we are. [...] We now live in a world in which the rate of change is the biggest change. Science has thus become a big story. What we are witnessing now is the passing of the torch from one group of thinkers, the traditional literary intellectuals, to a new group, the intellectuals of the emerging third culture; the third-culture thinkers are the new public intellectuals (Brockman 1995:19).

Faktore wat bydra tot dié verskynsel van ’n hedendaagse derde kultuur (en wat die aktualiteit van die studie bevestig) is onder andere ’n verhoogde ekokritiese ingesteldheid waar die mens se benutting, beleving en empiriese bestudering van die

natuurlike wêreld toenemend belangrik word; 'n stygende belangstelling in die niefiksionele natuurhistoriese of natuurwetenskaplike feit; die prominensie van populariserende natuurwetenskaplikes en openbare meningsvormers soos Hawking, Gould en Dawkins, asook die snelle tempo waarteen wetenskaplike ontdekkings plaasvind. In 'n periode waarin daar byvoorbeeld daaglik berig word oor die vordering met “een van die mees ambisieuse wetenskaplike eksperimente in die geskiedenis van die mensdom” (*Beeld* 2008:17), synde die Groot Hadronversneller (GHV) waar wetenskaplikes toestande onmiddellik na die oerknal probeer naboots, is die erkenning van 'n derde kultuur nie meer onderhandelbaar nie.

### **1.1.3 Lettie Viljoen / Ingrid Winterbach: die literêre tradisie**

Ingrid Winterbach (wat haar eerste vyf romans almal onder die skuilnaam *Lettie Viljoen* gepubliseer het) beklee 'n prominente posisie binne die Afrikaanse literêre kanon en was onderskeidelik al die wenner van die Ou Mutualprys en die M-Netprys vir *Karolina Ferreira* (1993), die W.A. Hofmeyerprys vir *Buller se plan* (1999), die Hertzogprys vir *Niggie* (2002) en die Universiteit van Johannesburg-, M-Net-, asook W.A. Hofmeyerprys vir *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006). 'n Nuwe roman, *Die benederyk* (2010), is tydens die finalisering van hierdie navorsingsverslag uitgereik, maar dit val buite die grense van hierdie ondersoek, wat slegs die gepubliseerde tekste vanaf 1984 tot 2006 betrek.

Winterbach word alreeds sedert haar debuutwerk, *Klaaglied vir Koos* (1984) deur Brink (1985:14) uitgesonder as romanskrywer wat 'n preokkupasie met wetenskaplike prosesse en wetenskaplike benoeming vertoon. Haar werk word deur Louise Viljoen (1996a) bestempel as “scientifically detailed, microphysical”. Hambidge (1985a:11) vestig weer die aandag op Winterbach se narratiewe strategie om belewenisse deurentyd in terme van die biologiese te beskryf. Deurlopende oeuververwysings na metamorfose, evolusie en ander oorsprongsteorieë asook die invoeging van veelvuldige betekenisdraende newetekste (byvoorbeeld biologiesketse van oorkanale, spinnekoppe en motte) bevestig Winterbach se sintuig vir die wetenskaplike. Kannemeyer (2005:657) toon tereg aan dat 'n teks soos *Karolina Ferreira* (1993) eintlik “in die trant van die negentiende-eeuse romankuns” staan.

Jansen (1999:734) beklemtoon Winterbach se strewe na eksaktheid wanneer sy die feitlike aandag vir insekte, argeologie, geologie, fauna, flora, die beeldende kuns en geskiedenis uitsonder as 'n opvallende aspek van haar romankuns. Jansen wys (soos Roos 1997:63) op 'n voorkeur vir karakters wat wetenskaplike beroepe beklee. Sy sonder vervolgens die talle metaforiese gelykstellings tussen mense en insekte uit omdat “hierdie wetenskappe, soos Winterbach se tekste, deelgeskiedenis van fragmente ondersoek en konstruksies maak van skikkende teorieë wat nie pretendeer om 'n totale visie of begrip te bereik nie” (Jansen 1999:735).

Swanepoel (1991:23) poneer in sy resensie van *Belemmering* (1990) dat die dualiteitsopset in hierdie teks ook uitspeel in onder meer die binêre opposisie van *kultuurhistories* teenoor *natuurhistories*. Malan (1991) noem dié roman trouens 'n “genealogiese gids wat jou baie vertel oor jou band met jou grootmoeder en jou voorsate, die visse, dinosourusse, ape...”. Die Winterbach-romans sal dus vir doeleindes van hierdie studie vergelyk word met bepaalde literêre tradisies waarin daar eweneens 'n doelbewuste poging is om die wetenskap in verskillende gedaantes as deel van die verhaalgebeure te betrek en te populariseer.

Uit die voorafgaande argument is dit duidelik dat 'n oorweging van die laat agtiende en volle negentiende eeu (die sogenaamde Wetenskaps-era en spesifiek die Victoriaanse periode) derhalwe van besondere belang is by 'n bestudering van Winterbach se oeuvre as artikulasie van 'n derde kultuur. Eerstens dien hierdie Wetenskaps-era (“Age of Science”) (1789–1914) as bruikbare analogie en historiese presedent van ons huidige tydsgewrig waar 'n derde kultuur eweneens identifiseerbaar is. Die Victoriaanse periode (1837–1901) is veral gedefinieer deur die publikasie van Darwin se evolusieteorie en die beduidende impak wat dit destyds op alle fasette van die samelewing gehad het – 'n teorie waarvan die naskokke vandag opnuut voelbaar is. Die unieke Victoriaanse strewe na kennispopularisering is ook in ons heersende inligtingsgedrewe samelewing weer relevant.

In die tweede instansie is hierdie historiese periode (met 'n fokus op die Anglo-Boereoorlog / Suid-Afrikaanse Oorlog) 'n epiese en mentale ruimte wat (in geheel of gedeeltelik) in bepaalde Winterbach-romans herbesoek word. Vergelyk in hierdie verband veral *Belemmering* (1990), *Buller se plan* (1999) en *Niggie* (2002).

Derdens is dié historiese periode vanselfsprekend ook relevant in enige ondersoek na tekste wat by die Victoriaanse en neo-Victoriaanse romantradisies aanvlerk. Winterbach se ontginning van Darwinistiese konsepte, verromantisering van die natuurgeskiedenis, aanwending van bekende negentiende-eeuse periode- en genrekonvensies asook ’n sterk didaktiese instelling val binne hierdie parameters van ’n derde kultuur en ’n neo-Victoriaanse literêre tradisie.

In die vroeëre Afrikaanse letterkunde getuig die werk van amateur-natuurwetenskaplikes soos Marais en Leipoldt van ’n besondere sensitiwiteit vir die natuurwetenskaplike, die natuurhistoriese en selfs die okkulte en esoteriese. Daar is verskeie intertekstuele verwysings na hierdie twee skrywersfigure in *Belemmering* (1990) asook *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006). In hierdie opsig tree Winterbach se romans dus ook in gesprek met ’n bestaande Afrikaanse literêre tradisie. Haar oeuvre reflekteer nou – soos dié van Marais en Leipoldt destyds – ’n herleefde (of neo-Victoriaanse) belangstelling in die negentiende-eeuse wêreldbeskouing, wat veral gekenmerk is deur ’n gelyktydige verkenning van die natuurlike en spiritistiese sfere.

Kontemporêre neo-Victoriaanse romans deur Graham Swift en A.S Byatt word deur Gilmour (2000:190) uitgesonder in ’n bydrae met die veelseggende titel “Using the Victorians: the Victorian Age in contemporary fiction”. Shuttleworth (1998:253) tipeer die werk van beide Swift en Byatt as “retro-” of “neo-Victorian”. Die werk van Winterbach (soos hierbo aangetoon) en dié van Byatt, synde een van die bekendste kontemporêre eksponente van ’n derde kultuur met haar neo-Victoriaanse romans, vertoon dan ook opvallende tematiese en generiese ooreenkomste. Beide se werk is gebaseer op idees wat Byatt (2000:65) self as breedweg Darwinisties (“loosely Darwinian”) beskryf het.

’n Verdere gedeelte bewondering by albei skrywers vir die Victoriaanse romansier George Eliot (en spesifiek *Middlemarch*), gelees saam met Shuttleworth (1998:253) se tipering van Byatt se werk as retro-Victoriaans, het uiteindelik die vonk verskaf vir ’n vergelykende lesing tussen tekste van Byatt en Winterbach. ’n Postmoderne Darwinistiese genrebenadering, soos wat in Afdelings 3.4.1 en 6.1 uiteengesit word, vereis ’n gelyktydige beskrywing van diachroniese en sinchroniese teksvoorbeelde. Dit

was dan 'n verdere rasionaal vir die verkenning van Winterbach se bande met haar (diachroniese) voorgangers én (sinchroniese) tydgenote binne dieselfde literêre tradisie. Alle verwysings na literêre vorme en -tradisies in hierdie navorsingsverslag moet vervolgens binne die raamwerk van hierdie betrokke genrebenadering vertolk word.

Van Byatt word gesê dat haar werk 'n *intellektuele kaleidoskoop van ons kontemporêre wêreld* bied en die onderstaande beskouing is ook oordraagbaar na Winterbach se oeuvre:

Byatt's [and Winterbach's – EL] novels, like her life, are dominated by an absorbing, discriminating mind which find intellectual passions as vibrant and consuming as emotional ones ... whose fictions delve into science, the visual arts, Victorian history and sensibilities and the postmodern concept of writing about writing" (Contemporary Writers Online 2003)

Byatt beweer verder dat sy opgewonde raak oor intellektuele nuuskierigheid van enige aard: "scientific, linguistic, psychological, but also by *literature as a complicated, huge interrelating pattern*. I also like recording small observed *facts and feelings*" (in Sturrock 2002; my kursivering). Sturrock voer aan dat Byatt op konsekwente wyse weier om 'n skeiding tussen emosie en intellek ("feeling and intellect") te erken, net soos wat sy verseg om die skeiding tussen die twee kulture van wetenskap en kuns te aanvaar. Hierdie betrokke oortuiging van Byatt resoneer ook in talle Winterbach-uitsprake en -romans. Winterbach se oeuvre staan dus (ten spyte van die talle eiesoortighede) nie slegs in die tradisie van vroeëre Afrikaanse skrywers soos Leipoldt, Marais en selfs Langenhoven nie, maar vertoon ook raakpunte met die kontemporêre neo-Victoriaanse romantradisie, waarbinne A.S. Byatt as 'n spilfiguur erken word.

In 'n onderhoud met De Vries (2008:213) benadruk Winterbach die kreatiewe spanning tussen *kennis* en die *nierasionele* as 'n terugkerende tema in haar oeuvre. Haar keuse vir romankarakters val daarom ook meermale op kunstenaars en/of wetenskaplikes (of alternatiewelik karakters wat 'n buitengewone belangstelling in die natuurlike wêreld vertoon). Dikwels manifesteer dié betrokke tweespalt tussen wetenskap en mistiek ook binne individuele karakters. Die wetenskaplike of kognitiewe (stereotipies voorgestel met die brein) word dus by Winterbach deurentyd gejuks taponeer met die nierasionele



of affektiewe (die hart). Dié spesifieke besinning oor die rol van kuns en wetenskap is uiteindelik ook sprekend van 'n derde kultuur.

Winterbach is, benewens haar verklaarde voorliefde vir natuurlike voorwerpe, sélf ook 'n bekende visuele kunstenaar. Haar tweede solo-uitstalling in Durban (“Remember me / Is all I ask” in 2003) is destyds soos volg geadverteer (sien pasteltekening “Specimen”, 2002, in Bylaag A):

She addresses issues of display, displacement, relocation and documentation of the human form. Most of the series of drawings depict bottled and dissected objects and organs (eg. the human heart [and brain – EL]). [...] Winterbach queries what happens to the status of an object or person when it is removed from its site of origin, when it is discomposed and repositioned. She questions what happens when it is redefined, relocated and reframed – either by the confines of a bottle, a sheet of paper, the pages of a book or the walls of a museum or gallery. Collected and displaced specimens can be read as mementos, remembrances or relics, also as trophies or desecrations depending on the politics of ownership (Artthrob 2003).

Die aanhaling hierbo is insgelyks op haar romans van toepassing. Gouws (2008:8) bevestig dat Winterbach se skryf- en visuele kuns wedersyds op mekaar inwerk. Hy verwys na hierdie wisselwerking as 'n “tussengebied” en bevestig daarmee ook Winterbach se geneigdheid tot grensoorskryding en interdisiplinariteit.

Binne hierdie bostaande kontekstualisering behoort die titel van die studie, *Ingrid Winterbach, 'n derde kultuur en die neo-Victoriaanse romantradisie (1984-2006)*, die kontoere van die diskoers uit te wys.

## **1.2 PROBLEEMSTELLING**

Een van die vernaamste vraagstellings deur kritici wat die wedersydse invloede tussen die wetenskappe en die letterkunde bestudeer, word soos volg deur Levine (1987:7) verwoord en kan vir doeleindes van hierdie studie as *uitgebreide probleemstelling* voorgelê word:

Why is the language of literary criticism these days so full of allusions to science, or at least to discussions of science by historians and philosophers? Is

the science we find “in” literature – in its themes, its language, its structures – genuinely representative of what is going on in science, or a lay distortion, deliberate or otherwise? Does the difference matter for literature? Does objective science in any way learn from nonscientific discourses? Is it reasonable to suggest that science, like literature, is subject to the assumptions, ideologies, prejudices current in the societies from which it grows? If so, precisely how do they manifest themselves?

Die volgende *kontekstuele probleemstelling* word voorgedra:

- Wat behels die interdisiplinêre van letterkunde en wetenskap?
- Watter betekenisimplikasies hou die konsep “derde kultuur” in?
- Hoe manifesteer die tydsges van ’n derde kultuur in samelewings?
- Hoe word begrippe soos “wetenskap”, “natuurgeskiedenis”, “wetenskapsromantiek”, “letterkunde” en “kultuur” gedefinieer?
- Het ons eietydse belangstelling in die wetenskappe historiese presedente?
- Watter ooreenkomste is daar tussen ons huidige inligtingsgedrewe tydvak en die Wetenskapera (spesifiek die Victoriaanse periode)?
- Wat word bedoel met die frase “retro-/neo-Victoriaans”?
- Hoe word die Darwinistiese wêreldbeeld van die negentiende eeu vergestalt in Victoriaanse romans, maar ook in neo-Victoriaanse fiksie?
- Watter algemene genrekonvensies word met Victoriaanse en neo-Victoriaanse romankuns geassosieer?

Met die romans van Winterbach (1984–2006) as voorbeeldmateriaal, sal daar deur die loop van die studie derhalwe gepoog word om die volgende verdere *teksspesifieke* vrae te beantwoord:

- Staan Winterbach se tekste in die kultuurfilosofiese tradisie van ’n derde kultuur?
- Is die aanbieding en verwerking van wetenskaplike bronmateriaal in die tersaaklike Winterbach-romans artistiek funksioneel?
- Is die gefiksionaliseerde wetenskaplike gegewens verifieerbaar?
- Word die wetenskaplike kennis op ’n toeganklike wyse aan lesers meegedeel?
- Strook die wêreldbeskouing wat Winterbach se romans onderlê met ’n Darwinistiese wetenskaplike wêreldbeeld?

- Watter negentiende-eeuse en (veral Victoriaanse) periode- en genrekodes word in haar romans ontgin?
- Sluit Winterbach se oeuvre aan by 'n bestaande literêre tradisie in die Afrikaanse letterkunde?
- In watter mate sluit haar romans aan by ander tradisies in die wêreldletterkunde (en spesifiek die neo-Victoriaanse romantradisie)?

### 1.3 DOELFORMULERING

Slusser en Guffey (1982:179) het in 'n rigtinggewende kritiese essay oor die integrasie van die twee tersaaklike dissiplines die impak van wetenskaplike denke op drie aspekte van fiksie probeer meet, naamlik die wêreldbeskouings in fiksie (“the thematics of science”), die idee van protagoniste (“the scientist as hero”) en ten slotte die vormlike of generiese aspekte (“literary form”).

Voortvloeiend uit die probleemstelling in 1.2 hierbo, tesame met die vermelde riglyne van Slusser en Guffey in die voorafgaande paragraaf, kan die doelwitte van hierdie navorsing soos volg gestipuleer word:

- om 'n oorsig te verskaf van die interdissipline *letterkunde en wetenskap*;
- om die term “derde kultuur” in verskillende betekenispermutasies te verken;
- om kernbegrippe soos “wetenskap”, “natuurgeskiedenis”, “wetenskapsromantiek”, “letterkunde” en “kultuur” te definieer;
- om die periode van die Wetenskaps-era (en pertinent die Victoriaanse era) as historiese spieëlbeelde van ons eietydse inligtingsera te beskryf;
- om die romans van Winterbach as verteenwoordigend van 'n bepaalde tydsgees, naamlik 'n *derde kultuur*, te beskryf;
- om die voorkoms en funksie van wetenskaplike verwysings in Winterbach se prosa te ondersoek;
- om te bepaal op watter wyse die wetenskaplike (en spesifiek natuurhistoriese) verwysings die romanstruktuur ondersteun;

- om herhalende intratekstuele, intertekstuele en oeuurepatrone met spesifieke verwysing na die wetenskaplike stamien van Winterbach se romans te identifiseer;
- om te bepaal in watter mate die Winterbach-romans deur 'n negentiende-eeuse wetenskaplike wêreldbeeld (met besondere klem op Darwinistiese konsepte) onderlê word;
- om die verbande tussen Winterbach se romans en Afrikaanse voorgangertekste deur Marais, Leipoldt en Langenhoven na te speur; en
- om haar prosa te vergelyk met dié van 'n kontemporêre eksponent van die neo-Victoriaanse romantradisie (soos A.S. Byatt).

#### 1.4 HIPOTEESES

Die onderstaande hipoteses spruit voort uit die gespesifiseerde doelwitte:

- Die term “derde kultuur” kan verruimend aangewend word om 'n integrasie tussen die wetenskap en die letterkunde tydens soortgelyke historiese periodes te beskryf.
- Ons eietydse inligtingsera vertoon opvallende ooreenkomste met historiese periodes soos die Wetenskaps-era (en spesifiek Victoriaanse tye) rakende die kritieke rol van die wetenskap asook die hantering van wetenskaplike kennis.
- Net soos wat die wetenskaplike wêreldbeeld van die negentiende eeu (en veral die teorieë van Darwin) neerslag gevind het in die Victoriaanse letterkunde van daardie periode, vind die eietydse bevoorgoeding van wetenskaplike kennis ook neerslag in kontemporêre letterkunde.
- Die herleefde belangstelling in die Darwinistiese evolusieleer asook die herwinning van Victoriaanse genre- en periodekodes vorm die grondslag van die neo-Victoriaanse romantradisie.
- Winterbach se romans is tekenend van 'n retro-Victoriaanse tydsges wat simptome van 'n derde kultuur is.
- Die bestaan van 'n wetenskaplike metataal kan aangetoon word as een van die mees kenmerkende eienskappe van die Winterbach-oeuvre.

- Die deurlopende aanwesigheid van natuurhistoriese data in Winterbach se fiksie is artistiek funksioneel en ondersteun die romanstruktuur.
- Die romans van Winterbach ontgin en populariseer wetenskaplike feite en prosesse en lewer daardeur kommentaar op die rol van die wetenskap (en by implikasie ook kuns) in ons samelewing.
- Winterbach se romans word begrond deur ’n negentiende-eeuse wetenskaplike wêreldbeeld (gebaseer op Darwin se evolusieteorie) en romanverwysings na spesies, groei, evolusie, metamorfose en transformasie is daarom besonder opvallend.
- Winterbach se oeuvre sluit aan by soortgenootlike tekste van Afrikaanse voorgangers soos Leipoldt, Marais en Langenhoven, maar ook by ’n tydgenoot soos A.S. Byatt wat in die neo-Victoriaanse romantradisie staan.

## 1.5 WERKSWYSE EN TEORETIESE PARADIGMA

Onder Afdeling 1.1.1 word daar ’n uiteensetting verskaf van die verskillende fases wat identifiseerbaar is in die kritiese bestudering van die interdisipline van letterkunde en wetenskap. Die fase of beweging wat veral vanaf die 1990’s aantoonbaar is, is die *kritiese pluralisme* waar die oorhoofse interdisipline of studieveld van “literature and science” ’n *verskeidenheid van teoretiese benaderings en werksywyses* huisves. In die loop van hierdie studie sal daar insgelyks nie gesteun word op ’n uniforme literatuurbenadering wat deurgaans geld nie, maar die hoofargument, naamlik dat Winterbach se romans in die teken van ’n derde kultuur en ’n neo-Victoriaanse literêre tradisie staan, sal *simultaan-perspektiwies* ontvou.

Die volgende rigtinggewende uitspraak deur Daniel Cordle in *Postmodern postures: literature, science and the two cultures debate* (1999:1) sal as vertrekpunt dien:

At the heart of intellectual activity lies the ability *to discern a pattern*. A pattern suggests *a relationship between separate phenomena or pieces of information*, and allows us to draw *general conclusions* that have widespread applicability (my kursivering).

Binne die konteks van hierdie navorsing het Cordle se uitspraak betrekking op 'n *meervlakkige identifisering van patrone*: eerstens op patrone, gemeenskaplikhede en verhoudings in die *interdissiplinêre en kultuurfilosofiese* ruimte wat vir doeleindes van hierdie navorsing as 'n derde kultuur beskryf kan word; tweedens op die identifisering van spesifieke *literêr-historiese* patrone en tradisies; derdens op die beskrywing van *intertekstuele patrone* waar tekste (synde barometers van 'n bepaalde tydsges) as deel van 'n oop sisteem fungeer; en vierdens ten opsigte van die identifisering van sekere *intratekstuele patrone*.

Aanvullend tot dié veelvoudige identifisering van patrone met verwysing na Winterbach se romans, sal die voorstel van Slusser en Guffey (alreeds vermeld as doelstelling by Afdeling 1.3), naamlik om die wisselwerking tussen die twee kulture te meet aan die hand van veral drie faktore (synde tema, karakters en genre) deurgaans verreken word.

George Levine (2007:86), alreeds uitgesonder as een van die gesaghebbende navorsers in dié interdissipline, besin soos volg oor sy eie literêr-teoretiese werkswyse – 'n werkswyse wat as manifest sal dien vir doeleindes van hierdie navorsingsverslag en wat daarom hieronder breedvoerig weergegee word:

I began with virtually no theoretical sophistication at all, but was pulled into the field by the persistent fact that many of the Victorian writers I cared about were preoccupied with apparently scientific issues. How then did science impinge on the world of Victorian literature, and how might critics and scholars approach the question. I realized rather quickly that I needed some theoretical equipment – some way to think about 'influence'.... some notion of how science operated in culture, and indeed how science was a critical part of culture. In the study of literature, science was only one of those 'background features' that a good scholar would dutifully trot out when something in a novel or a poem seemed to allude to it. It was not an obvious assumption of the literary culture of my own time or of the culture of this moment, for that matter, that science – and of course it's a multiple not a unitary thing – was probably *the most important cultural phenomenon of modern Western history, the most influential power in shaping and reshaping the way societies organize and the way people live*, and – I came to believe – *the way they think and imagine*. It was Victorian Studies that really determined the direction my future studies were to take ... And yet I came to Victorian studies and science studies by way of a rigorous training in close reading, a training that I do not only regret – though I fought it tooth and nail – but to which I believe we should all continue to be committed. At Victorian studies, I felt free to move beyond the constraints of 'close reading', but without ever losing my sense of its absolute and fundamental importance. [...] Victorian studies managed to take *my new-critical and Leavisite self and blend it with the*

*part of me that was passionate about ideas, philosophy, and epistemology, and encouraged me to pursue my studies of literature opening out not only to the history of ideas but to the social history that gave ideas body and cultural significance. So, I have been since those early days an 'interdisciplinary scholar' although questioning at every move that very rubric; I made my theories on the run (my kursivering).*

Die bespreking van Winterbach se fiksie in hierdie studie is verder ook geïnspireer deur die toonaard van A.S. Byatt (2000:5-6) se eie literêre-kritiese essays; 'n styl waar daar dikwels en in besonderhede aangehaal word: "I quote extensively and at length. I tell the stories of books, I describe plots." Volgens Byatt vervul haar geselekteerde aanhalings uit die literêre tekste onder bespreking dieselfde funksie as wat kleurskyfies in 'n kunsgeskiedenisles sou vervul: "My quotations are like the slides in an art historical lecture – they are the Thing itself, which is in danger of being crushed under a weight of commentary. Criticism has become a power game – I like the old forms, where the writers criticised had space to be read, not paraphrased."

Ingrid Gouws (gebore Winterbach) publiseer haar eerste vyf romans onder die skuilnaam "Lettie Viljoen", maar gebruik daarna die skrywersnaam "Ingrid Winterbach". Die bibliografie en bronverwysings sal wel hierdie verskil reflekteer, alhoewel die skrywersnaam nie elke keer in die bronverwysing by die bespreking van 'n tersaaklike teks aangetoon sal word nie. In sulke gevalle sal slegs die jaartal van publikasie en bladsynommer(s) aangetoon word. Waar daar na die reële outeur verwys word, sal die naam "Ingrid Winterbach" ook deurgaans gebruik word. Roman- en bundel titels word gekursiveer, terwyl kortverhale, hoofstuktitels en afdelings in aanhalingstekens geplaas word.

## **1.6 TERREINAFBAKENING EN HOOFSTUKINDELING**

In Hoofstuk 2 word die ontstaansagtergrond en uiteindelijke diskreditering van 'n tweekulture-model binne die Westerse intellektuele tradisie nagevors met spesifieke verwysing na ankerpunte soos die Huxley-Arnold-debat, die Leavis-Snow-lesings asook die Brockman-interpretasie van die konsep "derde kultuur".

In Hoofstuk 3 volg ’n begripsomskrywing van sekere kernbegrippe, naamlik *wetenskap*, *natuurgeskiedenis*, *wetenskapsromantiek*, *letterkunde* en *kultuur* soos wat dit vir doeleindes van hierdie studie vertolk en aangewend word. Die wedersydse verhouding tussen letterkunde en wetenskap in die aanloop tot die negentiende eeu asook die negentiende eeu self word daarna ondersoek. Daar word ook gefokus op die verskillende strominge, idees en genres wat gedurende hierdie periode (en vernaamlik in die Victoriaanse tydperk) gedy het. Besondere klem word gelê op die verreikende invloed wat Charles Darwin se evolusieteorie op die Victoriaanse maatskappy gehad het. Hierdie historiese periode, waarin wetenskap en letterkunde ’n organiese eenheid gevorm het, word dan uiteindelik as analogie voorgedhou van ’n eietydse derde kultuur waar die interaksie tussen die wetenskappe en die letterkunde vandag ewe opsigtelik raak as in daardie tydperk – vandaar die term “neo-Victoriaans” of “retro-Victoriaans”. Spesifieke literêre genres waarin die wetenskaplike register bevoorgrond word, sal ondersoek word met die doel om Winterbach binne ’n bepaalde literêr-historiese raamwerk te probeer plaas.

Daarna, in Hoofstuk 4, volg ’n ondersoek na die veelvoudige voorkoms en funksionaliteit van die talle wetenskaplike verwysings as “grand unifying theory” van die Winterbach-oeuvre (om Hawking hier buite konteks aan te haal). Die aksent val spesifiek op sekere evolusionêre patrone wat, in navolging van Levine en Byatt, as *Darwinisties* beskou sou kon word. Die wyse waarop hierdie verwysings die romanstruktuur ondersteun asook die romanmatige verspreiding van wetenskaplike feite en kennis word telkens oorweeg. Die tekste *Klaaglied vir Koos* (1984), *erf* (1986 (met ’n kleinletter soos op die oorspronklike titelblad), *Belemmering* (1990), *Landskap met vroue en slang* (1996), *Buller se plan* (1999) asook *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006) sal almal in ’n mindere of meerdere mate as voorbeeldmateriaal betrek word. *Niggie* (2002) en *Karolina Ferreira* (1993) word nie in hierdie hoofstuk bespreek nie, aangesien dié twee tekste afsonderlik in Hoofstukke 5 en 6 in oënskou geneem sal word.

In Hoofstuk 5 word die roman *Niggie* (2002) gemeet aan die algemene konvensies van die neo-Victoriaanse roman soos wat dit in Afdeling 3.5.2 uiteengesit is. In Hoofstuk 6 vind ’n vergelykende studie tussen soortgenootlike oeuvres en tekste plaas wat almal in die derdekultuur-tradisie staan. Raakpunte met Afrikaanse voorgangers wat ook natuur-historiese kennis in hulle werk ontgin, word kortliks aangetoon. ’n Vergelykende studie



tussen *Karolina Ferreira* (1993) en A.S. Byatt se klassieke neo-Victoriaanse teks, *Angels and insects* (1992) volg dan met die oog daarop om potensiële verwantskappe tussen hierdie twee kontemporêre soortgenote te verken.

Hoofstuk 7 bevat 'n samevatting en slotsom. In Bylaag A verskyn die afdruk van 'n pasteltekening deur Winterbach (getiteld "Specimen", 2002). Bylaag B bevat 'n grafiese voorstelling van die gedateerde tweekulture-model (Cordle 1999:21). Bylae C, D, E en F bevat afbeeldings van bandontwerpe en illustrasies waarna daar deur die loop van die studie verwys word. Hierdie materiaal word met die vriendelike vergunning van Winterbach geplaas.

## **1.7 AKTUALITEIT**

Verskeie sosiale kommentators, soos Brockman, bevestig die kritieke rol wat die wetenskap in ons hedendaagse kennisgedrewe samelewing speel. Die aktualiteit van interdisiplinêre navorsing wat gevolglik die interaksie tussen die sogenaamde twee kulture (naamlik wetenskap en kunste) ondersoek, is binne dié konteks van 'n derde kultuur vanselfsprekend.

Die bestaan van 'n omvangryke Darwin-industrie (en heersende debatte rondom evolusie, Intelligente Ontwerp en kreasionisme) noop insgelyks 'n verkenning van die wyse waarop hierdie Darwin-paradigma in die eietydse letterkunde neerslag vind. In 2009 val die herleefde belangstelling in Darwin (en sy Victoriaanse era) saam met die herdenkingsvieringe van Charles Darwin se geboorte 200 jaar gelede asook die 150-jarige bestaan van sy invloedryke teks, *On the origin of species*. Die invloed van die negentiende eeu op ons huidige tydsgewrig word tans opnuut oorweeg en daar kom in die proses 'n nuwe kontemporêre sytak van Victoriaanse studies, naamlik *Neo-Victoriaanse Studies*, tot stand (sien Hoofstuk 3).

Navorsers wat spesifiek die interdisipline van letterkunde en wetenskap bestudeer, fokus dikwels op tekste uit die Victoriaanse era en beredeneer, soos hulle kollegas in Neo-Victoriaanse Studies, onder meer ook die volgende aktuele temas:

- die prominente rol wat die wetenskap in die huidige, maar ook negentiende-eeuse samelewing(s) beklee (het);
- die herwinning van negentiende-eeuse genre- en periodecodes in eietydse fiksie;
- die invloed van Darwin se idees op Victoriaanse en neo-Victoriaanse fiksie;
- die aanwending van narratiewe strategieë deur wetenskaplikes soos Gould en Dawkins om wetenskaplike inligting te populariseer;
- ondersoeke na die verhouding tussen teologie en wetenskap;
- die opbloeï van Gotiese literatuur soos vergestalt in die heersende fassinasië met bonatuurlike verskynsels en beskrywings van die lewe na die dood;
- die herskepping van 'n negentiende-eeuse wêreldbeeld om sodoende kommentaar op die hede te lewer; en
- die herwaardering van Victoriaanse voorgangers (soos byvoorbeeld George Eliot en haar romanmatige verwerking van wetenskaplike beginsels).

Sedert die verskyning van veral *Belemmering* (1990) het Winterbach wye lof ontvang vir haar bydrae tot die Afrikaanse letterkunde en vandag beklee sy 'n belangrike posisie binne die Afrikaanse kanon. Die Engelse vertalings van haar werk (*The elusive moth*, *To hell with Cronjé* en *The book of happenstance*) maak haar oeuvre nou egter ook toeganklik vir 'n veel wyer gehoor.

Ten spyte van uitgebreide navorsing oor haar werk tydens die afgelope twee dekades, het daar egter nog geen *omvattende* studie oor die talle natuurwetenskaplike (en spesifiek natuurhistoriese verwysings) in haar oeuvre as geheel verskyn nie. Van den Heever (2010) spreek slegs spesifieke aspekte daarvan aan in 'n studie oor Darwinistiese kontingensie in *Die boek van toeval en toeverlaat*. Hierdie navorsingsverslag het dus ten doel om daardie leemte ten dele te vul. Kritiek dat die verwerking van wetenskaplike bronmateriaal in haar romans dikwels nie artistiek funksioneel is nie, sal in die proses verreken word. Die uitspraak deur Gouws (2008:19), naamlik dat die romanmatige uitbeelding van bonatuurlike fasette die empiries-wetenskaplike wêreldbeeld wat voorgelê word ondermyn, sal ook beredeneer word.

'n Oorweging van Winterbach se aansluiting by die neo-Victoriaanse romantradisie beteken dat bestaande navorsing deur kritici (soos Botha & Van Vuuren, Du Plooy,

Foster, Human, John, Van Coller en Viljoen) oor historiografiese metafiksie, taalontginning, liminaliteit, trieksterfigure en verlies nou as 'n *eenheid* onder 'n breër literêr-historiese noemer tuisgebring kan word. Die ondersoek in Hoofstuk 6 na hierdie skrywer se bande met haar Afrikaanse literêre voorvaders lei vanselfsprekend ook tot 'n herwaardering van daardie ouer oeuvres. 'n Vergelykende lesing van Winterbach met 'n Britse skrywer soos A.S. Byatt bevorder ook 'n nie-insulêre benadering en toon aan dat die Afrikaanse letterkunde op 'n wyer internasionale verhoog deelneem; dat dit globale tendense reflekteer.

Die kartering van 'n kultuurfilosofiese en interdisiplinêre raamwerk (soos 'n derde kultuur), gelees in samehang met die literêr-historiese raamwerk van die Victoriaanse en neo-Victoriaanse romantradisies, sal dus in hierdie verslag voorgehou word as matriks waarbinne bestaande en toekomstige publikasies van Winterbach beoordeel kan word.

## HOOFSTUK 2

### DIE DERDE KULTUUR:

“Advance together, men of letters and men of science...”

Advance together, men of letters and men of science, further and further into the ever expanding regions of the unknown.

Aldous Huxley, *Literature and science*

#### 2.1 INLEIDING

Soos wat daar reeds kortliks in Hoofstuk 1 verduidelik is, is die *derde kultuur* ’n konsep wat die geïkoneerde modernistiese idee in die Westerse intellektuele tradisie (naamlik dat die wetenskap en die kunste *twee aparte kulture* sou konstitueer) ondermyn. Die idee dat verteenwoordigers van die kunste en wetenskappe in direkte opposisie teenoor mekaar staan, is al in sekere kringe as ’n intellektuele oorlog bestempel. Die nosisie van ’n derde kultuur impliseer (vir doeleindes van hierdie studie) gevolglik ’n nuwe wisselwerking tussen die twee “aparte” kulture waar die gemene delers eerder as die verskille beklemtoon word; die wedersydse beïnvloeding eerder as die unieke eienskappe.

Die waarneming dat daar in die huidige tydsgewrig, soos gedurende die *Wetenskaps-era* (1879-1914), ’n besonder opsigtelike interaksie tussen wetenskap en letterkunde is, stem ooreen met die uitsprake van Shaffer (1998), Knight (1986), Levine (1987; 1988; 2000), Beer (1989; 1990; 2000) en Shuttleworth (1998; 2001). Hierdie kritici is bekend vir hulle navorsing oor ’n derde kultuur en die interdisiplinêre van letterkunde en wetenskap (sien 1.1.1 en 1.1.2). Die *Wetenskaps-era* (1789–1914) asook die huidige tydsgewrig word in Hoofstuk 3 ook voorgehou as twee periodes waarin daar wel ’n sodanige derde kultuur identifiseerbaar was of is. Die invloedryke rol wat die Victoriane (en veral Charles Darwin) as tipiese derdekultuurdenkers gespeel het in die totstandkoming van ’n negentiende-eeuse wetenskaplike wêreldbeeld, verdien veral vermelding. Die kontemporêre, retro- of neo-Victoriaanse romankuns berus, soos Winterbach se romans,

grootliks op 'n herwinning van Darwinistiese aannames en staan, soos talle Victoriaanse voorgangertekste, in die teken van 'n derde kultuur.

Die kultuurfilosofiese konteks waarbinne 'n term soos “derde kultuur” uiteindelik ontwikkel het, sal gevolglik in hierdie hoofstuk ondersoek word deur aanvanklik te fokus op die tradisionele (en deesdae uitgediende) tweekulturemodel. Dié idee van twee aparte kulture het veral beslag gekry aan die einde van die negentiende eeu en is versterk en in stand gehou deur modernistiese wetenskapsopvattinge in die eerste helfte van die twintigste eeu. In 1959 het C.P. Snow die verskynsel formeel benoem met die term “twee kulture”.

Die veronderstelling dat die wetenskappe en die kunste (waarvan die letterkunde hier as verteenwoordigend beskou kan word) twee aparte kulture verteenwoordig, is gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu toenemend gediskrediteer. Beer (1990:84) voer in 'n lesing voor die *Royal Society* in 1989 aan dat die huidige tydsgeselskap aansienlik verskil van dié in C.P. Snow se tyd toe 'n wye gaping tussen die twee dissiplines geïdentifiseer is. Beer gebruik die frase “themata of a period” (in navolging van Holton) in plaas van die meer bekende *Zeitgeist* om die eietydse herrysing van die wetenskap asook die gelyklopende oorbrugging van die kloof tussen die wetenskappe en die letterkunde te beskryf: “Scientific events are now the daily currency of our newspapers.” Sy noem dit “a recurrent game of courtesy and reassurance played between scientists and other creative thinkers in equalizing their concerns, seeing the diversity of their projects as yet part of a common pursuit” (1989:86). Die neo-Victoriaanse romantradisie sal vir doeleindes van hierdie studie ook voorgehou word as bevestiging van dié tydsgeselskap waarna Beer verwys.

In die 1990's het die wetenskaplike John Brockman uiteindelik die bestaande Snow-konsep van 'n derde kultuur herskep om 'n eietydse fenomeen te beskryf waar die twee dissiplines vrylik oor en weer van mekaar begin leen. Hierdie hoofstuk fokus vervolgens op die *historiese grondslag* vir die ontstaan van die frase “derde kultuur”.

## 2.2 DIE TWEEKULTURE-DEBAT

### 2.2.1 Die oorsprong van die debat

Die frase “twee kulture” word spesifiek toegedig aan Charles Percy Snow en is volgens Kimball (1994:2) “vague popular shorthand for the rift that has grown between scientists and literary intellectuals in the modern world”. Shaffer (1998:1) wys in ’n insiggewende bydrae getiteld “The third culture – negotiating the two cultures” daarop dat die idee van ’n derde kultuur asook die interdisiplinêre studieveld van letterkunde en wetenskap (“literature and science”) in ons huidige tydsgewrig erkende vertrekpunte (“established points of departure”) geword het. Sy beskryf die aard van die “onderhandeling” tussen die twee diskoerse wat uiteindelik ’n derde kultuur tot gevolg sou kon hê, soos volg:

The approach of the humanities to the sciences is in our time not just a curiosity or a diversion, or a parasitic colonization, or a rearguard sniping operation – though at times it has shown features of all of these – *but a central feature of intellectual life* (Shaffer 1998:12, my kursivering).

Shaffer (1998:1) identifiseer voorts die onderstaande momente as essensieel vir enige bespreking oor die verhouding tussen die twee vermelde dissiplines:

- Die **Huxley-Arnold**-debat wat voortgevloei het uit die 1880-lesing van Thomas Henry Huxley (“Science and culture”) en die reaksie daarop deur Matthew Arnold in ’n Robert Rede-lesing getiteld “Literature and science” (1882).
- Die **Snow-Leavis**-debat met C.P. Snow se Rede-lesing “The two cultures” (1959), F.R. Leavis se 1962-bydrae (“The two cultures? The significance of C.P.Snow”) en Snow se repliek in 1963 (“The two cultures: a second look”) as ankerpunte.

Die bydraes van Francis Bacon in die sewentiende eeu (chronologies dus reeds lank voor die Huxley-Arnold-lesings) om die wetenskap as onafhanklike dissipline te bevorder en te vestig, word deur Cornelius en St. Vincent (1964:56) aangetoon as die eintlike historiese beginpunt van hierdie debat oor die *status* van dissiplines. Verskeie kritici het sedertdien deelgeneem aan die gesprek oor die skeiding tussen die twee

kulture en enkele van die meer bekende kommentators was John Ruskin, Bertrand Russell, H.G. Wells, D.H. Lawrence, Jacob Bronowski, E.M. Forster, Aldous Huxley en Lionel Trilling (sien Cornelius & St. Vincent 1964). Vir doeleindes van hierdie studie is daar slegs gefokus op die debatte wat wye erkenning geniet as ankerpunte in dié gesprek (en ook as sodanig deur Shaffer geïdentifiseer is).

Alhoewel 'n “dispuut” tussen die twee kulture dus ver terugdateer, het dit volgens Lepenies (1985:163) eintlik eers 'n prominente en aktuele onderwerp geword toe die sosiale gevolge van die Industriële Revolusie sigbaar geraak het in die laat negentiende eeu (die tydperk waarin die Huxley/Arnold-lesings plaasgevind het). En alhoewel Snow in 1959 aanvanklik beweer het dat die kloof tussen die dissiplines onoorbrugbaar geraak het, moes ook hy alreeds in sy repliek op Leavis se lesing erken dat daar inderdaad in 1963 alreeds sprake was van 'n derde kulture in wording waar die isolasie en apartheid tussen die afsonderlike “kulture” toenemend in onguns verval het.

Kritici beweer dat Snow in sy poging om dié fenomeen van 'n derde kulture te benoem selfs 'n term soos *social history* betrek het. Sedertdien was daar etlike literatuurteoretici wat gepoog het om die letterkunde te beskryf as “*concealed sociology* in which a particularly subtle and nuanced representation of complex facts is supplied” (Shaffer 1998:2; my kursivering). Lepenies (1985:7,157) het trouens na die sosiologie se prekêre posisie verwys as “*a kind of third culture* between the natural sciences on the one hand and literature and the humanities on the other [...] In the contention between the two cultures *a third, that of the sociological intelligentsia* stood, a huge presence, in the background” (my kursivering).

Brockman (1995:17) gebruik die term *third culture* egter in 'n ander konteks; nie om soos Snow destyds die potensiele toenadering tussen die twee kulture te beskryf nie, maar om te verwys na die hedendaagse tendens waar wetenskaplikes daarna streef om deel te word van die alledaagse diskoers deur 'n verspreiding van wetenskaplike kennis aan die publiek (ofte wel die skepping van 'n sogenaamde “publieke kulture”).

Om die historiese konteks te verskaf waarbinne die idee van 'n derde kulture dan ontstaan het, word die hoofmomente (wat in wese beslag gegee het aan die tweekulture-model) vervolgens in samehang met Brockman se verruimde vertolking van Snow se

“derde kultuur” hieronder bespreek. Dit moet benadruk word dat nie Huxley of Arnold ooit die *wedersydse invloed* tussen die twee dissiplines ontken het nie, maar dat hulle debatte eerder oor die *rangorde* van hierdie dissiplines in die kurrikulum gehandel het. Hulle het selfs nie eers na “twee aparte kulture” verwys nie – die gebruik van die term “twee kulture” moet dus deurentyd gekoppel word aan Snow se latere gebruik daarvan in 1959. Die grootste deel van die negentiende eeu was weliswaar bekend as ’n era waar daar sodanige noue wisselwerking tussen die dissiplines was dat kritici dit eintlik as “een kultuur” bestempel het (vergelyk veral die rol van Darwin in hierdie verband soos uiteengesit in Hoofstukke 3 en 4). Die idee van die twee kulture het egter veral teen die einde van die negentiende eeu begin posvat soos wat die wetenskap toenemend gespesialiseerd geraak het en is later gestut deur modernistiese wetenskapsopvattinge (sien bespreking van “wetenskap” in 3.2.1).

### **2.2.2 Die Huxley-Arnold-debat**

#### **(a) “Science and culture” (Thomas H. Huxley, 1880)**

In 1880 lewer Thomas Huxley (ook bekend as “Darwin’s bulldog” vanweë sy sterk affiliasie met die wetenskap) ’n lesing by die opening van ’n wetenskapskollege in Birmingham. Die elektroniese weergawe van dié lesing, wat oorspronklik in *Collected Essays* (Huxley 1893-1902) verskyn het, maar nou deur Lancashire (2003) in elektroniese vorm beskikbaar gestel is, sal as bron vir die bespreking hieronder dien. In hierdie lesing verdedig Huxley die insluiting van die natuurwetenskap(pe) in die onderrigkurrikulum as ’n essensiële element van industriële vooruitgang. Hy beweer dat die sterkste opposisie teen hierdie idee aanvanklik veral uit die geleedere van die besigheidslui en die klassisiste kom. Eersgenoemde meen skynbaar dat die wetenskap spekulatiewe onsin is; dat teorie en praktyk weinig met mekaar te doen het en dat wetenskaplike georiënteerdheid ’n struikelblok, eerder as hulpmiddel, in die normale gang van sake is. Die klassisiste (“classical scholars”) staan volgens hom weer ’n algehele uitsluiting (“excommunication”) van die natuurwetenskappe voor.

Huxley onderskryf vervolgens drie ononderhandelbare voorwaardes wat deur een van die stigterslede van die kollege, Sir Josiah Mason, aan die trustees, administrateurs en dosente gestel is: dat alle partypolitiek verbode moes wees, dat teologie verban moes



word uit die kurrikulum en dat daar laastens ook geen voorsiening gemaak moes word vir “mere literary instruction and education” nie. Huxley wy die res van sy lesing daaraan om veral hierdie laaste voorwaarde te probeer regverdig en sit sy vertrekpunt soos volg uiteen:

For I hold very strongly by two convictions: The first is, that neither the discipline nor the subject-matter of classical education is of such direct value to the student of physical science as to justify the expenditure of valuable time upon either; and the second is, that for the purpose of attaining real culture, an exclusively scientific education is at least as effectual as an exclusively literary education (Lancashire 2003:2).

Hy kritiseer die klassisiste wat volgens hom beïnvloed is deur hulle skool- en universiteitsopleiding om te glo dat kultuur slegs bereikbaar is deur 'n liberale opvoeding, wat volgens hulle sinoniem sou wees met onderrig in letterkunde (en meer spesifiek die Griekse en Latynse letterkunde). Hy verwys ter staving na die uitspraak van Matthew Arnold dat die betekenis van kultuur opgesluit sou lê in die volgende: “...to know the best that has been thought and said in the world.” Huxley onderskei uit dié stelling twee proposisies, naamlik dat kritiek op die menslike bestaan (“a criticism of life”) die essensie van enige kultuur is en dat letterkunde daardie inhoud bevat wat voldoende sou wees vir die konstruksie van sodanige kritiek.

Hy onderskryf die eerste proposisie (“ perfect culture should supply a complete theory of life”), maar bevraagteken ten sterkste Arnold se tweede aanname dat letterkunde alléén voldoende sou wees om sodanige kennis te voorsien wat as basis sou dien vir hierdie sogenaamde kritiek op die menslike bestaan: “I should say that an army without weapons and with no particular base of operations, might more hopefully enter upon a campaign on the Rhine, than a man, devoid of knowledge of what physical science has done in the last century, upon a criticism of life” (Lancashire 2003:3).

Huxley wys verder op die historiese verband tussen die fasiliterende rol van Latyn (wat destyds beskou is as “the sole key to knowledge”) en die teologiestudie, maar ook op die toenemende belangrike rol van die natuurwetenskap:

The distinctive character of our own times lies in the vast and constantly increasing part which is played by natural knowledge. Not only is our daily life

shaped by it; not only does the prosperity of millions of men depend upon it, but our whole theory of life has long been influenced, consciously or unconsciously, by the general conceptions of the universe, which has been forced upon us by physical science (Lancashire 2003:5).

Die waarheid is volgens Huxley nie meer geleë in woorde nie, maar in *dinge*, en die tradisionele opvoeding wat deur die humaniste voorgestaan word, maak nie voorsiening vir hierdie paradigmaterskuiwing nie. Hy ontken egter nie die waarde van sodanige liberale opvoeding vir “a young Englishman in search of culture” nie, maar meen dat dié klassieke opvoeding onvanpas of verkeerd sou wees (“a mistake”) vir diegene wat uiteindelik ’n beroep in die wetenskappe nastreef. Om balans te verskaf, bied dié kollege daarom opleiding in Engels, Frans en Duits, wat volgens Huxley onontbeerlik is om die wetenskappe te ontsluit, maar die fokus val uiteindelik op wat algemeen beskou sou kon word as toegepaste wetenskap (“applied science”). Die term “applied science” loop egter ook deur onder sy kritiek aangesien hy die skeiding tussen “purely scientific discipline” en die sogenaamde toepassing daarvan as kosmeties aantoon.

Huxley bepleit ten slotte die insluiting van sosiologiestudie in die kurrikulum, aangesien die vooruitgang van ’n industriële staat volgens sy argument ook berus op “a clear understanding of the conditions of social life” (“Social phenomena are as much the expression of natural laws as any others”)) (Lancashire 2003:8).

Die bekendste reaksie op die lesing van Huxley kom van Matthew Arnold, ’n invloedryke digter, pedagoog en literêre kritikus wat die saak vanuit die perspektief van geesteswetenskaplikes beredeneer het (sien (b) hieronder).

**(b) “Literature and science” (Matthew Arnold, 1882)**

In 1882 lewer Matthew Arnold by Cambridge die jaarlikse Robert Rede-lesing (genoem na ’n voormalige hoofregter van die Common Pleas tydens die sestiende eeu) waarin hy repliek lewer op Huxley se Birmingham-lesing van 1880, “Science and culture”. Arnold se lesing is destyds onder die titel “Literature and science” gepubliseer in die tydskrif *The Nineteenth Century* van Augustus 1882; as bron vir die bespreking hieronder is ’n elektroniese weergawe daarvan betrek (Blinderman & Joyce 1998).

Arnold bekla die stand van die geesteswetenskappe (“the gloomy prospect for letters in this country”) en voer aan dat wetenskaplikes nie bloot net negatief teenoor hierdie dissiplines staan nie, maar eintlik in aktiewe opstand teen die geesteswetenskappe is. Die vriende van die natuurwetenskappe, soos Arnold hulle noem, beywer hulself vir ’n “increasing hold upon public favour” en figure soos Mason en Huxley staan kolleges voor waar die doseer van “mere literary instruction and education” spesifiek uitgesluit word; hy verwys na hulle aansporing van die jeug om die werke van Lyell, Darwin, Bell en Huxley te bestudeer asook na die voorspelling in die invloedryke *Times* dat feitlik almal hulself sal verdiep in die natuurwetenskappe. Hy verwys na ’n paar uitsprake, onder andere dié van Renan, Thirlwall en selfs Goethe, waaruit hulle skeptisisme teenoor ’n loopbaan in die klassieke studie blyk.

Die blote bestudering van letterkunde word dus lynreg gestel teenoor die “sound, extensive and practical scientific knowledge”. Hy verwys voorts na ’n soortgelyke paradigmaverskuiwing aan universiteite (soos verkondig by ’n kongres te Sheffield) waar die pleidooi is dat die hoofaksent voortaan op die natuurwetenskappe eerder as op die geesteswetenskappe moet val. Arnold verwoord ook die verskille tussen die universiteite van Oxford (waaraan hyself verbonde is) en Cambridge: hy bestempel eersgenoemde as ’n universiteit wat groot *bewegings* soos *Royalism*, *Weslyanism* en *Ritualism* voortbring het, terwyl laasgenoemde die onderskeiding het dat hy weer merkwaardige *individue* soos byvoorbeeld Bacon en Byron opgelewer het: “Masses make movements, individualities explode them.”

Arnold vra dan of die huidige beweging (wat die letterkunde se dominante posisie in onderrig wil vervang deur die fokus te verskuif na die natuurwetenskappe) toegelaat moet word om voort te stu. Sy argument skarnier rondom sy reeds bekende observasie: “in our culture, the aim being to know ourselves and the world, we have, as means to this end, to know the best which has been thought and said in the world.” Hy verwys na Huxley se misplaaste vertolking van hierdie Arnold-frase asof dit sou meen dat die letterkunde *al* die materiaal bevat wat voldoende is om die wêreld en onself te ken; asof alles wat ons in die letterkunde leer, beswaarlik ’n voldoende en grondige basis kan wees “for that criticism of life which constitutes culture”. Arnold kritiseer die aanname deur opponente van die letterkunde dat laasgenoemde weinig meer is as ’n kunsmatige humanisme wat die teenoorgestelde van wetenskap of dan “ware kennis” is, en beweer

dat alle onderrig of opvoeding wetenskaplike trekke vertoon; dat 'n suiwer humanisme in essensie *wetenskaplik* is.

Arnold betreur dit verder dat daar nie konsensus bestaan oor die betrokke terme en wyses waarop dié tersaaklike terme aangewend word nie en spel dit uit dat hy nie bloot verwys na woordeskat, grammatika en letterkunde wanneer hy die klassieke Griekse en Romeise werke in sy argument betrek nie, maar dat hy daarmee sinspeel op “knowing the Greeks and Romans, and their life and genius, and what they were and did in the world; what we get from them, and what is its value”. Huxley fouteer volgens hom daarin dat hy Arnold se eie frase (“knowing the best which had been thought and uttered in the world”) so eng vertolk dat dit slegs verwys na “literature” (en dan nog boonop in die eng sin van *belles lettres* terwyl Arnold alreeds 'n verruimde definisie in hierdie verband voorstaan). Arnold beklemtoon dat hy daarmee uiteraard ook verwys het na alles wat selfs in moderne tye deur kenners van die wetenskap en natuur asook figure soos Copernicus, Galileo, Newton en Darwin, *gedink* is.

Hy meen dat die voorstanders van die wetenskappe die verskille tussen die twee groepe te eng beleef: vir hulle is die een dissipline is 'n kennis van sake of dinge (“a knowledge of things”), terwyl die ander slegs 'n kennis van woorde (“a knowledge of words”) impliseer. Arnold ontken geensins dat die natuurwetenskappe as feitedissipline ook uiters waardevol en interessant is nie en erken dat elkeen daarvan kennis behoort te dra. Die hoofrede waarom 'n studie in die natuurwetenskappe egter volgens hom nie tot uitsluiting van ander dissiplines kan lei nie, is omdat die wetenskappe hoegenaamd nie die samestelling van die *menslike natuur* (“the constitution of human nature”) verreken nie.

Meer nog: die samehang van *alle magte* wat inspeel op die menslike natuur behoort volgens Arnold verdiskonteer te word:

Following our instinct for intellect and knowledge, we acquire pieces of knowledge; and presently, in the generality of men, there arises the desire to relate these pieces of knowledge to our sense for conduct, to our sense for beauty, and there is weariness and dissatisfaction if the desire is balked. Now in this desire lies, I think, the strength of that hold which letters have upon us (Blinderman & Joyce 1998).

Die natuurwetenskappe funksioneer gevolglik vir hom as “instrument-knowledge” wat hoogstens ander vorme van kennis kan ontsluit wat wél (anders as die natuurwetenskappe) in relasie tot byvoorbeeld ons sin vir skoonheid en emosie kan staan.

Arnold noem poësie die “criticism of life by gifted men” en is huiwerig om ’n kwetsende vergelyking te tref tussen die meriete van ’n natuurwetenskaplike opleiding teenoor een in die geesteswetenskappe. Wanneer hy wel uitgedaag sou word om dit te doen, meen hy steeds dat die student in die lettere ten minste kennis sal dra van die “great general conceptions brought in by modern physical science” (aldus Huxley se bewering dat die wetenskap homself op ons forseer), terwyl ’n student in die natuurwetenskappe daarenteen weinig of geen kennis sal dra van die “humane letters” nie. Hy verwerp derhalwe die Huxley-frase “less useful alternative” met verwysing na die geesteswetenskappe.

Hy sluit sy betoog af met die versugting dat die geesteswetenskap(pe) nie maklik (of selfs permanent) vervang sal word deur die natuurwetenskap(pe) nie: “so long as human nature is what it is, their attractions will remain irresistible; they will be studied, more rationally, but they will not lose their place.” Arnold het tydens sy Amerikaanse toer hierdie lesing 29 keer aangebied en dit is veral positief begroet in New England. In Engeland is die lesing telkens voor gehore van tot 2500 mense herhaal (Lepeniec 1985:165) – ’n aanduiding van hoeveel belangstelling daar by die negentiende-eeuse intellektueel vir hierdie onderwerp was.

’n Volgende definiërende moment in die chronologie van die gesprek betreffende die status van die twee kulture is die Snow-Leavis-kontroversie, wat hieronder in 2.2.3 bespreek word.

### **2.2.3 Die Snow-Leavis-debat**

#### **(a) “The two cultures and the Scientific Revolution” (C.P. Snow, 1959)**

In Oktober 1956 het Charles Percy Snow ’n artikel geplaas in *The New Statesman* met die titel “The two cultures” wat hy in Mei 1959 in ’n uitgebreide formaat (“The two cultures and the Scientific Revolution”) as Robert Rede-lesing aan die Universiteit van

Cambridge gelewer het. Arnold se uitsprake oor dieselfde onderwerp is in 1882 eweneens tydens 'n Rede-lesing gelewer en noop dus 'n saamlees van die twee debatte. Snow se lesing is in dieselfde jaar deur Cambridge University Press gepubliseer, maar vir doeleindes van hierdie bespreking is *Public affairs*, 'n versamelbundel met verskeie van Snow se oorspronklike toesprake, as bron benut (Snow 1971).

Snow stel homself in sy lesing voor as “by training a scientist, by vocation a writer” (1971:13). Hy beskryf sy beroepsomgang met ander wetenskaplikes asook sy sosiale omgang met skrywers en kom tot die gevolgtrekking dat die kloof tussen die twee groepe (wat eintlik soveel gemeenskaplikhede vertoon ten opsigte van intelligensie, klas, ras en inkomste) so wyd is dat daar bykans geen wedersydse kommunikasie bestaan nie; dat daar dus eintlik sprake van *twee verskillende kulture* is (“literary intellectuals at one pole – at the other scientists, and as the most representative, the physical scientists”). Hy beskryf voorts hoe elke groep stereotipiese vooroordele jeens mekaar koester en daarmee ook die idee van twee aparte kulture onderskryf.

Hy verwys egter ook na “non-scientists of strong down-to-earth-interests” wat die bestaan van die twee kulture sien as 'n oorvereenvoudiging van die probleem en wat beweer dat daar ten minste eerder sprake moet wees van *drie kulture* (1971:18). Snow beredeneer wel die gevaar van “twee” pole, maar besluit uiteindelik dat “twee kulture” vir die doeleindes van sy argument die mees wenslike beskrywing van die probleem voorhande is.

Hy wys daarop dat 'n “scientific culture” wel identifiseerbaar is in 'n antropologiese sowel as intellektuele sin – ten spyte van die onderlinge verskille tussen byvoorbeeld bioloë en fisici: “without thinking about it, they respond alike. That is what a culture means” (Snow 1971:19). Aan die ander kant van die spektrum is die houdings onder intellektuele in die geesteswetenskappe meer gevarieerd, maar kom dit uiteindelik tog neer op 'n “total incomprehension of science”. Sy tans alombekende analogie was dat onkunde oor die tweede wet van termodinamika gelykstaande is aan onkunde oor die werk van Shakespeare.

Snow argumenteer dat daar in die gevorderde Westerse gemeenskap nie eers die pretensie van 'n gemeenskaplike kultuur bestaan nie; volgens hom het die tradisionele

literêre kultuur en die wetenskapskultuur géén raakpunte nie – ’n feit wat hy betreurenswaardig vind en toeskryf aan ’n te gespesialiseerde Britse skoolonderrigstelsel, wat hy deurgaans ongunstig vergelyk met Russiese en Amerikaanse stelsels (Snow 1971:22). Die enigste wyse waarop die dilemma volgens hom aangespreek kan word, is om die onderwysstelsel te herbedink.

Die redes vir die bestaan van die twee kulture is dus kompleks: soms geleë in sosiale geskiedenis, soms in persoonlike geskiedenis en soms in die dinamiek van die onderskeie geestesaktiwiteite sêlf. Snow sonder die onvermoë van Westerse tradisionele intellektuele *om die essensie en omvang van die industriële of wetenskaplike revolusie te begryp*, uit as een van die hoofredes vir hierdie handhawing van twee kulture. Hy noem die wetenskaplike revolusie een van die grootste sosiale transformasies sedert die ontdekking van landbou en bestempel dit as die materiële basis en *sosiale plasma van ons lewens*.

Hy gebruik die term “natural Luddites” om “literary intellectuals” mee te beskryf en vergelyk laasgenoemde dus met die Britse arbeiders van die negentiende eeu wat alle gevorderde tegnologie en arbeidsbesparende masjinerie vernietig het wat tot werksverlies sou lei. Hy beweer dat die industriële revolusie veral die armes bemagtig het om toegang tot voedsel, onderrig en mediese voordele te verkry en identifiseer dit as die basis van “social hope” (in teenstelling met die individuele kondisie, wat hy as “tragies” tipeer).

Die lesing word afgesluit met die pleidooi dat daar ’n vars benadering ten opsigte van onderrig moet wees: “Closing the gap between our cultures is a necessity in the most abstract intellectual sense, as well as in the most practical” (Snow 1971:44).

Hierdie lesing van Snow is destyds positief ontvang in die meeste Britse en Amerikaanse publikasies: Cornelius en St. Vincent (1964:13) verwys na die koor van goedkeuring waarteen enkele kritiese stemme soos dié van Leavis (sien 2.2.3 (b) hieronder) verdof het.

**(b) “Two cultures? The significance of C.P. Snow” (F.R. Leavis, 1962)**

Frank Raymond Leavis word allerweë bestempel as een van die mees kontroversiële en invloedryke literêre kritici van sy era. Drie jaar ná die lesing van Snow repudieer Leavis tydens sy Richmond-lesing by Downing College (Cambridge) die idees van Snow en dié lesing, wat eweneens skerp reaksie uitlok, word gepubliseer in *The Spectator* van 9 Maart 1962. Daardie lesing, soos direk oorgeneem uit die vermelde koerant in Cornelius en St. Vincent (1964:14-16), sal as bron vir die bespreking hieronder dien.

Cornelius en St. Vincent (1964:13) wys op die invloed van Matthew Arnold op Leavis wanneer hulle aanvoer dat laasgenoemde, soos Arnold, oortuig was van die sentrale posisie van die letterkunde in enige beskawing. In navolging van Arnold was hy ook oortuig daarvan dat die funksie van die kritikus een is waar “the best that is known and thought in the world” bepaal moet word.

Leavis begin sy betoog met ’n bevraagtekening van Snow se aanspraak dat hy ’n romanskrywer sou wees, maar wys verder op laasgenoemde se groter onvermoë om te begryp presies wat kreatiewe skryfwerk behels en waarom dit hoegenaamd belangrik is. Snow se aanname dat die individuele kondisie tragies is, maar dat daar wel hoop geleë is in die sosiale kondisie, word bevraagteken aangesien dié twee kondisies volgens Leavis verstrengel is:

What *is* the social condition that has nothing to do with the individual condition? What is the social hope that transcends, cancels or makes indifferent the inescapable tragic condition of each individual? (Cornelius & St. Vincent 1964:14).

Hy stel dit verder kategories dat die snelgroeiende vooruitgang wat deur tegnologie tweeweggebring word, nie ondermyn of omgekeer durf word nie. Hy suggereer ook nie eers dat Snow verkeerd is in sy poging om verbeterings in wetenskaplike onderrig voor te stel nie, maar is van mening dat daar veel meer op die spel is. Die lesing word afgesluit met die volgende vooruitskouing van ’n respons wat in ’n sekere sin alreeds aspekte van ’n derde kultuur soos wat dit in hierdie studie voorgehou word, suggereer:



The advance of science and technology means a human future of change so rapid and of such kind, of tests and challenges so unprecedented, of decisions and possible non-decisions so momentous and insidious in their consequences, that mankind will need to be in full intelligent possession of its full humanity [...]. What we need, and shall continue to need not less, is something with the livingness of the deepest vital instinct: *an intelligence, a power* – rooted, strong in experience, and supremely human – *of creative response to the new challenges of time; something that is alien to either of Snow's cultures* (Cornelius & St. Vincent 1964:16; my kursivering).

Leavis wou volgens Lepenies (1985:181) dus van die universiteit 'n gemeenskap maak waarin die helende krag van veral die letterkunde 'n sentrale rol sou speel. Kimball (1994:2) beskryf die reaksie in Londense intellektuele kringe op die heftigheid van die Leavis-kritiek as “stunned and outraged” en 'n figuur soos Lionel Trilling (wat grootliks saamgestem het met die argumente van Leavis) distansieer homself van Leavis se “unexampled ferocity and bad manners”. 'n Jaar later volg Snow se repliek (sien (c) hieronder) waarin hy sêlf vir die eerste keer die moontlikheid van 'n opkomende derde kultuur beklemtoon.

**(c) “The two cultures: a second look” (C.P. Snow, 1963)**

“The two cultures: a second look” is aanvanklik gepubliseer in die *Times Literary Supplement* (1963) as antwoord op aanvalle deur kritici soos Leavis. Dit is later ingesluit in *The two cultures and the Scientific Revolution: a second look* (Snow 1964). Die weergawe soos wat dit verskyn het in *Public affairs* (Snow 1971) is egter as verwysing gebruik vir die bespreking hieronder.

Snow verwys ter aanvang na die feit dat die laaste gedeelte van sy Rede-lesing oor die bemagtigende effek van die industriële revolusie op die armes 'n poging was om sy stem by vele ander te voeg in hierdie verband. Hy was dus verstom deur die heftige openbare reaksie wat sy lesing ontlok het en sien die stortvloed van opinies as bewys daarvan dat die onderwerp op daardie stadium al deur vele kritici (soos byvoorbeeld Bronowski en King) bedink is en dat sy lesing bloot die sneller was. Hy veroordeel die giftige persoonlike aanvalle op hom en herbevestig sy standpunt dat daar wel twee aparte kulture bestaan (“no common culture”), maar dat dié stand van sake hoegenaamd nie sy goedkeuring wegdra nie (“a state of affairs I passionately dislike”).

Hy spreek die kritiek teen sy gebruik van die term “culture” aan deur te motiveer dat hy dit op tweërlei wyses aangewend het, naamlik a) in die woordeboekbetekenis van “intellectual development, development of the mind” en b) in die antropologiese sin van “a group of persons living in the same environment, linked by common habits, common assumptions, a common way of life”.

Snow verdedig verder sy gebruik van die getal “twee” deur sy aanvanklike kwalifiserende bedenkinge daarvoor te herhaal en verwerp die kritiek wat eis dat daar nie slegs twee nie, maar meerdere kulture bestaan as moontlik waar, maar betekenisloos (“an excessive unsimplicity”). Die bestaan van sodanige diversiteit kanselleer nie die feit dat daar wel ’n oorhoofse noemer (en simbole van) “scientific culture” bestaan nie. Die tweede argument teen die gebruik van die getal “twee” kom daarop neer dat die kritici poog om ’n onderskeid te tref tussen “pure science and technology”.

Snow erken dat sy observasie van verdeeldheid tussen die twee kulture grotendeels gebaseer was op die Engelse situasie van die middel twintigste eeu en dat hierdie vermeende verdeeldheid in byvoorbeeld die VSA nie so onoorbrugbaar is of was nie. Hy verwys nou na ’n “new feature” of aspek wat hy aanvanklik misgekyk het, naamlik ’n stuwende beweging onder intellektuele in verskeie dissiplines wat hulself bemoei met *mensesentreerde* vraagstukke (soos byvoorbeeld die effek van die wetenskaplike revolusie op gemeenskappe):

I was slow to observe *the development of what, in terms of our formulae, is becoming something like a **third culture***. [...] It is probably too early to speak of a third culture already in existence. But I am now convinced that this is coming. When it comes, some of the difficulties of communication will at last be softened; *for such a culture has, just to do its job, to be on speaking terms with the scientific one* (Snow 1971:58; my kursivering).

Snow erken dat hy in sy vorige lesing ’n oordeelsfout begaan het om die tweede wet van termodinamika aan te wend as toets vir wetenskaplike vaardigheid (“scientific competence”) en beweer dat hy eerder ’n voorbeeld uit die molekulêre biologie moes kies, aangesien laasgenoemde, eerder as die fisika, ’n vertakking van die wetenskap is “which ought to be a requisite in the common culture”.

Groot wetenskaplike deurbrake (soos dié in molekulêre biologie) het volgens Snow die intellektuele einddoel om ons meer verantwoordelik teenoor ons medemens te laat voel

en daarmee motiveer hy sy aanvanklike onderskeid tussen die individuele en sosiale kondisies, waar eersgenoemde op tragiese wyse altyd deur die dood getermineer word. Die sosiale kondisie is egter durend en 'n uitvloeisel van ons strewe om die kwaliteit van ons lewens te verbeter deur volledig mens (“fully human”) te word. Hy argumenteer dat toegepaste wetenskap verantwoordelik daarvoor was dat die lot van die armes aansienlik verlig kon word. Om dus die menslike lyding van ander te verlig en toegang te verskaf tot die “primal things (years of life, freedom from hunger, survival for children)” hang grootliks af van die “spread of the scientific revolution all over the world” (Snow 1971:63).

Hy ondersoek verder baie kortliks die effek van die wetenskaplike revolusie op die letterkunde en gebruik Dostoyevsky as voorbeeld van 'n aantal skrywers wie se sosiale bewussyn eksplisiet in hulle tekste onthul word. Hy identifiseer voorts ook die Moderniste soos onder andere James, Eliot, Yeats, Woolf, Gide en Beckett as eksponente van 'n beweging wat 'n veranderde sosiale matriks dokumenteer. Hy verwerp die aantyging van kritici dat hy onaangeraak staan deurdat hy hulle vertolking van “politiek” as “eng” ontmasker omdat dit 'n koppeling met die Koue Oorlog veronderstel.

Alhoewel Snow ook talle ander lesings oor die onderwerp gelewer het (vergelyk byvoorbeeld “The case of Leavis and the serious case”; “Science and Government”; “The moral unneutrality of science”), word die twee lesings wat hierbo bespreek is, tradisioneel aanvaar as die basis vir sy idees oor die interaksie tussen die twee diskoerse.

#### **2.2.4 Die tweekulture-model**

Gegewe die noue wisselwerking tussen die dissiplines in pre-negentiende- en negentiende-eeuse tye, moet dit beklemtoon word dat hierdie tweekulture-model eers teen die einde van die negentiende eeu populêr geraak het vanweë die toenemende professionalisering van die wetenskap. Die idee is vir die grootste deel van die twintigste eeu begrond deur modernistiese wetenskapsopvattinge wat die wetenskap gedefinieer het as 'n selfingeslote, kontekslose entiteit met universele toepassing (sien 3.2). C.P. Snow (en nie Huxley of Arnold nie) het die term “twee kulture” gemunt om

hierdie kloof tussen die dissiplines te beskryf wat dan veral gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu gemanifesteer het.

'n Opsomming van die tweekulture-model in Bylaag B verreken die kwaliteite wat onderskeidelik aan letterkunde en wetenskap deur die loop van die reeds vermelde debatte oor die status van dissiplines toegedig is (Cordle 1999:21). Die tabel is egter bruikbaar juis omdat dit die *stereotiperings* van die polariteite wat in latere hoofstukke ter sprake sal kom, spesifiek uitwys. Dié voorstelling word daarom vir doeleindes van hierdie navorsingsverslag aanvaar as 'n samevatting van die tradisionele tweekulture-model soos wat dit veral in C.P. Snow se tyd geformuleer en begryp is.

Cordle (1999:12) poneer dat hierdie oënskynlik onoorbrugbare kloof (soos grafies voorgestel deur die tabel in Bylaag B) tussen die twee kulture veral sedert die laat negentiende eeu gehandhaaf is vir die grootste deel van die volgende eeu, maar dat daar tydens die laaste dekade van die twintigste eeu weer 'n besliste verskuiwing plaasgevind het. Navorsers (“mainly, but not exclusively, in the humanities”) het die tweekulture-model begin verwerp ten gunste van 'n meer geïntegreerde diskoers, ofte wel 'n derde kultuur. In hierdie verband word die uitsprake van Brockman ('n wetenskaplike wat dié Snow-term op betekenisverruimende wyse aanwend) uitgesonder en in 2.2.5 hieronder bespreek.

### **2.2.5 'n Derde kultuur: die Brockman-definisie**

What we are witnessing now is the passing of the torch from one group of thinkers, the traditional literary intellectuals, to a new group, the intellectuals of the emerging third culture [...] The third-culture thinkers are the new public intellectuals.

John Brockman

John Brockman is die redakteur van *The third culture: beyond the scientific revolution* (1995) asook stigter van die *Edge Foundation* (1988, [www.edge.org](http://www.edge.org)), wat die interaksie tussen intellektuele uit verskillende dissiplines probeer bevorder. Volgens Brockman het die gaping tussen “literary en scientific thinkers” wyer geraak sedert die aanvanklike identifisering van dié gaping deur C.P. Snow en is “a 1950s education in Freud, Marx and modernism not a sufficient qualification for a thinking person in the 1990s”

(1995:17). Hy skryf die feit dat wetenskaplikes vir so lank 'n gemarginaliseerde groep was, daaraan toe dat hulle nie 'n effektiewe pleidooi gelewer het vir die implikasies van hulle werk nie, maar ook dat hulle navorsing “onsigbaar” was omdat die wetenskappe nie as onderwerp in die heersende tydskrifte van daardie tyd gefigureer het nie.

Snow het alreeds in sy repliek op Leavis gesuggereer dat daar 'n nuwe kultuur, naamlik *'n derde kultuur*, aan die ontstaan was waarin die kommunikasiegaping tussen die wetenskaplikes en die “literary scholars” na verwagting op 'n stadium oorbrug sou word. Brockman (1995:17) verwys na hierdie uitspraak van Snow en verklaar dat hy die term *third culture* wel van Snow leen, maar dan binne 'n ander konteks aanwend: nie om soos Snow die moontlike toenadering tussen die twee kulture te beskryf nie, maar om te verwys na die hedendaagse tendens waar wetenskaplikes daarna streef om deel te word van 'n publieke kultuur deur die disseminering van wetenskaplike kennis direk aan die publiek: “Today, third-culture thinkers tend to avoid the middleman and endeavor to express their deepest thoughts in a manner accessible to the intelligent reading public [...] what traditionally has been called ‘science’ has today become public culture” (1995:18).

Die tradisionele kaping van die begrip “intellektueel” deur geesteswetenskaplikes word derhalwe deur hom bevraagteken en opgeëis vir en namens wetenskaplikes (sien ook die wekroep van Huxley in die motto by Hoofstuk 2). Brockman beywer homself dan ook daarvoor om winsgewende uitgewerskontrakte te beding vir wetenskaplikes wat die wetenskap wil populariseer. *The third culture culture: beyond the scientific revolution* (1995) bevat byvoorbeeld bydraes van wetenskaplikes wat huishoudelike name geword het: Steven Jay Gould, Richard Dawkins, Steve Jones, Stephen Hawking, Carl Sagan, Daniel C. Dennett en Steven Pinker (om maar enkele te noem).

Brockman (1995:19) verwys ter staving van sy uitsprake na die volgende wetenskaplike onderwerpe wat tans wye (en populêre) nuusdekking in tydskrifte en koerante geniet: molekulêre biologie, chaosteorie, kunsmatige intelligensie, menslike genome, biodiversiteit, Gaia-hipoteses, virtuele werklikhede, kuberruimtes, ruimtebiosfere en “fuzzy logic”. Hy onderskei voorts ook die volgende *fundamentele vrae* wat dikwels deur derde-kultuur-denkers beredeneer word:

- Hoe het die heelal ontstaan?
- Wat is die oorsprong van lewe?
- Hoe werk die brein?

Hy kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat die derde kultuur aanleiding gee tot 'n nuwe natuurfilosofie “founded on the realization of the import of complexity, *of evolution*” (1995:19; my kursivering; vergelyk verwysings na Darwin in Hoofstuk 3 en 4.2). Daar is volgens hom geen geslote lys van gespreksonderwerpe nie en die krag van 'n derde kultuur is juis daarin geleë dat dit debat aanmoedig oor watter idees en onderwerpe ernstig opgeneem behoort te word al dan nie: “Unlike previous intellectual pursuits, the achievements of the third culture are not the marginal disputes of a quarrelsome mandarin class: they will affect the lives of everybody on the planet” (1995:19).

### **2.3 GEVOLGTREKKING**

Die bestudering van die interaksie tussen wetenskap en letterkunde is 'n erkende studieveld wat veral sedert die 1980's 'n besondere oplewing beleef het. Kritici wat navorsing onderneem in dié interdisipliene bestudeer *enige van die potensiële aspekte* van die verhouding tussen letterkunde en wetenskap. Die dispuut of die tweekulturemodel enigsins vandag steeds van toepassing behoort te wees, is maar *een* van vele onderwerpe wat deel van hierdie omvangryke interdisipliene vorm.

Alhoewel Huxley en Arnold se idees oor die onderwerp uit die laat negentiende eeu dateer, argumenteer verskeie kritici – soos Otis (2002), Levine (1987;1988), Beer (1998;2000), Mosley (2004) en Kucich (2002) – oortuigend dat die wetenskap en letterkunde gedurende die grootste deel van die negentiende eeu verteenwoordigend was van 'n enkele geïntegreerde kultuur (lees ook “derde kultuur” en vergelyk die invloedryke rol van Darwin in hierdie verband). Hierdie aanname hou uiteraard ook verband met die feit dat die wetenskap in daardie periode nog ongespesialiseerd was en kognitief selfs nie eers van die natuurgeskiedenis onderskei is nie (sien die begripsomskrywings van *wetenskap* en *natuurgeskiedenis* in Afdeling 3.2).

Dit moet derhalwe benadruk word dat nie Huxley of Arnold ooit die *wedersydse invloed* van die twee diskoerse op mekaar ontken het nie, maar prinsipiële verskil het oor die *prioriteit* wat elkeen in die kurrikulum van 'n opgevoede (“educated”) persoon moes geniet. Die periode waarin die idee van twee kulture as aparte entiteite groot aanhang geniet het, was dus veral gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu toe die modernistiese beskouings van wetenskap as *aparte* en *geslote* kennissisteme aan die orde was.

Ook Snow, wat die gaping tussen die twee kulture aanvanklik in 1956 betreur het, moes in sy 1963-repliek op Leavis (“a second look”) alreeds erken dat daar sprake was van “the development of what, in terms of our formulae, is becoming something like a **third culture**”. In dieselfde dekadetie het Kuhn in *The structure of scientific revolutions* (1962) die modernistiese definisie van wetenskap as universele geslote kennissisteme begin bevraagteken en onderhewig gestel aan die *konteksgebondenheid* daarvan. Hierdie dramatiese paradigmaterskuiwing verklaar dan waarskynlik waarom daar sedert die 1960's 'n toenemende intellektuele bereidwilligheid was om die idee van wetenskap as aparte, gespesialiseerde en kontekslose entiteit te verwerp en nader te begin beweeg aan 'n derde kultuur soos wat dit tans manifesteer.

Vir doeleindes van hierdie navorsing sal die term “derde kultuur” vervolgens in die betekenisonderskeidings aangewend word soos wat beide Snow, Brockman (en tot 'n mindere mate Lepenies) dit gevisualiseer het: enersyds as integrasie tussen die wetenskappe en die kunste, maar andersyds as 'n erkenning van die invloedryke rol wat die wetenskap vandag weer in die publieke kultuur opeis. Hierdie heersende wetenskaplike tydsgees (of “themata of a period” aldus Beer) registreer vanselfsprekend ook weer seismografies in die letterkunde – en dan veral in genres soos wetenskapsfiksie en neo-Victoriaanse fiksie, waar die literêre teks toenemend ook as 'n unieke vorm van populêre wetenskapsbeoefening bestempel kan word.

Levine (1987:vii), wat homself distansieer van die nosie van “twee aparte kulture”, verwys deurgaans na “een kultuur” met verwysing na sowel die negentiende eeu as ons huidige tydsgees. Alhoewel hy dit nie spesifiek 'n derde kultuur noem nie, bevestig hy die verskynsel dat die wetenskappe vandag (soos destyds in die negentiende eeu) alle

sektore van die samelewing binnedring (en selfs oorheers) wanneer hy die verhouding tussen die wetenskap en die letterkunde “a subject of growing concern” noem:

The languages of science have increasingly found their way into literature and into discussions of it. And the traditional assumptions that literary people care nothing about science, scientists care nothing about literature have been belied throughout the twentieth century, but *particularly in recent years*. There remain, however, large gaps of knowledge and of misunderstanding that make fruitful interchange and informed discussion difficult to achieve (Levine 1987:vii).

Levine identifiseer spesifiek die periode van die laat agtiende en die negentiende eeu (die Wetenskaps-era) as tekenend van ’n tyd waar die onderskeid tussen die twee kulture ook besonder vaag was – vandaar sy beskrywing van dié historiese periode met sy bekende frase “one culture”. In ’n wending wat alreeds in Hoofstuk 1 voorgehou is, herbesin Levine self later oor die gebruik van die frase. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die twee diskoerse nie sonder meer gelykgestel kan word as een nie, maar dat daar nietemin beduidende oorvleueling en interaksie is.

Mosley (2004:32-33) meen ook dat die idee van twee konkurrente kulture sinloos is en eggo die oorspronklike eenkultuur-idee van Levine: “a culture, if it is anything, is one ... a true culture acknowledges that each effort to understand reality is, in its own way, a process of learning.” Hy sluit sy betoog af met die volgende voorspelling: “Protagonists of the two non-cultures refuse to grow up; but to those who wish to look and listen and learn, it seems indeed that there is *a growing culture*, [’n derde kultuur – EL] although mysterious, through which we can begin to take responsibility on ourselves.”

Beer (1989) verklaar ook kategorieë dat nóg wetenskap nóg letterkunde geïsoleerde entiteite is en stel die definisies daarvan onderhewig aan die konsensus wat daarvoor bereik kan word in ’n bepaalde historiese periode of plek. Ter afsluiting verwoord sy die uitdagings en struikelblokke vir die beskrywing van hierdie derdekultuur-fenomeen soos volg:

How to describe the relations between intellectual fields within a historical period? How to relate them to social and economic movements? How to articulate the interactions between apparently remote preoccupations? How to analyse the close written relations between authors who probably never read



each others' works? How to explain the concurrent appearance of similar ideas in science and in literature without forging causal links? (Beer 1989:86).

Dit is ten slotte 'n bevinding dat daardie *een organiese publieke kultuur* waarna die bovermelde kritici verwys, in 'n nuwe betekenisaanwending met die term *derde kultuur* beskryf kan word. Die Wetenskaps-era (1879–1914) – en spesifiek die Victoriaanse periode (1837–1901) – word vervolgens in Hoofstuk 3 voorgehou as *analogie of spieëlbeeld* van ons huidige (“retro/neo-Victoriaanse”) tydsgewrig. Volgens argumente van kritici soos Rauch (2001), Shaffer (1998), Knight (1976), Cordle (1999) en Beer (1998) kan die tydsges in beide hierdie historiese periodes dus as verteenwoordigend van 'n sogenaamde *derde kultuur* bestempel word

Die naskokke van Darwin se evolusieleer wat in 1859 gepubliseer is, is vandag steeds voelbaar en evolusiedebatte het in onlangse tye ook weer begin opvlam. 'n Bestudering van hierdie Victoriaanse periode is daarom verder ook tersaaklik met verwysing na die Victoriaanse en neo-Victoriaanse romantradisies waarby Winterbach se romans (1984–2006) aanvlerk. Winterbach se fassinatie met die natuurhistoriese sfeer van die negentiende eeu (en veral die invloed van 'n wetenskaplike soos Darwin) is 'n verdere belangrike oorweging vir 'n verkenning van dié Goue Eeu van die natuurgeskiedenis.

Hierdie Wetenskaps-era (1789–1914) – en spesifiek die Victoriaanse periode (1837–1901) – vorm ook in meer as een van Winterbach se tekste die vertelde tyd, soms die historiese agtergrond en dikwels ook die mentale ruimte. In die meeste van haar romans kom daar byvoorbeeld verwysings na die Suid-Afrikaanse of Anglo-Boereoorlog (1899–1901) voor. 'n Wier Anglo-sentriese verwysingsveld spreek ook uit haar oeuvre met verwysings na Burton, Brönte en Darwin (*Klaaglied vir Koos; erf; Die boek van toeval en toeverlaat*), Blake (*Buller se plan*) en Eliot (*Landskap met vroue en slang, Die boek van toeval en toeverlaat*). Gouws (2008:27) identifiseer ook die invloed van 'n teks soos *Gray's Anatomy* (1859) op Winterbach se visuele kuns.

Die interaksie tussen die wetenskap en kunste (met die letterkunde as verteenwoordiger van laasgenoemde) word dus in Hoofstuk 3 ondersoek met verwysing na bepaalde periodes waartydens sodanige derde kultuur identifiseerbaar is of was.

## HOOFSTUK 3

### PRESEDENTE VAN 'N DERDE KULTUUR: DEFINISIES, HISTORIESE PERIODES EN LITERÊRE GENRES

**presedent, (-e).** Vroeëre beslissing waarop 'n mens jou kan beroep; voorbeeld.

*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*

#### 3.1 INLEIDING

Cunningham en Williams (1993:407) voer aan dat die geskiedenis van die wetenskap so oud soos die mensdom self is en plaas dit diachronies op die deurlopende skaal tussen die Bronstydperk en die menslikegenoom-projek. Hulle redeneer oortuigend dat die tradisionele geskiedenis van die wetenskap soos wat dit tot onlangs voorgehou is, uiteindelik ook beïnvloed moes word deur die reeds vermelde paradigmaterskuiwing in die 1960's waar wetenskap se konteksgebondenheid beklemtoon is (sien die opmerkings rakende Kuhn in 3.2.1). Die sogenaamde tradisionele “big picture” word dus ook deur daardie paradigmaterskuiwing versplinter:

*In the old big picture, all-ways-of-knowing-the-world which seemed sensible to the historian have been appropriated to a single, unitary ‘history of science’. In the new big picture a general history of ways-of-knowing-the-world across the whole of human history would have to be a history of many different things, rather than of one single thing at different stages of development (Cunningham & Williams 1993:407; my kursivering).*

Die wetenskap is tradisioneel op drie wyses gekarakteriseer: eerstens was daar die *filosofiese karakterisering* wat die “sewentiende-eeuse wetenskaplike revolusie” as uitgangspunt gestel het vir die transformering van menslike denke deur wetenskaplike kennis en wetenskaplike metode. Tweedens is die wetenskap verder gekarakteriseer as die *beliggaming van basiese waardes* van vryheid, rasionaliteit en waarheid asook die stukrag agter sosiale en materiële vooruitgang. 'n Derde manier om die wetenskap te beskryf, was om dit te beskou as uitdrukking van 'n *universele menslike onderneming*.

Die nuwe matriks (“new big picture”) moet dus rekenskap gee van hierdie veranderende aard van wetenskap synde “historically contingent; embodying *values, aims and norms of a particular social group; one amongst a plurality of ways of knowing the world*. In a new big picture, ‘science’ can no longer be used as a general defining framework; it must be seen as *limited, bounded in time and culture*” (Cunningham & Williams 1993:418; my kursivering).

Tot dusver is sleutelsterme soos *wetenskap/wetenskappe, natuurgeskiedenis, wetenskapsromantiek, letterkunde* en *kultuur* aangewend sonder enige nadere omskrywing. Afdeling 3.2 word gevolglik gewy aan begripsomskrywings van terme wat meermale in hierdie navorsingsverslag sal voorkom. Aangesien begrippe gewoonlik gevorm, beïnvloed en selfs bepaal word deur historiese gebeurtenisse, nuwe ontdekkings en paradigmaverskuiwings wat die oorspronklike definisie kan uitbrei, is ’n bespreking van hierdie sleutelsterme nie in Hoofstuk 2 vervat nie, maar spesifiek gereserveer vir ’n bespreking in hierdie hoofstuk waarin sulke breë historiese verwickelings aangetoon word. Afdelings 3.2 (*Begripsomskrywings*) en 3.3 (oor die *Wetenskaps-era*) moet dus saamgelees word ten einde ’n geskakeerde geheelbeeld te vorm.

Ter uitbouing van die oorhoofse argument word daar in Afdelings 3.3 en 3.4 hoofsaaklik gefokus op spesifieke praktyke, intellektuele bewegings en literêre genres van ’n spesifieke historiese era, synde die sogenaamde *Age of science* (Wetenskaps-era) van 1789–1914. Hentzi (1998:1) bevestig die waarde van ’n bestudering van hierdie periode soos volg: “To appreciate the motives for this interest in natural history, one must look to *the social history of the period*, which is essential to a full understanding of the relationship between literary and scientific developments” (my kursivering). Die invloedryke rol van Darwin in die Victoriaanse samelewing (1837–1901) word beklemtoon as voorbeeld van die wyse waarop die wetenskap alle fasette van die publieke kultuur binnegedring het. Dié betrokke periode word klokslag in interdisiplinêre studies uitgesonder as ’n tydvak waarin die wetenskap en die letterkunde pertinent na mekaar oorgebuig het en kwalifiseer dus ook vir ’n tipering met die term *derde kultuur* (in die betekenisverruimende aanwending daarvan soos uiteengesit in Hoofstuk 2).

Talle kritici (soos Rauch, Knight, Shuttleworth, Shaffer en Levine) sien juis daarom ook sterk verbande tussen dié historiese periode en ons eietydse inligtingsera waar daar ’n

soortgelyke derdekultureuse dialektiek waarneembaar is: ons huidige tydsgewrig word selfs bestempel as *neo- of retro-Victoriaans* (sien 3.3). Deur die loop van die studie sal dit toenemend duidelik word dat kennis van hierdie betrokke periode (en veral van die evolusieteorie van Darwin) besonder bruikbaar is by 'n analise van Winterbach se tekste.

## 3.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS

Levine (1987:5) verwoord die kompleksiteit van die terminologie wat die diskoers oor die twee tersaaklike kulture onderlê soos volg: “Throwing around comfortably such overwhelmingly complicated words such as *science*, *literature* and *culture* might well indicate a radical failure to appreciate the multiplicity of meanings these words imply.”

Die hoofdoelwit met die onderstaande begripsomskrywings is derhalwe om erkenning te verleen aan die meerduidigheid van betekenis (“multiplicity of meaning”) waarna Levine verwys, maar sonder om noodwendig alle denkbare betekenisonderskeidings in detail te beskryf. Die fokus bly op die *gebruiksaanwending* van die terme binne hiërdie spesifieke interdisipline en hiërdie navorsingsverslag.

### 3.2.1 “wetenskap/wetenskappe” (*science/sciences*)

Chase (1964:91) bevestig die meerduidigheid van die term “science” wanneer hy wetenskap beskryf as ’n “roomy term, covering a wide range of subject matter and behavior”. Hy verwys ter staving van hierdie meerduidigheid na die ses betekenisonderskeidings in *Webster’s Dictionary*:

- kennis in teenstelling tot intuïsie;
- gesistematiseerde kennis afgelei van observasie en eksperiment;
- ’n vertakking van kennis (soos die wetenskap van musiek);
- ’n vertakking van natuurwetenskap (soos fisika of chemie);
- ’n vaardigheid gebaseer op oefening (byvoorbeeld die wetenskap van boks), en
- Christelike wetenskap /“Christian Science”.

Dit is opvallend dat dié woordeboekinskrywing nie enigsins die relatiwiteit van die begrip met betrekking tot verskillende kontekste verreken nie. Jordanova (1986:29) voer aan dat die term “science” oorspronklik in die agtiende eeu aangewend is om te verwys na “any kind of knowledge or learning”. Die woord “science” is immers afgelei van die Latynse *scientia* wat “kennis” beteken (Slusser & Guffey 1982:176).

Dié betekenis het volgens Jordanova (1986) in die negentiende eeu geleidelik begin verskuif om spesifiek te verwys na *teoretiese* eerder as *praktiese* kennis. Otis (2002:xvii) gebruik die voorbeeld van die mediese wetenskap wat in hierdie periode gevorder het vanaf ’n blote praktiese vaardigheid tot ’n sistematiese, teoreties begronde en ingeligte korpus van kennis. In die negentiende eeu is die term “wetenskap” later by uitstek gebruik om te verwys na *kennis van die eksterne observeerbare wêreld* (“a study of the natural and physical world”, aldus Otis). Hierdie kennis van die eksterne wêreld is deur die wetenskaplike metode van observasie en eksperiment verwerf.

Die heel oorspronklike betekenis waarna Jordanova (1986) verwys (naamlik dat wetenskap alle kennis sou insluit) was egter in gebruik voordat daar teen die einde van die agtiende eeu ’n georganiseerde professionele wetenskaplike gemeenskap begin ontwikkel het. Sy beklemtoon die aanspraak dat die gebruiksaanwending van terme soos “wetenskap” *bepaal word deur die periode waarbinne dit bestaan en waarna dit verwys*.

Die term “wetenskap/wetenskappe” is sedert hierdie bovermelde agtiende- en effens verruimde negentiende-eeuse definisies dikwels (en spesifiek in modernistiese tye) oorkoepelend aangewend om te verwys na ’n *groep* dissiplines en subdissiplines – “across the range of chemistry, biology and physics” (Cordle 1999:13). Hierdie saamgegroepeerde dissiplines beskik volgens dié latere definisie dan oor ooreenstemmende kwaliteite wat op sekere gedeelde aannames oor die aard van kennis berus. ’n Algemene punt van kritiek teen geesteswetenskaplikes se gebruik van die term “wetenskap” was ook dat hulle dikwels die term aangewend het asof die wetenskap ’n enkele, uniforme entiteit sou veronderstel waar voorbeelde uit byvoorbeeld die biologie voorgehou is as paradigmatisies van al die natuurwetenskappe (Cordle 1999).

In sy proefskrif oor Eugène Marais se wetenskaplike prosa onderskei J.L. Marais (2001:23) eerstens tussen voorwetenskaplike kennis en wetenskaplike kennis. Hy verwys dan samevattend na Stoker se destydse tipering van wetenskaplike kennis as: a) geverifieerde kennis; b) gesistematiseerde kennis; c) tegniese-metodiese gevormde kennis; d) begrensde kennis en e) kennis ter wille van kennis self.

Slusser en Guffey (1982:176) poneer dat die algemene gebruik van die term gedurende die laaste gedeelte van die twintigste eeu gewoonlik met een van die volgende twee epistemologies relevante verwysings verband hou:

First, to an activity that has as its goal the acquisition of knowledge; second, to the larger body of knowledge generated by that activity. On the one hand we have, then, a process for acquiring – through rigorous observation and the formulation and testing of hypotheses – knowledge about human beings and nature, knowledge that is most efficiently expressed in the form of scientific “laws” (concepts). On the other hand, we have the great body of knowledge amassed through the application of scientific method and preserved in the literature of science. In fact, most of what we today consider real knowledge is this kind of specially derived knowledge.

Modernistiese wetenskapsopvattinge (soos dié van Stoker), naamlik dat die wetenskap ’n stel objektiewe, kontroleerbare gegewens veronderstel wat geensins verband hou met die konteks waarbinne dit bestaan nie, word alreeds in 1962 deur Thomas Kuhn in sy invloedryke teks *The structure of scientific revolutions* verwerp (Marais 2001:23). Daarin beweer Kuhn dat wetenskap (soos wat daar toenemend ook oor die letterkunde geargumenteer is) nooit ’n waarde-vrye en neutrale soeke na waarheid kan wees nie, maar dat dit altyd binne ’n bepaalde kulturele konteks geïnterpreteer moet word. Hierdie idee dat die wetenskaplike diskoers ’n sosiale konstruksie is, is later onderskryf deur figure soos Paul Feyerabend en Jean-Francois Lyotard (sien ook Jordanova se definisie hierbo).

Bruce en Purdy (1994) ondersteun hierdie hipotese wanneer hulle op die flapteks van *Literature and science* die wetenskap bestempel as “a site of competing ideological constructions, as a complex (and richly ambiguous) element of modern and postmodern social discourse, circulating in a wider cultural community *where its currency fluctuates according to complex changes in social and epistemic conditions*, including the relative

prestige or cultural capital of ‘science’ within professional and disciplinary hierarchies at any given time” (my kursivering).

Hierdie veronderstelling oor wetenskap se *konteksgebondenheid* is volgens Cordle veral deur literêre kritici en navorsers in die filosofie en geskiedenis van die wetenskap voorgestaan en het later aanleiding gegee het tot die sogenaamde “wetenskapoorlog” (“science wars”) met Alan Sokal op die voorpunt. Sokal is van mening dat literatuur- en kultuurteoretici die wetenskap as kennisveld vir hulle eie doeleindes misbruik. In 1996 het hy ’n artikel (doelbewus deurspek met allerlei valshede en parodiërende gebruik van literatuurteoretiese jargon) aan die tydskrif *Social Text* voorgelê vir publikasie. Die artikel, “Transgressing the boundaries: towards a transformative hermeneutics of quantum gravity”, is gepubliseer, waarop Sokal toe die redakteurs en referente ontmasker het. (Cordle 1999).

Stephen Gould jukstaponeer dikwels populêre wetenskapsbeoefening (“popular science”) met “Science with a capital S” wanneer hy aanvoer dat laasgenoemde die insulêre aktiwiteite van die wetenskaplike met sy wit jas in ’n laboratorium veronderstel. Hierdie (meermale manlike) witjas-wetenskaplike misken dan die status en rol van wetenskaplikes as fasiliteerders van kennis aan die algemene publiek en sien neer op die populariserings-doelwit as ’n vulgarisering van die wetenskap.

Soos alreeds aangetoon, moet die uiteensetting hierbo ook saamgelees word met die begripsomskrywings in 3.2.2 en 3.2.3 hieronder, maar uiteindelik ook in samehang met die spesifieke bespreking van die negentiende eeu in 3.3. Vir doeleindes van hierdie navorsingsverslag word “wetenskap” voorgehou as ’n dinamiese term wat evolusionêr ontwikkel het. Dit word dus gesien as ’n konsep wat formeel eers ontstaan het nadat die spesialisering van (voorwetenskaplike) kennis gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu begin plaasvind het; daarna as konsep wat in die vroeë twintigste eeu op modernistiese wyse vertolk is as vorm van gesistematiseerde, objektiewe en neutrale kennis; vandag as konsep wat dui op gedemokratiseerde en konteksgebonde vorme van kennis.

### 3.2.2 “natuurgeskiedenis” (*natural history*)

Merrill (1989:6-14) voer aan dat die term “natural history” (vertaal as *natuurgeskiedenis*) vir eeue lank dieselfde kognitiewe betekenis gehad het as “wetenskap” (naamlik kennis van die natuurlike eksterne wêreld): “In popular usage, terms like *natural history*, *science*, *natural philosophy* and *natural knowledge* remained muddled throughout the first half of the nineteenth century. [...] But in practice, useful distinctions can be drawn between them, because they differed in attitude, scope and effect.”

Hy betreur die feit dat daar aanvanklik geen onderskeid getref is tussen begrippe soos “wetenskap” en “natuurgeskiedenis” nie, aangesien die gelykstelling tussen die twee terme (en die ooreenstemmende verwagting dat natuurgeskiedenis dan in die moderne sin van die woord “wetenskaplik” moes wees) die natuurgeskiedenis ontnem het van “its considerable charms”.

Die begrip “natuurgeskiedenis” het ook deur die loop van die geskiedenis van inhoud verander. Dit het volgens Jenkins (1978:8) as fenomeen ontstaan toe die mensdom se primêre fokus vanaf nomadiese pastoralis of jagter-versamelaar na stedelike bewoner verskuif het. In stedelike gebiede was ’n intieme kennis van die natuur nie so essensieel tot die mens se oorlewing nie en natuurkennis het derhalwe ’n intellektuele luukse van die nuuskieriges geword wat met meer “wetenskaplikheid” as voorheen bejeën is. Vir eeue daarna was die ontwerp van ’n *klassifikasiesisteen* dan ook die primêre doelwit van die natuurkundige (“naturalist”).

Aristoteles en Plinius was na bewering van die eerstes wat hulself in die natuurgeskiedenis verdiep het. Eersgenoemde het selfs gepoog om ’n elementêre klassifikasiesisteen daar te stel waarvolgens hy diere geklassifiseer het (dié met rooi bloed en dié sonder bloed). Daarna verteenwoordig die werk van Middeleeuse monnike en hulle bestiarius, saam met die aktiwiteite van Frederik II (1194–1250) en Albertus Magnus ’n verdere fase van die natuurgeskiedenis wat beskryf word as die “here-be-dragons brand of natural history” (Jenkins 1978:12–16). Die volgende identifiseerbare fase is dié waar medici soos Edward Wotton, Pierre Belon, Guillaume Rondelet,



Aldrovandi en Konrad Gesner in die sestiende eeu sekere klassieke aannames begin bevraagteken het.

In die sewentiende eeu word John Ray en Francis Willughby deur Jenkins (1987:18-23) uitgesonder as voorlopers van die klassifikasiesisteme wat uiteindelik deur Carolus Linnaeus (1707–1778) ontwerp is. Linnaeus, ook die moderne Adam genoem, staan in die annale opgeteken as die skrywer van *System naturae* (1758). In hierdie werk word ’n klassifikasiesisteme voorgedra wat vandag steeds in gebruik is. In die agtiende eeu was die natuurgeskiedenis sinoniem met die navorsingsaktiwiteite van ontdekkingsreisigers soos James Cook en John Banks: hulle 1768-ontdekkingsreis met die *HMS Endeavour* na Botany Bay geniet vandag steeds ikoniese status.

Deur die loop van die negentiende eeu is dié begrip (naamlik “natuurgeskiedenis”) wyd aangewend om pertinent te verwys na die kultuurfenomeen (aldus Barber 1980:13) waar amateurs, leke of gewone burgers obsessief alle aspekte van die natuurlike wêreld bestudeer het. Dié preokkupasie het uiteindelik elke vlak van die Victoriaanse samelewing geïnfiltreer. Natuurgeskiedenis, ofte wel die bestudering van die eksterne wêreld, het in die negentiende eeu aanleiding gegee tot die totstandkoming van verskeie distinktiwe wetenskappe soos byvoorbeeld geologie, biologie, biochemie en fisiologie (sien ’n meer volledige bespreking van die natuurgeskiedenis tydens hierdie eeu in afdeling 3.3.3).

Die gebruik van die term soos in die voorafgaande paragraaf stem volgens Merrill (1989:75) ooreen met die eietydse gebruik van die term “wetenskap(pe)”. Vergelyk in hierdie verband Jordanova (1986) se observasie (in 3.2.1) dat ’n georganiseerde wetenskapsgemeenskap eers teen die einde van die agtiende eeu tot stand gekom het. Barber bevestig dat die “wetenskaplike” inhoud van ’n veld soos die natuurgeskiedenis vanweë die koppeling met nuwe ontdekkings destyds nog nie eers as skoolvak aangebied is nie.

Gelyklopende onderskeid is indertyd ook getref tussen *natuurkundiges* (“*naturalists*”) en *wetenskaplikes* (“*scientists*”) (laasgenoemde term is eers gedurende 1833 gemunt). Die term “natuurkundige” is in die begin van die 19de eeu gebruik om te verwys na ’n student van alle aspekte van die natuur (die geykte kategorieë van “animal, vegetable

and mineral”) terwyl ’n wetenskaplike teen die middel van die eeu beskou as iemand wat slegs ’n gedeelte van die geheel bestudeer het (Barber 1980:27).

’n Verdere onderskeid was dat natuurgeskiedenis nie, soos die wetenskap, beskou is as ’n studieveld wat die gang van die wêreld sou verander nie, maar as ’n onderwerp wat die individu op sowel intellektuele as geestelike vlak kon verryk:

To sum up the differences, then, two main qualities differentiate Victorian science from natural history texts: tone (usually linked to style) and intent (or purpose). Generally, science is more detached, objective and seeks to understand objects of nature in their relation to one another; its tone is neutral. *Natural history is more personal, evocative, and seeks to enjoy the distinction between one natural object and another; its tone is emotional. And natural history writing is often more suffused with the human responses of its author in order to entertain and move its reader* (Merrill 1989:12–96; my kursivering).

Natuurgeskiedenis (“natural history”) word dus algemeen aanvaar as ’n diachronies gemarkeerde term wat verwys het na “the pure science that sought to understand the world, such as the theories of Darwin, the technological science that transformed the English countryside [...], or science as it was described in texts such as the essays of Thomas Henry Huxley” (sien ’n bespreking van laasgenoemde se bekende lesing “Science and culture” in 2.2).

Aannames dat die natuurgeskiedenis ’n konteksgebonde term is, strook met eietydse definisies van “wetenskap” soos uiteengesit in 3.2.1 hierbo. Die begrip natuurgeskiedenis (“natural history”) sal derhalwe in hierdie studie oorwegend aangewend word om te verwys na die welbekende Victoriaanse behepthed met die natuurlike wêreld. Die spesiale band tussen natuurgeskiedenis en Victoriaanse letterkunde sal verder in 3.3 en 3.4 verken word. Hierdie boeiende tydperk is ook aanvanklik met die Verligting en veral later met die Romantiek verbind (vergelyk die inskrywing “romantic science” onder 3.2.3).

### **3.2.3 “wetenskapsromantiek” (“romantic science”)**

Soos alreeds oorsigtelik in Hoofstuk 1 aangetoon, beskou Martin Halliwell (1999:14) die begrip “romantic science” (voortaan vertaal as “wetenskapsromantiek”) as ’n oop

tradisie wat eintlik *enige praktyk kan beskryf waar wetenskaplike en estetiese begrippe versmelt word*. Dit is dan ook in dié uitgebreide sin (en in spesifieke navolging van Halliwell se model) waarin die term “wetenskapsromantiek” verder in hierdie studie aangewend sal word. Hy beskryf “romantic science” as ’n heterogene genre en denktradisie wat “an inquiry into selfhood, aesthetic responses, phenomenological description and behavioral observation” insluit (Halliwell 1999:14-15). In aansluiting by Ross bestempel hy dit as ’n kognitiewe paradigmaverskuiwing na ’n groter eietydse erkenning van subjektiwiteit en knoop dit pertinent ook aan die negentiende-eeuse “move towards subjectivity”.

In plaas daarvan om bloot die wetenskap op die letterkunde te karteer, benadruk hy die belangrikheid daarvan om eerder te soek na die *estetiese konvergensie* vanuit die posisie van die menswetenskappe. Halliwell (1999) kom tot hierdie gevolgtrekking deur sy argument soos volg te konstrueer: hy herlei die digotomie tussen die kunste en die wetenskap na die argumente van Weber wat die oorskakeling na modernisme verbind met die fragmentering van sosiale aktiwiteite in vyf spesifieke sferes: die ekonomiese, politieke, estetiese, erotiese en intellektuele. Volgens Halliwell (1999) het Habermas dié kategorieë selfs verder verfyn na die kognitief-instrumentele, die moreel-praktiese en die esteties-ekspressiewe.

Die sferes van wetenskap, moraliteit en kuns resulteer dus kragtens die voormelde argument uit die bevraagtekening van metafisika en godsdiens in die tweede helfte van die negentiende eeu met die publikasie van Darwin se evolusieteorie (met elke sferes wat daarna die domein van spesiale kundiges geword het). Die ideaal van die agtiende-eeuse Verligting, naamlik “a complete understanding of the world and of the self” het dus teen die einde van die negentiende eeu begin plek maak vir ’n streng institusionele onderskeid tussen die kunste en die wetenskap.

Halliwell voer aan dat outeurs soos Jacob Bronowski, Aldous Huxley en later ook C.P. Snow binne dié konseptuele raamwerk van twee aparte kulture begin het om die toenemende spesialisering van die natuurwetenskappe teen ’n breër begrip van die kunste en die geesteswetenskappe in ag te neem. Halliwell verwys na die aanvanklike 1959-uitspraak deur Snow (sien die bespreking van “Two cultures and the scientific revolution” in 2.2) waarin die onderlinge onverdraagsaamheid tussen die twee

opponerende pole oopgevelek is. Hy is egter van mening dat hierdie vermeende kloof tussen die twee kulture hoofsaaklik voortspruit uit onkunde. Hy rig 'n pleidooi dat hierdie verdeling gekondoneer behoort te word deur 'n *versagting van die grense tussen die dissiplines* asook deur opvoedkundige hervorming (soos ook deur Snow bepleit in sy repliek op Leavis). Halliwell knoop dus ook, soos uiteindelik in hierdie navorsingsverslag beredeneer word, die term “wetenskapsromantiek” aan 'n *derde kultuur* waar die twee “opponerende” kulture versoen kan word deur subjektiewe analise:

If normal science understands the world from an Archimedean point of reference, then romantic art focuses on *the primacy of the perceiving and imagining subject*. Thus the challenge for romantic scientists is to discover a method of inquiry which incorporates subjective interpretation, without reverting to metaphysical speculation or dismissing creative expression as the epiphenomena of essentially material creatures (Halliwell 1999:5).

In aansluiting hierby beklemtoon Fulford e.a. (2004) dat die rol van die wetenskaplike ontdekker tydens die laat agtiende eeu alreeds impliseer dat die *menslike natuur* (naas die *kennis van die natuur*) ook begryp moes word.

Noah Herringman (2003:7) se beskrywing van wetenskapsromantiek steun weer grootliks op die diachroniese benoeming hiervan as die natuurgeskiedenis van die Romantiese periode. Dié periode word deur hom beskryf as “wedged between the ever longer eighteenth century and the Victorian period”. Alhoewel die konsep van wetenskapsromantiek dus aanvanklik paradoksaal mag klink, wys Herringman daarop dat baie van die romantiek rondom die moderne wetenskap (vergelyk die stereotipiese mal wetenskaplike, die intuïtiewe genie, die utopiese transformasie van die natuur) juis in die Romantiese periode (1780–1830) ontstaan het.

Die Romantiese beweging word gewoonlik vereenselwig met die volgende drie faktore: 'n drang na kennis, 'n belangstelling in die verlede en 'n weerstand teen beperkinge wat deur reëls opgelê word. Hierdie faktore word volgens Grabo (1939:191) gekombineer met die opmars van die wetenskap en vorm die grondslag van die Romantiese beweging. Die Dekadensie (waarvan Eugène Marais soms as eksponent aangetoon word) is volgens Grobbelaar (1991) 'n uitloper van die Romantiek.

### 3.2.4 “letterkunde”

Daar is voorheen gewys op Beer se uitspraak dat wetenskap en letterkunde twee konsepte is wat voortdurend onderhandel moet word vir verskillende gemeenskappe op verskillende tye. Die wyse waarop die definisie van wetenskap oor die jare heen verander het, word veelseggend genoeg, ook weerspieël in die wyse waarop idees oor die letterkunde verander het. Net soos wat die heersende definisie vir wetenskap wegbeweeg het vanaf ’n geslote universele sisteem na ’n oop en konteksgebonde sisteem, het die definisie van letterkunde dieselfde progressie vertoon.

’n Kritikus soos Shuttleworth (1998:253) verwerp die nosie dat wetenskap gereduseer word tot ’n tipe skryfwerk wat direk vergelykbaar is met fiksie. Sy handhaaf die onderskeid tussen literêre en wetenskaplike tekste omdat sy meen dat tekste uit die onderskeie dissiplines verskillende doelwitte en leserskontekste het. Ook Shaffer wys daarop dat die dissiplines verwante, maar tog verskillende praktyke veronderstel. Met inagneming van die rigtinggewende uitsprake deur Beer, Shuttleworth en Levine, word die vloeibaarheid van grense tussen die twee verskillende dissiplines egter tóg binne ’n derdekultuur-tradisie voortdurend *getoets en beredeneer* (vergelyk die aanhaling uit *Belemmering* in 1.1).

In die bronne oor die “dispuut” tussen die twee kulture (wetenskappe en kunste) word die letterkunde dikwels voorgehou as verteenwoordigend van al die kunste. Tydens die bekende tweekulture-debatte het Arnold alreeds in 1882 aangevoer dat letterkunde véél meer behels as net belletristiese werke of fiksie: dit kon “everything written with letters or printed in a book” aandui (Otis 2002:xviii). Die beïnvloeding van Darwin *as skrywer* deur tydgenootlike romanskrywers asook sy aanwending van narratiewe strategieë ten einde sy evolusieleer te populariseer, is grondig deur Beer verken in *Darwin’s Plots: Evolutionary Narrative in Darwin, George Eliot and Nineteenth-Century Fiction* (2000).

J.L. Marais (2001) het in sy proefskrif oor die wetenskaplike tekste van Eugène Marais ook gewys op Marais se aanwending van literêre tegnieke (soos byvoorbeeld die didaktiese verteller) om daardeur wetenskaplike kennis toegankliker vir sy lesers te maak. Ook eietydse wetenskapspopulariseerders soos Gould, Dawkins, Hawking,

Wilson en Sagan steun op 'n soortgelyke werkswyse. Hierdie tipe tekste, waar wetenskaplike kennis aan leke versprei word, het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n kategorie soos populêre wetenskapsliteratuur: “how to have your facts and love them”, aldus Merrill (1989:15). Na aanleiding van die enorme invloed wat sulke tekste (soos *On the origin of species*) in Victoriaanse Engeland uitgeoefen het, rig Merrill (1989:15) en Marais (2001) 'n pleidooi dat hulle *ingesluit word in die literêre kanon* naas egodokumente soos reisliteratuur, outobiografieë en biografieë.

'n Term soos “literêre niefiksie” (ook bekend as die “vierde genre”), geniet toenemend erkenning as sambreelterm vir uiteenlopende kategorieë soos egodokumente (dagboeke, briewe, essays, outobiografieë en biografieë, reisbeskrywings), populêrewetenskapstekste en literêre joernalistiek (Myburgh 2009). Hierdie vierde genre, waar fiksie en niefiksie suksesvol gekombineer word, is ook al beskryf met die volgende terme: “creative nonfiction, narrative nonfiction, literature of fact, factual fiction, the literature of actuality, the ‘other’ literature” (Minot 2003; Weber 1980).

In die interdisipline van “wetenskap en letterkunde” (ofte wel 'n derde kultuur) word 'n verskeidenheid van tekste bestudeer. Literêr-niefiksionele tekste wat wetenskaplike kennis populariseer deel dus die verhoog met meer tradisionele fiksievorme soos wetenskapsfiksie, Victoriaanse Darwinistiese romans, naturalistiese literatuur en neo-Victoriaanse romans. Dit spreek vanself dat inligting oor tersaaklike intellektuele en literêre strominge, literêre tradisies en genres in meer besonderhede onder die volgende onderafdelings verskaf sal word:

- wetenskapsromantiek en Romantiek (Afdeling 3.2.3)
- Victoriaanse romans en Realisme (Afdelings 3.3.2 en 3.4.2)
- Darwinistiese, ontwikkelings- en evolusionêre romans (Afdeling 3.4.2)
- naturalistiese letterkunde, *fin de siècle*-romans en Dekadensie (Afdeling 3.4.3)
- wetenskapsfiksie (Afdeling 3.4.4)
- neo-Victoriaanse romans (Afdelings 3.5.2, 4.1- 4.9, 5.1-5.7 en 6.1-6.4)
- historiografiese metafiksie (Afdeling 5.2.2)
- Gotiese en neo-Gotiese romans (Afdelings 3.3.2, 3.4.2 en 6.2.1)
- genre (Afdelings 3.4.1 en 6.1)

### 3.2.5 “kultuur”

Cordle (1999:53) voer die term “kultuur” (binne die konteks van die gesprek rondom die skeiding van die twee tersaaklike kulture) terug na twee basiese oorspronge. In die eerste instansie steun hy op die gebruiksaanwending van die begrip in die kulturele antropologie soos verwoord deur Tyler: “that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, laws, customs and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society”. Hierdie begripsomskrywing lê die klem anders as by die gebruiksaanwending daarvan in die debatte van Huxley en Arnold (sien Afdeling 3.2). Arnold maak byvoorbeeld deurentyd suggesties van waardeoordele in sy gebruik van die woord “kultuur” (“the *best* that has been thought and said in the world”).

Die tweede bron wat volgens Cordle die begripsomskrywing informeer, is daardie korpus van kritiek wat kultuur beskryf as ’n entiteit bestaande uit ’n verskeidenheid van diskoerse: “this view of culture therefore leads us to see literature and science acting as streams of discourse feeding into, and fed by, the rest of culture” (1999:53).

Hierdie laaste begripsomskrywing deur Cordle klop met een van die basiese aannames wat geld vir die interdisipline, naamlik dat letterkunde en wetenskap twee alternatiewe uitdrukkings is van ’n kultuur se waardes, aannames en intellektuele raamwerke. Hierdie nosie van kultuur is geartikuleer deur Levine (sien 1.1) en sal vir doeleindes van hierdie verslag ook aanvaar word as ’n vertrekpunt. Vergelyk ook Paradis en Postlewait (1981:vii) se verduideliking van ’n kultuur as *organiese eenheid* waar die waardes wat die wetenskaplike motiveer, ook versoenbaar sou wees met dié van die humanis.

Die betekenispermutasies van “twee kulture” en “derde kultuur” is alreeds volledig in Hoofstuk 2 verreken. Die historiese aanloop tot die tweekulture-model (vergelyk Afdeling 2.2) asook die eietydse konteks van die derdekultuur-konsep (vergelyk Afdelings 2.4 en 2.5) word in daardie hoofstuk volledig aangespreek. ’n Bespreking van ’n historiese periode wat dikwels met die term “een kultuur” (d.w.s. ’n derde kultuur) aangetoon word, volg in Afdeling 3.3 hieronder.

### 3.3 DIE WETENSKAPSERA (“AGE OF SCIENCE”) (1789–1914)

We forget too easily that the Age of Science is also that of Literature.

Jaques Rancière

#### 3.3.1 Die aanloop

Knight (1986:2) som die aanloop tot die sogenaamde *Age of Science* (streckende vanaf die Franse Revolusie in 1789 tot die Eerste Wêreldoorlog in 1914) soos volg op:

By 1700 science had become something to talk about, something which an educated man (and increasingly an educated woman) should know something about. For doctors, lawyers, clergy and landed gentry, it might be a vocation or a hobby; their interests might range across our whole spectrum of science, embracing perhaps physics and biology, along with antiquarian and literary pursuits. But *to live by science* was almost out of the question in the seventeenth and eighteenth centuries. Down to the end of the eighteenth century, science was a programme; a blank cheque drawn upon the future; an infant in the intellectual realm. It was during the nineteenth century that it came to maturity” (Knight 1986:3).

Tersaaklike intellektuele strominge soos byvoorbeeld die Romantiek (ongeveer 1780–1830) strek dus wydsbeen oor hierdie diachroniese indeling. Die Verligting word geassosieer met die era 1650–1800, terwyl die Victoriaanse era vanaf 1837 tot 1901 saamgeval het met die bewind van koningin Victoria. Naturalistiese denkrigtings word weer meer geassosieer met die laaste dekades van die negentiende eeu.

Die *Verligting* (“*Era of Enlightenment*”, ook die neoklassieke era genoem) het verwys na ’n intellektuele beweging wat rofweg van 1650 tot 1800 gestrek het. Die fokus was deurentyd op die *oorheersing van rede, intellek, logika en kennis* en volgens Thomas (1992:549) was die voorlopers van dié stroming Francis Bacon (wat soms ook aangetoon word as die grondlegger van die wetenskap), Isaac Newton en Descartes. Elke Europese land het uiteraard verskillende merkers vir die aanbreek van die Verligting gehad, maar in Engeland het die beweging byvoorbeeld stukrag verkry met die verskyning van *Newton se Mathematical Principles of Natural Philosophy* in 1685 asook Locke se *On Human Understanding* (1690). In Frankryk is Montesquieu en Voltaire belangrike stemme terwyl figure soos Kant en Wolff in Duitsland die toon



aangegee het. Die periode van die Verligting staan by uitstek bekend as dié era waarin die grondslag vir die moderne liberale wetenskappe gelê is (Thomas 1992:550).

Lepenie (1985:2) konkludeer dat daar selfs teen die einde van die agtiende eeu nog geen sprake van 'n skerp onderskeid tussen die produksiemodusse van literêre en wetenskaplike werke was nie. Die bespreking van die negentiende-eeuse ontwikkeling van die wetenskap in 3.3.2 hieronder sal bevestig dat dié strak verdeling ook nie werklik kenmerkend van die grootste gedeelte van die negentiende eeu was nie. Dit was 'n verskynsel wat eers teen die einde van die eeu identifiseerbaar geraak het nadat daar 'n toenemende verbesondering van die veralgemeende aard van kennis was (Paradis & Postlewait 1981:ix).

Die agtiende en negentiende eeu word selfs soms beskryf as die *tweede wetenskaplike revolusie*. Uit die begripsomskrywings van “wetenskap” en “letterkunde” in Afdelings 3.2.1 en 3.2.2 is dit duidelik dat die natuurgeskiedenis 'n deurslaggewende rol gedurende hierdie periode gespeel het. Herringman (2003:6) beskryf die winste daarvan soos volg:

One of the virtues of natural history, then as now, is that it helps to unite local scholarly efforts in literature and science. The scientific background of specific texts are important in themselves and as distinct moments of scientific culture, but they are also jointly important *as evidence of a 'shared culture of letters' and of the epistemological claim of literary projects to explain the natural world* (my kursivering).

Hy benadruk ook die beslissende rol wat nuwe ontdekkings in die plant- en dierwetenskappe uiteindelik in die literatuur van die Romantiek gespeel het (“scientific concerns were literary concerns”). Fulford, Lee en Kitson (2004) verwys veral in hierdie verband na die belangrike ontdekkingsreise (soos dié van Cook in die laat agtiende eeu). Hulle beklemtoon, soos Herringman, ook die invloedryke rol wat reisigers (“travelling in the name of science”) gedurende hierdie periode gespeel het om nuwe wêrelde aan 'n Europese gehoor bekend te stel:

Their discoveries changed the course of science. Old scientific disciplines, such as astronomy and botany were transformed; new ones, like cranology and comparative anatomy, were brought into being. *Scientific disciplines, in turn,*

*pushed literature of the period towards new subjects, forms and styles* (Fulford e.a. 2004; my kursivering).

Lloyd (1985) verdeel die reisende wetenskaplikes van die agtiende eeu in drie kategorieë: lede van formele ekspedisies; kerk- of weermagampnare wat hulle pligte gekombineer het met die opstel en uitbreiding van privaatversamelings; en ten slotte diegene wat primêr gereis het om die natuurlêwe van eksotiese bestemmings te dokumenteer. Die strewe van wetenskaplike ekspedisies om die invloed van koloniseerders uit te brei, word tereg gekritiseer wanneer die onbehoorlike skaal waarop wetenskaplike insameling soms plaasgevind het, in ag geneem word. Lloyd (1985:9) skryf dit egter aan hierdie unieke groepering van reisende natuurwetenskaplikes toe dat die natuurgeskiedenis uiteindelik tot die wetenskaplike studieterrrein van die biologie getransformeer is.

Fulford e.a. (2004) beklemtoon die drievoudige verband tussen *ontdekking*, *wetenskap* en *letterkunde*, maar plaas dit deurentyd binne die raamwerk van Britse imperialisme. Die Britte was destyds genoodsaak om – as ’n resultaat van die koloniale projek – hulle verhouding met die Ander te probeer definieer, maar in die proses is ook die tersaaklike diskoerse (soos die wetenskap en die letterkunde) daarmee saam herskryf.

Tot en met die laat negentiende eeu was die dissiplines van beide letterkunde en wetenskap dus “*areas of activity that, while largely distinct from each other, were not always wholly separate or utterly unitary fields*” (Fulford e.a. 2004:2; my kursivering). Sedert die 1870’s is die spore van die Romantiek ook alreeds sterk aanwesig in die letterkunde (vergelyk ’n Romantiese digter soos Coleridge). Hierdie Romantiese periode word volgens Knight gesien as die aanloop tot die negentiende-eeuse derde kultuur (vir ’n meer volledige bespreking van Romantiek, sien 3.2.3). Paradis & Postlewaite (1981) beskou die Romantiek en die wetenskap as twee vormende kragte (“*twin forces*”) van die negentiende eeu. In 3.3.2 sal die interaksie tussen die letterkunde en wetenskap gedurende hierdie era dan verreken word as voorbeeld van ’n sogenaamde derde kultuur.

### 3.3.2 Wetenskap en letterkunde in die negentiende eeu: 'n derde kultuur

Die uitspraak van Otis (2002) hieronder eggo die idee van Levine (1987) se *een kultuur*. Laasgenoemde verwys na die negentiende-eeuse (en spesifiek Victoriaanse) tydperk waar die wetenskap en die letterkunde nooit in beginsel as twee aparte kulture bedryf is nie, maar altyd as 'n organiese eenheid wedersyds by mekaar geleen het.

The notion of a 'split' between literature and science, of a 'gap' to be 'bridged' between the two, was never a nineteenth-century phenomenon. [...] the two commingled and were accessible to all readers. Scientists quoted well-known poets both in their textbooks and in their articles for lay readers, and writers we now identify as primarily 'creative' explored the implication of scientific theories. [...] *As a growing system of knowledge expressed in familiar words, science was in effect a variety of literature* (Otis 2002:xvii; my kursivering).

Dié enkele kultuur waarna Levine en Otis verwys, word vir doeleindes van hierdie navorsingsverslag (en met verwysing na die negentiende eeu sowel as ons huidige tydsgewrig) as 'n *derde kultuur* bestempel, synde 'n kondisie waarin streng onderskeide tussen die twee kennisvelde van wetenskap en letterkunde suksesvol oorbrug word (sien Hoofstuk 2).

Die laat negentiende eeu word gekenmerk deur die debat tussen Huxley en Arnold (wat allerweë bestempel word as die historiese beginpunt van die tweekulture-model en wat in 2.2 uitvoerig bespreek word). Daar is alreeds deur die loop van die eerste twee hoofstukke aangetoon dat beide Huxley en Arnold die wedersydse vormende invloede tussen die twee dissiplines openlik erken het. Hulle debat het primêr gehandel oor die onderskeie waardes wat die onderskeie dissiplines tot die kurrikulum kon toevoeg.

Daar is, ter staving van die bostaande vertolking, alreeds verwys na die uitsprake van Paradis en Postlewait (1981:xiii). Hulle voer ook aan dat die afbakenings tussen die dissiplines in die negentiende eeu nie altyd duidelik herkenbaar was nie; dat daar dus in beginsel (soos Levine en Otis beweer) eintlik net sprake van *een kultuur* was.

Knight (1986:5) verduidelik in dieselfde trant dat veral die negentiende eeu die Eeu van die Wetenskap genoem kan word "because the two cultures had not yet diverged":

Those working in the sciences and those engaged in literature, painting, politics and theology all shared much common ground [...]. The nineteenth century became the *Age of Science* partly because in those years it became not merely an intellectual activity, but also a practical and a social one; an agent, as prophesied, in a changing society” (Knight 1986:9).

Deur die loop van die eeu was daar wel ’n toenemende mate van spesialisering en die dissiplines (in die moderne sin van die woord) het duideliker geprofileer geraak. Schweber (1981:25) bevestig dat wetenskaplike institute eers sedert die tweede helfte van die negentiende eeu ontstaan het as uitvloeisel van ’n groter mate van spesialisering in die mediese wetenskap, chemie, geologie, fisika en ingenieurswese. Rees (1955:255) beskryf die negentiende eeu as (by uitstek) dié eeu van metodiese bestekopnames van die verskillende menslike kennisvelde; ’n eeu wat gekenmerk is deur die toepassing van patrone op bestaande feite asook die opstel van stellaties vir die konstruksie van verdere hipoteses.

Rauch (2001:1) beklemtoon hierdie drang na kennis en vergelyk dit met ’n soortgelyke kennisvermeerdering in ons huidige inligtingsera: “Immersed as we currently are in what is typically called *the Information Age*, it is easy to forget that the obsession with knowledge is deeply rooted in the nineteenth century.” Knight (1986:1) tref alreeds in die openingsin van sy invloedryke *The age of science: the scientific world-view in the nineteenth century* ’n vergelyking tussen ons huidige tydsges en die historiese Wetenskapsera. Hy voer aan dat ons tans weer in ’n wetenskapsera leef waar ons samelewing afhanklik is van die wetenskap en tegnologie; dat ons ook nou, soos in die negentiende eeu, “signs and wonders” orals rondom ons kan waarneem.

Die waarde wat daar destyds aan die *popularisering van kennis* geheg is, word deur Rauch (2001) benadruk wanneer hy verwys na die publikasie van talle kinderboeke en ensiklopedieë (soos onder meer die *Encyclopaedia Britannica*). Dié era is volgens hom gekenmerk deur ’n verhoogde belangstelling in literêre asook wetenskaplike aangeleenthede. Rauch argumenteer oortuigend dat kennis destyds nie bloot gesien is as ’n stel feite wat gelei het tot die ontwikkeling van dissiplines nie, maar ook as kommoditeit wat op sigself waardevol was. Hierdie eertydse sentiment is saamgevat in die welbekende frase “instruction and amusement” en is vir Rauch sinoniem met die eietydse neologisme “infotainment”.

Schweber (1981:2) bevestig hierdie verskynsel wanneer hy die Victoriane se onversadigbare drang na kennis beklemtoon: “an insistence on polymathy, on mastering all that was known and could be known”. Die minimumvereiste vir ’n opgevoede persoon is destyds deur De Morgan (in Schweber 1981) vasgestel as ’n mens wat iets van alles weet en alles van iets. Gewone burgerlikes was destyds deeglik onder die indruk van hulle onafhanklike status as intellektuele wesens, maar ook van hulle interafhanklikheid as sosiale wesens.

Chapple (1986:3) sinspeel ook op die bestaan van ’n derde kultuur in die negentiende eeu wanneer hy verklaar dat die ontstaan en ontwikkeling van nuwe wetenskappe en subwetenskappe tipies van hierdie periode was: aanvanklik het sekere vakgebiede hoegenaamd nie formele bestaansreg geniet nie; ander bestaande wetenskappe het weer in hierdie periode dramaties van aard verander. Dale (1989) praat selfs van dié era as een waar die “religie van die wetenskap” aangehang is.

Die moontlike gebruik van die term “scientist” kom volgens Chapple (1986:1) eers in 1833 by die derde jaarvergadering van die *British Association for the Advancement of Science* te Cambridge vir die eerste keer ter sprake as plaasvervanger vir die term “natural philosopher” (wat tot op daardie stadium nog algemeen gebruiklik was). Chapple voer aan dat Willlliam Whewell eers in 1840 die gebruik van die woord “scientist” soos volg geformaliseer het: “We need very much a name to describe a cultivator of science in general. I should incline to call him a Scientist.” Die Romantiese digter Coleridge het volgens Chapple volhard om die woorde “philosopher” en “bard” te gebruik in plaas van “scientist” en “poet”.

Die vroeg-Victoriaanse periode, wat volgens Schweber (1981) van ongeveer 1830 tot 1850 gestrek het, getuig van die ingrypende ekonomiese en sosiale verandering wat deur die Industriële Revolusie teweeggebring is. Volgens Rauch het die Victoriane ook, soos die gemeenskap vandag, deurlopend gesprek gevoer oor wetenskap en waardestelsels. Die veronderstelling was dat “a culture, however diversely organized, was itself an *organic unity in which the values motivating the scientist could be reconciled with those of the artist and humanist*” (Paradis & Postlewait 1981:vii; my kursivering).

Hierdie aanname van kultuur as 'n organiese eenheid het aanleiding gegee tot verskeie openbare lesingreekse, waarvan die lesings van Huxley en Arnold sprekende voorbeelde was. Literêre werke asook joernalistieke pennestryde het gesamentlik bygedra tot die kulturele relevansie van die twee dissiplines in hierdie periode:

Nineteenth-century science became a subject of Victorian literature because it so thoroughly manifested itself throughout Victorian society. For many, science represented the essence of knowledge and thought. Never before had science so publicly altered the ways in which individuals viewed their common world. Never before had centres of culture and education been confronted with such a vast new body of knowledge” (Paradis & Postlewait 1991:x).

Alle sosiale kommentators het dus destyds rekenskap probeer gee van hierdie vormende invloed van die wetenskap, wat toe nog nou verweef was met die natuurgeskiedenis. Die wetenskapsdiskoers is deur die reeds vermelde openbare lesings gepopulariseer met die uitsluitlike doel om die publiek op te voed. Private kuriositeitskabinette, wat in die agtiende eeu die domein van bevoorregtes was, het in hierdie tydperk gemigreer na gewilde openbare museums van natuurgeskiedenis, dieretuine en akwariums. “Evenings at the microscope” en openbare uitstallings was aan die orde van die dag. Die alombekende Crystal Palace-uitstalling in 1851 (onder beskerming van prins Albert en geopen deur koningin Victoria self) word in feitlik alle chronologiese tabelle aangetoon as een van die kernegebeurtenisse van dié eeu.

Hierdie sosiale en openbare gebeurtenisse het getuig van die belangrike rol wat die natuurgeskiedenis destyds in die deursnee Victoriaanse huishouding gespeel het. Anders as in die agtiende eeu, toe die beoefening van natuurgeskiedenis slegs vir enkeles beskore was, het dit in die negentiende eeu (en by uitstek in Victoriaanse tye) die preokkupasie van “much of fashionable Victorian society” geword: “Crazes for the sea-side, for insect collections, for Wardian cases, for microscopes and for aquaria followed each other in bewildering rapidity” (Lloyd 1985). Barber (1980:13) beskryf tereg die periode tussen 1820 en 1870 as die Goue Era van die natuurgeskiedenis (“the heyday of natural history”):

Every Victorian young lady, it seemed, could reel off the names of twenty different kinds of fern or fungus, and every Victorian clergyman nurtured a

secret ambition to publish a natural history of his parish like Gilbert White. By the middle of the nineteenth century, there was hardly a middle-class drawing room in the country that did not contain an aquarium, a fern-case, a butterfly cabinet, a seaweed album, a shell collection, or some or other evidence of a taste for natural history. [...] Every newspaper ran a natural history section, and every correspondence column became a periodic battleground for debates about whether swallows could hibernate, or whether toads could live for centuries immersed in blocks of stone. Natural history was a national obsession, and books on the subject were only marginally less popular than the novels of Dickens (Barber 1980:13).

Merrill (1989:5-8) bevestig dié verskynsel: “Collecting, microscopes, curiosity, wonder and close vision – these were the hallmarks of natural history ... not nature in the abstract, but nature in the hand: collected, identified and displayed” (Merrill 1989:5, 8). Natuurkundiges soos Charles Lyell, Charles Darwin, John Tyndall, Philip Gosse, Thomas Huxley, J.J. Audubon, Roderick Murchison, Alfred Russell Wallace en Louis Agassiz het in dié tyd huishoudelike name geword.

’n Belangrike chronologiese draaipunt was die publikasie van Charles Darwin se *On the origin of species* (1859) waarin hy die observasies oor natuurlike seleksie wat aan die basis van die evolusie leer gelê het, openbaar het (sien Afdeling 3.5.2 vir die “evolutionary novel” asook 4.2 vir ’n *gestalt* van Darwinistiese idees). Die publikasie van Darwin se *magnum opus* was deels verantwoordelik vir die geloofskrisis wat geassosieer word met die tweede helfte van die negentiende eeu. Dié krisis is verwoord deur die stelreël “evolution in science created revolution in faith”. Dale (1989) verwys na dié era as een waar die religie van die wetenskap aangehang is.

’n Reeks geologiese teorieë (soos dié van Charles Lyell in 1833) asook dié rondom evolusionêre biologie dra volgens Kucich (2002:120) in die tweede helfte van die eeu by tot ’n bevraagtekening van die Bybelse weergawe van die skeppingsdaad. Die opkoms en preokkupasie van die Victoriane met die bonatuurlike en paranormale as “superwetenskap” word deur talle kritici direk toegeskryf aan ’n geloofsontworteling wat deur Darwin se evolusieteorie veroorsaak is. In die gees van wetenskaplike ondersoek is daar destyds ’n *Society for Psychological Research* gestig om die voorkoms van sulke bonatuurlike gebeurtenisse wetenskaplik te probeer verklaar.

Bown, Burdett en Thurschwell (2004:1) benadruk egter dat die Victoriaanse beheptheid met die bonatuurlike (soos heldersienheid, drome, mediums en geeste) nie bloot 'n reaksie op post-Darwinistiese geloofsverlies was nie, maar iets wat in feitlik elke aspek van die Victoriaanse kultuur ingebed was. Die Gotiese roman was byvoorbeeld 'n direkte uitvloeisel hiervan (sien Afdeling 3.4.2). In sy *Servants of the supernatural* (2008) verwys Melechi ook na towenaars, mesmeriseerders en trieksterfigure (met veral laasgenoemde wat belangrik is in die Winterbach-konteks).

Dit was destyds ook gebruiklik om artikels met 'n wetenskaplike inhoud naas fiksie, poësie en literêre kritiek in tydskrifte, koerante en joernale (soos byvoorbeeld *Westminster Review*) te plaas. Kritici soos Schweber (1981), Fulford (2004), Rauch (2001), Paradis en Postlewait (1981) asook Chapple (1986) verwys na die oorfloed van tydskrifte ("periodicals") wat 'n publieke forum daargestel het om die invloed en gevolge van die wetenskap te verreken. Enkele bekende titels, naas die reeds vermelde *Westminster Review*, was die *Pall Mall Gazette*, *Nineteenth Century* onder leiding van James Knowles, *Nature* (Lockyer), *Natural History Review* (Thomas Huxley); die *Edinburgh Review* asook die *Quarterly Review*.

Die wetenskaplike ("the man of science") het in hierdie proses kultusstatus verkry en akademië, sakelui, regeringsamptenare (soos die Hookers van Kew Gardens), populêre sprekers, lektore en essayiste (soos Huxley en Tyndall) het selfs die onderwerpe van skinderkolomme geword. Soos die Middeleeuse kunstenaar religieuse simbole aangeneem het om 'n nuwe wêreldorde daar te stel, het kunstenaars soos Tennyson, Eliot en Hardy *wetenskaplike beelde en metafore* aangewend om 'n kontemporêre realiteit oor te dra deur die ontwikkeling van 'n herkenbare woordeskat:

The literary artist and social critic who wished to recreate some aspect of Victorian life, whether in fiction or poetry, in social or intellectual commentary, was destined to come face to face with the remarkable fact that science and its applications were not only transforming the structure of English society, but that they were also *redefining the images and values upon which the culture as a whole had traditionally been based* (Paradis & Postlewait 1981:xii; my kursivering).

'n Uitgebreide bespreking oor die konvensies van die Victoriaanse roman volg in 3.4.2 hieronder. Schweber (1981) wys daarop dat veral die vroeë Victoriaanse wetenskaplikes



beïnvloed is deur die Romantiek, wat die perspektief van daardie generasie gepolariseer het deur hulle klem op die kultivering van verbeelding en emosie. Voorbeelde wat dikwels aangehaal word, is die romantiese poësie van Whewell, Herschel, De Morgan en Hamilton.

Victoriaanse wetenskaplikes (of “naturalists” soos hulle aanvanklik genoem is) het ’n besondere voorliefde vertoon vir dit wat *buite die ervaringsveld* van die gewone mens gelê het. Fulford se idees (gesteun deur uitsprake van Paradis en Postlewait) ten opsigte van raakpunte tussen wetenskap, letterkunde en imperiale ontdekkingstogte is alreeds in die bespreking oor die aanloop tot die negentiende eeu vermeld (sien 3.3.1).

Schweber (1981:19) spekuleer dat ontdekkingsreise asook die kultivering van *veelweterigheid* (“polymathy”) beide uitvloeisels was van die Romantiese element: “daring to know everything that can be known and immersing oneself in this challenge”; vergelyk in hierdie verband Afdelings 3.2.3 (oor wetenskapsromantiek) en 3.4.2 (die Romantiek). In Afdeling 3.4. hieronder volg ’n bondige bespreking van die wyses waarop hierdie tydsgees of periodetemas van die Wetenskaps-era in die literatuur van die negentiende eeu vergestalt is.

### **3.4 GENRES VAN DIE NEGENTIENDE EEU: VICTORIAANSE ROMANS, NATURALISTIESE LETTERKUNDE EN WETENSKAPSFIKSIE**

#### **3.4.1 Ter inleiding**

Todorov (1976:163) verklaar dat genres veel verklap van die konstituerende kenmerke van die maatskappy waarbinne hulle aangetref word. In dieselfde trant beskryf Leitch (1991:86) genres as sosiohistoriese diskursiewe eenhede wat onderhewig is aan literêre konvensies en kulturele praktyke sowel as institusionele en ideologiese kragte.

Kent (1986:27) bevestig die *dinamiese* aard van die genrebegrip wanneer hy die tweeledige karakter daarvan aantoon. Eerstens onderskei hy (soos by spesie) ’n *sinchroniese* dimensie waar die sisteem van kodifiseerbare konvensies die belangrikste

aspek is. Tweedens identifiseer hy 'n *diachroniese* dimensie waar die fokus op genre as *voortdurend veranderende* kulturele konstruksie val. In die lig hiervan bepleit hy 'n holistiese benadering tot genre waar beide die sinchroniese en diachroniese dimensies telkens gelyktydig oorweeg moet word (Afdeling 6.1; sien ook Lemmer 1994).

Die verskynsel dat elke nuwe toevoeging tot 'n genre die oorspronlike taksonomiese kwalifisering in so 'n mate herskryf dat die latere eksemplaar uiteindelik unieke kwaliteite besit wat soms geen rekenskap van die oorspronklike taksonomie gee nie, word deur Conley (1986:59) as die "Linnaean blues" beskryf en bevestig die hibriede geaardheid van literêre tekste.

Literêre genres wat dikwels geassosieer word met die vergestaltung van 'n wetenskaplike wêreldbeeld was die wetenskapsromantiek van die laat agtiende en vroeë negentiende eeu, die Victoriaanse roman (*circa* 1837–1901), die naturalistiese romans aan die einde van die negentiende eeu asook die genre van wetenskapsfiksie. Die wetenskapsromantiek as 'n *oop tradisie* (en nie slegs een wat met die Romantiek verband hou nie) is alreeds in Afdeling 3.2.3 gedefinieer en bespreek. Hieronder volg nou 'n kort uiteensetting van ánder literêre kategorieë wat simptome van 'n derde kultuur is. In latere hoofstukke sal daar, soos die diskoersargument dit vereis, meer inligting verskaf word ten einde generiese verwantskappe duideliker aan te toon.

### 3.4.2 Die Victoriaanse roman: "We had fins, we may have wings"

It is one of those books one must read. It explains everything, and is written in a very agreeable style. You know, all is development. The principle is perpetually going on. First there was nothing, then there was something; then I forget the next. I think there were shells, then fishes; then we came, let me see, did we come next? Never mind that; we came at last. And the next change there will be something very superior to us, something with wings. Ah! That's it: we were fishes, and I believe we shall be crows. But you must read it. [...] We are a link in the chain, as inferior animals were that preceded us: we shall in turn be inferior; all that will remain of us will be some relics in a new red sandstone. This is development. We had fins; we may have wings.

Lady Constance in *Tancred; or the New Crusade* (1847) deur Disraeli

Die Victoriaanse periode lê, soos in Afdeling 3.3.1 uiteengesit, ingewig tussen die Romantiek en die Naturalisme (wat weer 'n ekstreme verskyningsvorm van die Realisme was). Daar is reeds in Afdeling 3.2.3 verwys na die vroeg-Victoriaanse verknogtheid aan die Romantiek (1780–1830) en die waarde wat daar *aan die emosie en verbeelding* geheg is (Schweber 1981:18). Die Victoriaanse kunstenaars het gepoog om die Romantiese fokus op die self, emosie en verbeelding te kombineer met neoklassieke ideale (sien Afdeling 3.3.1) ten opsigte van die publieke rol van die kunste en die medeverantwoordelikheid van kunstenaars om hulle kuns toeganklik te maak vir die leek (Landow 2009).

Oor die invloed van latere naturalistiese denkrigtings (sien volgende onderafdeling) op die Victoriane, skryf Kucich (2002:124) soos volg:

*Victorian novelists generally sought to reconcile the optimistic social vision of scientific naturalism with their own affirmation of the human will or imagination. Late Victorian naturalism ... drew on French naturalist theories, most fully developed by Emile Zola, to establish an objectively verifiable, synthetic relationship between the human imagination and natural law. But the more common approach among Victorian novelists was to attempt an adjustment of the balance between human creativity and scientific naturalism, in the pursuit of a social vision that was grounded in some concept of organic moral good (my kursivering).*

Victoriaanse romans word allerweë verbind met die bewind van koningin Victoria vanaf 1837 tot 1901. Chesterton se bekende uitspraak oor dié genre lui immers dat dit “a thing entirely Victorian” was. Die era word soms ook die *Age of the Novel (Era van die roman)* genoem en enkele bekende verteenwoordigers was Charles Dickens, Emily en Charlotte Brontë, George Eliot (skuilnaam van Mary Ann Evans), Elizabeth Gaskell, Thomas Hardy, Henry James, Robert Louis Stevenson, Rudyard Kipling, William Thackeray, Joseph Conrad, H.G. Wells en Anthony Trollope.

Victoriaanse tekste word gewoonlik geassosieer met die stroming van Realisme en Kucich (2002:123) beoordeel Victoriaanse Realisme dan as die eerste estetiese vorm in die literatuurgeskiedenis wat op sistematiese wyse die metodes, prosedures en analitiese doelwitte van die wetenskap geïnkorporeer het. Die kenmerkendste negentiende-eeuse periodetendense, waaronder die *interafhanklikheid* tussen die wetenskaplike en literêre diskoerse, is alreeds in 3.3.2 bespreek

Dit is vanselfsprekend dat veralgemenings oor die Victoriaanse roman problematies is. Gutleben (2001:138) bevind egter dat, ten spyte van generiese en chronologiese uiteenlopendhede soos die probleemroman, die sentimentele roman, die “new women fiction”, die vroeë Dickens en die laat Hardy, daar tog ’n enkele gemene deler was: “from a structural point of view, the immense majority of the Victorian novels is distinguished by a *unique and stable narrative instance*; a single narrative authority which guides the reader from the beginning to the end of the narrative” (my kursivering).

Die deursnee Victoriaanse roman het ook dikwels klem gelê op die realistiese uitbeelding van die enorme ekonomiese en sosiomaatskaplike veranderinge (soos verstedeliking) wat teweeggebring is deur die Industriële Revolusie: vandaar die tipering van “social-problem fiction” (O’Gorman 2002:149) of “condition of England novels” (Simmons 2002:337). Die rol van wetenskaplike ontdekkings in die bemiddeling van hierdie industriële vooruitgang word uiteraard ook in die romankuns verreken. Kucich (2002:119) bestempel die verreikende invloed van die wetenskap as die sentrale intellektuele gebeurtenis van die negentiende eeu.

Die toeganklikheid van die wetenskap vir die man op straat gedurende hierdie periode word daaraan toegeskryf dat wetenskaplikes dikwels op die middelklas-leserspubliek aangewese was om hulle brood te verdien met openbare lesingsreekse en tydskrifpublikasies. David (2001:217) bevestig hierdie verskynsel:

*The accessibility of Victorian scientific writing, among other things, was a remarkable stimulus to this mutual quest. Nineteenth-century science shared a common language with the educated public, and scientific writing was read avidly by lay readers and writers. Victorian novelists were often familiar with the work of the evolutionist Charles Darwin, the geologist Charles Lyell, the physicist John Tyndall, and others. Conversely, scientists often drew on literary texts and metaphors ... and Darwin frequently employs traditional narrative devices in addition to his frequent allusions to literary classics* (my kursivering).

Dié derdekultureuse tydsges was dus sonder twyfel een van wedersydse beïnvloeding en dit was daarom vanselfsprekend dat die wetenskaplike wêreldbeskouing van die era neerslag sou vind in literêre tekste van dié tyd. Henkin bevind dat “the story of life, of

the origin and branching out of species, of the making of continents, was still the most inspiring of the new romances” (in O’Gorman 2002:232). Rees (1955:256) benadruk die pogings deur negentiende-eeuse romanskrywers om wetenskaplike metodes te “leen” en daardeur iets van die prestige wat deur die wetenskappe geniet is, op die roman af te wentel. Volgens Kucich (2002:120) is Victoriaanse wetenskap na die oppervlak van die roman gedwing juis vanweë die revolusionêre idees daarin vervat rakende die geskiedenis, die natuur asook die biologiese prosesse van lewe, maar ook die populêre toeganklikheid van daardie idees. Beer (2000:7) wys daarop dat evolusionêre teorieë besliste implikasies vir die *inhoud en vorm* van fiksie in hierdie periode ingehou het.

Victoriaanse kunstenaars het, as gevolg van hierdie geredelike toegang tot die wetenskapsdiskoers, dikwels beelde en metafore van die wetenskap ingespan om ’n nuwe *epistemologie* te skep waarmee die veranderende gevoelighede en realiteite van die eeu uitgedruk is (Paradis & Postlewait 1981:xii). Hulle het selfs volgens Kucich (2002:123) soos wetenskaplikes te werk gegaan deur ’n gekontroleerde studie van die wêreld te maak asof die roman ’n laboratoriumeksperiment was (sien ook die bespreking van Zola in 3.4.3 hier onder): “It was also the first literary aesthetic to make epistemological methods drawn from science the basis for the formal principles of order within literary works.”

Byatt (2000:65) bevestig dat die fiksie van haar Victoriaanse voorgangers (en spesifiek dié van George Eliot) asook haar eie romans diepgaand beïnvloed is deur idees wat saamgegroepeer kan word as “loosely Darwinian”, alhoewel sy ook erkenning gee aan die invloed van denkers soos Charles Lyell en Herbert Spencer. Eliot word deur talle kritici (soos Henkin, Levine, Coslett, Beer, Byatt, Shuttleworth en Glendening) as ’n Victoriaanse spilfiguur met betrekking tot die interaksie tussen fiksie en wetenskap uitgesonder. Haar romans *Middlemarch. A Study in Provincial Life* (1872) en *Daniel Deronda* (1876) word as eksemplariese tekste van dié wisselwerking voorgelê.

Beer (2000:139), bekend vir haar studie oor *Darwin as skrywer*, verwys in haar insigryke bespreking van *Middlemarch* na Henry James se kritiek dat dié roman te veel van Darwin en Huxley sou eggo. Eliot se verwerking van wetenskaplike bronmateriaal, soos Huxley se essay “The physical basis of life”, het betrekking. Haar gebruik van

Darwinistiese frases soos “dynamic”, “natural selection” en “limits of variation” asook haar skatpligtheid aan die Darwin-essays van haar vriend G.H. Lewes, word as verdere voorbeeld aangehaal. Beer (2000:144) beklemtoon egter dat Eliot se aanwending van wetenskaplike beginsels in haar fiksie méér as net blote verwysings is; sy tree aktief in gesprek met die vraagstukke en kontroversies voortvloeiend uit daardie teorieë.

Tekste van hierdie periode weerspieël meermale geologiese en kartografiese metafore in navolging van Lyell se driedelige *Principles of geology* (1830–1833) oor die wetmatige, maar geleidelike erosieproses wat die grense tussen land en see voortdurend wysig (Coslett 1982:76). Hierdie Lyell-teorie oor “gradualisation/uniformitarianism” impliseer geleidelike en bykans onsigbare verandering met die klem op die evolusionêre aard van die proses (en nie op skielike diskontinuiteite nie). Coslett (1982) wys daarop dat die konstante, geleidelike verskuiwing van grense in die gemeenskap in die werk van outeurs soos Eliot hierdie ooreenstemmende geologiese prosesse reflekteer. Dean (1981) identifiseer byvoorbeeld vier beginsels van die geologie wat weerklank gevind het in Victoriaanse literêre tekste. Eerstens is die mag van geologiese tyd (“deep time”) geïllustreer deur dit te jukstaponeer met die nietigheid van karakters. Die tweede beginsel was dat (tans uitgestorwe) prehistoriese diere eens die aarde oorheers het; ’n derde les was dat “human civilisation, our species and even life itself was in decline”. Die laaste beginsel was dat die aarde sêlf besig sou wees om te sterf.

Beide wetenskaplikes en romanskrywers van hierdie periode wou ’n onderliggende kongruensie vind tussen die natuurlike orde en menslike gemeenskappe – ’n strewe wat beslag gevind het in die gepopulariseerde negentiende-eeuse filosofie van “scientific naturalism” (sien Afdeling 3.4.3 hieronder). In navolging van positiviste soos Comte het die naturalisme ’n verhouding tussen die struktuur van die menslike psige en die natuurlike wêreld bekragtig, waar sowel die individu as die gemeenskap gesien is as ’n fisieke manifestasie van natuurwette. Die menslike verbeelding is dus ondergeskik gestel aan die onafwendbaarheid van natuurwette. Hierdie naturalistiese denkrigtings was grootliks ’n uitvloeisel van Darwin se evolusieteorie waar die menslike wil as agent van verandering totaal buite rekening gelaat is (sien ook Afdeling 3.4.3 hieronder vir ’n vollediger bespreking van die oorsprong en kenmerke van die Naturalisme).

Darwin se teorieë het 'n alternatiewe narratief van menslike oorsprong daargestel wat wesenlik afgewyk het van die bestaande Bybelse narratief (Byatt 2000:65). Daar is in Afdeling 3.3.2 alreeds verwys na die Victoriaanse obsessie met bonatuurlike elemente as 'n poging om die geloofsvakuum wat deur die evolusieleer gelaat is, te probeer vul. Die kreatiewe opbloeï wat die Gotiese romanvorm (wat eintlik tot die kategorie van Romantiese literatuur gereken word) in die 1880's (en tydens die Dekadensie) beleef het, was 'n logiese uitvloeisel van hierdie geloofsonsekerheid. Volgens Van Gorp (in Aucamp 2010) is die Gotiese roman 'n teks "waarin oervloedig gebruik word gemaak van geheimzinnige, spookachtige en bovennatuurlike elemente (vampiere, spoken, spiritisme)". Die fokus van hierdie studie is egter op romanmatige verkenning van die *natuurlike wêreld* en aspekte van die bonatuurlike sal slegs verbandhoudend betrek word (sien Afdelings 5.5, 6.2.1 en 6.3).

Veelvuldige oorsprongsteorieë op kosmiese, geologiese, biologiese, historiese en antropologiese vlak kenmerk ook die literatuur van hierdie periode. Aangesien "evolusie" sedert 1859 met die bekendstelling van Darwin se natuurlike seleksieleer 'n Victoriaanse trefwoord geword het, was die beskrywing van biologiese prosesse meermale aan die orde in hierdie fiksie. Darwin se metafoor van die lewe as "entangled bank" word meermale op kreatiewe wyse in Victoriaanse fiksie van die post-Darwinistiese periode ingespan: "as image, trope and theme, entanglement comprehends literary involvement with evolutionary complication" (Glendening 2007:7; sien ook Hoofstuk 4). Die genretipering van "Darwinian", "developmental" of "evolutionary novels" is juis afgelei van die Victoriaanse skrywers se fassinatie met die evolusieleer (Chapple 1986). Shuttleworth (1998:253) noem dit gewoon "natuurhistoriese romans" en Byatt (2000:67) gebruik die frase "natural histories" met verwysing na Eliot.

Die kritieke rol van mikroskope (en teleskope) as instrumente van die natuurkundige vind byvoorbeeld weerklank in die dominante metafoor van die biologiese sel (Otis 1999). *Middlemarch* (Eliot) word deur verskeie kritici voorgelou as 'n roman waarin die Darwinistiese interkonnektiewe ekologiese sisteem op kreatiewe wyse deel van die multiplotstruktuur van dié roman word. Die kumulatiewe idee van die *gemeenskap as 'n lewende organisme* kom ook wydverspreid in dié romans voor en word dikwels

ondersteun deur die metafoor van 'n web, wat sowel organies (byvoorbeeld 'n spinnerak) as anorganies (byvoorbeeld tekstiel) kon wees (Coslett 1982:95).

Vergelyk verder die organiese boommetafoor teenoor die meganistiese kettingmetafore wat simbioties saambestaan as alternatiewe onderliggende strukture in hierdie wetenskaplike wêreldbeskouing: “the constricting chain of gradual cause and effects limit man’s powers – but if he accepts this limitation, the chain is transformed into an organic pattern in which he can co-operate, and so transcend his limits in the service of the larger whole” (Coslett 1982:95).

Astronomiese, chemiese, meteorologiese en fisikabeelde word, naas die reeds vermelde paleontologiese, geologiese, soölogiese, anatomiese, antropologiese en biologiese beelde, deur Chapple (1986) uitgesonder as tiperend van Victoriaanse tekste. Dié toenemende *spesialisering van kennis* is in laat-Victoriaanse romans dikwels verder gereflekteer deur die keuse van professionele persone as romankarakters. In die romans van Collins word die slagordes byvoorbeeld opgestel tussen die professionele wetenskaplikes en die geesteswetenskaplike intellektuele (Kucich 2002). Dié professionele karakter was altyd gender- en klasgebonde en die weglating van vroue uit die magsentrum van wetenskap word trefseker weergegee in romans wat bevolk word deur gefrustreerde intellektuele vroue (in tekste deur Eliot, Charlotte Brontë, Collins en Gaskell).

Die reeds vermelde wetenskaplike én spiritistiese praktyke wat verreken word in die letterkunde van hierdie era, word deur Shuttleworth (2001:152) bestempel as twee praktyke wat beide gemotiveer word deur *'n drang om die grense van kennis te verskuif*; om verby die beperkinge van die alledaagse lewe te beweeg.

Daar is alreeds hierbo gewys op Kucich se uitspraak dat veral die laat-Victoriaanse romans nie die invloed van die naturalisme ontsnap het nie. Hieronder word enkele gemeenskaplike eienskappe van naturalistiese fiksie gevolglik uitgesonder om saamgelees te word met die bostaande bespreking oor die Victoriaanse roman.



### 3.4.3 Naturalistiese literatuur

*Scientific naturalism* word deur Dale (1989:6) uitgesonder as die belangrikste intellektuele beweging van die post-romantiese negentiende eeu. Naturalisme word deur Abrams (1988:153) omskryf as fiksie wat ontwikkel het in ooreenstemming met 'n filosofiese tesis wat geëkstrapoleer is uit post-Darwiniaanse biologie in die middel negentiende eeu. Fisher (2003:44) wys daarop dat hierdie literêre stroming daarna streef om die orde van die natuurlike wêreld te verteenwoordig: “it overlooks spirituality in favour of scientifically-inspired empiricism.” Die Naturalisme word trouens ook dikwels as uitvloeisel van die Realisme gesien en het vanselfsprekend ook neerslag gevind in etlike laat-Victoriaanse romans (sien Afdeling 3.4.2).

Die Franse skrywers Emile Zola, Honoré de Balzac en Gustav Flaubert word wyd bestempel as die hoëpriesters van die Naturalisme. Naturalistiese trekke was egter ook sterk aanwesig in die hibriede tekste van Nederlandse Tagtigers soos Van Eeden, Van Deyszel en Couperus (maar ook Coenen en De Haan). Bekende tekste in dié tradisie is Couperus se *De stille kracht* (1900) en *Van oude mensen, de dingen, die voorbij gaan* (1906); Van Eeden se *Van de koele meren des doods* (1900) en Emants se *Een nagelaten bekentenis* (1894). Die Vlaming Cyriel Buysse se *Het recht van de sterkste* (1893) word ook dikwels vermeld as 'n klassieke voorbeeld van 'n naturalistiese roman.

Huysmans se *À Rebours* (1884) is weer tipies van die einde-van-die-eeu-gees (*fin-de-siècle*) wat eweneens resoneer in die Afrikaanse tekste van Leipoldt en Marais waar motiewe van dekadensie, “determinisme, die okkulte, 'n teenwoordigheid van onnoembare kragte en fokus op patologiese karakters voorop staan” (Roos 1988:343; sien ook Grobbelaar 1991). Die kernidee van die Naturalisme was dat die mens uitgelewer is aan sy omgewing, opvoeding en oorerwing. Tipiese eienskappe van naturalistiese literatuur is dan die volgende (Van der Elst 1992:337; Roos 1988:332):

- die senuweeagtige of neurotiese geaardheid van die hoofkarakter wat dikwels dekadente of negatiewe gedragskenmerke tentoonstel;
- onvrye karakters wie se gedrag bepaal word deur faktore soos erflikheid en omgewing en opvoeding;

- die onafwendbare ondergang van personasies as direkte resultaat van die noodlottige werking van determinerende faktore soos erflikheid en omgewing;
- ’n ongunstige of selfs ontnugterende afloop vir die personasies;
- selfmoord as motief;
- die uitbeelding van menslike lotgevalle parallel aan natuurgebeure;
- motiewe van kransinnigheid, oorerflike patologieë en onbevredigbare hartstog;
- haat teenoor die burgery en beklemtoning van die seksuele, en
- ’n afstandelike en koel verteltoon.

Rees (1955:257) vergelyk die werk van Balzac, Flaubert en Zola en kom tot die gevolgtrekking dat die invloed van wetenskap op die romanstruktuur in Balzac se geval die integrasie van beskrywing en plot of diëgese is. By Flaubert word die wetenskap meermale geassosieer met die oordeel wat onaangeraak staan deur emosie; sy tekste word beskryf as antimetafisies en antisentimenteel, en is nie soseer gemoed met die bespreking van die teoretiese inhoud van wetenskap as met die wetenskaplike *metode* nie. Rees beweer dat Flaubert die idee van ’n strak interne logika na die roman bring en dat sy objektiewe houding as romansier alles verteenwoordig wat gedurende die middel negentiende eeu as hoofeenskap van die wetenskaplike gepostuleer is. Waar daar by Balzac sprake is van “science fused with imagination”, is daar by Flaubert bloot die intellektueel-transformerende geaardheid van kuns aan die orde.

Emile Zola word deur Rees uitgesonder vir sy teorieë oor die romanskrywer as eksperimentele wetenskaplike (“experimental scientist”) waar die roman beplan word soos vir ’n eksperiment: die noukeurige opstelling van al die eksperimentvoorwaardes (“the well-documented environment”); die voorbereiding van die chemiese substrate (“the characters”) en die bekendstelling van ’n aktiverende agent (“hereditary faults”). Zola neem dus ’n spesifieke teorie (dikwels die teorie van oorerflikheid) en bou ’n reeks romans daaromheen – hy word, soos Balzac, beïnvloed deur die inhoud van die wetenskap, maar swig soos Flaubert voor die wetenskaplike metode (Rees 1955:258).

Benewens die naturalistiese trekke in Winterbach se romans (waarop daar kortliks in Hoofstuk 4 gewys sal word), is daar selfs in *Landskap met vroue en slang* ’n spesifieke intertekstuele verwysing na Emile Zola, waar die verpleegsuster die roman *Germinal* (’n

roman oor mynwerkers wat ondergronds in 'n mynskag vasgekeer is) aan een van die karakters voorlees.

#### 3.4.4 Wetenskapsfiksie

'n Oorsigtelike bespreking van hierdie genre word genoep deur die feit dat die “twee kulture” in 'n genre soos wetenskapsfiksie suksesvol oorbrug word, maar die onderwerp val streng gesproke buite die ondersoekterrein van die Winterbach-romans. Dit is opmerklik dat Winterbach se bemoeienis met die wetenskap tot dusver beperk is tot *natuurhistoriese* kwessies (sien Afdelings 3.2.2 en 3.2.3). Sy betrek dus nie die nuutste wetenskaplike ontwikkelings of selfs vooruitskouings van moontlike wetenskaplike ontdekkings as romangegewe nie.

Wetenskapsfiksie of *science fiction* (deesdae aangedui met die afkorting SF eerder as die derogatiewe “sci-fi”) word deur Suvin (1972:381) beskou as 'n opvoedkundige genre “which denies the two-cultures gap more efficiently than any other literary genre”. Hy toon aan dat dié genre floreer tydens die “whirlpool periods of history” en van die bekendste eksemplariese voorbeelde dateer dan ook, voorspelbaar genoeg, uit die negentiende eeu.

Derleth (1952:188) verwys na 'n peiling onder aanhangers van hierdie genre waarin die negentiende-eeuse skrywer H.G. Wells eerste geplaas is met sy *Seven Famous Novels* (*The time machine, The island of Dr. Moreau, The invisible man, The war of the worlds, The first men in the moon, In the days of the comet* en *The food of the gods*). Ander negentiende-eeuse tekste wat ook klassieke status verwerf het, was Mary Shelley se *Frankenstein* (1818) en Jules Verne se *Twenty thousand leagues under the sea* (1869).

In die Afrikaanse letterkunde is die bekendste voorbeelde tekste deur Jan Rabie, *Loeloeraai* (1923) van Langenhoven en *Uit 'n ander wêreld* (1987) van P.C. Haarhoff.

Soos alle genres ontsnap ook wetenskapsfiksie nie aan die verskynsel dat elke nuwe toevoeging tot die genre die oorspronklike omskrywing daarvan verruim, aanvul of ondermyn nie. Tog is daar oorwegend konsensus tussen kritici oor wat die bestanddele van die deursneeteks in hierdie boeiende genre is. Rees (1955:256) identifiseer *wetenskaplike feit* en *spekulاسie* as hooftema en motiverende dryfkrag agter wetenskapsfiksie, maar sonder nietemin die besonder konserwatiewe vorm uit waarbinne die revolusionêre aanbod van toegepaste wetenskappe dikwels aangebied word.

Morgan (1992:579) bevestig hierdie konvensie dat nuwe of vreemde “wetenskaplike” feite of ontdekkings op integrale wyse deel van die verhaalgebeure vorm en beklemtoon eweneens die ekstrapolering vanuit hede na toekoms – die onderskeid tussen wetenskapsfiksie en fantasie lê vir Morgan daarin dat eersgenoemde ’n poging aanwend om ’n realistiese voorstelling te gee van ontdekkings wat nie die wette van die moderne wetenskap uittart insoverre die niespesialis hulle ken nie.

In ooreenstemming met Rees en Morgan meen Wolk (1990:26) ook dat wetenskapsfiksie op die twee bene van *tegnologiese ekstrapolering* en *spekulاسie* staan. Hy bestempel dié genre daarom as “spekulatiewe literatuur” en gebruik deurentyd frases soos “future projection” en “what if scenarios”.

Grewell (2001:25) wys weer op raakpunte tussen wetenskapsfiksie en die koloniale narratief wanneer hy die volgende twee basiese verskyningsvorme identifiseer: “one inward, one outward; one dealing with alien visitors to or invaders of earth, one chronicling the experience of earthlings in space”. Hy onderskeie verder drie meesternarratiewe, naamlik die ondersoekende (“explorative”), huishoudelike (“domesticative”) en konfrontasionele (“combative”). By eersgenoemde is die fokus op ’n verkenning van die vreemde, terwyl die tweede geval handel oor die vestiging van ’n tuiste. Die derde vorm is ’n progressiewe fase van die eerste twee vorme, aangesien dit gewoonlik meer aksiebelaa is en spesifiek fokus op die gewelddadigheid wat die koloniseringsvergesel.

Derleth (1952:187) bevestig die geldigheid van al hierdie bostaande interpretasies in sy beskrywing van die genrekonvensies:

For some it consists of fiction dealing solely with speculation about the future; for others it is the fiction of prophecy; for yet others it is fiction concerned only with interplanetary adventure. Actually, however, the term 'science-fiction' embraces all imaginative fiction which grows out of scientific concepts, nuclear fission or biology, or any scientific concept whatsoever, whether already demonstrated or whether projected out of the writer's imagination into future space or time.

Roos (2005:25) wys tereg op die moontlikheid dat sulke voorspellende fiksie wat fokus op tegnologiese ontwikkelings asook toekomstige wetenskaplike en maatskaplike strukture dalk gedateerd mag voorkom vir latere leesgenerasies. Wolk (1990:28) argumenteer dat nie alle wetenskapsfiksie bloot konsentreer op tegnologiese vernuwings ("gadgets") nie en in hierdie verband konstrueer hy die *Verne-Wells-differensiaal* (1990:28), wat vervolgens bespreek sal word.

Volgens Wolk plaas sekere verteenwoordigers van die genre (soos Jules Verne) die klem op allerlei tegnologiese ontwikkelings (die sogenaamde "harde" weergawe van SF of "science fiction with rivets") terwyl ander eksponente (soos H.G. Wells) eerder die sosiale aspekte wou beklemtoon en in die proses iets van die universele menslike kondisie probeer verklaar. Laasgenoemde tipe (ook "sagte wetenskapsfiksie" genoem) fokus byvoorbeeld eerder op hoe denkeksperimente die antropologiese struktuur van toekomstige samelewings kan beïnvloed (Morgan 1992:59). Suvin (1972:381) poneer dat wetenskapsfiksie uiteindelik dus nie alleen gespesialiseerde gekwantifiseerde positivistiese kennis (*scientia*) van sowel outeur as leser verg nie, maar ook "a social imagination whose quality, whose wisdom (*sapientia*), testifies to the maturity of his critical and creative thought".

Die populariteit van wetenskapsfiksie word deur Derleth (1952:189) direk gekoppel aan die feit dat dit deurentyd tred gehou het met tegnologiese vooruitgang. Hy wys daarop dat skrywers van wetenskapsfiksie sedert Verne alreeds die bestaan van die volgende voorspel het: die duikboot, vliegtuig, televisie, bakteriële oorlogvoering, missiele en atoomsplitsing. Eietydse skrywers (wie se fiksie bowendien aangevul word deur 'n

ontploffing van niefiksionele werke) voorspel weer interplanetêre reise en ruimtekolonisering.

### 3.5 'N EIETJDSE DERDE KULTUUR

#### 3.5.1 Historiese parallele: “neo-/retro-/pseudo-Victoriaans”

Ten spyte van die nuanseverskille soos hieronder aangetoon, word die terme *neo-*, *retro-* en *pseudo-Victoriaans* vir doeleindes van hierdie navorsingsverslag as uitruilbare sinonieme aangewend om te verwys na 'n eietydse situasie of toestand waar die negentiende-eeuse Victoriaanse periode- en genrekonvensies vandag opnuut oorweeg, herwin en herskryf word.

In verskeie Afrikaanse woordeboeke verwys *retro-* na beide “retrogressief” (agteruitgaande) en “retrospektief” (terugwerkend, terugblikkend), waar laasgenoemde die voorkeurbetekenis is binne hierdie konteks. Die woorddeel *pseudo-* verwys na “in skyn, kastig wat in die tweede lid van die samestelling aangedui word; gewaand, vals, oneg, bedrieglik”. Die vorm *neo-* is volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) weer 'n woordelement met die betekenis “nuut” en besonder toepaslik vir hierdie verslag waar die breër studieveld van neo-Victoriaanse studies ook ter sprake is.

Kohlke (2008:1) voer aan dat daar gedurende die laaste twee dekades 'n vermenigvuldiging van neo-Victoriaanse artefakte, fiksies en fantasieë was wat 'n afsonderlike studie genoodsaak het, vandaar die beskrywing “neo-Victoriaans”:

The necessary debates and discussions around neo-Victorian – as term, as genre, as ‘new’ discipline, as cultural happening, as socio-political critique, as reinvigorated historical consciousness, as memory work, as critical interface between the present and the past – urgently require an appropriate forum.

Hierdie verskynsel gee aanleiding tot 'n nuwe aanlyntydskrif, *Neo-Victorian Studies* (2008), wat 'n konstruktiewe gesprek tussen die kunste en wetenskap in die vooruitsig stel. Byatt (2000) beaam dié aptyt vir retro-Victoriaans wat oor die afgelope dekade in die mode- en advertensiewêreld oorheers. In Brittanje het die Thatcher-era se

“terugkeer” na sekere tipiese Victoriaanse waardes volgens Gilmour verder daartoe bygedra dat Victoriaanse studies in Brittanje vandag steeds ’n groot deel van die meeste universiteitskurrikula beslaan. Departemente Engels aan Suid-Afrikaanse universiteite het tot in die onlangse verlede ook nog groot dele van hulle kurrikula afgestaan aan die Victoriaanse roman (naas Suid-Afrikaanse tekste wat ons eie Britse koloniale verlede weerspieël).

Vir Shuttleworth (een van die eerste kritici wat die term *retro-Victoriaans* gebruik het) word die Victoriaanse era in die kontemporêre Westerse verbeelding vandag die beste vergestalt nie soseer deur die industriële vooruitgang wat destyds deur die wetenskap bemiddel is nie, maar veral in die “individualised crisis of faith” van daardie eeu. Hierdie geloofskrisis word deur talle kritici direk toegeskryf aan die publikasie van Darwin se evolusieleer in *On the origin of species* (1859). Dié spesifieke teorie, waarvan die naskokke steeds in die 21ste eeu voelbaar is, sal in die inleiding tot Hoofstuk 4 nader ondersoek word.

In sy 2006-publikasie met die prikkelende titel *Darwin loves you*, bevestig Levine hierdie persepsie dat die revolusie wat veroorsaak is deur die publikasie van Darwin se teorie oor die oorsprong van spesies, steeds bestempel word as een van die belangwekkendste gebeurtenisse van die negentiende eeu. Dié titel deur Levine is ontleen aan die felle stryd tussen die kreasioniste en evolusioniste wat vandag steeds op die onwaarskynlike forum van motorbufferplakkers in die VSA uitspeel. Die tradisionele *Jesus loves you*-bufferplakker met die vis as simbool van Christenskap word nou ondermyn deur plakkers met die frase *Darwin loves you*, dikwels vergesel van die afbeelding van ’n amfibie.

Sedert die waterskeidende beslissing in die *Kansas State Board of Education*-saak in 1999, waarin daar in die VSA beslis is dat die evolusieleer in die onderrigkurrikula van Kansas se staatskole mag figureer, het die debat nuwe momentum verkry met die totstandkoming van die beweging vir Intelligente Ontwerp, afgekort IO (“Intelligent Design”, afgekort ID) wat tans wêreldwyd opslae maak. Dié beweging, wat poog om godsdienstige gebaseerde alternatiewe vir evolusie voor te stel wat meer subtiel is as die voorafgaande onverdunde kreasionisme, maak tans daarop aanspraak dat IO in skole

onderrig moet word naas die evolusieteorie – ’n versoek wat in 2006 deur ’n federale hof verwerp is.

Die hoofeksponente van IO is Johnson, Behe, Denton, Dembski, Wells, Pearcy en Meyer – ’n groepering van akademici wat hulle kragte sedert die 1990’s saamgesnoer het om die Darwin-establishment die stryd aan te sê deur middel van talle publikasies, perskonferensies, internetaktiwiteite en pogings om wetgewers te beïnvloed (Crews 2002:36). Voorstanders van IO (ook genoem die “new creationists”) aanvaar sekere aspekte van die evolusieleer, maar beweer in breë trekke dat die lewe só kompleks is dat daar ’n intelligente redigeerder, skepper of ontwerper daaragter moes wees (Griebenow 2006:15). Ruim 150 jaar na die publikasie van *On the origin of species* (en 200 jaar na Darwin se geboorte), word dié onderwerp, wat destyds so hoog op die Victoriaanse agenda was, vandag dus met hernude ywer en in nuwe gedaantes gedebatteer.

Ook hier te lande het resente populêr-wetenskaplike publikasies deur Gideon Joubert (*Die groot gedagte* in 1998) en Leon Rousseau (*Die groot avontuur: wonder van die lewe op aarde* in 2006) nie ongemerk verbygegaan nie. Die wetenskapsjoernalis George Claassen se skerp kritiek op veral *Die groot avontuur* as *pseudowetenskaplike* teks (alhoewel dit deur die paleo-antropoloog Phillip Tobias aangeprys en van ’n inleiding voorsien is), het onlangs persdekking geniet (Claassen & De Pauw 2009).

Hierdie verskynsel, naamlik om die kwessie van oorsprong te beredeneer, sluit aan by Brockman se uitsprake oor ’n derde kultuur (soos uiteengesit in Hoofstuk 1 en 2). Hy voer aan dat dit, in ’n eietydse era waar die prominensie van die wetenskap erken en waardeer word (net soos in Victoriaanse tye – EL) tipies van derdekultuur-denkers is om vrae oor *oorsprong* te vra. Verskeie kritici wat hulself besig hou met die interdisipline van letterkunde en wetenskap, en veral die wyse waarop die interaksie in Victoriaanse (en neo-Victoriaanse periodes) aanwending vind, verwys na die rol van ’n sogenaamde Darwin-industrie sedert die 1990’s.

Dié Darwin-manie, of nuwe golf van Darwinisme, het volgens Byatt nuwe momentum verkry met die ontdekkings rondom DNS en word tans verder aangevuur deur die aktiwiteite rondom die internasionale herdenking, op 12 Februarie 2009, van Darwin se



geboortedag 200 jaar gelede. Die jaar 2009 is verder ook die 150ste herdenking van die publikasie van *On the origin of species* en die kalender van verskeie vooraanstaande akademiese instellings is gevul met gedenklesings, seminare en kongresse waar die invloed van Darwin se geskrifte op die openbare kultuur beredeneer word. Glendening (2007:7) onderskei die “new Darwinism” en verwys daarna as ’n Darwinistiese humanisme wat evolusionêre konsepte op kuns, letterkunde en literatuurteorie toepas. Die bekendste verteenwoordiger van hierdie beweging is Joseph Carroll met sy publikasies *Evolution and literary theory* (1995) en *Literary Darwinism* (2004).

’n Strewe na kennis en die popularisering van kennis – wat so sentraal gestaan het binne die Victoriaanse publieke kultuur – weerklink volgens Rauch (2001) vandag weer in ons kennisgedrewe maatskappy waar die nuutskepping “infotainment” sulke veelseggende implikasies het. Byatt (2000) en Shuttleworth (1998) bevestig dat die hedendaagse hoë premie wat daar op kennis geplaas word, ook ’n Victoriaanse hebbelikheid was (vergelyk die frase “instruction and amusement” soos hierbo in Afdeling 3.3.2 bespreek).

Soos destyds staan die eietydse letterkunde as kultuurproduk weer nie onaangeraak deur heersende intellektuele debatte nie. Gilmour (2000:189-198) verwys in hierdie verband na die opsigtelike tendens van eietydse skrywers om sedert die laaste dekades van die twintigste eeu die Victoriaanse era en die “neweprodukte” daarvan te “gebruik”:

By use I mean something more selfconscious than the straightforward historical novel with a period setting; *rather the kind of work which is inward with the period and the conventions of its literature*, and draws on the meanings which these have come to have for us today. [...] There has been a significant creative engagement with Victorian culture in recent years. [...] Novelists would not evoke the Victorian past if they did not feel that this enabled them to see things in a new or different way (my kursivering).

Dié herleefde belangstelling in die Victoriaanse periode (oftewel “significant creative engagement”) word volgens Gilmour (2000), Shuttleworth (1998) en Glendening (2007) deels toegeskryf aan die hernude belangstelling in die historiese roman, deels aan mode-giere, maar veral ook aan die enorme belangstelling wat daar steeds rondom Darwin se evolusieleer heers (die sogenaamde Darwin-industrie). In die proses word ’n gunstige teikenmark geskep vir tekste wat op een of ander wyse met die Victoriaanse era in

gesprek tree. Die eksperimentering met dié betrokke tradisie het, ironies genoeg, ook gelei tot 'n groter aanvraag na die oorspronklike tradisionele tekste. 'n Teks soos *Middlemarch* (Eliot) word tans suksesvol deur Vintage Press as deel van 'n tweelingpakket saam met die eietydse *Possession* (Byatt) bemark.

Die bostaande kontekstualisering verleen stukrag aan die argumente van Shuttleworth (1998), Knight (1986), Beer (2000) en Rauch (2001) dat ons tans in 'n neo-Victoriaanse era leef: Die Britse koloniale erfenis in Suid-Afrika, wat 'n voormalige Britse kolonie was, is eweneens afleesbaar uit vroeëre, maar ook eietydse Engelse én Afrikaanse Suid-Afrikaanse letterkunde. Victoriaanse invloed op Afrikaanse skrywers soos Marais en Leipoldt, wat beide lang tydperke in Londen vertoef het, is welbekend. Die verskynsel van 'n derde kultuur is egter nie slegs 'n Britse verskynsel nie, maar wel 'n *globale* tendens. Vervolgens word daar in Afdeling 3.5.2 gefokus op enkele genrekenmerke van die eietydse neo-Victoriaanse roman; 'n literêre tradisie waarby die romans van Winterbach, wat in Hoofstukke 4 tot 6 bespreek word, aansluiting vind.

### **3.5.2 Die neo-Victoriaanse roman**

He had pointed out to her that her obsession with the nineteenth century had – was it profit potential or market feasibility?

A.N. Wilson: *Who was Oswald Fish?*

Die toename in Victoriaans-geïnspireerde romans gedurende die laat twintigste eeu is 'n opvallende tendens in die Verenigde Koninkryk. Sodanige tekste word algemeen beskryf met terme soos “retro-Victorian”, “Victorian-centered”; “neo-Victorian”, “pseudo-Victorian” en “contemporary Victorian”. Kirchknopf (2008:59) verwys selfs na die gebruik van terme soos “Victoriographies”, “Victoriana” en haar voorkeur vir “post-Victorian novels.” 'n Term soos “historiografiese metafiksie” is in hierdie verband ook besonder relevant, maar spesifiseer volgens Kirchknopf (2008:66) tereg nie die spesifieke historiese periode wat dikwels in die betrokke tekste herdenk word nie.

Kritici soos Levine (1987), Shaffer (1998), Shuttleworth (1998), Dawson (2006) en Glendening (2007) is bekende navorsers wat tans publiseer op die terrein van Neo-Victoriaanse Studie (en spesifiek oor tekste wat binne die interdisipline van wetenskap

en letterkunde val). Byatt, voorheen verbode aan die Departement Engels van die University College of London (UCL) lewer, benewens haar neo-Victoriaanse romans, ook insiggewende kritiese bydraes oor dié romanvorm (meer spesifiek in 'n kritiese essay getiteld "Ancestors" in *On histories and stories*). Die onderstaande korpus tekste word dikwels voorgedhou as verteenwoordigers van die neo-Victoriaanse roman (Byatt 2000; Gutleben 2001; Glendening 2007 en Kirchknopf 2008). Gutleben merk egter op dat die bekendste verteenwoordigers van dié literêre subgenre soms ook die mees atipiese verteenwoordigers daarvan is:

- *Possession; Angels and insects* (A.S. Byatt, 1990; 1992)
- *Waterland; Ever after* (Graham Swift, 1983; 1993)
- *A history of the world in 10½ chapters* (Julian Barnes, 1989)
- *Oscar and Lucinda* (Peter Carey, 1988)
- *The French lieutenant's woman* (John Fowles, 1969)
- *Master Georgie* (Beryl Bainbridge, 1998)
- *Wide Sargasso Sea* (Jean Rhys, 1966)
- *English passengers* (Matthew Kneale, 2000)
- *Mr. Darwin's shooter* (Roger McDonald, 1998)
- *A change of climate* (Hillary Mantel, 1994)
- *The Pope's rhinoceros* (Lawrence Norfolk, 1997)
- *Nice work* (David Lodge, 1988)
- *Confessing a murder* (Nicholas Drayson, 2002)

Die studieveld word deur Llewellyn (2008:175) geproblematiseer wanneer hy die volgende lys met vrae verskaf:

What is neo-Victorian engagement? What is a neo-Victorian text? Can it be any text published after 1901 which is set in the Victorian period, or is it about characters from a Victorian text, or about real-life Victorians? *Can it be a text set in the contemporary period but with recognisable allusions to Victorian texts, characters, people?* Where does conscious and *deliberate appropriation* begin and general awareness or *accidental echoes* of the Victorian end? What are the different shades of neo-Victorianism? (my kursivering).

Kirchknopf (2008:53) beweer dat die retro-Victoriaanse roman op formele en tematiese wyse met Victoriaanse narratiewe omgaan en daarop kommentaar lewer; dat dit 'n postmodernistiese herskepping van die negentiende eeu veronderstel. Shiller (1997:538-60) munt die term "neo-Victorian", wat volgens haar verwys na tekste wat tekenend is van die postmodernisme en deurweef is met 'n historisiteit wat herinner aan die negentiende-eeuse roman:

Neo-Victorian novels are those novels that adopt a postmodern approach to history and are set, at least partly in the nineteenth century. This capacious umbrella includes texts that revise specific Victorian precursors, texts that imagine new adventures for familiar Victorian characters, and ‘new’ *Victorian fictions that imitate nineteenth-century literary conventions* (my kursivering).

Bormann (2002:36) beskryf ’n neo-Victoriaanse roman as “’n fiksionele teks wat betekenis genereer vanuit ’n bewussyn van tyd wat beweeg tussen die Victoriaanse verlede en die hede; wat oorwegend handel oor onderwerpe wat behoort tot die terrein van geskiedenis, historiografie en die filosofie van geskiedenis in gesprek met ’n Victoriaanse verlede op alle narratiewe vlakke en in alle potensiele diskursiewe vorme.”

Llewellyn (2008:165) definieer neo-Victoriaanse fiksie as werke wat doelbewus in ’n Victoriaanse periode afspeel, of wat poog om die historiese narratief van die vermelde periode te herskryf deur middel van ’n bevoorgroting van gemarginaliseerde stemme asook die verskaffing van ’n ander perspektief op dié era. Die meeste kritici aanvaar ’n datering van ongeveer 1837–1901 as Victoriaans, maar dié chronologie word deur Llewellyn omgekeer wanneer hy dié periode definieer as *een wat versoenbaarheid vertoon met die postmoderne era waarin neo-Victoriaansheid gedy*. In die konteks is Kucich en Sadoff (2000:ix) se uitspraak belangrik: “the Victorian age is historically central to late-century postmodern consciousness.”

Soos voorheen aangetoon, is veral Hutcheon se idees oor historiografiese metafiksie hier relevant: alhoewel sulke romans wat historiese periodes herskep op tipies postmoderne wyse intens selfrefleksief is, steun dit steeds grootliks op historiese gebeure en persone. Die postmoderne oriëntasie word deur Glendening (2007:185) bevestig wanneer hy na dié tekste verwys as ’n interrelasie van die laat twintigste eeu met die Victoriaanse era “while attending to the nineteenth-century impact of *The origin of species*”.

Shuttleworth (1998:253) verwys eweneens na die postmoderne selfrefleksiwiteit van hierdie tekste in hulle verkenning van die verhouding tussen fiksie en geskiedenis, maar meen tog dat hulle nietemin ’n nie-ironiese fassinatie met periodedetail en ons verhouding tot daardie betrokke periode vertoon. Sy wys op die dramatisering van die

Darwinistiese oomblik in Victoriaanse tye wat sigbaar is in byvoorbeeld *Ever after* (Graham Swift) en “Morpho Eugenia” in *Angels and insects* (A.S.Byatt)

Gilmour (2000:190) onderskei vervolgens ses wyses waarop Victoriaanse fiksie en Victo-riaanse geskiedenis in hedendaagse fiksie aanwending kan vind:

- as historiese roman wat vanuit ’n eietydse perspektief en in ’n moderne idioom geskryf word en dus ’n moderne interpretasie van die verlede impliseer (“set in the present, but deeply informed by the past”);
- as pastiche en parodie: in die eksemplariese *Possession* maak A.S. Byatt byvoorbeeld gebruik van pastiche-tegniek (soos die invoeging van Victoriaanse poësie, dagboeke en briewe), terwyl Swift weer die verlede aanwend soos wat die Victoriaanse skrywers dit skynbaar self gedoen het, naamlik “to embed his narrative in time and history and to give it a greater resonance by doing so”;
- as omkering van ’n Victoriaanse ideologie;
- as ondermyning van sekere Victoriaanse fiksionele vorme of genres: vergelyk byvoorbeeld die onbetroubare postmoderne verteller in neo-Victoriaanse vertellings wat die stabiele en gesaghebbende vertelinstansie van die Victoriaanse roman subverteer (Gutleben 2001: 134);
- as moderne herskrywing van klassieke Victoriaanse tekste, soos wat Rhys met *Wide Sargasso Sea* en *Jane Eyre* doen;
- as werke waarin die prominensie van Victoriaanse studies in eietydse kurrikula aangespreek word: vergelyk hier byvoorbeeld *Possession* (Byatt), *Nice work* (Lodge) en *Waterland* (Swift).

Sanders in Kirchknopf (2008:72) meen dat baie van hierdie neo-Victoriaanse tekste bestudeer kan word as “adaptation studies” en onderskei veral twee prosesse, naamlik *aanpassing* (“adaptation”) en *toe-eiening* (“appropriation”). In die eersgenoemde proses van aanpassing is daar altyd ’n bronteks (“source text”) wat identifiseerbaar is en herskryf word, soos byvoorbeeld *Jane Eyre* in *Wide Sargasso Sea*. In gevalle van toe-eiening of appropriasie is die bronteks hoegenaamd nie sigbaar nie en bestaan dit in baie gevalle glad nie eers nie (“appropriation proves more independent and critical than adaptation”).

'n Verdere strategie (soos wat daar in beide *Waterland* en *Possession* voorkom) is 'n *vermenging van negentiende- en twintigste-eeuse narratiewe*. Dié herroeping en ondersoek na die verlede vorm, volgens Shuttleworth (1998:257) die basis van die hoofkarakter se pogings om sy/haar identiteit te konstrueer. Hierdie herroeping van 'n vervloë era, die bewaring van sekere Victoriaanse estetiese veronderstellings en die nabootsing van argaïese taal is volgens Gutleben (2001:193) tekenend van die nostalgie wat ten grondslag van die retro-Victoriaanse roman lê: “retrieving what is lost”, aldus Gilmour (2000:195).

Die karakters in dié tipe roman is dikwels goedaardige protagoniste (en dikwels self natuurwetenskaplikes) wat 'n nostalgiese waardesisteem verteenwoordig (Gutleben 2001:192). Dié opmerkings oor nostalgie sluit ten nouste aan by Shuttleworth (1997:260) se uitspraak dat retro-Victoriaanse tekste die konsep van verlies sentraal sou stel; in 'n sekere sin amper verkennings van verlies word; 'n nostalgiese verlange na krisis verteenwoordig:

Perhaps this is the ultimate key to the current nostalgia for the Victorian era. For the Victorians there was a decisive crisis of faith, a sense that the world was shaking under them, an ecstatic agony of indecision. For the postmodern era, no such form of crisis seems possible, for there are no fixed boundaries of belief. It is an age of ‘ontological doubt’ without any fixed point of faith against which to define itself. *Many of the retro-Victorian texts are informed by a sense of loss*, but it is a second order loss. It is not loss of a specific belief system, but rather the loss of that sense of immediacy and urgency which comes with true existential crisis. We look back nostalgically not to an age of safe belief, for that holds few attractions for us now, but rather to a point of crisis. It is the intensity of emotion and authenticity of experience which we long to recapture.

Kohlke (2008:7) meen dat die negentiende eeu eintlik die voorloper was van ons eietydse traumakultuur en sonder veelvuldige historiese traumas (soos die koloniale projek van destyds) uit as 'n politieke gebeurtenis wat vandag steeds nie ten volle verwerk is nie. Shuttleworth (1998:253) verduidelik dat romans in hierdie genre meermale die drama van die middel-Victoriaanse geloofskrisis ondersoek wat ontstaan het toe teologiese en natuurhistoriese sekerhede deur die opkoms van die evolusionêre biologie opgehef is. “Darwin’s patient experiments on adaptation, selection and inheritance created a very different narrative of human origins – and by implication, of

human destiny – from the Biblical one of creation, salvation, and resurrection” (Byatt 2000:65).

Net soos in die Victoriaanse voorgangertekste (en spesifiek die Gotiese roman), manifesteer dié geloofsonsekerheid ook in die eietydse neo-Victoriaanse tekste in ’n beskrywing van alternatiewe en tipies Victoriaanse praktyke soos seances, telepatiese ontmoetings, Swedenborgiaanse spiritisme en preokkupasie met okkulte gelowe (sien 3.3.2 en 3.4.2 asook 5.5). “In neo-Victorian literature, for instance, mediums, spirit guides, seances, possessions and dark circles abound, together with the paraphernalia of accompanying trickery and possible misrepresentation”(Kohlke 2008:9). Die retro-Victoriaanse roman is dus volgens Shuttleworth ’n gelyktydige verkenning van die Victoriane se bewondering vir sowel natuurgeskiedenis as vir die “spirit world” (1998:257). Aucamp (2010) identifiseer ook ’n Gotiese en neo-Gotiese stroming in die Afrikaanse letterkunde, wat in Afdeling 6.2 verder bespreek sal word.

Shuttleworth tref ’n verdere onderskeid wanneer sy die *natuurhistoriese roman* (“natural history novel”) beskou as “a literary subset of the retro-Victorian novel which foregrounds many of the concerns found throughout this genre; *nostalgic texts that engage with the discourse of natural history*” (1998:253; my kursivering). Byatt (2000:66) beskryf selfs, met verwysing na Eliot, tekste in hierdie tradisie (byvoorbeeld *Waterland* en *A history of the world in 10 ½ chapters*) as “natuurgeskiedenis” (“natural histories”). Negentiende-eeuse fiksie wat ’n bemoeienis vertoon met aspekte van evolusie is deur Chapple (1986) getipeer as “Darwinian novels”, “developmental novels” en “evolutionary novels” (vergelyk ook die motto by 3.4.2). Dié genrebeskrywing word vandag steeds deur kritici soos Glendening (2007:198) en Gutleben (2001) aangewend om na eietydse fiksie te verwys wat geanker word deur die evolusionêre idees van Charles Darwin (sonder om noodwendig binne ’n Victoriaanse periode af te speel).

Daar word in hierdie opsig verwys na die durende invloed van ’n klassieke Victoriaanse teks soos *Middlemarch* asook na die praktyk wat daar in resente Britse fiksie bestaan om spesifiek die geskiedenis van spesies te bevoorgrond: “the history of creatures as part of our natural history; [...] the creatures proliferate and are named, not

Adamicly, but scientifically and poetically. [...] Phylum. Class. Order. Genus. Species” (Byatt 2000:75). Byatt verwys na hierdie neo-Victoriaanse tekste as “forms of fiction of *the ideas we loosely call Darwinian*, although they owe as much to the geologists, like Lyell, and sociological thinkers like Herbert Spencer (2000:65; my kursivering).

Die aanwesigheid van fossiele as leimotief in soortgenootlike romans bevestig volgens Glendening (2007:189) die kontinuïteit van lewe oor tydruimtelike grense heen. Dit dui ook op die invloed van die geskiedenis en al sy prosesse op die hede; maar veral ook as korrekatief op die postmoderne beklemtoning van historiese diskontinuïteit en die kulturele konstruksie van ’n verbygegane realiteit: “The past is everywhere alive. And its persistence can be discerned even in the inertness of fossils.” Byatt (2000:72) onderskei eweneens tipiese hoofkarakters se blootstelling aan gefossilleerde wesens. Laasgenoemde word gevolglik gesien as verteenwoordigend van geologiese tyd (“deep time”) en verskyn as gereelde “topoi” of clichés in hierdie tekste.

Die neo-Victoriaanse roman se bevoorgronding van die evolusieteorie deur dié immerteenwoordigheid van fossiele, word soos volg deur Gutleben (2001:214–215) verwoord:

The key to the understanding of this novelistic movement can be found in the interpretation of the omnipresent motif of geology. If the geological theories are evoked [...] assuredly their signification must lie beyond a strictly scientific frame. As is explained in these novels, the geological process consists in a slow accumulation of sediments and certain sudden fissures, folds or overlaps due to climactic, seismic or volcanic accidents so that each given section of earth is made up of a series of strata that have been deposited in the course of history. It is our belief that this geological image of a constitution by layers represents *en abyme* the working principle of retro-Victorian fiction in general. [...] It helps to understand the interpretative activity demanded by this type of fiction... Thus, from a formal point of view, retro-Victorian fiction carries the trace of the evolution of the fictional modes and genres.

Gutleben kom dus tot die gevolgtrekking dat die geologieverwysings se betekenis veel verder strek as die verskaffing van ’n blote wetenskaplike raam. Byatt (2000) beklemtoon die invloed van Lyell se teorie van “gradualisation”/“uniformitarianism”, wat volgens Glendening (2007:189) behels dat grootskaalse geologiese verandering



slegs plaasvind deur stadige inkrementele stappe oor lang tydspanne heen. Die volgende outomatiese sprong na die ooreenstemmende werking van Darwin se evolusieteorie is voor die hand liggend.

Die idee dat tyd voortdurende verandering en vormverandering kan meebring, is eie aan tekste in hierdie genre. Glendening (2007:189) meen dat die Lyell-konsep van “geleidelikheid” meer sigbaar geraak het vanweë die negentiende-eeuse bewussyn vir die oneindigheid van geologiese tyd. ’n Gevolg hiervan was dat sake wat aanvanklik as langtermyn-projekte beskou is (soos die geskiedenis van die mens) in vergelyking daarmee as vervlietend voorgekom het – nie alleen word die vervlietendheid van individuele lewens dus in sulke tekste bevoorgond nie, maar ook dié van die ganse mensdom.

Die paradigmatische Darwinistiese analogie tussen mense en insekte (soms op ironiese wyse gedekonstrueer) is ’n verdere gemene deler in hierdie subgenre (Gutleben 2001:211), soos ook die talle verwysings na die meganismes van die evolusieteorie (wat spesifiek weer ter inleiding in 4.2 verreken sal word).

Soos alreeds hierbo in 3.5.1 aangetoon, word die gewildheid van dié literêre vorm in Brittanje hoofsaaklik aan twee faktore toegeskryf, naamlik die populariteit van die historiese roman aan die einde van die twintigste eeu en tweedens die opmerklieke groei van ’n Darwin-industrie wat bydra tot die heroïese beeld van Darwin as iemand wat die fundamentele raamwerk van Westerse denke eiehandig verander het (Shuttleworth 1997:254-260).

’n Darwinistiese bewussyn of sensitiwiteit (“Darwinian consciousness”) wat tans weer aan die basis van eietydse debatte oor Intelligente Ontwerp lê, word egter deur die meeste kritici as hoofrede voorgehou vir die hernude belangstelling in die Victoriaanse periode. Kritici soos Gutleben (2001:195) toon aan dat die retro-Victoriaanse roman teruggryp na die verlede omdat die hede gedeeltelik beskou word as “inadequate, wanting, deficient”. Gilmour argumenteer oortuigend dat Victoriaanse periode- en genrekodes immers nie herwin sou word as romanskrywers nie gemeen het dat dit hulle bemagtig om sake vanuit uit ’n vars of ander perspektief te sien nie:

But the Victorian past is not another country here: it exists in dynamic relation to the present, which it both interprets and is interpreted by. Evoking the Victorians and their world has not been an antiquarian activity but a means of getting a fresh perspective on the present. (Gilmour 2000:200).

### 3.6 GEVOLGTREKKING

Die konsensusposisie in hoofstroomdenke oor die interdisipline van wetenskap en letterkunde, soos geformuleer deur Levine (1987), is tans dat beide modusse van diskoers is wat bevoorregting geniet vanweë die konvensies van die kulture waarin hulle ingebed is. Die moontlikheid bestaan derhalwe om beide te bestudeer as afgeleides van 'n gemeenskaplike kulturele bron. 'n Bestudering van die begripsomskrywings van die sleutel terme lei tot die gevolgtrekking dat die definisies van *wetenskap*, *natuurgeskiedenis*, *wetenskapsromantiek* en *letterkunde* konteksgebonde is en telkens heronderhandel moet word vir verskillende gemeenskappe in verskillende periodes.

Uit die voorafgaande kan die verdere afleiding gemaak word dat die wetenskaplike wêreldbeskouing van die negentiende eeu ook neerslag gevind het in die genres wat indertyd floreer het. Dit is veral sigbaar in die invloed wat Darwin se evolusieteorie op die fiksie van daardie era gehad het. Die naturalistiese stroming ("scientific naturalism") is byvoorbeeld gesien as 'n direkte uitvloeisel van Darwin se bevindinge en talle Victoriaanse romans word begrond deur Darwinistiese veronderstellings. Die bestaan van 'n derde kultuur is derhalwe af te lees uit die literatuur van dié era en sinjaleer 'n oorskryding van die dissiplinêre grense tussen die wetenskap en letterkunde; "a dialectic where science, literature and culture are understood to borrow freely from each other" (Rauch 2001:10).

Na 'n uiteensetting van hierdie noue interaksie tussen letterkunde en wetenskap in die Wetenskaps-era ("Age of Science"), is daar bevind dat daar sulke merkwaardige ooreenkomste tussen daardie spesifieke era en ons huidige globale tydsgewrig bestaan dat kritici soos Rauch (2001), Knight (1986), Shuttleworth (1998) en Gilmour (2000) ons eietydse era al as retro(spektief)-, neo- en pseudo-Victoriaans bestempel het. In beide

periodes (naamlik die negentiende eeu sowel as die huidige periode sedert die laaste deel van die twintigste eeu) is die kwaliteite van 'n derde kultuur waarneembaar, waar die wetenskap elke faset van die openbare domein binnedring.

Soos destyds is daar vandag ook talle wetenskaplikes (met Gould, Dawkins en Hawking aan die voorpunt) wat hulself daarvoor beywer om die wetenskap so toeganklik moontlik te probeer maak vir die opgevoede leek. Ook in Suid-Afrika neem Rousseau en Joubert deel aan dié populariseringsproses met tekste soos *Die groot gedagte* (1998) en *Die groot avontuur* (2006). Soos in die negentiende eeu is die onversadigbare drang na kennis ook vandag weer 'n kerneienskap van ons tegnologiese en informasiegedrewe samelewing. En soos destyds fasiliteer die letterkunde weer die verspreiding van hierdie wetenskaplike kennis aan 'n algemene publiek: "Literature, as the hub of the wheel of knowledge, provides the logical locus for the integration of knowledge" (Barricelli & Gibaldi 1982:iv).

Die ongekende bloeifase wat die neo-Victoriaanse studieterrrein tans beleef, is ook hier ter sake. Sekere Victoriaanse periodekonvensies en genrekodes is oor die afgelope paar dekades in (veral, maar nie uitsluitlik nie) Britse fiksie herwin en vind beslag in die neo-Victoriaanse romans van skrywers soos Swift en Byatt. Die koloniale Victoriaanse erfenis van Suid-Afrika, synde 'n voormalige Britse kolonie, word uiteraard weerspieël in talle ouer, maar ook eietydse Afrikaanse én Engelse Suid-Afrikaanse romans.

Neo-Victoriaanse fiksie vertoon sekere unieke eienskappe wat besliste raakpunte met die romankuns van Winterbach vertoon (sien Hoofstukke 4, 5 en 6 vir 'n toepassing). Verskeie redes word aangevoer waarom hierdie literêre vorm tans so prominent is, maar die bestaan van 'n Darwin-industrie word wyd bestempel as die hoofprikkel vir die proliferasie van sulke soortgenootlike tekste. Die dramatiese gevolge wat die evolusieleer vir die navolgers van sekere fundamentele Westerse geloofsbeginsele ingehou het, lei dikwels tot 'n obsessionele verkenning van die lewe na die dood. Hierdie gelyktydige verkenning van wetenskaplike en spiritistiese sferes word wyd bestempel as 'n wesenskenmerk van neo-Victoriaanse fiksie.

Levine (1987:viii) wys daarop dat hierdie intellektuele onderneming (naamlik om die interdisipline van wetenskap en letterkunde vanuit 'n neo-Victoriaanse konteks te

bedryf) soms vaag mag lyk wanneer dit in abstraksie beskou word, maar dat die belangrikheid daarvan duideliker omlyn word wanneer *spesifieke eksemplariese gevalle* bestudeer word. Vanaf Hoofstuk 4 en verder sal die romans van Winterbach dus binne die kultuurfilosofiese matriks van 'n derde kultuur en die literêr-historiese raamwerk van die neo-Victoriaanse tradisie bestudeer word: enersyds om die lewenskragtigheid van hierdie interdissipline (van wetenskap en letterkunde) te illustreer, maar andersyds ook om 'n *nuwe lesing* van die Winterbach-romans te bemiddel.

## HOOFSTUK 4

### “AN ENTANGLED BANK”: EVOLUSIONÊRE PATRONE IN ENKELE WINTERBACH-TEKSTE (1984–2006)

It is interesting to contemplate an entangled bank, clothed with many plants of many kinds, with birds singing in the bushes, with various insects flitting about, and with worms crawling through the damp earth, and to reflect that these elaborately constructed forms, so different from each other, and so dependent on each other in so complex a manner, have all been produced by laws acting around us.

Charles Darwin, *On the origin of species*

#### 4.1 INLEIDING

Die bostaande uitspraak van Darwin is een van die bekendste aanhalings uit *On the origin of species* (1859). In hierdie paragraaf verduidelik Darwin sy evolusieteorie deur die lewe metafories te beskryf as ’n oorbegroeide rivieroewer (“an entangled bank”) waar ’n verskeidenheid interafhanklike spesies – uitgelewer aan natuurwette – voortdurend moet meeding, verander en aanpas om te kan oorleef. Dié metafoor van ’n verstrengelde bos is byvoorbeeld ook deur Glendening (2007) benut in die titel van sy werk oor die evolusionêre verbeelding in laat-Victoriaanse romans: *The evolutionary imagination in late-Victorian novels: an entangled bank*.

Levine (1988:119) identifiseer onder meer vir Charles Dickens en George Eliot as “great novelists of *entanglement*”, wat selfs in stedelike landskappe daardie konneksies van interafhanklikheid en genealogie gevind het wat Darwin se rivieroewer kenmerk. In Afdelings 3.4.1 en 3.4.2 is daar uitvoerig verwys na die beduidende invloed wat Darwin op die Victoriaanse skrywers uitgeoefen het (en andersom).

Winterbach se veelvuldige gebruik van wetenskaplike (en daarby inbegrepe natuur-historiese) verwysings sal vervolgens in hierdie hoofstuk as prominente eienskap van haar veelbekroonde oeuve ondersoek word. Die klem sal geplaas word op daardie

romanverwysings wat, in navolging van A.S. Byatt (2000:65), as breedweg Darwinisties (“loosely Darwinian”) getipeer kan word; romanverwysings wat die metafoor van die lewe as ’n verstrikte rivieroewer (“entangled bank”) onderskryf. Hierdie verankering in Darwinistiese idees word deur kritici soos Byatt (2000), Glendening (2007), Levine (1988) en Shuttleworth (1998) as een van die wesenskenmerke van ’n neo-Victoriaanse romantradisie uitgesonder.

Dié opvallende vermenging van wetenskaplike en literêre diskoerse is tekenend van ’n derde kultuur waar die geïkte grense tussen die “twee kulture” hersien en bevraagteken word. In Afdeling 1.1.3 is daar alreeds opsommenderwys aangetoon dat die strategie by Winterbach om natuurhistoriese kennis in haar romankuns te bevoorgrond, deurlopend strek vanaf haar debuut, *Klaaglied vir Koos* (1984), tot by *Die boek van toeval en toeverlaat* in 2006. Kritici soos Brink (1985), (Louise) Viljoen (1996), Hambidge (1985a), Jansen (1999), Malan (1991), Berold (2007) asook Botha en Van Vuuren (2007) sonder telkens die bestaan van ’n wetenskaplike metateks in haar romans uit.

Winterbach het in 2004 aan ’n manuskrip gewerk met die voorlopige titel *The influence of natural objects*, wat uiteraard ’n voortsetting van hierdie opvallende tendens in die vooruitsig gestel het, maar wat nooit gepubliseer is nie. Hierdie roman-in-wording, wat aanvanklik gebaseer sou wees op die ontdekkingsreise van Le Vaillant, is tot op hede steeds nie gepubliseer nie. Motiewe en dele daarvan het egter volgens Winterbach sedertdien hulle weg na *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006) asook na haar nuwe publikasie *Die benederyk gevind* (La Vita 2010:6). Die laasgenoemde roman verskyn in April 2010 en val, soos alreeds in Hoofstuk 1 vermeld, buite die grense van hierdie navorsingsverslag.

Tydens ’n Winterforum aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1994 het Winterbach die volgende oor metafiksionele kwessies aan haar lesers meegedeel (Viljoen 1994:40):

Ek fantaseer dat dit stil word, dat ek u meevoer, op ’n tog neem, dat ek u delight en u verras. Dat ek u onderrig selfs, dat ek ’n *edifying discourse* lewer. [...] En, dan wil ek nog iewers ’n storie ook insleep (dis ’n opregte voorneme), ek wil

toegewings aan die leser maak, ek wil aan haar ekstra narratiewe voordele verskaf. [...] My heel beste voorneme is om 'n roman te skryf waarin ek álles sit. 'n Roman wat ek volstop soos 'n wors.

In 'n onderhoud met Lemmer (2004a) het Winterbach haar bewondering vir die skoonheid van natuurlike voorwerpe en die natuurlike wêreld bevestig. Sy is immers self (soos Byatt, maar ook soos vele van haar eie romankarakters) 'n ywerige versamelaar van skulpe, skedels en klippe. Sy herbevestig dié voorliefde teenoor La Vita (2010:6):

Jong, ek hou baie van skedels. Van skulpe, skedels, klippe, velle. Ek onthou dat ek skulpe al mooi gevind het toe ek heel klein was. Baie, baie mooi gevind het. Dis iets wat met die jare gegroei het. [...] Maar ek dink ek is 'n versamelaar. Die *collector* het 'n bepaalde soort persoonlikheid: nóóit tevrede nie, moet altyd nóg hê. Jy sou dink ek het nou genoeg skulpe. Maar as jy 'n versamelaar is, is jy altyd op die uitkyk vir nóg.

Winterbach het destyds in die onderhoud met Lemmer (2004a) ook aangedui dat die wetenskap vir haar 'n “skoner”, meer kliniese opsie verteenwoordig as die kunste, maar dat albei dissiplines wél ryk bronne is waaruit sy inspirasie vir haar eie skryfwerk én visuele kuns put. Haar volgehoue interaksie met hierdie twee dissiplines – die wetenskap en die kunste – is veral binne die konteks van navorsing oor 'n derde kultuur (of “tussenterrein”) betekenisvol. “The *pull*, the opposition between *knowledge and something less rationally interpretable* is a recurring theme in my work,” erken sy aan De Vries (2008:218). Daarmee bevestig sy haar bevraagtekening van die tradisionele grense tussen verskillende sfere en dissiplines: sy onderskei, plot uit, begrens, versit die grense, bevraagteken die verskuiwings van die begrensinge, dring die betwiste terrein verder en dieper binne (om die aanhaling uit *Belemmering* in Afdeling 1.1.1 ook op haar eie romankuns van toepassing te maak).

In 'n latere e-posantwoord op 'n vraag na haar spesifieke werkswyse, het sy verduidelik dat sy nie stiptelik rekord hou van enige bronne wat gedurende die skryfproses geraadpleeg word nie, maar dat sy eerder “soos 'n mol” stadig begin graawe en dan net eenvoudig verder aanhou tonnel na inligting (Lemmer 2004b). Sy antwoord soos volg

op Van Rensburg (2007:81) se vraag of sy haar navorsing (oor byvoorbeeld skulpe, woorde, die oerknal en evolusie) gewoonlik vooraf doen of eers tydens die skryfproses:

Ek doen gewoonlik die skryf- en opleeswerk min of meer terselfdertyd, hoewel my man my daarop wys dat ek eintlik nie 'n woord behoort te skryf alvorens ek nie – soos dit 'n ware skrywer betaam – eers drie jaar lank intensief navorsing gedoen het nie. [...] Gewoonlik beplan ek nie alles haarfyn voor ek begin skryf nie. Ek sou dit vervelig vind om 'n roman te skryf waarin alles op dié manier vooraf beplan is. Ek hou my oë en ore oop tydens die skryfproses; bedag op die kleinste aanmaninkie uit die onbewuste, op enige onvoorsiene intuïtiewe geval.

Aan Groenewald (2007:1) erken sy dat uitgebreide lees- en naslaanwerk (“extensive reading”) beskou kan word as die grootste vormende invloed op haar skryfwerk. Met die verskyning van *Karolina Ferreira* (1993) het sy destyds aangedui dat sy in die plaaslike biblioteek die volgende boeke uitgeneem het: “Een oor snoeker, een oor baldanse en een oor motte” (Greeff 1994). In die lig van hierdie uitlatings oor haar eie voorliefdes wat ook noodwendig die kreatiewe proses beïnvloed, kan die onderstaande beskrywing in *Die boek van toeval en toeverlaat* met betrekking tot James Joyce se skryfproses as sjabloon van Winterbach se eie werkswyse en “ensiklopediese verbeelding” voorgehou word:

Alles wat hy weet, alles wat hy ooit gehoor het, wat hy het, wat hy ooit gelees het – sit hy in daardie boek. Hy weet alles en hy het alles gelees. Hy praat vyf tale. Hy raadpleeg rymwoordeboeke, kaarte, geskiedenisboeke. Hy maak van enigiets gebruik wat onder sy aandag kom. Grappe, liedjies, skunnige opmerkings, alle uitskot en opdrifsels – enigiets waarop sy reuseverbeelding beslag kan lê. Alles sit hy in daardie boek (Winterbach 2006:185).

Met uitsondering van *Die boek van toeval en toeverlaat* (waarin 'n erkenning vooraf vir die gebruik van enkele woordeboeke voorkom) is daar egter in geeneen van haar vorige romans enige outeursaanduiding of -erkenning van spesifieke niefiksionele tekste wat tydens die kreatiewe proses betrek is nie. In haar nuutste publikasie, *Die benederyk* (2010), is daar wel 'n lys met erkennings wat verwys na bronne wat sy “waardevol” gevind het by die skryf van die roman. Erkennings wat hier veral opval, is (naas die talle



kunsgeskiedenisbronne) dié van John Milton (*Paradise lost*), William Blake (“The Auguries of Innocence”) en A.S. Byatt (*The biographer’s tale*).

Dit bly steeds ’n vraag tot presies watter mate wetenskaplike bronmateriaal oorgeneem, geselekteer en/of verwerk is in die eerste agt Winterbach-romans. Volgens Rousseau (1978:588) het die literator Marjorie Nicholson in haar navorsing oor Swift die spesifieke bronne ontdek waarop *Gulliver’s travels* gebaseer was, maar die verifikasie van bronne val buite die ondersoekveld van hierdie studie. Die navorsingsdoelwit is naamlik nie om ’n speurtog te loods na spesifieke wetenskaplike bronmateriaal waarop Winterbach telkens kon gesteun het nie, maar eerder om aan te toon dat die verwerkte wetenskaplike inligting artistiek funksioneel binne die romanstruktuur optree.

Slusser en Guffey (1982:179) beweer dat die impak van wetenskaplike denke op veral drie aspekte van fiksie meetbaar is, naamlik die tema of wêreldbeskouing in die teks, die uitbeelding van die protagoniste en ten slotte, die vormlike aspekte. In die afsonderlike kritiese essays in Afdelings 4.3 tot 4.8 sal dié verskillende aspekte tegelykertyd aangespreek word om die impak van evolusionêre denke op haar oeuvre te probeer peil. *Klaaglied vir Koos* (1984), *erf* (1986), *Belemmering* (1990), *Landskap met vroue en slang* (1996), *Buller se plan* (1999) en *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006) sal beurtelings onder die mikroskoop geplaas word as eksemplariese voorbeelde van literêre tekste wat simptomaties is van ’n derde-kulture tydsgees waar die wetenskap (en spesifiek daardie idees wat met evolusie verband hou) die letterkundeteks toenemend binnesypel. *Niggie* (2002) en *Karolina Ferreira* (1993), beide tekste wat besonder sterk by ’n “*gestalt* van Darwinistiese idees” (Levine 1988:13) aansluit, sal om organisatoriese redes afsonderlik in Hoofstukke 5 en 6 bespreek word.

In Afdeling 4.2 volg ’n vereenvoudigde beskrywing van sekere Darwinistiese veronderstellings wat sedert die negentiende eeu (en meer spesifiek in laat-Victoriaanse tye) aan die orde was en wat *tot op hede steeds* algemeen aanvaar word as ’n getroue weergawe van die basiese beginsels wat Darwin se evolusieleer onderlê.

## 4.2 DIE *GESTALT* VAN DARWINISTIESE IDEES

Alhoewel idees rondom evolusionêre ontwikkeling vandag dikwels uitsluitlik aan Darwin toegeskryf word, was hy self eintlik maar net een van 'n groter golfbeweging van wetenskaplikes (soos Lamarck, Buffon, Haeckl, Spencer en Alfred Russel Wallace) wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het (Young 1985:79). *On the origin of species by means of natural selection or the preferred race in the struggle for life* (1859) verskyn derhalwe in 'n era waar die wetenskaplike wêreld alreeds in 'n sekere sin voorbereid was op die publikasie van Darwin se hipoteses.

Die populêre sukses van sy teks word bevestig deur die feit dat 'n eerste oplaag van 1250 kopieë alreeds op die eerste dag van publikasie uitverkoop is. In Afdeling 3.3 is die beduidende invloed van dié Darwin-publikasie op die Victoriaanse burgerlike samelewing, en spesifiek ook op die letterkunde van daardie era, reeds aangetoon. Volgens Levine (1988:10) is die feit dat Darwin se eie denke ook deur die loop van sy loopbaan verander het, 'n verdere kompliserende faktor in die identifisering van idees wat uitsluitlik aan Darwin toegeskryf kan word.

Levine formuleer gevolglik “a *gestalt* of the Darwinian imagination; a *gestalt* detectable in novels as well as in science”; idees wat, om met Byatt te praat, as breedweg Darwinisties (“loosely Darwinian”) bestempel sou kon word. Hierdie stel basiese beginsels sal vir doeleindes van hierdie verslag aanvaar word as dáárdie aannames wat uiteindelik sinoniem met Darwin se evolusieleer geword het. Die komplekse meganismes van natuurlike seleksie as aandrywer van evolusie sal daarom nie in hierdie studie uiteengesit word nie.

“The Darwinian *gestalt* includes several clearly identifiable ideas, whose presence might be recognized anywhere, and certain fundamental attitudes toward science and toward the study of life that, if not exclusively Darwinian, were essential to Darwin’s project,” beweer Levine in sy inleiding tot *Darwin and the novelists: patterns of science*

in *Victorian fiction* (1988:13-20). Hieronder volg 'n kort opsomming van Levine se *gestalt* van Darwinistiese beginsels:

- a) Evolusie was deel van 'n nuwe beweging wat gepoog het om die wetenskap uit te brei vanaf blote natuurlike verskynsels na die menslike sfeer en het daarom ook *die menslike subjek se plek of rangorde in die natuur* begin oorweeg. Levine sonder hier die posisie van alwetende vertellers in Victoriaanse realistiese romans uit, synde narratiewe agente wat oor die nodige afstandelikheid en wetenskaplike gesag beskik het om menslike optrede te beskryf.
- b) Die klem val op *wetenskaplike observasie* omdat dit 'n metode was waarmee feite in kennis verander kon word en waar sodanige *kennis* dan weer 'n vorm van mag sou veronderstel.
- c) Die Lyell-geologieteorie van geleidelike verandering (“uniformitarianism” of “gradualisation”) het as basiese model vir die evolusieleer gedien en gelei tot die idee dat alle gebeure *as oorsaaklik en verklaarbaar vanuit die wetenskap eerder as die teologie* geag is.
- d) Alles is *onderhewig aan potensiële verandering* en kan nie begryp word sonder die *voorafgaande geskiedenis* nie.
- e) Die idee dat die kontinuïteit van tyd 'n aspek van die kontinuïteit van lewe self is, het uiteindelik daartoe gelei dat die *grense* tussen spesies en variëteite begin vervaag.
- f) Alle vorme van lewe is *verwant aan mekaar* in intrinsieke en subtiele patrone van erflikheid en wedersydse afhanklikheid (“an entangled bank”). Om die lewe van 'n organisme dus effektief te kan beskryf, verg 'n gelyktydige beskrywing van die vele ander vorme waarmee dit meeding en waarvan dit afhanklik is “in endless chains of connection” (Levine 1988:18).
- g) Darwin se wêreld word uitgebeeld as een van *oorvloed* en selfs oorbevolking waar die oorlewing van spesies afhang van hulle vermoë om te kan kompeteer, varieer, diversifiseer en reproduseer ('n gedagte wat Spencer met sy bekende frase “survival of the fittest” en Tennyson met sy “nature red in tooth and claw” wou verwoord).
- h) Die Darwin-narratief van voortdurende aanpassing impliseer *nie ontwerp en opset nie*, maar ontvou “natuurlik” volgens vasgelegde natuurwette, sonder

enige eksterne inmenging of finale doelwit (vergelyk hier die “willose” mens wat uitgelewer is aan erflikheid en omgewing in naturalistiese romans).

- i) Die oënskynlike chaos in die natuur word onderlê deur ordelike natuurwette wat telkens afleibaar is uit betrokke natuurverskynsels.
- j) Die essensiële rol van toeval (“chance”) as meganisme van verandering word beklemtoon wanneer geringe, toevallige en inkrementele veranderinge as die bron van alle evolusionêre variasie aangetoon word.

In ’n latere publikasie (*Darwin loves you*, 2006) voer Levine oortuigend aan dat die gees van disillusie wat as ’n resultaat van Darwin se naturalistiese beskouing ontstaan het, hoegenaamd nie rekenskap gee van die *verwondering* waarmee die “romantiese Darwin” die natuurlike wêreld bejeën het nie. Die lys van idees moet dus uiteraard saamgelees word met al die verbandhoudende besprekings rondom Darwin in hierdie studie en is glad nie eksklusief nie. Dit sal nietemin as ’n vertrekpunt dien vir die identifisering van Darwinistiese patrone in die prosa van Winterbach.

### **4.3 KLAAGLIED VIR KOOS (LETTIE VILJOEN, 1984)**

Lettie Viljoen se debuutnovelle, *Klaaglied vir Koos*, verskyn in 1984 by die alternatiewe uitgewer Taurus en word oorwegend positief deur resensente ontvang. Literatoure soos Brink, Louise Viljoen en Hambidge beklemtoon die outeur se gevoelige sintuig vir die wetenskaplike. Brink (1985:14) sonder die wetenskaplike benoemingsprosesse uit, Viljoen (1996a) verwys na die wetenskaplik-gedetailleerde beskrywings en Hambidge (1985a:11) benadruk die narratiewe strategie om belewenisse in terme van die biologiese te beskryf.

Die voorblad- en titelbladsketse is beide deur die outeur onder die naam Ingrid Scholtz (Winterbach se eerste getroude van) ontwerp en suggereer alreeds die wetenskaplike stramien waarop die verhaaldebeure grootliks berus. Die bandontwerp (wat dwarsoor die voor- en agterblad loop) verdien verdere kommentaar. Indien die skriftelike

aanwysings op die skets self, naamlik “bo”, “regs” en “links” asook “dié deel op die voorblad” gevolg word, moet die skets op die voorblad eintlik omgeswaai word (sodat dit soos Figuur 1 in Bylaag C lyk).

Hambidge (1985a:11) bestempel hierdie skets as ’n miernes met afskaduwings van ’n mangesig daarin. Die miernesgedagte korreleer met die idee dat die man in die verhaal op ’n politieke sending “ondergronds” gaan en word ondersteun deur afbeeldings wat soos tunnels lyk asook enkele direkte verwysings in die teks na “’n duidelike beeld van ’n miernes” (1984:11). Die voorbladskets kan egter eweneens vertolk word as ’n sonar van die skedel met die brein wat meer prominent ingekleur is aan die agterkant met die “tunnels” wat amper soos afgebinde are lyk.

Op die titelbladsy verskyn ’n deursnitskets van ’n oorkanaal met byskrifte in dieselfde handskrif as dié by die skets op die voorblad (vergelyk Figuur 2 in Bylaag C). Met uitsondering van Hambidge bied geeneen van die ander resensente enige verklarings vir die invoeging van hierdie twee betekenisdraende newetekste nie. Sy redeneer egter oortuigend dat die oor (“die soort wat mens in mediese en biologiese handboeke aantref”) ’n hoorder veronderstel en knoop dit direk aan die belydenisaard van die verhaal: die titel veronderstel immers ’n klaaglied wat aangehoor moet word.

Die verhaaldebeure skarnier rondom die bestaan van ’n naamlose vrouekarakter wie se man vanweë sy politieke oortuigings gedwing word om “ondergronds” te gaan ten einde sy stryd teen die heersende orde voort te sit (Van der Vyver 1986:11). Dié idee van “ondergronds” word deurentyd verder uitgewerk in die metafoor van die termietnes. Venter (1986:10) tipeer die teks as ’n alternatiewe vorm van grensliteratuur waar die alternatiewe geskiedenis die kern van die verhaaldebeure vorm: die vrou wat agterbly met haar kind en tuin vol “beurende vrugbare vegetale lewe” (aldus Brink 1986:14).

Tydens haar man se afwesigheid knoop die vrou ’n ander verhouding aan en soos Stander (1994:47) tereg opmerk, word die roman ’n indringende verkenning van

vroulike seksualiteit. Al die beskrywings van menslike seksuele omgang (1984:2, 7) geskied egter in die kliniese, wetenskaplike toonaard van die teks:

Tydens die uiteindelijke ejakulatoriese sametrekking word die seminale vog deur die hele lengte van die *uretra meatus* geforseer, onder die swaar druk wat veroorsaak word deur die onwillekeurige, maar gekoördineerde sametrekking van die spiergroepe *sphincter urethrae*, *bulbospongiosus*, *ischiocavernosus*, asook die oppervlak-, diep-dwars- en perinale spiere (1984:7).

Wanneer ook die minnaar haar verlaat, “raak sy toenemend afgesny” (1984:18) en wag op rigting soos wat “die Skoffelneushaai (*Sphyrna zygaena*) op reuk wag. Dié haai het ’n neusgat aan elke kant van sy hamerkop en hy draai sy kop gedurig sodat hy weet sy prooi lê voor hom sodra die reuk aan albei kante van sy kop ewe sterk is. Ek draai ook my kop van kant tot kant. Een of ander tyd, hopelik, sal ek die regte reuk optel” (1984:23).

Venter (1986:10) toon aan dat die vrou in hierdie periode omring word met allerlei tekens van bedreigde lewe: kiewiete wat nesmaak in grasstroke waar munisipale werkers kom gras sny; sprinkane wat eiers op die paadjie na die wasgoeddraad lê en klein weerlose slakkies met deurskynende doppe:

Met die reën kom daar duisende klein slakkies uit. Geen manier waarop hulle hulleself kan beskerm nie. Die doppies is te broos, byna deurskynend. Swak evolusionêre aanpassing as jy dink aan die enorme Galapagoskilpad se massiewe, ondeurdringbare dop” (1984:27).

Die verwysing na Galapagos is geensins toevallig nie, aangesien Darwin se ontdekking van uniek aangepaste spesies op dié eilande uiteindelik die bewyse gevorm het vir sy teorie oor evolusie by wyse van natuurlike seleksie (’n beskouing wat ook onderliggend is aan hierdie roman).

Verganklikheid en verval word verder sigbaar in die roes en klamheid teen die mure en die vrou se voortgesette pogings om die “ekologie van haar werf” (1984:69) in stand te hou. Die Darwinistiese oorlewingstryd (en die “entangled bank”-metafoer) eggo in haar

eie stryd om te probeer oorleef: “Die lewe is maar ’n bos, dink ek. Die wat nie sterk genoeg is nie, word gewoon ondertoe gedruk” (1984:17). Sy verwens lateraan selfs die “vervloekte plante wat sy moet voed of vrekmaak” (1984:64). Nadat sy finaal misluk om die kikoejoe in bedwang te hou, word dit uitgehaal en sy bewonder vervolgens die ryk insektelewe op die hardgebakte grond: sprinkane, spinnekoppe en krieke.

Die teks krioel van allerlei vorms van biologiese lewe en op haas elke bladsy is daar verwysings in hierdie verband – dikwels met opgaaf van die Latynse spesie name. Die vrou beskou alle vorme van lewe met respek en erken daarmee ’n beginsel van biosentriese gelykheid waar die hiërargiese grense tussen spesies ondermyn word (ook ’n uitvloeisel van die evolusieleer waar die mensspesie as onderdeel van die groter diereryk geklassifiseer word). In haar beskrywing van die vooruitstrewende dorp plaas sy dus almal op dieselfde vlak: “volop werkers, volop slakke, volop nuwe blare” (1984:27).

Sy erken daarmee ook die intrinsieke waarde van alle lewe: sy is versigtig om nie op rysmiere te trap nie, red die spinnekoppe voordat sy die badwater intap, maak die budjie mak, en bid dat niemand die kiewiet en sprinkaan se eiers sal raaktrap nie. Benewens dié voor die hand liggende verbande met Darwin, reflekteer hierdie houding ook die sentrale bewussyn van die radikale ekologie (en Boeddhisme), naamlik dat daar ’n “larger sense of Self” bestaan wat uiteindelik die protagonis tot ’n nuwe kosmografie lei.

Beelde van groei, evolusie, aanpassing, metamorfose en transformasie – in beide politieke en persoonlike sin – kom, soos elders in die oeuvre, dikwels voor en vertoon in daardie opsig ooreenkomste met temas wat eie aan die Victoriaanse roman was (vergelyk Hoofstuk 3). Brink (1985:14) wys tereg op die verskillende stadia van ontwikkeling wat in hierdie teks aan die orde is (en saamval met die sikliese seisoensverloop): onervulde verlange, afsterwing en afstomping; inkeer na binne en nuwe bewuswording. Hierdie metamorfose weerklank ook deur die teks in die talle gelykstellings tussen mens en insek: “Probeer jy die membraan van die kosmos prik? Ek voel hoe ek met harde, leeragtige vlerke soos ’n insek by die mure af beweeg. Ek

probeer 'n membraan breek: om in die bewussyn van die bewegende insek in te beweeg" (1984:8).

Wanneer die naamlose vrou byvoorbeeld haar vriendin inlig oor die beeld van die miernes wat sy gesien het, bring dié dit dadelik in verband met die getalle en magsoorwig van die "swartes" (1984:11); dit dui ook op ondergrawing en uitkalwing (Brink 1985:14). Sy bieg self later: "In die hospitaal, toe die gesig van die miernes so intens een middag by my opgekom het, toe het dit gevoel asof ek met my oor teen die grond lê, en in die ondergrondse gange die gedruis van werkers hóór" (1984:20).

Die vrouekarakter roep ook op 'n later stadium haar man se les oor termiete in herinnering, naamlik "dat die termiete tuine maak in hulle neste onder die grond van die stukkie hout wat hulle versamel, en dat daar swamme hierop groei wat hulle as voedsel gebruik. Ek het gesê ek is spyt dat ek nooit die binnekant van 'n miernes sal sien nie" (1983:22). In die saadpakkies van die sprinkane sien sy ook die wapenopslagplekke van die politieke stryd; haar man hou hom op (by wyse van spreke soos 'n termiet) met allerhande "ondergrondse aktiwiteite". Hierdie aangehaalde gevalle is maar slegs enkele voorbeelde in die teks waar verskillende spesies as onderling uitruilbaar voorgestel word ('n tipiese negentiende-eeuse romanpraktyk waarop byvoorbeeld ook Byatt steun; sien Afdeling 6.3.2).

Die vrou is boonop hiperbewus van die evolusionêre gang van die lewe, maar verloor selfs belangstelling in dié onderwerp wanneer sy depressief raak: "Eenmaal sou dit my geïnteresseer het hoe 'n black hole gevorm word, hoe skerpioene paar, die Natuur so ryk en sinvol, deel van 'n groot bestemming. Nou skeel dit my nie 'n moer nie" (1984:21).

Op aandrang van haar familie herwin sy egter uiteindelik weer haar belangstelling in die lewe en besluit om opnuut te begin. Sy besluit om haarself, as deel van hierdie transformasie- en bewuswordingsproses, opnuut in die aarde se oorsprongsgeskiedenis te verdiep; die natuur word vir haar 'n "bestemming":



Ek gaan kyk na 'n reeks films oor die lewe op aarde – hoe die lewe op aarde ontstaan het. Een uur per week stel ek myself nou (versigtig) bloot aan al die vorms en prosesse van aanpassing, van evolusie. Om mee te begin, vind ek die visse 'n skrikwekkende vorm van bewussyn". [...] Droom oor plante, die oerplante: die konifers, die palms, *Isastrea* uit die Jura, 'n koloniale koraal (versteen soos 'n baarmoeder). Die koraal het in die vlak, arm waterpoele gegroei om die groot koraalriwwe te vorm. Kalkagtige alge vorm sagte rotslae in die kalkseë, tydens die Kryttydperk. Wat het gebeur met die verdonkerende aardbol, ná sy manjifieke vormingsgeskiedenis? [...] En tussen toe en nou: die pynlike en moeisame proses van metamorfose. Die herinnering is selektief, gekonsentreer soos urine (1984:21, 29).

Snags lê sy en kyk na die spinnerakke (weer 'n gewilde Victoriaanse kode). Sy besin oor die paarrituele van spinnekoppe en visualiseer hoe die mannetjies saggies aan die drade van die webbe pluk om aan die wyfies hulle bedoeling te sein (1984:16). Sy verlang dan na haar man, maar beleef hom as so onbereikbaar soos “slym wat nie opgehoes kan word uit die bronchioli nie” (1984:32). Dié gebruik van mediese terminologie is byvoorbeeld ook eie aan Eliot se romans en sluit verder aan by Winterbach se uitgesproke bewondering vir die klassieke Victoriaanse anatomiehandboek, *Gray's Anatomy* (1858).

Die vrou stel haar voor dat haar man in die bos oorleef op rysmiere, voëleiers, sprinkane, paddas of vlermuise (sien veral ook *Buller se plan* hieroor). Sy beskryf vervolgens die verskillende vlermuisspesies met wetenskaplike presisie:

Is daar saans teen sonsondergang troppe migrerende vlermuise, hang hulle snags in digte trosse in die bome?! Watter vreemde aanpassings sien hy? Miskien die vlermuis wat vrugte eet (*Hypsignatus monstrosus*) (die volwasse mannetjie het hoogs ontwikkelde stemorgane), miskien selfs die een wat visvang (*Noctilio leporinus*), of *Taphozous perforatus*, met die rooi vlerkafskeiding wat so sterk ruik (ondenkbaar!) (1984: 41).

Die vrouekarakter neem op 'n stadium haar kind vir 'n uitstappie na die soölogiemuseum om te gaan kyk na “die goed in bottels” (1984:53). Sy sien haarself en haar man in die laboratoriummonsters wat in flesses bewaar word:

Soos twee verkoolde monsters, menslike oorblyfsels van 'n natuurramp van vuur, in 'n fles van die een of ander biologiese aard en spesifikasie bewaar, omdat dié oorblyfsels hulle vorm beter behou het as steenkoolas. So lê ons ook verkool saam gebottel, embrionies, altyd maar simbioties verbind, asof dit ons onontkombare bestemming is. Ons onontsyferbare mompelings vir die nageslag niks meer nie as versteende of verkoolde borrels (1984:64).

Dié tipiese negentiende-eeuse gebruik van Winterbach om voorwerpe in verplaaste omgewings soos glasflesse en museums te plaas, is alreeds in Hoofstuk 1 aangeroe toe daar ook verwys is na hierdie tema in Winterbach se visuele kuns (sien Bylaag A). Gouws (2008:17) verwys in hierdie konteks na “die liggaam as anatomiese preparaat.” Die apokaliptiese visie in die aanhaling hierbo word egter volgens Brink (1985:14) in die slot van die verhaal opgehef deur 'n “visioen van menslike gemeenskapheid” waar talle keuses op die karakter wag (op die erf saam met haar man, die tuinier, die haweloses en ander spesies wat die teks bevolk).

Brink (1985:14) verklaar die obsessie met wetenskaplike benoeming as 'n poging om die spanning tussen die (vrou se) werklikheid en die afwesige werklikheid (van haar man ) spesifiek en by name op te roep deur te verwys na “feite, gegewens, gebeurtenisse en prosesse”. So word die leser dan bewus gemaak van die *naam as teken, as woord*. Viljoen (1996a) bevestig dat hierdie verskille tussen die vrou en haar man 'n *sentrale spanning* in die teks aandui: hy bevind hom in die intellektuele en publieke (lees ook hier “wetenskaplike”) domein; sy weer in die private en intuïtiewe domein:

At certain points, the concentration on the private and personal becomes a preoccupation with the microphysical, as is evident from the *scientifically detailed descriptions* of sexual organs during intercourse. [...] The discourse of sexual submissiveness one finds elsewhere in the novel ... is subverted by *these moments of masculine scientific discourse in which the colonizing male gaze is momentarily returned*. Thus the construction of the narrating subject at the intersection of race, gender, class and writing is interrogated on a thematic as well as a structural level (my kursivering).

Namate die vrou dus ontvoog word van haar man, beheers sy die wetenskaplike diskoers met toenemende gemak. Uit die voorafgaande uitsprake van Brink en (Louise) Viljoen is dit duidelik dat die wetenskaplike beskrywings in *Klaaglied vir Koos* nie losstaan van die groter verhaalstruktuur nie, maar as 'n integrale deel daarvan funksioneer.

Dié voortdurende *ossillering* tussen die pole van intellek en emosie, soos alreeds gesuggereer deur Winterbach in haar onderhoud met De Vries (2007:217-218), vorm dus 'n deurlopende tema in die oeuvre. Tipies van literêre tekste wat verteenwoordigend is van 'n derde kultuur (en van genres soos die Victoriaanse en neo-Victoriaanse roman), is daar hier ook 'n obsessie met oorsprongsgeskiedenis en evolusionêre aanpassing. Haar toenemende begrip vir die Darwinistiese proses manifesteer in 'n nuutgevonde bewussyn: 'n bewussyn waar brein en hart, intellek en intuïsie, wetenskap en mistiek uiteindelik simbioties saambestaan. Hierdie patrone word verder effektief ontgin in *erf*, die teks wat op *Klaaglied vir Koos* volg.

#### 4.4 *erf* (LETTIE VILJOEN, 1986)

Viljoen se tweede novelle *erf* (1986) word, soos *Klaaglied vir Koos*, deur Taurus uitgegee en daar is soveel ooreenkomste met die debuutnovelle dat dit op 'n sekere vlak as 'n pendant daarvan gelees kan word. Brink (1986:10), wat die teks saam met die debuut as 'n diptiek (of tweeluk) beskryf, wys soos volg op die ooreenkomste: die verhaalgebeure sentreer hier ook rondom 'n vrou met kind wat sonder 'n man en “te midde van die tierende geilheid van die natuur 'n lewenspatroon probeer grondves”. Die vrou se bestaansruimte word eweneens “bedreig en aangevul” deur 'n plakker of plakkers op die erf; verhoudings word hier ook in meditasies gevisenteer; ook hier “broei dieselfde brandende seksualiteit onder die oppervlak van 'n *skerp intellektueel waargenome wêreld*” (my kursivering).

Zelig (1987:15) bestempel *erf* as die vroulike perspektief op 'n heersende politieke klimaat: “Die skerp diskursiewe aanbod word afgewissel deur bykans inkantiewe fantasievlugte, meditasies – selfs skisofreniese drome. *Intellek word telkens teenoor fantasie geplaas, die harde werklikheid teenoor die private droom*” (my kursivering). Hambidge (1987:6) maak eweneens melding van dié ontginning van private droom teenoor bedreigende werklikheid. In hierdie verband word die patroon wat voorheen by *Klaaglied vir Koos* geïdentifiseer is (naamlik 'n voortdurende fluktuering tussen intellek en emosie, wetenskap en mistiek, rede en droom) ook in *erf* voortgesit.

Die mens se onderworpenheid aan die natuurwette staan, soos in die vorige teks, weer voorop: “Die natuur se magtige bestendigheid en die gewig van haar seisoene is onontkombaar” (1986:1). Hierdie naturalistiese veronderstelling word later herbevestig:

Alle gedrag word voortgebring (teweeggebring) deur neurologiese gebeurtenisse. Dit is moeilik om jou hierdie prosesse voor te stel. Die kennis is al onthutsend genoeg, dink Agnes. Dit is jammer dat sy haar oordeel en aanvoeling kwyt is, op dié manier begryp sy nooit wat aan die gebeur is nie. Die menslike brein is ’n hand vol, nee seker twee hande vol hawermeelagtige stof, en dit kan sy eie werking betrag, dink sy” (1986:15).

Soos in *Klaaglied vir Koos* is die hand van die implisiete outeur weer sigbaar in die invoeging van die newetekste, bandontwerp en keuse van motto’s. Op die bandontwerp word die titel van *erf* byvoorbeeld direk opgevolg deur die invoeging van ’n groen vierkant wat begrens word deur ’n swart raam (synde die voorstelling van ’n omheinde erf). Die voorbladskets (weer deur Ingrid Scholtz) strek oor beide voor- en agterblad en stel ’n stuk grond met skrapse vegetasie voor waar die *begrensinge vaag, dog sigbaar* is (sien Figuur 3 in Bylaag C). Die vroulike hoofkarakter, Bets (en variante soos Agnes) se aktiwiteite binne die kontoere van die erf (wat hier mikrokosmos van die aarde word) moet volgens Brink (1986:10) vertolk word as ’n simultane definiëring aan die kontoere van haar/hulle identiteit. Ten opsigte van die meerduidige titel *erf*, verwys die selfstandige naamwoord “erf” na ’n stuk grond of perseel, terwyl die werkwoord “erf” weer implikasies van afstamming inhou.

Links van die titelblad verskyn ’n volblad-biologieskets (Figuur 4 in Bylaag C) van onder meer dentale en ventale aansigte van die wyfiespinnekop, asook van die boeklonge, vergesel van byskrifte soos “kaakkloue”, “looppoot” ensovoorts (weer in dieselfde handskrif as dié by sketse in *Klaaglied vir Koos*). ’n Kernverwysing na spinnekoppe figureer prominent op p. 58 wanneer die spinnekop fyn waargeneem en beskryf word terwyl sy besig is om haar web te spin:

Aan die noordekant van Bets se huis by die eetkamervenster laat ’n spinnekop op ’n dag haar lyf teen die verdonkerende, verdunde indigo lug sak. Haar eerste taak is om vinnig en sekuur ’n raamwerk te spin. Dit neem haar ongeveer tien

minute. Dan werk sy stadiger aan die weef van die konsentriese binnedrade van die web. Sy begin buite en sy werk binnetoe. Teen die verblekende maar intense lig sien Bets hoe dun sydraad uit die spinnekop se spintepels kom. Met haar agterpote bewerk sy die spindraad en met die voorpote haak sy die draad aan die vertikale drade van die raamwerk met 'n vinnige meganiese haak soos 'n hekelpen (teen daardie dramatiese lig). [...] Dan, as die spinnekop haar vertikale en konsentriese drade gespin het, sit sy die res van die nag bewegingloos in die middel van die web” (1986:58-59).

Benewens 'n natuurhistoriese ingesteldheid wat alreeds deur die skets vooruitgehoop word, is kritici dit eens dat die spinnekopmotief (ook in die Victoriaanse literatuur) belangrike leesleidrade verskaf. Vir Zelig (1987:15) dui die spinnerak op versplinterdheid; op 'n onvermoë om die geheelbeeld te verskaf. Vanuit 'n Darwinistiese gesigspunt kan dit dui op die interbetreklikheid van alle dinge; die moontlikheid van versoenbaarheid tussen oënskynlike dispaarathede. Brink (1986:10) meen dat dit 'n “byna obsessionele narratiewe onderbewuste of gewete vir die gebeure” verteenwoordig. Hy dui verder aan dat die spinnekop altyd teen die ondergaande son afgeëts word en daardeur apokaliptiese dimensies aanneem ('n narratiewe faktor wat ook by *Klaaglied vir Koos* weerklank gevind het in die gepreserveerde laboratoriummonsters). Wanneer Bets siek word en in 'n koorsbeswyming gaan, ervaar sy verhoogde sensoriese belewings (haar reuksintuig raak byvoorbeeld verfyn) en “vir 'n paar dae lank lê sy [soos die spinnekop – EL] *toegespin en bewegingloos*. Sy droom in haar *metamorfoserende toestand* van die Rivier van Goud, van die Verbode Dorp” (1986:86; my kursivering).

Die motto by Hoofstuk 1 van Deel 1 in die novelle is 'n verifieerbare wetenskaplike stelreël: *Indeterminacy affects all phenomena, great and small, but its significance is usually confined to the micro-physical domain*. Die mikrofisika verwys na 'n studie van organismes wat slegs mikroskopies waarneembaar is. Saamgelees met dié motto, word die teks (soos 'n spinnerak of “entangled bank” in die Victoriaanse konteks) ook 'n *komplekse netwerk* waarbinne die leser uitgelok word om verbande te lê (Stander 1988). Stander vertolk dus dié openingswoorde nie bloot as “simptomaties van die onbepaaldheid en onbegrensdeheid van die teks self nie”, maar ook as leesleidraad wat saam met die advies in die volgende paragraaf deur die leser ingespan moet word: “En in geval dat sy vergeet het (dink sy) – met haar oog so stip op die pad, haar gegroefde

wenkrou en haar gepelsde oor – hoor sy *hoe belangrik dit is om onderskeidings te tref en verbande te lê*” (1986:26; my kursivering).

Die wetenskaplike toonaard word verder bevestig in die keuse van ’n verdere motto by Hoofstuk 12 in Deel 2: *Vegetal Plants, Sensible Beasts, Rational Men*, wat verwys na Richard Burton se ensiklopediese teks oor kognitiewe gedrag, *The anatomy of melancholy* (1621). Grondliggend aan Burton se kognitiewe model is die “conception of the mind and body as *total organism*” (in Herreros 2007). Volgens Burton is alles in die menslike liggaam gekoppel aan ’n “spirit/humour” en hy onderskei drie tipes: *natural*, *vital* en *animal*, elkeen respektiewelik verbind aan die lewer, hart en brein. Vergelyk ook die vier *humores* of liggaamsvogte uit die Oudheid en let in hierdie verband ook op die ooreenstemmende Jungiaanse persoonlikheidseienskappe van *denke*, *intuïsie*, *sensasie* en *gevoel* wat hiermee korreleer (Van Coller 2009:36).

Soos by *Klaaglied vir Koos* word alle plant- en dierspesies by implikasie dus weer op dieselfde ontologiese vlak geplaas. Ook in *erf* is daar talle voorbeelde waar die een objek (voortdurend aan ’t aanpas en verander) in terme van ’n ander spesie beskryf word: Agnes wonder byvoorbeeld “of sy reeds ’n vlermuis of ’n padda of ’n ding geword het, en of sy nog uit die grot of die ondergrond kan ontsnap” (1986:37). Die bruin plakkers word vergelyk met “kewers in hout, soos die onsigbare wurm wat vlie in die nag” (1986:68).

Die Winterbach-beheptheid met oorspronge (en spesifiek die geologie van die aarde) resoneer weer in die herinnerde besoek van Bets en haar man aan ’n afgesonderde semi-woestynstreek in die binneland waar die skaliesteen, wanneer dit oopgebreek word, “soos die oop blaai van ’n boek ... die fyn fossiele van die blare en die paddas blootlê.” (1986:61). Daar is alreeds in Hoofstuk 3 aangetoon dat Lyell se teorie van geleidelike verandering as model gedien het vir Darwin se evolusieleer en dat die aardkors die geskiedenis van die mens in die vorm van fossiele bewaar. Vergelyk ook die geologiemotief in die Victoriaanse en neo-Victoriaanse romantradisies soos bespreek in Afdelings 3.4.2 en 3.5.2.

Aan die einde van die verhaal beweer Bets dat sy tuisgekom het: “Nou weet ek ek is tuis. Ek is bewurig en onseker. Nadat ek my groei soos ’n reis deur die nou opening van die serviks genavigeer het. *Uit my kokon na my transformasie.*” (1986:70; my kursivering). Dié transformasie word narratologies voltrek wanneer die ekologiese balans van haar erf herstel word; wanneer sy ten slotte sluiting vind en haar tuin tot ’n mate “terugwen”:

Dit is algeheel stil in die tuin; die hitte sluit dit af van die geluide daarbuite. Net die ryk vegetale lewe luiersag soos ’n groot enjin. Maar geleidelik raak sy bewus van ’n egalige frekwensie, nie hoorbaar nie, eerder opgevang deur haar senu-eindpunte. [...] Sy spit verder. Sy spit dieper. Die grond het ’n klammer, ryker gevoel. Nooit terugwen wat ons verloor het nie. As ons gelukkig is, miskien dele van onself waarvan ons afgesny was, herwin. Met aansienlike moeite. Op die straf van dood. ’n Soort balans herstel (1986:100–101).

Die voorkeur vir wetenskaplike benoeming skemer weer, soos in die debuut, deur wanneer plantsoorte dikwels met hulle Latynse spesiename soos *Rhus*, *Burkea* en *Eckbergia* benoem (en daarmee dus ook geappropieer) word. Die lewe op die erf word in soortgelyke terme beskryf: “Die werf word skynbaar uitsluitlik bewoon deur die ordes *Orthoptera*, *Isoptera*, *Mantodea*, *Diptera*, *Lepidoptera*, *Coleoptera*, *Blattaria* (afskuwelike goggas laasgenoemde.)” (1986:60). Dié vermelde ordes verwys in volgorde respektiewelik na sprinkane, termiete, bidsprinkane, vlieë, motte en skoenlappers, besies en kokkerotte. Dit is opvallend dat die wetenskaplik verifieerbare klassifikasie van insekordes in die romans telkens opgevolg word met ’n platter en volkse verduideliking (asof die wetenskaplike feit vir die leser ook in leketerme toeganklik gemaak word).

Die wetenskaplike sfeer van die teks word herbevestig in die intellektuele gesprekke tussen die vroulike hoofkarakter Bets en haar vriend, Harie:

Terwyl hulle eet, verduidelik hy vir haar die verhoudings tussen xileem-morfologie en ekologie, die aspekte van die anatomie van hout en die altitudinale en latitudinale verspreiding van ekologiese kategorieë. (Die vordering in die studieveld is traag, sê hy.) Hy wys vir haar hoe sekondêre xileemelemente ontleed word deur ’n aanduiding van korter vaatdele, dunner

vate, korter en dunner vesels, en die frekwensie van helikale verdikkings in die vaatmure (1986:17).

Dié wetenskaplike taalregister word ten onregte deur Van Zyl (1986:12) gekritiseer wanneer sy bevind dat die funksionaliteit van dié “akademiese taal” uit pas is met die milieu. Sy verwys spesifiek na Bets se onderstaande beskrywings van die natuurbeleding as “bietjie dik vir ’n daalder”: “Teen ’n lug van saksiesblou en napelsgeel, ’n lug van ultramaryn gestreep met vermiljoen, ’n vermenging van indigo en indiese rooi laat sak sy [die spinnekop] haar lyf, die wyfie uit die familie *Argyopidae*.” ’n Literator soos Britz (1987:9) se oordeel verskil egter hiervan wanneer hy die “uitsonderlike skilderkunstige voorstellings van ruimte in die teks” aanprys (vergelyk ook die kunshistoriese teksverwysings na Monet in Afrika, Manet in Afrika en Cézanne in Afrika).

Die verbande tussen *erf* en die voorgangerteks, *Klaaglied vir Koos* behoort nou in die lig van die voorafgaande bespreking duideliker te word. In die hieropvolgende bespreking van die roman *Belemmering* word die geleidelike ontwikkeling van herhalende oeuvepatrone (wat as oorwegend Darwinisties geïnterpreteer kan word) verder ontgin. Hierdie wetenskaplike instelling dra daartoe by dat Winterbach se romans manifesterend word van ’n derde kultuur waar wetenskap en letterkunde versny.

#### **4.5 BELEMMERING (LETTIE VILJOEN, 1990)**

*Belemmering* (1999, uitgegee deur Taurus) word allerweë bestempel as dié teks waarmee Winterbach uiteindelik haar posisie as een van die voorste romanskrywers in Afrikaans gevestig het. Swanepoel (1991:23) meen dat die “kaart van die Afrikaanse prosa na die verskyning van dié seminale teks opgegradeer moet word”; dat Viljoen “die kontoere van ons literêre landskap oopgeskiet het”. Die aandagtige leser, meen Jansen (1999:734-735) word beloon met “’n onthutsende, maar enorm betekenisvolle blootlegging van ’n hele wêreld se ‘ondergrondse psigiese bedrading’ (*Belemmering* 1990:108).”



Van der Merwe (s.j.) beweer dat *Belemmering* reeds lank voor die stroom tekste wat rondom die honderdste herdenking van die Anglo-Boereoorlog verskyn het, hierdie bepaalde gegewe in 1990 ontgin het – “nie soseer as gebeurtenisse op sigself nie, maar as herinneringe wat die psige van die Afrikaner bepaal.” Hy voer aan dat die (koloniale) Afrikanerverlede ’n wesenlike deel vorm van die kollektiewe geheue van die mans op die berg en sonder vervolgens die Boeregeneraals De Wet en Beyers uit as hulle tipiese rolmodelle. Verskeie resensente soos Pakendorf (1991:11), Malan (1991:88), Swanepoel (1991:23) en Nel (1991:6) maak ook gewag van die wye register van intellektuele verwysingsvelde wat in dié verwickelde en intelligente roman betrek word.

Die flapteks voorspel reeds ’n voortsetting van die gevestigde tendens om prosesse en natuurlike voorwerpe in wetenskaplike en natuurhistoriese detail te klee: die roman word voorgedou as “’n meesterstuk van intense brandskerp waarneming van onder andere die natuur as ’n verruklike, kwellende aanwesigheid”. Dié aanspraak word gestaaf met die volgende aanhaling: “Om te verduidelik wat die landskap beloof het, moet ’n mens dronkenskap hê in die keuse van woorde – ’n *Volheid. En daarmee saam, die ontgogeling*” (my kursivering). Winterbach se romankarakters is deurgaans self akuut bewus van hierdie ambivalensie wat in die natuur opgesluit lê. Levine (2006) se oordeel dat die evolusieleer nie bloot tot disillusie lei nie, maar ook getuig van Darwin se waardering vir en bewondering van die natuur, resoneer in hierdie flapteksuitspraak, naamlik dat die natuur beide verrukking en kweeling inhou; verwondering én ontgogeling.

Drie verhaallyne wissel mekaar af deur die loop van die teks. Die eerste verhaallyn is dié van ’n groepie mans (Deneysen, Polla, Taloes, Kallas, Spaans, Baart, Pou, Allies en later Ben) wat tydens ’n geheime sending in die berge op verdere instruksies van hulle leier, Geelgert, wag. Die vertelde tyd is ongespesifiseerd, maar verwys waarskynlik na ’n periode van gewapende opstand teen die Suid-Afrikaanse regering gedurende die tagtigerjare. Hulle verwyf die tyd deur die omgewing te bespied, kaarte te bestudeer en intellektuele gesprekke te voer. Soos Pakendorf (1991:11) dit stel: “Hierbo in die berge het hulle die groei en afneem van die maan, die kom en gaan van die seisoene, die diere- en plantelewe intensief meegemaak en lange gesprekke oor ’n verskeidenheid onderwerpe [gevoer]”. Malan (1991:88) identifiseer, naas die geskiedenisonderwerpe en

krygskuns, ook die estetika, filosofie, skilderkuns en letterkunde as intellektuele verwysingsvelde.

'n Tweede verhaallyn is dié van Hannah, 'n paleontoloog uit die Noorde wat “die oorblyfsels van groot soogdiere uit die laat-Kwaternêre tydperk” in die Wes-Kaap kom ondersoek. Deur middel van terugflitse roep sy kuiers by haar familie in die Bosveld op waar onderwerpe soos die Anglo-Boereoorlog, die Ossewa-Brandwag en familiegeskiedenis bespreek word. De Villiers (1991:8) meen dat sy op meer as een vlak dus *die verlede* navors – deur 'n bestudering van sowel fossielgebeentes as menslike herinnering.

Pakendorf (1991:11) wys daarop dat hierdie verhaallyn (anders as die eerste van die mans op die berg) die wêreld van vroue uitbeeld; Malan (1991:88) vermeld spesifiek die beskrywing van die alledaagse lewe asook die “vroulik-intuïtiewe ervarings” van Hannah wat in hierdie “parallele” verhaallyn aan die orde is. Vergelyk in hierdie verband ook die vorige twee tekste waar verskillende domeinspesifieke aktiwiteite telkens met bepaalde genderonderskeidings geassosieer word. Malan se opmerking neem egter nie in ag nie dat Hannah, vanweë haar professionele opleiding as paleontoloog (benewens die “vroulik-intuïtiewe ervaring”) ook – soos die karakter Karolina Ferreira in die gelyknamige roman – die wetenskaplike diskoers met gemak beheer.

Swanepoel (1991:23) beskou die twee verhaallyne as opposisies wat simptome word van die groter dualiteitsopset in die teks: “man naas vrou, intern naas ekstern, hede naas verlede, tipografiese presens naas abstrakte afstand, die statiese teenoor die dinamiese, introvert naas ekstrovert, kultuurhistories naas natuurhistories ens.” Die verbinding tussen die twee “gesplete helftes”, naamlik dié van die mans op die berg en andersyds die lewe van Hannah, word volgens De Villiers (1991:8) nooit uiterlik voltrek nie en bly slegs “innerlik-tematies”. In beide verhaallyne is daar die intense betrokkenheid “by hede, verlede, politieke magstryd verweef met seksualiteit en vader-moeder-verhoudings onder dieselfde maan. By albei groepe speel drome 'n toenemende rol, selfs voorbodes en drome waarin gestorwenes verskyn.” Die verkennings en reise in

albei verhaallyne word deur Van der Merwe (s.j.) gelykgestel aan simboliese reise deur die landskap van die psige.

Daar is wel betekenisvolle verwysings wat die twee verhaallyne soms met mekaar verbind – vergelyk byvoorbeeld Jansen (1999:739) se opmerking dat die rotskalender in Marais se kortverhaal “Salas y Gomez” subtiel verband hou met beide die hoofverhaallyne (sien ook die bespreking oor Marais in Afdeling 6.2.2). ’n Derde narratologiese lyn is dié van ene Generaal C wat “op surrealistiese wyse tussen die ander twee heenvleg” (Oets, Stam & Joubert s.j.). Levine (1988:18) se opmerking dat die multiplotstruktuur van die Victoriaanse roman ’n fiksionele manifestasie van die “entangled bank”-metafoor van Darwin word, is ook vir *Belemmering* relevant, net soos sy stelling dat die oorfloed (“abundance”) van Darwin se wêreld in die Victoriaanse romanstruktuur geëggo word deur ’n polifonie van stemme. Hierdie veelheid van stemme ondermyn volgens Viljoen (1993) enige poging om betekenisgewing te finaliseer.

’n Magdom geologiese verwysings in die roman sluit aan by die neo-Victoriaanse veronderstelling dat die teks, soos die aardkors, uit verskillende interpretatiewe lae kan bestaan (sien Gutleben 2001). Daar is alreeds in die bespreking van *erf* hierbo gewys op die vormende rol wat Lyell se geologiese teorieë van geleidelike ontwikkeling op Darwin se evolusieleer uitgeoefen het; vergelyk byvoorbeeld die rotsagtige berg wat op die bandontwerp van *Belemmering* pryk en wat reeds die talle geologiese verwysings in die teks vooruitloop (Bylaag C, Figuur 5). Pou vertel ter aanvang aan die ander dat die “dipslopiese (berg)reeks waardeur hulle beweeg, uit die Devoniese en Siluriese tydperke dateer” (1990:12). Later sit hy die “vorming van plooingsgebergtes en geologiese bifurkasies uiteen” (1990:105). Die omringende berge word beskryf as “massief, solied. Geheim. Dig. Geslote.” Die paleontoloog Hannah bestudeer die terrestriale vertebrate fauna uit die laat-Mioseen en vroeg-Plioseen, maar bevind dat “die faunale rekord” net op ’n paar vindplekke dui op “die dramatiese omgewingsveranderinge wat die kontinent in daardie tydperke ondergaan het” (1990:94). Hierdie verband tussen die geologie en die *verborgenhede wat die aarde inhou*, resoneer byvoorbeeld weer sterk in *Niggie* (2002; sien Afdeling 5.3.2).

Die afbeelding van 'n stuk materiaal of weefwerk/weefsel op die agterblad van die roman (Bylaag C, Figuur 6) kan enersyds in verband gebring word met die etimologiese oorsprong van die woord *teks* (vanaf *texere* wat “om te weef” beteken), maar weerspieël andersyds ook 'n tipiese motief van die Victoriaanse roman (sien Afdeling 3.4.2). Die gesprekke rondom die vuur saans word soos volg beskryf: “Hulle verhale en hulle stemme vervleg. [...] Tot laat in die aand vleg en bou hulle aan die wonderlike weefsel van hulle praat” (1990:152-153).

Hierbenewens is daar, soos in die voorafgaande twee tekste, talle ander kodes wat soortgelyke leesriglyne bied waarop die 105 afsonderlik genummerde onderafdelings (wat oënskynlik nie altyd met mekaar verband hou nie) saamgelees kan word as dele van 'n groter teksgeheel. Pakendorf (1991:11) beweer tereg dat die “alewige bestudering van kaarte, die soeke na roetes en die vasstelling van grense 'n metafoor vir die ontsyfering van die teks word.” Vergelyk in hierdie verband die volgende aanhaling oor die voortdurende bemoeienis met kaarte, wat Malan (1991:88) selfs as “irriterend” bestempel:

Die volgende dag buig hulle verder oor die kaarte. Hulle praat oor maneuvres, oor verrassings, oor taktieke; hulle verskil oor die kardinale punte op die roete. Hulle praat oor verdelings, oor splete, oor wat hulle kan antisipeer. Spaans sê dan is daar geen punt om by uit te kom nie en Baart vra of dit sal help as hulle weet hoe lank hulle nog hier gaan bly sit. So sit hulle ure aaneen kop aan kop, en soms dui hulle 'n spesifieke plek op die kaarte aan, maar tot 'n behoorlike vergelyk kan hulle nooit meer kom nie (1990:153).

Inligting wat op verkenningstogte versamel word, word alles op die kaarte aangeteken en kennis van die omgewing word gefasiliteer deur die “oopgespreide kaarte (wat) lyk soos *ingewikkelde neurale netwerke*” (1990:19; my kursivering). Op interaktiewe wyse verkry die (rigtinggewende) kaarte dus as't ware 'n driedimensionele voorkoms deur die voortdurende aanpassing, invoeging en inlees van natuurhistoriese detail en observasies daarop:

Hulle raak goed met die omgewing vertrouwd: die buitelyne van die verste berge, die kranse van die berge die naaste aan hulle, die dalinge en golwe van die berghange. Hulle begin die geluide in die omgewing ken, snags, en bedags; die voëls uitken wat in die hemel bo hulle sirkel en die struik en lae bossies in die omgewing besoek; die lêplekke, gate en bewegings van die kleiner soogdiere antisipeer: dasse, springhase, meerkatte – hulle spoortjies, kutteltjies, ritselings, houplekke, lêplekke, gate, tonnells, voetpaaie eien. Die insektelewe. En snags die sterreheeml soos Pou dit vir hulle uitlê. 'n Geleidelike verowering van hulle sigbare wêreld. Hulle raak vertrouwd met die son en die maan se bewegings en stande. Hulle raak fyner op die omgewing ingestel, kan geleidelik meer hoor, meer sien (1990:23).

Swanepoel (1991:23) redeneer egter dat, alhoewel die mans uiteindelik die “geomorfologiese ontstaansprosesse” leer lees, hulle steeds nie die fisieke versperrings wat deur die genoemde proses veroorsaak is, kan oorkom nie: “Dit is asof die kennis van ontstaansgeskiedenis, die benoeming van oorspronge en wordingsprosesse die mens se bestaan belemmer.” Jansen (1999:734) meen weer dat die gebruik van 'n alternatiewe taalregister (soos die Latynse en wetenskaplike benoeming) die romankarakters se pogings verteenwoordig om hierdie belemmeringe en “beperkte posisies” te oorstyg.

Die Winterbach-hebbelikheid om sake wetenskaplik te benoem, word daarom voortgesit in *Belemmering*. Sterre wat Pou aan die ander manne uitwys, word gelys op hulle (verifieerbare) name: *Aldebaran*, *Regulus*, *Spica*, *Adhara*, *Wezen*, *Sirius*, *Saiph*, *Rigel*, *Bellatrix* en *Betelgeuse* asook *M1*, “die krap-nebula wat veroorsaak is deur 'n supernova-ontploffing in 1054, soos aangeteken deur Sjinese sterrekundiges” (1991:15; sien die ooreenkomste ten opsigte van wetenskaplike stelwyse met Marais soos bespreek in 6.2.2).

Die nou reeds bekende tegniek om 'n reeks opeengestapelde sake in lysvorm aan te bied, blyk verder duidelik uit die beskrywing van 'n besoek wat Hannah en Henrik (haar minnaar) bring aan 'n plek waar troppe wildebeeste driehonderd jaar gelede vanaf die pas sigbaar was en wat skynbaar in Europese reisigersverslae inkantief soos volg beskryf is: “die teenwoordigheid van die bosvark, bosbok, blouduiker, grysdruiker, Kaapse grysbok, Kaapse buffel, hartebees, bontebok, blou anteloop (uitgesterf ca. 1800), bastergemsbok, eland, steenbok, olifant, vaalribbok, klipspringer, en die

bergsebra (*Equus zebra*)” (1991:93). Deneysen se identifisering van die verskillende voëlsoorte volg dieselfde beskrywingspatroon: “Daar is die groot valke, die kleiner valke, enkele arendsoorte, kraaie, eende, ganse, patryse, kwartels en tarentale, duiwe, uile, en talle ander boom- en grondvoëls” (1993:50).

Vergelyk ook die meerdere verwysings na die uitgestorwe Kaapse buffel (*Pellarovia capensis*), groot Afrikaanse buffel (*Syncerus caffer*) en *Agriotherium africanum* (“Die grootbeer. Die grootste vlees-etende landdier wat suidelike Afrika tydens die Mioseen bewoon het”) – spesies wat, om met Darwin te praat, nie kon aanpas en dus nie lank genoeg kon oorleef om te kon reproduseer nie.

Die registerwisseling waarvan daar ook in vorige tekste sprake was, word byvoorbeeld herbevestig in die beskrywing van die vreemde sampioensoort wat Deneysen ontdek – die nugter vakwetenskaplike detail van dié beskrywing word versag, aangevul en gepopulariseer deur die invoeging van verbeeldingryke (en niewetenskaplike) assosiasies:

Die vorm daarvan is iets tussen ’n mot en ’n voëlvlerk. Dit het ’n sagte ronde kop, en is ongeveer 5 cm lank. Om die stam het die weefsel al ontbind, versag – dit lyk soos natgereënde vlerke. Die kop is wyer bo by die apeks. Die oppervlakdeel van die epidermislaag het losgeraak en rol terug, as’t ware, in die vorm van houtsaagsels. Dit voel koel, papieragtig – net die witterige stammetjie is nog ferm. Hy het nog nooit tevore so ’n sampioen teëgekome nie. (Hy is nog soortgelyke verrassings in die omgewing te wagte) (1990:15).

Talle landskapsbeskrywings kom voor, dikwels met gebruikmaking van dieselfde kleur-adjektiewe as in *erf*, soos “ultramaryn”, “napelsgeel” en “pruisiesblou”. De Villiers (1991:8) sonder trouens die fyn natuurbeskrywing uit as een van die waardevolste aspekte van die teks en wys op die bevoorgroting van verskillende aspekte van transformasie: “Holisties is so ’n skryfwyse, bewus van binne en buite, van kringlope terug na die oorsprong, bewus van groei en metamorfose, gedurige beweeglikheid; sywurm tot mot.” Soos in die vorige twee tekste, is die Darwinistiese konsepte van metamorfose en aanpassing met verandering dus ook in *Belemmering* ’n belangrike

leimotief. Vergelyk in hierdie verband Taloes se aanhaling in Duits uit Kafka se alombekende *Die Verwandlung* (in Afrikaans letterlik vertaalbaar met “gedaanteverwisseling” of “metamorfose”) waar Gregor Samsa se transformasie van mens tot insek beskryf word (1990:222) – ’n intertekstuele verwysing wat later weer in *Landskap met vroue en slang* asook in *Die boek van toeval en toeverlaat* opduik.

Deneysen besin byvoorbeeld oor die evolusie van die menslike verhemelte en tong: “As hy [Taloes] gaap, sien Deneysen (selfs by kerslig) sy verhemelte duidelik. Die dun, silwerblou en pienk kraakbeen van die verhemelte lyk soos ’n vis se pienkblou en silwer kieu. (Blink en nat.)” (1990:32); “later wonder hy of daar ’n primitiewer vorm van die oor was” (1990:51). Pou sit die evolusie van die tong soos volg uiteen: “’n Tipiese vis het nie ’n beweeglike tong nie. By die mens het die tong ontwikkel uit die oorblyfsels van die kieuasemhalingsapparaat. Sommige van die skeletale elemente van die kieuweefsel is nog in die basis van die tong ingebed” (1990:69).

Die verskynsel van die Neanderthalers (1990:57), die mens se afstamming en meer direkte familieverbande kom ook ter sprake: “Ek het ’n teorie,” sê Karel, “dat ’n mens nader aan jou grootouers is wat psigiese inhoud betref, as aan jou ouers. Dit spring vir my so dikwels oor geslagte” (1990:170). Die slotreël van die roman bevestig ook die direkte familieverbande tussen die karakters en hulle voorvaders uit die Anglo-Boereoorlog; sien ook Malan se opmerking oor *Belemmering* as “genealogiese gids” in die slotparagraaf van hierdie onderafdeling. ’n Soeke na oorspronge impliseer ook ’n ondersoek na die oorsprongsgeskiedenis van die Afrikanerspesie. Hierdie afleiding sluit aan by De Villiers se oortuiging hierbo dat die navorsing van die verlede nie slegs uit beendere nie, maar ook uit *herinneringe* afgelees kan word. Darwin se evolusieleer behels immers dat alles wat onderhewig is aan verandering, ook beskryf moet word in samehang met die voorafgaande geskiedenis.

Die “entangled bank”, wat verwys na die interafhanklikheid tussen verskillende mededingende spesies, is ook in *Belemmering* ’n identifiseerbare patroon. Motte, wurms en spinnekoppe maak byvoorbeeld voortdurend hulle verskyning in die hut waarin die mans bly: “die langbeenspinnekop en die skugter mot: die somber gekleurde, goed

gekamoefleerde uilmot, die digbehaarde pylstertmot met sy spits liggaam; die reuse, harige pouoogmot. Buite vlieg die vlermuis en die uil” (2990:79; sien ook ’n beskrywing van verwante motspesies by *Karolina Ferreira* in 6.3.3). Op een van die verkenningstogte deur ’n beboste area beweeg die groep “van dooie mot na dooie mot, met kolle soos oë op hulle vlerke, roerloos, *metamorfoserend, in wisselende stadiums van ontbinding, terug na die geheim van hulle oorsprong hier in die stilte*” (1990:30; my kursivering).

In die tweede verhaallyn kry die kind ’n sywurm waarvan sy die vordering daaglik fyn dophou: “Die sywurm word ’n papie. [...] Nou lê die papie en *metamorfoseer*” (1990:135; my kursivering). Die spesifieke woord “metamorfoserend” word alreeds in *erf* (maar ook weer in latere romans) aangewend om die veranderende staat van ’n karakter aan te dui. Die sywurm dien vir die kind ook as aanknopingspunt vir die volgende gesprek met Hannah oor mikro- en makro-evolusie:

“Is ’n sywurm verwant aan ’n slang?” vra sy toe hulle huis toe ry.

“Nee,” sê Hannah, “’n slang is ’n reptiel, ’n wurm – is ’n wurm nie ’n vorm van ’n insek nie?”

“Is jy mal, Tante? ’n Wurm het te veel pote. ’n Wurm is ’n proconsul.”

“Ek dag ’n proconsul is ’n aap,” sê Hannah.

“Proconsul is alle oerdinge,” sê die kind. “Die mens is een van die bane wat daaruit ontwikkel het.” Sy bly ’n rukkie stil, kyk eers by die venster uit.

“Hoe dink jy gaan die mens in die toekoms ontwikkel, Tante?” vra sy. “Miskien word hy wat ’n mens kollas en fallos noem. Dan sê hy: my oeroupa was ’n proconsul. My oupa was ’n mens. Ek is kollas en fallos.” [...] Die sywurm word ’n papie. [...] Nou lê die papie en *metamorfoseer*. [...] In die lang dae wat volg, teken Hannah die beendere op. Sy kom interessante gegewens omtrent die ingrypende klimaatsveranderinge in die laat-Mioseen teë. Die papie lê roerloos in die skoendoos en *metamorfoseer*. Sy en die kind wag op die koms van die mot (1990:134-139; my kursivering).

Sodra die mot uiteindelik tot groot verwondering van beide Hannah en die kind (Mirandah) uit die kokon kruip, hou die kind dit steeds in ’n kartondoos aan. Die volhardende verwysings na Mirandah as “die kind” het tot gevolg dat haar genealogiese eerder as haar individuele status beklemtoon word. Toe die mot sterf, maak die kind



kaarte waarop sy die hele “proses van metamorfosering” akkuraat dokumenteer (1990:160-161). Wanneer Hannah byvoorbeeld later ’n besoek aan haar Bosveldfamilie bring, word sy heel eerste na die babakamer geneem, wat vir haar soos die binnekant van ’n termietnes lyk: “Hier lê die stewige, haarlose, melkgeswolle kind soos ’n jong larwe. Die kamer ruik na melk en gordyne” (1990:48).

Die karakters se emosies word, soos dié van Hannah in die aanhaling hieronder (maar ook elders in *Buller se plan* en *Karolina Ferreira*), op tipiese (neo-)Victoriaanse wyse nie geskei van onwillekeurige fisiologiese veranderinge wat in die liggame van die organismes plaasvind nie:

So intens was haar ervaring van vooruitsig, *dat sy ’n beroering deur al die kleinste vertakkinge van haar organisme gevoel het*. In al die verbindende weefsels, die digte netwerke van limfatiese en kapillêre bloedvaatjies, al die sponsagtige selweefsels, die vertakkende selle, die klein veselbondeltjies; deur al die menigvuldige klein openinkies van die kommunikerende are en slagare; deur die optiese kanale, die bykans onsigbare intervalle, die geperforeerde ruimtes, die bodems van ventrikels; deur al die minuskule, mikroskopies delikate roetes van geleiding waarvan sy in haar eie liggaam nie eers naastenby kennis dra nie (1990:167; my kursivering).

Die museum is, soos in talle ander Winterbach-romans, ’n betekenisdraende “Kafkaagtige” ruimte (1990:75) waar navorsing plaasvind en die verlede bewaar word: “Die rakke is van bo tot onder gepak met dose en dose vol geklassifiseerde en ongeklassifiseerde fossielmateriaal, en deurtrek met die reuk van ou beendere” (1993:57). Hannah se museumbedrywighede, en veral haar Darwinistiese bewussyn vir die feit dat alles in die natuur interbetreklige verwantskappe met mekaar vertoon, word in besonderhede beskryf. Sy leer die omgewing ken deur die bestudering van die beendere in bokse. Soms beweeg alles vir haar na “dieselfde punt op dieselfde manier waarop orkane volgens die lyne van die minste weerstand beweeg” (1990:19). Soos die hoofkarakter in *Klaaglied vir Koos*, neem ook Hannah die kind op ’n uitstappie na die museum waar die uitstallings alle hiërargiese spesiegrense ondermyn:

Hannah wys vir haar die enorme horings van die uitgestorwe Afrikaanse buffel (*Pellarovis capensis*) wat duisende jare gelede die – toe – moerassige vleie van

hierdie omgewing beswerf het. Wil die kind nie van die goed in bottels sien nie? vra een van die assistente. Natuurlik wil die kind. Die assistent neem hulle na rye bottels – goed wat nooit uitgestal word nie – meesal dierfetusse: bokkies, lammers, hondjies, varkies, slange, ’n opgerolde armadillo. Die assistent haal nog ’n bottel te voorskyn. Voor Hannah kan keer, wys hy dit vir die kind. In die bottel is ’n mensfetus, baie na aan volgroei. Die kind sê onmiddellik: “Dit is ’n mens.” [...] Die assistent bring ander bottels. Hulle kyk ook daarna, maar die kind wil weer die mensefetus sien. Ook vir Hannah is hierdie baba in die bottel interessanter, meer dwingend as enigiets wat hulle tot dusver gesien het; interessanter as al die ander voetspore, die artefakte, die tallose tande, *beendere*, *tekens*, *bewyse*, *patrone*; die verbysterende, amper 7 meter-lange horings van die uitgesterwe Pellarovis (1990:57; my kursivering).

Verskeie Darwinistiese idees belig hierdie toneel: die mens word in die museum net soos ander biologiese spesies as spesimen bewaar en bestudeer; alle vorme van lewe is by implikasie gelyk; die fetus is ’n mens-in-wording; die natuurhistoriese objekte dien as bewysmateriaal van die mens se evolusionêre oorsprong. Merrill (1989) se uitspraak dat die natuurkundige nie daarna strewende om die natuur in abstraksie te verken nie, maar dit eerder wil versamel, klassifiseer en uitstal, het ook op sowel Winterbach se romans as haar visuele kuns betrekking (sien Gouws 2008). Jansen (1999:737) poneer dat die mans op die berg se missie om hulle omgewing te interpreteer (“in kaart” te bring”) ’n hiperboliese uitwerking van wetenskaplike ontdekkingsreisigers se soektog word.

Malan (1991:88) noem *Belemmering* ten slotte ’n “*genealogiese gids* wat jou baie vertel oor jou band met jou grootmoeder en jou voorsate, die visse, dinosaurusse, ape en veral die logge, gepantserde, swaarbenige, bulkende behoringde Afrikaner, ons neef Chrisjan [’n verwysing na Generaal De Wet – EL], wat saam met ons lag.” Vergelyk ook die slotreël van die roman: “Ja, dit is ons neef Chrisjan, en hy lag saam met ons” (1990:252).

#### **4.6 LANDSKAP MET VROUE EN SLANG (LETTIE VILJOEN, 1996)**

*Landskap met vroue en slang* (1996) is die vyfde en laaste prosawerk wat onder die skuilnaam Lettie Viljoen verskyn. Human (1997:6) wys daarop dat die teks, ten spyte van enkele vernuwende elemente, in vele opsigte “’n voortsetting, verruiming en

intertekstuele sametrekking van die belangrikste motiewe” in die oeuvre is. Soos vantevore is hier weer ’n ambivalente verhouding tussen man en vrou; weer ’n besondere sensitiwiteit vir die natuurlike wêreld (en spesifiek die sublieme landskap), waarna ook Darwin verwys het.

Hattingh (1997:18) wys op die ooreenkomste met *Karolina Ferreira* waar die “tipiese vroueroman” herskryf word en waar die vroulike ervaringswêreld weer sentraal gestel word. Roos (1997) verwys in haar bespreking van die Merian-motief in *Karolina Ferreira* ook op die terugkerende motief van die mot in hierdie betrokke roman. Smuts (1997:32) poneer dat die drie komponente van die romantitel, naamlik *landskap*, *vroue* en *slang* belangrike aanwysers is in ’n roman wat besondere eise aan die leser se “erudisie” stel. Hy sonder ook die hooffiguur se bewussyn van die natuur uit. Die landskap as “interpretasie van die natuur” is weer vir Pakendorf (1997:11) hier belangriker as die blote natuur sêlf. Louise Viljoen (1998:88) beweer selfs dat Lettie Viljoen poog om ’n landskap met vroue en slang in taalvorm te skep.

Die landskappe wat in die roman ter sprake is, is onder meer dié van die Wes-Kaap, Karoo, subtropiese kuslandskap, dié in Nicolas Poussin se skilderye asook die liggaam en teks as landskap (vergelyk die lykskouingstoneel). Burger (1996:6) sonder die Milton-verwysing na verlore paradys uit en beweer dat Lena Bergh se wandelings deur die tuine en parke van die hawestad eintlik ’n soeke na die eerste paradyslike tuin verteenwoordig. Lena, die sentrale ervarende karakter van die roman, hunker na die sublieme landskap wat die Franse skilder Poussin in *Die vier seisoene* (ongeveer 1660) geskilder het. Die roman se buiteblad is dan ook ’n variasie op twee skilderye deur dié sewentiende-eeuse skilder (sien Bylaag C, Figuur 7).

Kannemeyer (2005:639) wys daarop dat die hoofkarakter in die slot van die roman haar eie landskap skep om die bestaande een te besweer: “ Die oog word – volgens bepaalde roetes – geleidelik gelei van die gewelddadige voorgrond – brutaal, skerp in fokus – na die weelderige en vrugbare (onheilspellende) middelgrond, en van daar na die paradyslike agtergrond – ’n misterieuse, ontwykende, newelagtige gebied soos die vroegste herinnerings uit die kindertyd” (1996:207).

Lena Bergh erken dat die landskap haar nie bloot interesseer as verlore paradys nie, maar ook as arena van konflik (1996:24). Sy en haar man Jack se verhouding met hulle welige tuin van “paradyslike kalmte” (1996:22) word beskryf as dié van twee parasiete wat op die ligaam van die paradyslike tuin voed; verwar en oorweldig deur die *oorvloed* (sien weer die bespreking van die gestalt van Darwinistiese idees in Afdeling 4.2 hierbo) en “God se voelbare afwesigheid” (1996:19); vergelyk ook die bespreking van die Poussin-skildery *Landskap met twee nimfe en ’n slang* op p. 21 van die roman.

Na die milde “blou” Wes-Kaapse landskap ervaar Lena die broeiende subtropiese landskap (“die see van groen”) as bedreigend en beperkend; as ’n oerwoud waar ’n Darwinistiese stryd om oorlewing deurentyd woed:

Die sensasie van beklemming, van ’n gebrek aan ruimte het nie net te make daarmee dat die koepel van die hemel hier oënskynlik swaarder, drukkender op die aarde rus nie, maar *met die gevoel dat daar ’n groter verskeidenheid uiteenlopende vorms en manifestasies van bewussyn om suurstof en leefruimte in hierdie troebel sop meeding*. [...] In die lug is daar die dreigende weldadigheid van die groeiseisoen. ’n Wurm op ’n varing beweeg energiek met die netnerwige stingel langs. Onder alle klippe en blombakke maak die miere driftig nes; hulle versorg hulle miereiers en vreet lustig aan die gras. Die lug knetter van die vlerkgeklap van gepantserde insekte. Onder elke klip, agter elke blaar, intiem ingenestel, dig aangekruip in die skagte en blomme en oopvouende blare van elke plant, hou iets skuil. Waak iets, en neem waar (1996:40; my kursivering).

Hierdie bostaande aanhaling is ’n treffende manipulasie van Darwin se “entangled bank” (sien die motto by Hoofstuk 4). Lena is akuit bewus van haar onmiddellike omgewing en die “sagte, onophoudelike gekoer en geroep en onhoorbare ritselings van groei” (1996:78); later weer “die (hoorbare) syagtige ritselings van onstuitbare groei” asook “die allerfynste skubagtige bewegings van insekte” (1996:207; sien ook die bespreking van soortgelyke verwysings by Byatt in Afdeling 6.3.2). Soos in al die vorige tekste, is daar weer talle verwysings na vlermuise, paddas, insekte en spinnekoppe wat die beknopte ruimte definieer en om oorlewing meeding:

Waarom is die slange, die paddas, die vlermuise, die motte, die geitjies; die digte gebroei, gekoppel, geskuifel, geskarrel, geboor, gevlieg, geknetter, gehyg en geroep van die menigvoud insekte snags en oordag nie opvallender nie? In *hierdie digte jellie* behoort selfs geluid sigbaar te wees (1996:135; my kursivering).

Lena sien insekte waar sy kyk en nié kyk nie en interpreteer dit as teken dat sy Kafka (bekend om sy werk *Die Verwandlung*) moet gaan lees: “Die seisoen is ryp daarvoor, met die aanbreek van die welige groeiseisoen begin die insekte hulle verskyning maak. Uit gate en tunnels en neste en webbe en holtes kom hulle te voorskyn, beweeg en krioel hulle, die veelvuldigste manifestasie van die diereryk” (1996:24). Die idee van ondergrondse ruimtes is ook ’n leimotief in haar ander romans.

In ’n dennewoud digby die begraafplaas (waar die digter Keet in sy droom ’n reusemot sien hang het) verbeel sy haar dat sy talle onsigbare sampioene met hulle “koel, klam saprofitiese koppe” na die oppervlak sien beur, met die beendere van onbekende dooies wat bedek word deur die verweerde vlerke van reusemotte. Wanneer sy begin menstrueer, voel sy dat sy eintlik op haar vader se graf behoort te bloei; “sy beendere met haar bloed oproep soos hy haar beendere deur sy saad opgewek het.”

Alle tyd word ook voorwaardelik uitgedruk in terme van een of ander biologiese aktiwiteit: “Op ’n stralende oggend in die vroegsomer, terwyl die sagte, groeiende hitte buite in die tuin die belofte van paradyslike weldadigheid inhou, en die nuwe trosse groen mango’s sigbaar in die bome sit, en die wurms onstuitbaar op die groot verskeidenheid groen lower begin *metamorfoseer...*” (1996:177; my kursivering). Sy is deurentyd bewus van die natuur se ambivalensie (soos wat dit ook in Poussin se middelperiode aanduibaar is): oorfloed versus wegkwyning; groei versus roes en skimmel; aanteel versus uitsterwing; paradys versus plek van konflik (“tegelyk onheilspellend en weelderig vrugbaar”).

Sy besin veral oor die belangwekkende rol van die slang in die Poussin-skilderye: “Die slang as bewaker van die fontein en die put interesseer haar. Die slang as sinistere indringer op ’n warm dag, interesseer haar. Die *dubbelrol* van die slang as bewaker en

indringer interesseer haar” (1996:24; my kursivering). Lena vertoon voorts ’n obsessie met die krokodille in die stadspark en wonder heimlik hoe die wêreld deur die oog van ’n krokodil moet lyk. Dié oog word dan vervolgens in detail beskryf vanaf die vertikale swart spleet tot by die heldergeel amberkleurige gedeelte wat lyk asof klein algies daarin vasgevang is. Sy beskryf ook die krokodille as twee magtige, geskubde garnale wat ’n “bleek, delikate, voorkoloniale visioen van ’n ongerepte Afrika” verteenwoordig (1996:122).

Die krokodille fassineer haar veral vanweë hulle oënskynlike geslagloosheid: “Sou dit ’n mannetjie of wyfie wees? Geen luisterryke demonstrasie van primêre of sekondêre seksuele organe nie; geen kuiwe of lelle of teelballe of duiselingwekkende kleure nie” (1996:43). Daarenteen kon selfs die eksotiese voëlspecies in die stadspark (wat Lena nie as goeie plaasvervanger vir die Suid-Amerikaanse oerwoud beskou nie) se “intelligensie en verruklike veredos” wat hulle so goed te staan kom tydens natuurlike seleksie, hulle ook nie van hierdie lot van gevangeskap red nie (sien ’n soortgelyke besinning oor seksuele seleksie in “Morpho Eugenia” soos bespreek in Afdeling 6.3.2).

Die hoofkarakter is, soos die karakters in *Belemmering*, pynlik bewus van haar akwatiese oorsprong en wanneer sy haar mond voor die spieël oopmaak, “sit die tande in hulle kaste soos ’n vis s’n, die pienk verhemelte so delikaat soos ’n vis se kieuë; die biologiese evolusionêre proses nog duidelik sigbaar” (1996:137). Sy druk haar gespletenheid (gestruktureerde regterkant versus erotiese linkerkant) soos volg uit: “Die regterkant is sterk en gespierd, haar gewapende, parate kant – gewapen met woorde en strategieë. Die linkerkant is infantiel, onderontwikkel; die arm soos ’n seedier se flappertjie” (1996:141).

Die kind Natalie (vernoem na die kind in Langenhoven se *Die krismiskinders*) word beskryf as die produk van Lena en Jack se “(dringende) liefde en van vyftig miljoen jaar se evolusionêre geskiedenis” (1996:17). Soos die kind in *Belemmering* is ook Lena se dogter (Natalie) bewus van die voortdurende transformasie in die natuurlike wêreld wanneer sy aan Lena voorhou dat sy nou ’n skoelapperprinses is wat eers ’n papie was. In ’n droom beskryf Lena haarself “in getransformeerde glorie” as ’n “afgevaardigde

van die orde Arachnida” (1996:44). In Afdeling 6.2.4 word die intertekstuele verwysing na die Langenhoven-tekst in besonderhede ondersoek.

Die verganklikheid van die menseras wat uiteindelik moet swig voor die meedoënlose natuurwette van verandering word in die roman bevoorgrond en Lena verset haar “teen die tyd se onstuitbare gang, wat meebring dat die oomblik vervlietend is; dat niks ooit dieselfde bly nie” (1996:28). Die objekte in haar werkkamer, waar sy omring word deur haar “*memento's mori* (die perdeskedel, die duinemolskedels), die klippe, skulpe, poskaarte, foto's” (1996:202) en die vyf konusskulpe op haar bedkassie, eggo dié idee van verganklikheid.

Die patroon van opvallende klassifiseringslyste is eweneens sterk aanwesig in *Landskap met vroue en slang*: vergelyk onder meer die uitgebreide lys van streeksname en botaniese plantname op p.182, dikwels ook gekoppel aan die land of streek van oorsprong: *Bambusa vulgaris*, swart olyf (*Bucida bucera*), shaving bush tree (*Pseudobombax ellipticum*), naaksipres (*Taxodium distichum*), *Populus nigra*, *Triplaris surinamensis*, bamboespalm (*Chrysalidocarpus lutescens*), eik (*Casuarina equisetifolia*), Queensland-pruim (*Pleiogynium solandri*), reuseplatkroon (*Albizia adianthifolia*), grootblaarvy (*Ficus lutea*) en pondovy (*Ficus bizanae*).

Dié geil plantegroei spoor skynbaar vir Mara Darboven aan om voort te borduur “op temas van oordaad, van erotiese buitensporigheid”. Die funksie van benoeming word in die teks self met verwysing na die radiopersonlikheid, ene Dokter Kafka (wat onder meer maan teen die gebruik van onbetroubare wetenskaplike bronne) verduidelik:

Maar die belangrikste funksie van die goeie dokter is dat hy die dinge náme gee – soos Adam in die paradys gee hy die dinge hulle name een vir een – die angste en die vrese, die tekortkomings en gebreke, die waanbeelde en die dwalinge, die afwykings en die aantastings. Want dit is eers as die (ondermynende en bedreigende) dinge name het, sê die goeie dokter, dat die mense daarmee kan leer omgaan, hulle lendene omgord en hulleself daarvan kan vrywaar (1996:205).

Weer is daar sprake van 'n man (die digter Keet) wat “ondergronds” gaan of “ondergronds verlore gegaan het” (1996:181). Lena wil die “ondergrondse motief van die verspreiding en ontbinding van die familie bedink waarbinne sy ontstaan het, met al die lotgevalle van die lede daarvan” (1996:17). Sophie Brand se psige word beskryf as 'n ondergrondse miernes met klipharde kleiwande en hol tonnells (1996:11).

Die kleurspektrum uit vorige romans maak ook weer sy opwagting: indigobloue, ultramaryne en Napelsgele (1996:50). Lena merk teenoor Mara Darboven op dat die kleure van die “geopende liggaam” tydens die lykskouing in dr. Kestell se spreekkamer toevallig ook haar gunstelingkleure is – die lewerrooie, kaneelbruine en gedempte bruinpienke. Dit verdien hier vermelding dat die bywoning van openbare lykskouings ook gedurende die negentiende eeu 'n besonder gewilde praktyk was.

Veelseggende intertekstuele verwysings is uiteraard dié na Kafka, maar veral ook dié na George Eliot (1996:37). Eliot is 'n Victoriaanse romansier wie se werk deur kritici soos Byatt dikwels met die evolusieleer van Darwin verbind word (vergelyk *Middlemarch*). Verwysings na Afrikaans tekste in *Landskap met vroue en slang* sluit Langenhoven se *Die krismiskinders* (1996:138) asook Marais se *Paradys van Weleer* (1990:179) in (sien 'n verdere bespreking van hierdie literêre verwysings, en spesifiek die Afrikaanse voorgangertekste, in Afdeling 6.2).

Die belang van die “historiese en familiale as konteks” (1996:130) eggo ook Levine (1988:17) se Darwin-paradigma van voorafgaande geskiedenis soos in Afdeling 4.2 aangetoon. Na haar gesprek met 'n historikus oor die Slag van Colenso waar die Boeremagte die Britte verslaan het, onderneem Lena Bergh om met hernude belangstelling na die geskiedenis van Natal te gaan kyk. Dis 'n voorneme wat volgens Kannemeyer (2005:659) uiteindelik deur 'n volgende Winterbach-romankarakter, Ester Zorgenfliess in *Buller se plan* (1999), voltrek word.



#### 4.7 *BULLER SE PLAN* (INGRID WINTERBACH, 1999)

Smith (2000:8) identifiseer die volgende terugkerende oevretendense wat in *Buller se plan* resoneer: herhaaldelike verwysings na die Anglo-Boereoorlog, 'n hedendaagse Godot-figuur, die folterende mistiek, 'n vrouekarakter wat tydelik op 'n plattelandse dorp vertoef, danse en natuursimboliek; verwysings na verrotting en groei. Die oorbekende strategie om Kafka se *Die Verwandlung* intertekstueel te betrek word verbind met die strokiesprentkarakter op die agterblad, ene Captain America en sy transformasie van pieperige klein mannetjie na supermens (Smith s.j.). Vergelyk ook die bandontwerp (sien Figuur 8 in Bylaag C), wat 'n artistieke verwerking van 'n skeefgetrekte skedel uit Hans Holbein se skildery *Die ambassadeurs* is. Van Zyl (2000:23) beklemtoon eweneens die nou reeds bekende patroon van 'n vrouekarakter wat in die platteland 'n proses van transformasie ondergaan.

Die motto is gelig uit die Blake-gedig "The Auguries of Innocence": "The Caterpillar on the Leaf / Reminds thee of thy Mother's Grief." Die openingsreëls van hierdie gedig is die bekende en betekenisvolle "To see the world in a grain of sand / And heaven in a wild flower." Die mottoreël word weer direk gevolg deur die volgende versreël "Kill not the moth nor butterfly / For the last Judgment draweth nigh." Vir Smith (2008:8) dui dié verwysing op mense wat vasgevang is in ou verdriet; op die hele natuursiklus wat "deurtrek is met (oor)geërfde verdriet." Hierdie verwysing figureer later in die teks weer wanneer Jonah Voorsanger meen dat ene Ross Bekker 'n "nietige wurm" is wat William Blake moet gaan lees; wat gedoem is en wat nie sy eie erbarmlike staat besef nie (1999:42).

Die Anglo-Boereoorlogveldslag van Colenso (15 Desember 1899) word in die openingsgedeelte van die teks uitvoerig beskryf (pp. 9-12) en in een van die slotafdelings (genommer 62, p. 166) word die voorafgaande vier dae vanaf 11 Desember as aanloop tot die slag in herinnering geroep. Die gegewens rondom dié betrokke veldslag omraam as 't ware die binneverhaal van Ester Zorgenfliess se besoek aan Steynshoop in Natal, waar sy sekere nasate van die Boerestryders raakloop. Kannemeyer (2005:660) meen egter dat hierdie inligting oor die veldslag nie werklik

bevredigend met die binneverhaal verbind word nie. Binne 'n neo-Victoriaanse konteks is hierdie vermenging van 'n eietydse vertelruimte (in die binneverhaal) met 'n koloniale Victoriaanse verlede tydens die Anglo-Boereoorlog (as raam), egter 'n tipiese genrekonvensie (Bormann 2002; Gilmour 2000; Gutleben 2001; Llewellyn 2008; Shuttleworth 1998). Die funksie van die raamvertelling is om die verlede met die kennis van agterwysheid te herevalueer ten einde hierdie traumatiese kollektiewe Afrikanerverlede romanmatig te probeer verwerk.

Die titel van die teks verwys na Sir Redvers Buller, 'n opperbevelvoerder van die Britse magte wat by Colenso verslaan is en wie se planne, soos die meeste romankarakters in die naturalistiese tradisie, ook jammerlik faal (Van Zyl 2000:23). Viljoen (1999:50) bevestig dat die karakters dit moeilik vind om 'n onfeilbare plan vir hulle lewens te ontwerp te midde van die pyn, chaos en geweld van die lewe.

Die rede vir Ester Zorgenfliess se besoek aan Steynshoop is om haar neef by te staan tydens die begrafnis van sy vorige geliefde, maar ook om terselfdertyd haar vriendin Fonny Alexander op te soek. Viljoen (1999:50) verwys na Steynshoop as 'n "boeiende ruimte wat allerlei alternatiewe leefwyses binne die konvensionele ruimtes akkommodeer en die vermoë het om prosesse van *psigiese transformasie* te stimuleer."

Tydens haar verblyf besoek sy saans die Steynhuis in die hoop dat sy die veelbesproke Jan de Dood en sy orkes daar te siene sal kry. Op haar aandwandelings vanaf die Gemoedsrus Kamers na die Steynhuis raak sy telkens bewus van die simfonie van paddas en insekte se naggeluide en sy bespeur ook meer as een keer 'n reusemot ("groot, bewend, met donkerbruin en wit motiewe op die vlerke") – 'n voorval wat sy in verband bring met die reusestokinsek wat, pas nadat haar pa oorlede is, by haar venster ingevlieg en op die gordyn kom sit het (1999:21). Die digter Keet in *Landskap met vroue en slang* sien 'n soortgelyke visioen van 'n reusevlinder wat bokant die begraafplaas hang. Vergelyk hierdie romangegewe met tekste van Langenhoven en Byatt soos bespreek in Afdelings 6.2.4 en 6.3.2; sien ook die kenmerke van die Gotiese roman in Afdeling 5.5.1.

Tydens hierdie aandwandelings voel dit vir Ester kompleet asof sy onder die water loop; “soos iemand wat onderwater in ’n breë rivier naby die sanderige bodem swem, met lang reëlmatige hale” (1999:71). Een van die vroue in die Steynhuis vertel ook aan die ander dat sy voel asof sy water in haar ore het, “asof ek onderwater leef” (1999:83); Marta Vos beskryf haarself later ook as iemand wat onderwater loop; wat weggevee sal word deur die stadige en onstuitbare voortbeweeg van tyd (1999:125). Die paddas se sang word selfs gesien as waarskuwings of misleidings uit die “amfibiese sfeer”. Hierdie verwysing na die mens se akwatiese oorsprong sluit aan by soortgelyke verwysings in *Belemmering*, *Karolina Ferreira*, *Landskap met vroue en slang*, *Niggie* en *Die boek van toeval en toeverlaat*.

Die interverweefdheid van alle dinge word ook in hierdie roman beklemtoon wanneer “die krieke, die paddas en die sterre op ’n bepaalde punt nie van mekaar te onderskei (is) nie” (1999:61). Darwin se idee dat die lewe ’n “entangled bank” is waar al die spesies die oorbegroeide rivieroewer met mekaar deel, kom weer in hierdie teks ter sprake. Stemningsveranderinge in die karakters word deurgaans weerspieël in die subtiele verandering van onder andere die wolkepatrone, nagreuke en -geluide.

Die negentiende-eeuse romanstrategie om mense met dierbeelde te beskryf word ook in *Buller se plan* voltrek. Van Fony word geskryf dat sy haar (amper soos ’n papie) met die swart sjaal soos “in ’n kokon toewikkel” (1999:34). Boeta Zorgenfliess vergelyk sy eie afgetrokke leefstyl met die blindheid van ’n mol: “Hy het soos ’n fokken mol in ’n tunnel geleef; ondergronds geburrow...” (1999:25). Die spesifieke beskrywing word later weer herhaal: “Besig met sy eie blinde burrowings soos ’n fokken mol!” (1999:51). Die haweloses se herrysing na die strawwe winter word vergelyk met dié van vlieënde miere met “nuwe vlerke en trillende liggame en herbore siele” (1999:119; sien die bespreking van *Karolina Ferreira* asook “Morpho Eugenia” in 6.3.2 en 6.3.3). Smith (2000) merk op dat die idee van metamorfose ook te bespeur is in die herhaaldelike geestelike hergeboortes van die kunstenaar Fony.

Bennie Potgieter, ook die Wonderkind genoem vanweë sy “ensiklopediese geheue”, word in pas met die bovermelde romanstrategie vergelyk met ’n wurm: hy eet soos ’n

larwe wat die kos “skeur en verorber” en sy “sku mond beweeg soos die wurm se blinde monddele” terwyl sy groot, sagte lyf tot “omvangryker proporsies” swel. (1999:17). Die Kathleen Turner-vrou se gesig is “spits, meerkatagtig” (1999:64) en Marta Vos het die rossigheid van ’n vos en spits gekwelde gesig van ’n meerkat (1999:121); laasgenoemde sê ook dat sy soos ’n krap onder ’n klip bly, dat haar man soos ’n planeet op ’n vaste wentelbaan is en dat sy soos ’n hert in dorre streke voel (1999:123). Wanneer die groep mans die intakte vel van ’n slang ontdek tydens hulle veldpiekniek, maak hulle beurte om deur die geskubde vel rondom die oog te kyk en verklaar dat hulle nou die wêreld deur die oog van ’n slang sien (1999:38).

Die talle karakters in hierdie roman word deurgaans beskryf as “sentient beings” (voelende, waarnemende wesens) wat uitgelewer is aan biologiese wetmatighede. Die karakter Salmon se voormalige vriendin het byvoorbeeld (in pas met die naturalistiese tradisie) ’n nerveuse, driftige, histeriese en prikkelbare geaardheid (1999:139). Soos in *Karolina Ferreira* is die karakters (in hierdie betrokke geval die viertal Danie Theron, Stefan Mendelsohn, Salmon Senekal en Jakes Jones) deurgaans ook fyn ingestem op hulle fisiologiese impulse en biologiese liggaamsprosesse – waaroor hulle min beheer het. Daar is by die bespreking van *Klaaglied vir Koos* alreeds aangetoon dat hierdie mediese register strook met die Victoriaanse romanstrategie van ’n skrywer soos Eliot. Die invloed van die werk *Gray’s Anatomy* (1858) blyk ook uit die onderstaande teksgedeelte; vergelyk in hierdie verband onder meer die hele Afdeling 22 (p. 67-68), waaruit die onderstaande aanhaling kom:

[Danie Theron – EL] se rugholte voel ineens swak; sy rug voel of dit gebreek is; sy nek voel ongewoon groot. Sy hart voel of dit aan ’n draadjie hang en sy pols voel klein, sag, onbestendig en onderbroke. Sy longe voel of hulle aan sy ribbes vassit; as hy hoes, dink hy, sal daar klein, ronde balletjies slym sonder moeite uit sy mond vlieg. Sy bloed voel dun en koud; sy liggaam voel hol, uitgehol [...] Sy ooglede voel koud, daar is ’n gekraak in sy ore en ’n polsing in sy nawel [...] Stefan Mendelsohn ervaar skielik ’n skerp brandgevoel in sy borskas, ’n sensasie van swaweldampe in sy keel, en hiermee saam ’n intense vrees vir finansiële verlies. In sy nek het hy ’n sensasie van warm lug wat van die nekwerwels na sy agterkop kruip. Sy voete voel rusteloos, maar sy bene loodswaar [...] Sy hande bewe, in sy vingerpunte is daar ’n tintelende sensasie, dit voel of hy nie sy vingers reguit kan maak nie. Hy voel sy hartklop; hy kan sy pols sien; hy dink hy gaan flou word. [...] Salmon Senekal ... se nek voel skielik styf: ’n sensasie asof die werwels oormekaar gly en kraak, as hy sy nek net effens agtertoe

beweeg. Die gewaarwording van koue in sy borskas sprei na sy gesig; sy sweet ruik vir hom na knoffel; sy linkerarm voel lam; sy hande trek onwillekeurig saam asof hy iets wil gryp [...] As hy [Jakes Jones – EL] sy oë toemaak, sien hy die stadige bewegings van die inkvis in haar troebel water. Hy spoeg ’n bol slym uit met iets wat lyk soos bloederigheid daarin, sit sy twee hande aan die kante van sy kop en sê: “Ek gaan dood” (1999:67, 68).

Die Winterbach-patroon om (naas kunstenaarskarakters soos Fonny) meermale karakters uit te beeld wat oor beduidende natuurwetenskaplike kennis beskik, kom weer voor. Krisjan Steenkamp, van wie niemand weet of hy ’n vlermuiskenner of geoloog is nie (en dié onsekerheid word verskeie kere woordeliks herhaal), praat “soos ’n natuurkenner” en het “skynbaar onuitputlike kennis van die natuurlike wêreld” (1999:139). Hy wei in gesprekke onder meer uit oor diverse wetenskaplike onderwerpe soos vulkane, elektrisiteit, sjimpansees en ander aapsoorte se gedrag asook die sosiale lewe van die duinemol (1999:139). Hy vertel ook van ’n periode waar hy homself onttrek het aan alle sosiale aktiwiteit, slegs van rosyne geleef het en amper ’n toestand van hibernasie beleef het; van dagdrome dat hy in ’n rots klim wat toemaak; dat hy onder die sand woon; dat hy selfs woon in iets wat vlieg (1999:153). Die oeuvepatroon van verwysings na ondergrondse ruimtes en verborgenhede resoneer ook in dié aanhalings.

Die ruimte wat Bennie Potgieter bewoon, getuig ook van sý vele natuurhistoriese belangstellings: eers vlermuise, toe honde, later walvisse en dolfyne. Tydens sy vlermuisfase het sy oorlede broer selfs in vlermuisgedaante in ’n droom aan hom verskyn: “Piepend. Half mens. Half muis. Half engel!” (1999:118). Die ambivalente en bedrieglike vorm van die vlermuis (nóg muis, nóg voël) word ook in *Karolina Ferreira* geopper en sluit aan by temas van magiese gedaanteverwisseling en transformasie (sien *Landskap met vroue en slang* asook Langenhoven en Byatt in 6.2.4 en 6.3.2).

Die konvensie om te versamel, om objekte in verplaaste omgewings uit te beeld, duur voort in *Buller se plan*. Die kantoor waaruit Bennie Potgieter en Braams du Buisson byvoorbeeld hulle alternatiewe tydskrif bedryf, bevat natuurlike voorwerpe soos skulpe, klippe en handwerktuie, biologiese monsters in bottels (waaronder ’n menslike, ’n vlermuis- en aardvarkfetus, asook vyf soorte volgroeide vlermuisspesies). Daar is voorts

ook 'n perdeskedel en drie verskillende spesies opgestopte vlermuise teen die muur, saam met 'n kaart waarop al die verskillende vlermuisspesies uiteengesit word (1999:113). Vergelyk hierdie bostaande objekte met Lena se versameling van *memento's mori* in *Landskap met vroue en slang* asook die voorafgaande opmerkings oor 'n terugkerende vlermuiskode. Ester Zorgenfliess is, in die konteks van die begrafnis waarvoor sy die dorp besoek (maar ook binne die naturalistiese konteks dat die mens uitgelewer is aan natuurwette) diep onder die indruk daarvan dat “alle tyd geleende tyd is, dat alles in 'n oogwenk kan verander – selfs dit wat onveranderlik en onbeweeglik voel” (1999:105).

Die museum, synde 'n bergplek van die verlede, is 'n bekende romanruimte wat in *Buller se plan* herhaal word. In Steynshoop is die dorpsmuseum egter oorwegend 'n oorlogsmuseum wat oorblyfsels uit die Anglo-Boereoorlog huisves. Die gegewe verbind die binneverhaal met die raam, waar die Slag van Colenso beskryf word, maar getuig ook van die drang om 'n Afrikanerverlede te bestudeer en te bewaar. Daar is weer, soos in *Klaaglied vir Koos, erf, Belemmering* en *Die boek van toeval en toeverlaat* sprake van 'n natuurhistoriese museum waar sekere spesies (in hierdie geval veral vlermuisspesies) bewaar word (1999:152). Die Dorpskafee as ruimte word weer nooit vermeld sonder dat daar in biologiese taal na die uitgestalde plastiekplant as 'n “plant sonder huidmondjies” verwys word nie (vergelyk pp. 46, 56, 60, 77, 106 en 130).

Die begraafplaas is in hierdie teks, soos in *Landskap met vroue en slang* asook *Karolina Ferreira*, 'n herkenbare ruimte en ontmoetingsplek. Ester besoek dit dikwels en sy loop onder meer ook van die ander karakters, soos Bennie Potgieter, daar raak. Bennie vertel aan haar dat hy en sy pa gereeld blomme op die volkshelde en familielede se grafte kom sit. Ester ervaar 'n “diep geurige koelte” en die “reuk van gedistilleerde verrotting” wat haar duiselig maak en selfs haar liggaam binnedring (1999:28).

Die wetenskaplike diskoers word in hierdie teks, soos in voriges, getemper deur frekwente verwysings na die dood, drome, hallusinasies en paranormale praktyke. Mevrouw Kriek, wat later wreed vermoor word, se advertensiebord buite haar huis lui: *Heldersiene en lewensraad. Kom binne vir 'n afspraak* (1999:15). Die groep mans

besoek op 'n stadium die sogenaamde “talking head” of blinde orakelman, ene Meneer Mbulelo, wat toekomsvoorspellings waag nadat hy 'n stukkie van die kliënt se hare of naels bevoel het. Die talle verwysings na die orkes van Jan de Dood wat uiteindelik nooit opdaag nie, val ook in hierdie kategorie van die nierasionele.

Steynshoop word deur Smith (2000:8) bestempel as die kruispunt van verrotting en herlewing, vernietiging en heropstanding, hoop en wanhoop. Hy beweer tereg dat die verdriet wat Ester by haar moeder geërf het (en wat alreeds in die Blake-motto in die vooruitsig gestel word), by implikasie deur die erflikheid sêlf opgehef word wanneer 'n getransformeerde Ester weer vanuit die plattelandse dorp na haar eie geliefdes terugkeer.

#### **4.8 DIE BOEK VAN TOEVAL EN TOEVERLAAT (INGRID WINTERBACH, 2006)**

Ons het binne 'n heelal ontstaan waarvan die wette en konstante gunstig is vir die evolusie van lewe.

Winterbach, *Die boek van toeval en toeverlaat*

Louise Viljoen maak in haar *Litnet*-resensie (2007a) gewag van die gevoel van verwondering wat sy by die lees van die boek ervaar het. Sy verwys hier spesifiek na die werkskring waarin Helena Verbloem (weer 'n sprekende naam) haar bevind en waar sy gesprekke voer met verskillende wetenskaplikes en museumkollegas wat hulle spesialiskennis met haar (en dus ook met die leser) deel. Die karakter Hugo Hattingh is 'n paleontoloog (gemoeid met oorspronge), wat volgens Theo Verwey grondiger as die woordeboek kan verklaar wat lewe is: “Tot in die eerste moer, die grondsop, die oerslym” (2006:48). Helena sê van Hugo dat hy die drama van evolusie soos 'n film voor hom kan sien afspeel; soos 'n blom wat voor jou oë oopvou (2006:51).

Die *toeval* in die titel het juis te make met die Darwinistiese verklarings wat haar gidse, Hugo Hattingh en Freddie Ferreira (kurator van die museum se soogdier-afdeling) oor

die ontstaan van lewe en die gang van evolusie aan haar voorhou. Hugo beweer dat “die vorm van geen enkele lewende soort soos ons dit vandag ken, ooit voorspelbaar [was] nie. Alles wat hier is, is die gevolg van toeval, van tallose voorafgaande gebeurtenisse” (2006:149; sien ook die bespreking van die *gestalt* van Darwinistiese idees in Afdeling 4.2). “Biljoene kontingente gebeurtenisse” (2006:209), eerder as ’n samehangende plan, het volgens Hugo dan aanleiding gegee tot die ontstaan van *Homo sapiens*:

Ek weet ewe min as die skulp wat die dag van more vir my inhou. Ek is ’n komplekser en gevoeliger wese as die weekdier, maar ek het ewe min beheer oor my lot – hoewel ek (soos die ryk man) oor hierdie lot kan besin en fantaseer. My lotsbestemming sien ek nie as bepaal deur die Voorsienigheid nie, maar *as die sameloop van ’n honderd, van ’n duisend en een klein toevallighede* (2006:328; my kursivering).

Hierdie feit, naamlik dat klein, opeenvolgende en toevallige gebeurtenisse volgens Darwin se evolusieleer die bron van alle evolusionêre variasie is, lei Helena tot ’n besef van die betreklikheid van haar posisie in die kosmos, “kompleet soos die eerste gewerweldes – ’n mond en ’n anus, verbind deur ’n rudimentêre senuwee: met vyfhonderd miljoen jaar van evolusie in oneindigheid aan weerskant van my uitgestrek” (2006:209). Helena redeneer dat, indien die geringste toevallige verskil die totale gang van die evolusionêre geskiedenis kan verander, haar eie lewe immers ook aansienlik anders daar kon uitsien: “As my menslike vorm, as die aard van my bewussyn en van my sintuiglike vermoëns die gevolg van ’n duisend en een klein toevallighede is, hoe kan ek anders as om ook die rol van toeval in my eie lewe na te gaan?” (2006:178). Dié kwessie van toeval (“chance”) as bron van evolusionêre variasie is alreeds verken in ’n verhandeling getiteld *Toevalligheid in Ingrid Winterbach se ‘Die boek van toeval en toeverlaat’: interpretasies van die roman met die fokus op die tema van kontingensie* (Van den Heever 2010) en word dus nie in besonderhede verder beredeneer nie.

Getrou aan die Winterbach-konvensie beklee gesprekke oor die oorsprong van spesie en lewe ’n kernposisie in hierdie roman. Hugo Hattingh verduidelik byvoorbeeld aan Helena dat been ’n “samestelling van anorganiese kaliumfosfaatkristalle, hidroksiapatiet en organiese kollageenweefsel is” (2006:49). ’n Polemiese gesprek oor die mens se akwatiese oorsprong volg hierop wanneer daar ernstig gedebatteer word of gewerweldes



in seewater of in varswater ontstaan het. Die varswaterteorieë van Alfred Romer (paleontoloog) en Homer Smith (nierfisioloog) word deur beide Hugo en Freddie gediskrediteer ten gunste van 'n mariene-oorsprongteorie; gestaaf deur fossielrekords wat bewys dat alle bekende fossiele uit die Kambrium en die Ordovisium 'n seeoorsprong het (2006:50-51). Vergelyk hier Winterbach se herhaalde oeuververwysings na die mens se akwatiese oorsprong. Helena se vriendin, Sof Benade, wissel die gesprek oor gewigtige wetenskaplike teorieë af met die skalkse opmerking dat sy nou begryp dat ons “met groot moeite uit die see land toe gekruip het” (2006:51).

Helena se eie strewe om die ontstaan van lewe te bestudeer, verskaf in 'n sekere sin dan ook op tekswak 'n verklaring vir die artistieke funksionaliteit van die vele wetenskaplike oorsprongsteorieë in die teks:

*Ek wil meteens weet wat die omstandighede was wat gelei het tot die ontstaan van lewe. Sodoende kry ek 'n beter begrip van die mens – 'n soogdier wat hoeveel miljoene jare gelede uit 'n gewerweld oerouer ontwikkel het. Om die mens in hierdie konteks te sien, moet lig werp op die funksionering van die bewussyn, en gevolglik op die mens se bestaansdilemma as 'n dier met 'n ontwikkelde intelligensie en 'n bewussyn van sy eie sterflikheid. 'n Bewussyn wat, as ek reg begryp, ontwikkel het rondom 'n anus aan die een punt, 'n mond aan die ander punt, en 'n ruggraat wat die twee verbind (2006:52; my kursivering).*

Helena bly soek na antwoorde en konfronteer een oggend vir Hugo in die teekamer met die volgende vraag: “Wat is lewe?”, waarop hy bloot antwoord: “Lewe is die teenwoordigheid van DNS.” Op haar versoek om sy antwoord te verhelder, verduidelik hy die afkorting as “deoksiribonukleïensuur, bestaande uit aminosure wat saamgeketting is om proteïene te vorm en bestaan uit twee molekulêre stringe wat 'n dubbele spiraal vorm”. Dié definisie word verder opgevolg met 'n uitvoerige uiteensetting van die samestelling van die DNS-stringe (2006:94-95). Hierdie wetenskaplike verklaring is volgens Hugo bloot 'n vereenvoudigde antwoord op haar vraag, want “lewe kan ook gedefinieer word as 'n komplekse, selforganiserende fenomeen wat soms in plekke voorkom waar energie van 'n warmer na 'n koeler voorwerp vloei. Sonder hierdie vloei van energie kan dit nie voorkom nie. Dis 'n essensiële vereiste vir lewe – hoewel nie die

enigste nie” (2006:95). Die obsessie met die wetenskaplike proses en stelwyse in die Winterbach-oeuvre blyk verder uit die onderstaande beskrywing van die Oerknal:

[Hugo Hattingh verduidelik] dat die Oerknal ongeveer vyftien duisend miljoen jaar gelede plaasgevind het, dat dit tussen 10 tot die mag -36 en 10 tot die mag -32 van ’n sekonde daarna (die sogenaamde inflasieperiode) uitgebrei het tot ’n radius van ’n honderd biljoen kilometer en dat die hittegraad ’n honderdste van ’n sekonde na die Oerknal ’n honderd duisend miljoen grade Celsius was, en ’n sekonde daarna alreeds afgekoel het tot sowat tien duisend miljoen grade Celsius. Hy verduidelik dat dit nog te warm was vir die vorming van atome, en dat die heelal uit ’n chaotiese maar homogene mengsel van slegs straling, waterstof en helium bestaan het. Alle elemente vandag aan ons bekend, het daaruit voortgekom. Na ’n halfmiljoen jaar is die temperatuur ongeveer vier duisend grade Celsius, gelyk aan ons son se oppervlak. Atome word uit subatomiese deeltjies gevorm. Materie begin konsentreer as gevolg van die aantrekkingskrag van swaartekrag. Straling neem af en die heelal begin geleidelik verdonker. Na ’n paar duisend miljoen jaar begin groot gaswolke materie saambondel, en word die sterre en sterrestelsels gevorm” (2006:96-97).

Wanneer Helena besef dat dit na die Oerknal die heelal ’n halfmiljoen jaar geneem het om te verdonker, besluit sy dat sy voortaan pal in verwondering sal moet leef (2006:98). Hugo merk later op dat die laaste boek wat Darwin geskryf het, geen grootse besinning oor lewe en evolusie was nie, maar wel oor wurms gehandel het, synde metafoor vir die belangrike rol wat klein veranderings en aanpassings oor ’n lang tyd speel: “So sien Darwin evolusie,” sê hy nadenkend, “die verspreiding van klein veranderings oor ’n lang tydperk” (2006:98). Die werk waarna daar in die roman verwys word is *The Formation of Vegetable Mould Through the Action of Worms With Observations on their Habits* (1881), waar Darwin in die inleiding verklaar het dat die onderwerp onbelangrik mag voorkom, maar dat dit ’n belangrike beginsel oor die kumulatiewe effek van klein veranderinge demonstreer (Boulter 2008:208).

Helena besluit daarop dat die wurm eintlik die kroon van die skepping behoort te wees. Sy glo dat sy haar menslike vorm en beslag as onderdeel van ’n “uitgebreide genealogie van verskoppeling” gevind het (2006:115). Die kwessie van progressiewe ontwikkeling al dan nie in evolusie kom ter sprake wanneer Hugo aantoon dat die mees suksesvolle lewensvorme “eensellige lewensvorms” is wat nie nodig gehad het om te verander nie:

Darwin se teorie gaan oor gelokaliseerde aanpassings. Dit hou nie noodwendig vooruitgang in nie. Mense dink hulle is die mees suksesvolle lewensvorm op aarde [...] die gevolg van biljoene jare se evolusie deur natuurlike seleksie, met 'n voortdurende verbetering van elke nuwe spesie, en 'n einddoel in sig. Dit is nie so nie. Evolusie gaan nie oor vooruitgang nie. Biologiese evolusie gee nie voorkeur aan enige afstammeling nie, en vir geen vorm is daar 'n uiteindelijke bestemming nie. [...] In elke fase is daar suksesvolle spesies wat besonder goed aangepas is by hulle ekologiese nisse, en hulle bly onveranderd. Ons is afkomstig van 'n lang lyn evolusionêre wanaangepastes – individue wat onsuksesvol in bepaalde nisse was en nuwes moes vind (2006:114-115).

Die konsep van geologiese tyd (“deep time”) en die verband met evolusie is weer, soos veral in *Belemmering* en *Niggie*, ook terug te vind in hierdie roman. Evolusie kan volgens Hugo se verduidelikings nooit geskei word van die geologiese geskiedenis van die aarde nie (2006:158-162). Hy noem, weer in die katalogiserende, enumerende trant van Winterbach se vorige romans, die verskillende opeenvolgende hoofrotsformasies tydens die vorming van Suid-Afrika op: die Barbertonse Groensteenbelt, die Limpopobelt, die Ventersdorpse Supergroep, die Bosveld-kompleks, die Transvaalse Supergroep, die Waterberg- en Olifantshoek-supergroepe, die Namakwa-Natal-belt, die Pan-Afrika-belt en die Kaap- en Karoo-supergroepe (2006:161). Helena sê self beskik oor 'n indrukwekkende kennis rakende die opvolging van geologiese tydperke: “Ek het 'n duidelike beeld van die Argeïkum en die Proterosoïese eons – die tydperk van onsigbare lewe, wat die Fanerosoïese eon – die tydperk van sigbare lewe, voorafgaan (2006:113-114). Die rotsformasies word voorgedra as fossielbeddings waaruit die oorsprong en evolusie van spesies afleesbaar is en hierdie ontginning van die geologiese motief sny dus aan by die neo-Victoriaanse romantradisie (Gutleben 2001:189).

Helena Verbloem se skulpversameling bring haar ook van naderby in aanraking met die oorsprongsgeskiedenis van die aarde en mensdom, wat weer uitloop in 'n besinning oor haar eie familiegeskiedenis (ook weer tipies van romans in hierdie oeuvre en tradisie). Sy droom en dink gereeld oor haar oorlede ouers en suster, die effek van haar grootouers op haar ma en uiteindelik ook op haarself (Burger 2006:4). Die onthullende bandontwerp lyk met die eerste oogopslag na 'n skulp, maar kan terselfdertyd ook as die profiel van 'n vrou vertolk word (Bylaag C, Figuur 9). Die (evolusionêr inkorrekte) verbintenis tussen mens en skulp word intuïtief deur Helena verwoord wanneer sy haar

obsessie met die gesteelde skulpe aan konstabel Modisane probeer verduidelik: “These shells are like my family. [...] They are like my ancestors” (2006:83). Die oomblik wanneer sy egter dié evolusionêre band suggereer, besef sy dat slakke eintlik ongewerweldes is, terwyl die mens van ’n gewerwelde voorouer moes afstam. Die skulpe se verdwyning rig ten slotte ook die plotstruktuur, wat volgens verskeie kritici hier duideliker aantoonbaar is as in haar vorige romans (Burger 2006; Gouws 2008).

In die omvattende beskrywing van elke gesteelde skulp word die wetenskaplike benaming en stelwyse (soos altyd in die neo-Victoriaanse tradisie, maar ook in Winterbach se romans) afgewissel met ’n meer toeganklike, “onwetenskaplike” verduideliking: “Die ligte *Tonna variegata* – delikaat soos ’n Japannese papierlantern! [...] Die *Marginella mosaica*, met rye spiraalagtige donkergrys of bruin merkies, soos sandopdrifsels, op die bleek, melkerige oppervlak – ’n skulp waarin die tyd self sy merke in die oppervlak ingeweef het.” Só wetenskaplik presies en poëties (maar terselfdertyd ook toeganklik vir die leek) word elkeen van die mees geliefde gesteelde skulpe beskryf (2006: 28-29).

Viljoen (2007a) meen dat haar “meditatiewe aandag vir die skoonheid en detail” van elke skulp vir Helena Verbloem in staat stel om haar “geestelike nood” beter te verwerk. Haar gehegtheid aan die skulpe staan in teenstelling met haar gebrekkige emosionele gevoelens teenoor mense. Haar minnaar Frans meen dat haar onvermoë om die verlies van die skulpe te verwerk, selfs aanduidend is van ’n groter onvermoë om ander verliese ook te kan verwerk. Die skulpe word dus, benewens estetiese objekte, ook ikone van verlies – soos skedels is skulpe dít wat agterbly nadat die sagte weefsel vergaan het (Gouws 2008:17). Helena soek vertroosting teen dié verlies en verganklikheid deur haar te verdiep in ’n studie van die oorsprong van menslike lewe; in die geskiedenis van die kosmos en in die versameling van skulpe. Volgens Burger (2006:4) is die boek as kunswerk, soos die skulpe, ook Winterbach se eie manier om verganklikheid, droefheid en verlies teen te werk. Verlies in alle fasette (en die nostalgie wat daarmee gepaardgaan) word in Afdeling 3.5.2 aangetoon as een van die kernaspekte van neo-Victoriaanse romans (Shuttleworth 1998:253).

Helena bewonder nie net die skulpe om estetiese redes nie, maar stel ook intens belang in die wetenskaplike prosesse wat tot die vorming daarvan bydra (soos blyk uit haar kundige verduideliking aan Sof Benade): die skulp is die eksterne skelet – ’n mengsel van kalsiumkarbonaat en conchiolien – wat die ongesegmenteerde liggaam van die slak (bestaande uit ’n voet, kop, mantel en interne organe) ondersteun en beskerm. Die skulp ontstaan dan tydens ’n groeiproses waar die kalsium in steeds verdikkende lae neergelê word. Uiteindelik bly slegs die skulp oor as enigste teken dat die organisme ooit bestaan het (2006:306-308). Sof meen, na hierdie kort wetenskapsles, dat die skulp (en nie die mens nie) die kroon van die skepping behoort te wees. Helena bevestig dan Hugo Hattingh se Darwinistiese oortuiging dat die mens nie noodwendig die hoogtepunt van die skepping verteenwoordig nie.

Van Vuuren (2008:166) verwys na sekere wetenskaplike motiewe in die roman, maar sonder die skulpmotief uit as draer van die dualiteit gees/lichaam asook geloof/revolusie, “maar op paradoksale wyse ook van religieuse gerigtheid (op God as toeverlaat) in parallellie met die Darwinistiese evolusionêre aksioma (met “toeval” as sentrale fenomeen).” Die implikasie is vir Van Vuuren dat die toeval en die toeverlaat (soos in die leer van Intelligente Ontwerp – EL) nie wedersyds uitsluitend is nie, alhoewel dit oënskynlik in opposisie is: as “dit wat buite eie beheer is” teenoor “dit wat skuilplek en veiligheid bied aan die individu”, maar “dan as magte of fenomene wat beide in enige lewe ’n rol speel” (2008:168).

Daniel C. Dennett (outeur van *Darwin's Dangerous Idea*) se aanname dat die evolusionêre opvatting ook op ander skemas, byvoorbeeld musiek en taalstrukture toegepas kan word, word deur Van Vuuren benadruk. Sy bevind dat taal (en spesifiek Afrikaans) in dié roman gevolglik ook uitgebeeld word as ’n spesie wat in ’n evolusionêre oorlewingstryd gewikkel is. Tydens haar bedankingswoord by die ontvangs van die UJ-prys vir *Die boek van toeval en toeverlaat* vertel Winterbach (2008:6-7) dat sy self besonder baie hou van die gedeelte aan die einde van die boek (2006:322-325) waar die aarde beskryf word soos wat dit oor honderde miljoene jare van nou af daar sou kon uitsien:

Ek hou daarvan omdat dit 'n blik gee vanaf 'n groot afstand – 'n soort kosmiese blik wat verby die vergeefsheid van menslike inspanning en strewe gaan, verby alles wat menslik en weerloos is. Veral juis omdat menslike feilbaarheid en ontoereikendheid so prominent figureer in die boek. As ons dan deur 'n spieël in 'n raaisel moet kyk, kan ons ons ten minste die groter prent verbéél. [...] Met verbeelding daag ons die groot stilte uit. Kom, sê ons: Vat so, ek is nietig en sterflik, maar ten minste kan ek my die hemel en die hel verbeel. Ek kan my die ganse kosmos verbeel en die roete van die slak. En die bykans onvoorstelbare lewe van die ander.

Anders as in die vroeë romans, waar die beginsels van evolusie deurgaans meer subtiel betrek word, bereik die fassinasie met oorspronge en evolusionêre teorieë in hierdie teks 'n hoogtepunt. Die wetenskaplike verduidelikings beslaan soms bladsye aaneen en het in die algemeen daartoe gelei dat lesers die artistieke funksionaliteit van hierdie verwysings bevraagteken het. Interpretasies van tekste word in 'n groot mate gerig deur *genreverwagtinge* en indien die roman nie binne 'n neo-Victoriaanse tradisie beoordeel word nie, mag die verwysings (ten spyte van kritiese uiteensettings wat dit wel as noodsaaklike onderdeel op teksvlak motiveer) steeds as oorvloedig ervaar word. Binne die neo-Victoriaanse paradigma is dié spesifieke aanbiedingswyse egter glad nie onvanpas nie; dit is trouens 'n artistieke noodsaaklikheid.

In die gevolgtrekking hieronder sal die funksie van die veelvuldige voorkoms van evolusionêre patrone in Winterbach se romans van 1984–2006 saamgevat en beredeneer word.

#### **4.9 GEVOLGTREKKING: “There is grandeur in this view of life”**

Die Darwin-metafoor van die oorgroeide rivieroewer (“entangled bank”) was vir doeleindes van hierdie studie 'n drievoudige vonds. Eerstens is dit 'n bruikbare metafoor om die evolusionêre konsep van natuurlike seleksie op 'n toeganklike manier te verduidelik. Tweedens is dit presies dieselfde metafoor wat Winterbach ontgin in haar beskrywing van romanruimtes (stad, dorp, erf en tuin) waar 'n magdom verskillende, maar interafhanklike karakters en ander spesies 'n oorlewingstryd voer.

Derdens word Winterbach se romans – vanweë hierdie onderliggende Darwinistiese wêreldbeskouing asook meegaande fassinatie met die natuurgeskiedenis – direk met die Victoriaanse en neo-Victoriaanse verteltradisies verbind, wat ’n soortgelyke verankering in Darwinistiese idees veronderstel. Die bevinding is daarom dat haar romans in hierdie bepaalde opsig sterk aansluit by kategorieë soos Darwinistiese romans (Chapple 1986), natuurhistoriese romans (Shuttleworth 1998), natuurgeskiedenis (Byatt 2000) asook die retro- of neo-Victoriaanse romantradisie wat spesifiek in Afdelings 3.5.2 in oënskou geneem is.

’n *Gestalt* van Darwinistiese beginsels, soos deur Levine (1988:13-20) onderskei, is deurgaans in die analises van die romans aangetoon. Die oogmerk was om te bewys dat die tekste onder bespreking ’n Darwinistiese wêreldbeskouing vergestalt; en dat dié vergestaltung artistiek verantwoordbaar is. Konsepte soos groei, afstamming met aanpassing of evolusie, metamorfose, natuurlike seleksie, afsterwing, uitsterwing en verrotting is in die oeuvre (1984–2006) aangetoon en bevestig die evolusionêre stramien waarop die romans berus. Gouws (2008:10) en MacKenzie (2008:112) verwys tereg na die empiries-wetenskaplike wêreldbeeld wat in die Winterbach-romans gefiksionaliseer word (alhoewel daar ook sprake van bonatuurlike wêrelde is waaroor daar in Afdeling 5.5 verder uitgewei sal word).

Die betekenisdraende newetekste, soos die bandontwerp op die onderskeie voorblaaie asook sketse op die agter- en binneblaaie, dui verder op ’n sterk natuurhistoriese ingesteldheid (sien Bylaag C). Die entomologiesketse van spinnekoppe en motte (met byskrifte) asook die wetenskaplike presisie waarmee spesies byvoorbeeld beskryf word, herinner aan die negentiende-eeuse nefiksionele natuurgeskiedenis. Die vorm én inhoud van dáárdie natuurgeskiedenis tekste word dus by implikasie as narratiewe model, maar ook as tema in Winterbach se romans herwin (sien ook Byatt in Afdeling 6.3.2). Kirchknopf (2008:53) se mening dat tipiese neo-Victoriaanse romans postmodernistiese herskeppings van die negentiende eeu veronderstel, het dus ook op Winterbach se oeuvre betrekking.

Neo-Victoriaanse genrekonvensies veronderstel natuurlik nie *noodwendig* die situering van 'n teks binne 'n Victoriaanse periode nie. In *Niggie* is daar wel 'n volledige herskepping van 'n periode wat as koloniaal en Victoriaans bestempel kan word (sien Afdeling 5.2), terwyl gedeeltelike representasies by *Belemmering*, *Karolina Ferreira*, *Landskap met vroue en slang* asook *Buller se plan* voorkom. Dié vermenging van verskillende narratiewe periodes is tipies van tekste in hierdie romantradisie. Ten spyte van die afwesigheid van 'n prominente Victoriaanse verhaalruimte in die meeste tekste, is daar egter steeds 'n sterk affiliasie met die neo-Victoriaanse romantradisie vanweë die verbeeldingryke herwinning van tersaaklike genrekodes: “texts which are inward with the conventions of the period,” aldus Gilmour (2000).

Winterbach se herhalende benutting van die volgende Victoriaanse en neo-Victoriaanse merkers (wat almal 'n Darwinistiese ondertoon het) dien vermeld te word: die natuur-historiese instelling asook die invoeging van betekenisdraende newetekste wat daardie instelling bestendig; 'n behepthed met oorsprong, evolusie en benoeming van spesie; die romanmatige gelykstelling tussen mens en insek/dier; die “invloed” van natuurlike voorwerpe; en 'n popularisering van kennis. Motiewe soos die mot, wurm, spinnekop, die biologiese sel, spinnerak of weefsel, die aarde as lewende organisme en “die liggaam as anatomiese preparaat” het ook betrekking (Gouws 2008).

In die fiksionaliseringsproses ontstaan daar 'n idiosinkratiese semantiese veld (of eie woordeskat) met die frekwente gebruik van kernwoorde soos “metamorfoseer”, “groei”, “stadium”, “oorsprong”, “kokon”, “papie”, “mot” en “transformasie” ten einde dié wetenskaplike wêreldbeskouing te bestendig. Metafore uit die wetenskap (en spesifiek die entomologie, biologie en geologie) vervul soms 'n interpretatiewe funksie wanneer dit, benewens die uitbeelding van 'n outentieke wetenskaplike sfeer, ook sekere leesleidrade verskaf. Die wetenskaplike register word ook intertekstueel ondersteun deur 'n reeks verwysings na Kafka se werk *Die Verwandlung*, waar die transformasie van mens na insek beskryf word. Kennis van Victoriaanse voorgangers soos Eliot (en by name *Middlemarch*) word verder in die romans, wat 'n distinktiewe verliteratuurde voorkoms vertoon, openbaar. Eliot word allerweë bestempel as een van die skrywers wat daarin geslaag het om die derde-kulture tydsgees van die Victoriaanse era te



verreken. Sy was daarom deurentyd 'n belangrike skakel tussen Winterbach, 'n derde kultuur en die neo-Victoriaanse romantradisie.

Die evolusionêre konsepte ondersteun ook op metaforiese vlak die psigiese transformasie van die Winterbach-hoofkarakters, wat gewoonlik 'n permutasie van dieselfde tipe is: 'n alleenstaande vrou (ongetroud of tydelik geskei van haar man) wat op haar stedelike erf of tydens 'n reis na die platteland met sekere bestaansvrae worstel. Die naamlose vrou op die voorstedelike erf, Hannah, Karolina Ferreira, Lena Bergh, Ester Zorgenfliess en Helena Verbloem is eintlik dus almal variasies op dieselfde tema; dieselfde karakter in verskillende gedaantes en verskillende stadia van ontwikkeling. Uitsprake dat Winterbach ook die *Afrikaner* in verskillende stadia van politieke en genealogiese ontwikkeling uitbeeld, is verbandhoudend betrek.

Winterbach se keuse van karakters is binne die breër konteks van 'n derde kultuur ook betekenisvol. Hulle is dikwels, in navolging van Victoriaanse en neo-Victoriaanse literêre konvensies, professionele wetenskaplikes wat binne 'n outentieke wetenskaplike romanruimte gesitueer word (Kucich 2000). Hulle is soms bloot net karakters wat 'n belangstelling in die natuurlike wêreld vertoon. Soms is hulle kunstenaars (meestal ook met 'n voorliefde vir die landskap). Hierdie karaktertiperings lei daartoe dat die gesprek tussen die “twee kulture” van wetenskap en kuns ook by implikasie in die oeuvre gevoer word. Die aanhaling uit *Belemmering* wat in die openingsparagraaf weergegee is, onderskryf juis dié indringende verkenning van tussenruimtes en/of betwiste terreine wat ook in die Winterbach-tekste teregkom.

Die tendens om die vrouekarakters te bemagtig deur aan hulle progressiewe beheer oor die wetenskapsdiskoers te gee namate hulle van hulle mans of minnaars ontvoog word, verraai die genderkritiek wat in die manipuleringsregister van 'n wetenskaplike register geleë is. Soos in die Victoriaanse en neo-Victoriaanse verteltradisies, val Winterbach se keuse (met uitsondering van *Klaaglied vir Koos*) oorwegend op 'n alwetende vertelinstantie, 'n afwyking van die tipiese postmoderne teks waar 'n onbetroubare eerstepersoonsverteller gewoonlik aan die woord is. Hierdie keuse vir 'n “alwetende

verteller” is in die Victoriaanse romans gesien as ’n keuse wat verband gehou het met wetenskaplike “objektiwiteit” en dus morele outoriteit.

Winterbach se romans fiksionaliseer ook die Darwinistiese beginsel dat hiërargiese grense tussen menslike karakters en ander biologiese spesies uitgewis word. Die strategie vertoon ooreenkomste met die tipies negentiende-eeuse kongruensie wat daar destyds ook tussen menslike en niemenslike gemeenskappe getref is. Die mens-insekgelykstelling is die mees voor die hand liggende voorbeeld hiervan, maar talle gevalle is aangehaal waar mense en ander biologiese spesies as gelyke lede van die diereryk uitgebeeld word. Die immerteenwoordigheid van insekte word volgens Gouws (2008:17) ook geassosieer met “nietigheid, kortstondigheid, ontbinding, die ondergrondse en die grond self”, maar dan ook met dit wat “boos, duiwels of hels is”. Hy meen dat hierdie konstante wetenskaplike verwysing na dit wat *heel klein* is (insekte) asook dit wat *heel groot* is (die kosmos) ’n leegheid of afwesigheid op mesovlak aandui: oor samelewings (met ander woorde die tussengebied) is daar by implikasie dus geen vergelykbare wetenskaplike kennis moontlik nie en slegs *geskiedenis(se)* bly oor.

Die evolusionêre uitgangspunt dat geen ontwikkelende spesie onafhanklik van ’n voorafgaande geskiedenis beskryf kan word nie, eggo in die talle romanverwysings na fossielbeddings én herinnerings, albei vorme waarin die verlede bewaar word. Daar is dus ’n sensitiwiteit in hierdie romans vir beide geologiese én historiese tyd. “Human history is implicated in natural history,” beweer Buell immers (1995:6). ’n Besinning oor oorspronge en geskiedenis impliseer by Winterbach ook bykans altyd ’n genealogiese dokumentering van die Afrikanerspesie (wat byvoorbeeld weer die belangstelling in die Anglo-Boereoorlog verklaar). Op ’n kleiner skaal impliseer dit ook ’n herbesoek van karakters aan hulle spesifieke familiegeskiedenis.

Soos in die klassieke (neo-)Victoriaanse romans is die evolusionêre bevoorronding en benoeming van spesies ook ’n prominente oeuvekenmerk by Winterbach. Die simboliese waarde van die benoemingsaksie word deur sowel Winterbach (in *La Vita* 2010) as Byatt (2000:76) beklemtoon (sien Afdeling 6.2.3). Laasgenoemde beskryf die

inkantiewe benoemings in neo-Victoriaanse tekste soos volg: “scientifically and poetically. Phylum, Class, Order, Genus, Species” – ’n beskrywing wat strook met die inventarisse wat in die Winterbach-romans aangetref word. Jansen (1999:734) sonder ook die gebruik van Latynse en wetenskaplike spesiename in Winterbach se oeuvre uit en verklaar dat die gebruik van ’n alternatiewe taalregister (soos hierdie wetenskaplike benoeming) ’n poging van die romankarakters is om hulle beperkte en gemarginaliseerde posisies te oorstyg; om “ten spyte van belemmerende faktore uit [te] reik na organiese transformasie” (1999:734). Die strewe om hierdie wetenskaplike kennis te populariseer, blyk egter uit die feit dat die wetenskaplike benamings deurgaans versag word met meer toeganklike verduidelikings (ook kensketsend van die (neo-)Victoriaanse ideaal van “instruction and amusement”).

Hierdie Darwinistiese lewensuitkyk het weliswaar in die laat-Victoriaanse naturalistiese roman (en ook ander naturalistiese literatuur) tot ’n gees van ontugtering gelei. In die tekste onder bespreking is daar ook beduidende naturalistiese eggos wat veral met verwysing na die gekwelde karakters aantoonbaar is: skuldgevoelens, angs, depressie, magteloosheid, onvermoë om traumatiese verledes te verwerk, selfmoordneigings asook ’n preokkupasie met noodlot en sterflikheid. Die besef dat die mens ’n produk van erflikheid en omgewing is wat geen beheer oor natuurwette het nie, dra by tot vele karakters se diepe gevoel van naturalistiese disillusie. Hierdie gedagte word romanmatig ook vergestalt in die talle beskrywings van onwillekeurige fisiologiese prosesse wat in individuele karakters (maar ook kollektief) plaasvind. Talle Winterbach-romankarakters is diep onder die indruk van hulle sterflikheid en wend pogings aan om hulle verganklikheid te probeer besweer.

Die kuns(te) en spirituele toevlugte waarheen die romankarakters hulle soms wend, word selfs bestempel as *teenvoeter*, as *verlossing* vir die empiriese “ontgogelde wêreldbeeld” (Gouws 2008:15). In Winterbach se romans is die kunsdaad, die soeke na oorsprong, die sug na transformasie asook die toevlug na mistieke wêreldes dus wyses waarop die mens probeer om verganklikheid te troef. ’n Drang om te versamel, te klassifiseer, uit te stal, te bewaar en te benoem verteenwoordig eweneens hierdie menslike strewe na onverganklikheid. Vergelyk in hierdie verband al die aangetoonde

verwysings na gepreserveerde monsters in glasflesse, museums, *memento's mori*, begraafplase, argiewe en woordeboeke.

Volgens Gouws (2008:12) word die verlanse na (Darwinistiese) oorvloed dikwels verwoord, maar die klem bly vir hom eerder op die gebrek of leemte in die lewens van die gekwelde protagoniste. Hierdie gebrek manifesteer dan volgens hom in die voorkeur vir konkawe of holvormige ruimtes, (eerder as bolvormige ruimtes): tunnels, holtes, gate en mierneste. Dié ruimtes wys weer heen na die verborgenhede en *ondergrondse* wat so prominent figureer in haar woord- en beeldtekste. Hierdie gedagte van ondergrondse verborgenhede vind ook neerslag in die veelvuldige geologiese verwysings, wat deur Gutleben (2001) as een van die sleutelmotiewe van neo-Victoriaanse romans bestempel word (sien Afdeling 3.5.2).

Na my oordeel onderbeklemtoon Gouws in sy argument oor “oorvloed en gebrek” die konstante verwondering aan die natuurlike wêreld en waardering vir die skoonheid van natuurlike voorwerpe wat uit die romans straal. In hierdie spesifieke opsig wyk die tekste tog af van die somberheid en disillusie wat so kensketsend van klassieke naturalistiese romans is. Dié verwondering strook met Levine se vertolking van ’n “romantic Darwin”, wat so treffend verwoord word in die slotparagraaf van *On the origin of species*:

There is grandeur in this view of life. With its several powers, having been originally breathed into a few forms or into one; and that, whilst this planet has gone cycling on according to this fixed law of gravity, from so simple a beginning *endless forms most beautiful and most wonderful have been and are being, evolved* (my kursivering).

Hierdie sentiment, asook die gelyklopende verromantisering van die wetenskaplike en sy ontdekkings, sluit verder aan by die aannames van die wetenskapsromantiek (Afdeling 3.2.3). Die wetenskapsromantiek verwys enersyds na die bestudering van die natuurgeskiedenis gedurende die Romantiese periode (1775–1830), maar is andersyds ook ’n oop tradisie wat álle praktyke beskryf waar vorme van wetenskaplikheid met

estetiese praktyke vermeng word ten einde die beleving van individue (maar ook hulle begrip van die Ander) te fasiliteer (Halliwell 1999:viii).

Die wetenskaplike register in Winterbach se romans vervul dus meerdere funksies. Dit dien as merker van die natuurgeskiedenis; as draer van die Darwinistiese idee; as outentieke ruimte waarbinne wetenskaplikes as romankarakters kan handel; as metafoor vir die transformasieprosesse wat protagoniste ondergaan; as basis vir 'n nuwe woordeskat waarmee die wetenskaplike wêreldbeeld gefiksionaliseer en bestendig word; as vorm van genderkritiek; deur die prosesse van benoeming en bewaring as borswering teen verganklikheid; as interpretatiewe instrument, en as didaktiese hulpmiddel waarmee wetenskaplike kennis versprei en gepopulariseer word.

## HOOFSTUK 5

### *NIGGIE* (2002): 'N VICTORIOGRAFIE?

So the two men attempt to throw off the torpor with which the others are afflicted by engaging vigorously in the scientific revolution that the Victorian era bequeathed them. Theirs is thus another version of the world of the father; the sturdy empiricism of the post-Darwin era, with which they attempt to fend off the attacks of their detractors.

Craig MacKenzie oor *Niggie*

#### 5.1 INLEIDING

Die toonaangewende uitspraak van Byatt, naamlik dat neo-Victoriaanse fiksie primêr op Darwinistiese veronderstellings berus, is alreeds in Hoofstuk 4 toegepas met verwysing na *Klaaglied vir Koos, erf, Belemmering, Landskap met vroue en slang, Buller se plan* en *Die boek van toeval en toeverlaat*. *Karolina Ferreira* en *Niggie* is uit daardie bespreking weggelaat omdat dié tekste respektiewelik in Hoofstuk 5 en 6 ter sprake kom. In Hoofstuk 4 is daar gekonsentreer op hoe *één idee*, naamlik dié van Darwinisme (soos vervat in die metafoor van die “entangled bank”) in *verskillende Winterbach-tekste* tot uiting kom. In hierdie hoofstuk word daar nou gekonsentreer op hoe *verskillende idees* wat met die neo-Victoriaanse romantradisie verband hou, in *één teks*, naamlik *Niggie* (2002) manifesteer.

Die wesenskenmerke van 'n neo-Victoriaanse romantradisie is alreeds uitvoerig in Afdeling 3.5.2 bespreek. In hierdie hoofstuk word *Niggie* (2002) vervolgens gemeet aan die onderstaande riglyne vir die tipiese neo-Victoriaanse roman:

- die volle of gedeeltelike fiksionele representasie van 'n Victoriaanse era;
- die ontginning van tipiese Victoriaanse periode- en genrekonvensies;
- die fiksionalisering van 'n wetenskaplike wêreldbeeld deur onder meer die vindingryke herwinning van negentiende-eeuse geologiese en evolusionêre teorieë;

- ’n dramatisering van die Darwinistiese oomblik en die resulterende geloofskrisis;
- die obsessie met bonatuurlike en paranormale verskynsels, en
- die romanmatige verkenning van nostalgie en verlies.

Bestaande navorsingsmateriaal wat betrekking het op die kreatiewe verwerking van historiese grondstof (Botha & Van Vuuren 2008, Du Plooy 2009, MacKenzie 2008), trieksterfigure en liminaliteit (Du Plooy 2006, Foster 2005, Human 2002, John 2008), taalgebruik in die roman (Botha & Van Vuuren 2007, Du Plooy 2009, John 2004) asook verlies (Human 2007, Van Vuuren 2008) sal vanselfsprekend in hierdie hoofstuk verreken word. Die oorspronklike navorsingsbydrae is egter daarin geleë dat al hierdie afsonderlike studies oor *Niggie* nou sinvol en komprehensief saamgegroeper kan word deur die literêr-historiese plasing van die teks binne ’n neo-Victoriaanse romantradisie.

Eerstens kom die tipering van *Niggie* as *historiografiese metafiksie* aan die beurt in Afdeling 5.2, ’n onderafdeling waarin die representasie van ’n historiese periode wat as “koloniaal” en “Victoriaans” bestempel kan word, van naderby beskou word. Die bewering deur Shuttleworth (1998) dat die neo-Victoriaanse roman ’n gelyktydige verkenning van die natuurlike en spiritistiese sfere (“the natural and spirit world”) wil wees, is ’n sentrale vertrekpunt vir hierdie hoofstuk en onderlê die besprekings in Afdelings 5.3 (*Darwinistiese patrone*), 5.4 (*Die Darwinistiese oomblik*) en 5.5 (*Bonatuurlike en paranormale verskynsels*). In Afdeling 5.6 word daar ten slotte kortliks verslag gedoen oor tematiese aspekte van verlies in *Niggie*.

## **5.2 HISTORIOGRAFIESE METAFIKSIE**

### **5.2.1 Ter aanvang**

In Chapple (1986:ix) se navorsing oor die rol van die wetenskap in negentiende-eeuse fiksie word daar ’n bruikbare vergelyking getref tussen die taak van die geskiedskrywer en dié van die romanskrywer. J.H. Plumb word soos volg deur Chapple aangehaal: “The aim of the historian is *to understand men both as individuals and in their social relationships in time*. “Social” embraces all of man’s activities – economic, religious,

political, artistic, legal, military, scientific – everything, indeed, that affects the life of mankind” (1986:ix; my kursivering). Chapple regverdig dan aan die hand van hierdie Plumb-opmerking sy eie afleiding dat die literêre werk, soos die geskiedenis teks, ook allesinsluitend (“similarly comprehensive”) is, menende dat dit ’n breë spektrum van sosiale menslike aktiwiteite betrek en ondersoek.

Botha en Van Vuuren (2006:2) verwys na die “historiografies-metafiksionele inslag” van *Niggie* wanneer hulle talle historiese intertekste identifiseer wat in die roman betrek word (sien hier onder by Afdeling 5.2.2). Kritici beweer dat die voordeel van die term “neo-Victoriaans” (in teenstelling met die veel wyer term “historiografiese metafiksie”) juis daarin geleë is dat die *spesifieke periode* waarop hierdie tipe postmoderne historiese roman grootliks berus, alreeds in die noemer uiteengesit word. Kirchknopf (2008:53), Shiller (1997:538), Bormann (2002:36) en Llewellyn (2008:165) is van mening dat tekste in dié retro-Victoriaanse romantradisie in ’n mindere of meerdere mate postmodernistiese herskeppings van die negentiende eeu veronderstel. Die verhouding tussen ’n kontemporêre en Victoriaanse era waarin die negentiende-eeuse impak van *On the origin of species* in eietydse fiksie verreken word, is vir Glendening (2007:185) tekenend van die postmoderne oriëntasie van sodanige tekste.

Gilmour (2000:20) bevestig dat eietydse skrywers dikwels op nostalgiese wyse ’n bepaalde historiese era herskep ten einde ’n nuwe blik op hulle kontemporêre wêreld te verkry (sien Afdeling 3.5.2). Kontemporêre lesers van *Niggie* word volgens Du Plooy (2009:12) gekonfronteer met ’n “ouer en vervreemdende denkpatroon” waarin hulle dan “tot hul verbasing iets van hulself en die hede herken”. Du Plooy (2006) voer aan dat die bepaalde perspektief op ’n gemeenskap in krisis in *Niggie* soveel te sê het vir ons kontemporêre Suid-Afrikaanse gemeenskap dat hierdie historiese roman as “’n roman oor die toekoms” bestempel sou kon word.

Hierdie uitsprake deur Gilmour en Du Plooy resoneer in Van Vuuren en Botha (2006:5) se stelling dat die rekonstruksie van ’n *koloniale* Afrikaanse samelewing in *Niggie* vir *postkoloniale* lesers in die een-en-twintigste eeu “onvermydelik ’n vergelyking van die twee tye se konvensies, taalgebruik en bo alles, “geïmpliseerde instellings” teweegbring:



Die afleidings wat uit dié gewaagde naasmekaarstelling, binne die raamwerk van die honderdjarige herdenking van die oorlog tussen 1999 en 2002 gemaak kan word, word egter slegs vaagweg gesuggereer deur verwysings na ’n stryd wat voortgaan en dat spesies uitsterf as hulle tyd uitgedien is, volgens die Darwinistiese evolusieleer. Om egter die roman te lees sonder om na te dink oor die haglike stand van Afrikaans in die twintigste eeu, die toenemende emigrasie van Afrikaanssprekendes en hulle toenemende vervreemding van die polis sou wees om oor die relatief intrigelose oppervlakte van die teks heen te skeer.

Die fiksionele herskepping van ’n spesifieke historiese era (asook die implikasies wat hierdie representasie moontlik mag inhou) word vervolgens bespreek met *Niggie* as eksemplariese voorbeeld.

### 5.2.2 ’n Fiksionele herskepping van die Victoriaanse (koloniale) periode

In 2002, presies ’n eeu na die beëindiging van die Suid-Afrikaanse Oorlog of Anglo-Boereoorlog (ABO), verskyn daar ’n vlag publikasies (onder meer *Niggie*) waarin dié spesifieke oorlog herdenk word (Roos 2006:75). Dié roman van Winterbach word deur Kannemeyer (2005:662) beoordeel as een van die belangrikste werke wat “uit die impuls rondom die viering van die Anglo-Boereoorlog voortgekom het”. *Niggie* word in 2004 met die prestigeryke Hertzogprys bekroon ten koste van Dan Sleigh se *Eilande* - ’n bekroning wat destyds wye persdekking geniet het. Die vertaling deur Elsa Silke in samewerking met Winterbach, *To hell with Cronjé*, is in 2007 gepubliseer en die Noord-Amerikaanse en Britse publikasieregte van dié Engelse vertaling is in 2009 aan ’n literêre uitgewery by die Universiteit van Rochester in die VSA verkoop (Lemmer 2010).

Op die stofomslag van *Niggie* verskyn ’n tekening van Winterbach getiteld “Cronjé se oorgawe aan Roberts by Paardeberg” (tans in besit van Diane Hulton, Wallis; sien Bylaag D, Figuur 1). Hierdie historiese gegewe verklaar gedeeltelik die titel van die Engelse vertaling en situeer die roman vanuit die staanspoor binne die Anglo-Boereoorlog. Botha en Van Vuuren (2008) wys op die treffende ooreenkomste van dié bandontwerp met ’n foto van die oorgawe wat in *The Boer War* (Pakenham 1979:427) verskyn (sien Bylaag D, Figuur 2). Die bandontwerp van die Engelse vertaling vertoon egter, anders as die oorspronklike Afrikaanse uitgawe, die syaansig van ’n jong vrou

met rooi hare wat die gesig versluier sodat slegs die nek en kakebeen sigbaar is – ’n grafiese toespeling op die ontwykende romankarakter Niggie (sien Bylaag D, Figuur 3).

’n Sterk lineêre struktuur, ononderbroke epiese gang en realistiese inkleding maak dié teks volgens Human (2002:28) meer toeganklik as haar vorige romans. Van al die gepubliseerde romans in die oeuvre tot op datum, is slegs *Niggie* ’n *volledige* fiksionele representasie van ’n historiese periode wat as “Victoriaans” en/of “koloniaal” bestempel sou kon word. Die Wetenskaps-era, wat ook in Afdeling 3.3 ter sprake gekom het, strek vanaf 1789 tot 1914 en omsluit dus die Victoriaanse era (*circa* 1837–1901). Hierdie historiese tydperk wat in *Niggie* voorgestel word, is alreeds in Hoofstuk 3 geïdentifiseer as een waarin die rol van die *natuurgeskiedenis* en/of *wetenskap* buitengewoon prominent was (sien Afdelings 3.2.1 en 3.2.2); waar “animal, vegetable and mineral” die geykte kategorieë vir natuurhistoriese bestudering was; en waar wetenskaplikes as nuwe soekers na die waarheid bestempel is (Raby 1996).

Hierdie Goue Era van die natuurgeskiedenis was dan by uitstek bekend vir die noue interaksie wat daar destyds tussen die sogenaamde twee kulture was. Die frekwente verwysing na wetenskaplike bronnemateriaal in *Niggie* bevestig dus enersyds die derdekultuur-tradisie waarbinne die teks funksioneer, maar is andersyds ook eie aan die hernude (neo-Victoriaanse) belangstelling onder kontemporêre skrywers om die wetenskaplike wêreldbeeld van die negentiende eeu te fiksionaliseer. Die uitbeelding van die natuurwetenskaplikes Ben Maritz en Reitz Steyn is byvoorbeeld versoenbaar met die verromantiseerde uitbeeldings van die negentiende-eeuse natuurkundiges, wat binne die Afrikaanse konteks geëggo word in die kwaliteite van figure soos Leipoldt en Marais (sien Afdelings 6.2.2 en 6.2.3).

Die romangegewe in *Niggie* speel ten volle af tydens die Anglo-Boeroorlog (1899–1902). In ander Winterbach-romans (veral *Belemmering*, *Karolina Ferreira* en *Buller se plan*) is daar egter ook talle verwysings na dié spesifieke oorlog, wat ten minste ’n *gedeeltelike situering* in ’n Victoriaanse periode of ruimte binne daardie tekste veronderstel. *Buller se plan* is byvoorbeeld ’n raamvertelling waar die roman heeltemal omraam word deur beskrywings van die Slag van Colenso (Desember 1899).

Human (2002:28) beklemtoon dié “oorlogbemoenings” wanneer hy verklaar dat daar in feitlik al die romans van Winterbach verwysings na die Anglo-Boereoorlog voorkom: in *Niggie* bereik die bemoenings egter ’n hoogtepunt aangesien die roman enersyds ten volle binne die periode geplaas word en andersyds omdat dit nie, soos haar vroeë romans, bloot ’n afstandelike of ironiserende terugblik daarop is nie. Die keuse van die teenwoordige tyd vir die vertelling dui ook vir MacKenzie (2008:109) daarop dat die teks nie slegs ’n blote terugblik wil wees op ’n gebeurtenis wat alreeds in die geheue vasgelê is nie: “instead, the novel plunges the reader into a series of unfolding events the outcome of which is far from certain.”

Soos Roos (2006:75), voer MacKenzie (2008:106) ook aan dat Winterbach met *Niggie* op oorspronklike wyse die tradisionele (re)konstruksies van die Boereoorlog op vindingryke wyse ondermyn: dus nóg ’n “onvolkse volksboek”, om Swanepoel (1991) se beskrywing van *Belemmering* ook op *Niggie* van toepassing te maak. MacKenzie verwys spesifiek na die beskrywing van hierdie historiese gebeurtenis deur die oë van randkarakters, en wel vanuit ’n binne- of psigiese perspektief (selfs ’n onbewuste en subliminale perspektief). Die keuse om die geskiedenis deur die belewenisse van randfigure aan te bied, is ook in pas met die neo-Victoriaanse romantradisie (sien Afdeling 3.5.2).

Winterbach openbaar ook aan MacKenzie (2008:107) dat die kampvuur, eerder as die slagveld, haar fokus was: “I think that is as far as I can venture as a woman into the male domain: the campfire. I hardly see myself writing about the thick of the battle. I think I’ve always been more interested in peripheral characters and peripheral situations. So yes, the novel is set on the periphery of the Boer War.” Botha en Van Vuuren (2006:4) verwys eweneens na die romankarakters in *Niggie* as “buitestandersfigure” wat, in die tradisie van tipiese Karel Schoeman-karakters, al reisende na sin en samehang in die landskap en die geskiedenis probeer soek.

In *Niggie* pak Winterbach sowel aktuele historiese gesigspunte as dwingende sosiopolitieke kwessies van die tyd aan: patriotisme, die rol van godsdiens (en spesifiek die vertolking van die Ou Testament), kommandolewe en dissipline, die verskroeiende-beleid en republikeins-nasionalistiese idees wat gebou word op die smart en ellende wat uit die oorlog voortgevloei het (Botha & Van Vuuren 2008:12).

In ooreenstemming met Gilmour (2000) se siening dat historiese representasies dikwels ten doel het om kommentaar op die hede te lewer, meen Kannemeyer (2005:661) ook dat die oorloggegewe “in ’n groot mate as *embleem* vir die Afrikaners van vandag” dien en hy sonder veral Oompie se voorspelling (dat die oorlog tevergeefs was) as ’n sentrale moment in die verhaal uit. Van der Merwe (1998:2) se stelling dat dié oorlogsbemoeienis “’n onderdeel (is) van die byna obsessionele belangstelling in die persoonlike en algemene geskiedenis van die land, met ’n fokus op die rol van die Afrikaners” word onderskryf deur Botha en Van Vuuren (2008:113). Hulle voer oortuigend aan dat die anomalie van ’n eietydse historiese roman oor dié oorlog meer as net blote eeufeesherdenking wil wees; dat dit uiteindelik ’n metafoor word van die hedendaagse verdeelde en verkrummelende Afrikanergemeenskap.

Hierdie belangstelling in die kollektiewe Afrikanerverlede word skynbaar verder gestimuleer deur die persepsie dat Afrikaners in meer as een sin aan die einde van ’n tydperk gekom het. In terme van die bostaande argument is die onbedekte Darwinistiese boodskap in *Niggie* dan by implikasie ook op die Afrikaner van toepassing: groepe wat by onmagte is om aan te pas, sterf uit, terwyl dié wat by hulle omgewing aanpas en diversifiseer, oorleef (sien Afdeling 5.3). Die burgers se bedreigde reaksie op die lesings verteenwoordig vir Du Plooy (2009:16) ’n demonisering van die onbekende, die “Ander”, wat ook in die eietydse Suid-Afrika voortduur.

Die argument dat die Afrikaner se tevergeefse stryd in die ABO simptome word van hulle eietydse stryd, word ook deur Winterbach self gesuggereer wanneer sy die oorwegings vir haar keuse van historiese grondstof aan Van Vuuren en Diedericks-Hugo in Steinmair (2004) asook MacKenzie (2008:106) soos volg verduidelik: sy (Winterbach) beskou die Boereoorlog as die verste punt waarheen haar geslag se menseheugenis terugstrek en omdat sy dit as ’n beslissende keerpunt in die Afrikaner se geskiedenis sien, was dit daarom vir haar ’n logiese beginpunt vir ’n besinning oor Afrikaneridentiteit. Op ’n vraag van Groenewald (2007:1) oor waarom sy spesifiek ’n historiese roman geskryf het, antwoord sy soos volg:

I would hope that I'm not too cautious as a writer. But writing a historical novel set in the South African War was a bold step for me. In retrospect, I'm quite surprised at my gumption – if not presumptuousness. I certainly won't attempt a historical novel again, although the war still interests me. I'm the last of a generation whose grandparents still experienced the war first-hand. The historical landmarks shift with each new generation.

Dit blyk verder uit die gemelde *Litnet*-onderhoud met Winterbach (Steimair 2004) dat die spesifieke “historiese gegewe” (sic) rondom ene Frau Feder en barones Feather “in geen geringe mate [nie]” aanleiding gegee het tot die skryf van die roman (en meer spesifiek tot die simboliek van die vrou-met-die-verehoedjie):

Die strukturende beginsel van hierdie teks is die spel van veer en tussenruimte, die *pterylae* en die *apteria*. Laasgenoemde, die veerlose areas, skakel met Barthes se uitspraak oor die wese van sensualiteit: “where the garment gapes”. Voorts was ene Frau Feder een van Jung se pasiënte, en deur 'n vreemde sameloop van omstandighede was barones Feather, die vrou van Victor Grayson Hardie (baron Feather, Britse Arbeiderspartyleier) by Freud in analise. Freud en Jung wys albei daarop in hulle respektiewelike gevallestudies hoe bepalend hierdie twee vroue se houding teenoor die veer vir hulle noodlot was. My belangstelling in hierdie twee gevalle was in geen geringe mate aanleiding tot die skryf van die roman nie. Wat my op die spoor hiervan gebring het, was dat Herr Feder 'n confidante van dr. Jameson was! En dat Frau Feder haar oog in so 'n mate op Jameson gehad het dat hy sy goeie oordeel soms kwyt was. Die onafskeibaarheid van veer en voël, die spel van veer en vel, is dus sentraal aan hierdie roman, met meespeling van bogenoemde geskiedenis.

By nadere ondersoek blyk dit dat dié bostaande “historiese” gegewe waarop Winterbach na bewering sou gesteun het, 'n totale versinsel (“trick”) is. Botha en Van Vuuren (2007; 2008) wys daarop dat Winterbach verskeie historiese intertekste (fiktief sowel as niefiktief) kreatief verwerk het om “implisiete” of subtiele parallele tussen die hede en verlede te trek. Hulle toon aan dat die intertekstuele stramien van die roman inspeel op aspekte van die Afrikaanse kultuurerfenis soos Boererate, volksliedjies, die Bybel en klassieke tekste in die Afrikaanse kanon. Hulle sonder byvoorbeeld hier die viertal kortverhale van Eugène Marais (“Die pad van drome”) uit (sien Afdeling 6.2.2).

*Niggie* is al deur kritici (Botha & Van Vuuren 2008) bestempel as vroulike teenhanger van Christoffel Coetzee se roman *Op soek na Generaal Mannetjies Mentz* (1998), maar vertoon na bewering ook raakpunte met Etienne Leroux se *Magersfontein, O! Magersfontein* (1976) en *Ons oorlog* van Klaas Steytler (2000). Die “sombre Cormac

McCarthy like quality” van die roman (naamlik dat karakters heeltyd gekwel word deur spoke uit hulle verlede) word deur McKenzie (2008:109) aangestip. Die aansluiting van *Niggie* by spesifieke wetenskaplike intertekste soos *On the origin of species* (Darwin, 1859) en *Principles of geology* (Lyell, 1830-1833) sal uiteraard deurentyd vermeld word.

Die onderstaande nefiktiewe en historiese intertekste is deur verskeie kritici geïdentifiseer: dagboeke deur ds. A.D. Lückhoff (*Women's endurance*, 1904), Deneys Reitz (*Kommando: 'n Boereoorlogdagboek uit die Engelse Oorlog*, 1912), Totius (*Vieren-sestig dae te velde: 'n Oorlogsdagboek*) asook die bekende Oorlogsdagboek van die volksdigter Jan F. E. Celliers. Die karakter Kosie Rijpma is trouens volgens Botha en Van Vuuren (2008) gebaseer op dié van A.D. Lückhoff, terwyl die karakter van Japie Stilgemoed weer grootliks op Jan F.E. Celliers geskoei is. Spesifieke historiese insidente in die konsentrasiekamp van Bethulie word byvoorbeeld in die roman ontgin en die figuur van Bettie Loots vertoon oënskynlike ooreenkomste met ene Betty Lotz.

Pakendorf (2002) verklaar dat die uitbeelding van die Boere op kommando amper lyk na 'n fiksionalisering van die historikus Fransjohan Pretorius se *Kommandolewe tydens die Boereoorlog*. MacKenzie (2008:108) wys (soos trouens ook Botha en Van Vuuren) op die “instructive comparison” van *To hell with Cronjé* (die Engelse vertaling van *Niggie*) met Deneys Reitz se *Commando* (met voorwoord deur Jan Smuts). Laasgenoemde oorlogsjoernaal is ook 'n eerstehandse weergawe van 'n lang reis te perd, gelewerde veldslae, gevalle kamerade, “privations experienced and finally, the bitter taste of defeat”.

Roos (2006:75) stel in haar literêr-historiese oorsig normatiewe of bevestigende tekste teenoor kontesterende tekste (“Boer bashing”) wat deur die herdenking van die oorlog opgelewer is. MacKenzie verwys na *To hell with Cronjé* as 'n “ironic subversion” (van die norm); as “history from the margins, or more precisely, from the inside”. Dit is immers by 'n oorgangskamp vir geveggeskiktes én gevegsongeskiktes waar die verhaalgebeure oorwegend afspeel. Venter (2002:7) se opmerking dat die teks 'n blik op die Anglo-Boereoorlog bied wat verwyderd staan van die heroïese, sluit aan by die uitsprake van Roos en MacKenzie. Du Plooy (2009:13) bevestig dat die geykte heroïese

beeld van die bittereinder in die kollektiewe geheue van Afrikaners deur gesprekke in hierdie roman ondermyn word.

Die argument van Venter dat die karakters nie stereotipes verteenwoordig nie, maar eerder hoogs geïndividualiseerde personasies is, word egter deur Botha en Van Vuuren (2008:122) weerspreek wanneer hulle tóg ’n reeks argetipes in die roman onderskei: Japie Stilgemoed as swyende filosoof, Generaal Bergh as man van aksie, Servaas Senekal as swak leier, Oompie, Niggie en Seun as trieksters en Ben en Reitz as argetipiese wetenskaplikes. Vergelyk in hierdie verband die opmerking hierbo dat die twee hoofkarakters geskoei is op die lees van die negentiende-eeuse natuurkundiges (“naturalists”) wat Afrikaanse teenhangers in figure soos Leipoldt en Marais gehad het.

Venter loof veral die oortuigende uitbeelding van die groot verskeidenheid karakters, dikwels met “klinkende Afrikaanse heldename” – ’n aspek wat alreeds deeglik nagevors is deur Botha en Van Vuuren (2007). Die “bont mosaïek van Afrikanerskap” word uitgebeeld met verwysing na “bittereinders, vertwyfeldes, koggelaars, weemoediges en gelowiges” wat geeneen in ’n sentrale posisie staan nie (Venter 2002:7). Dié bevoorgroting van gemarginaliseerde stemme uit die Victoriaanse tydperk asook ’n meegaande *ongewone perspektief* op dié era, is vir Llewellyn (2008:165) juis tekenend van neo-Victoriaanse romans.

Die romankarakters in *Niggie* is derhalwe ’n kreatiewe vermenging van volslae fiktiewe karakters (Reitz Steyn, Ben Maritz en Niggie), karakters wat gedeeltelik gebaseer is op geskiedkundige figure (Kosie Rijpma, Japie Stilgemoed) en werklike historiese figure soos die talle Britse en Boeregeneraals wat (saam met die inkanterende plekname van talle historiese veldslae soos op p. 213) bydra tot die skepping van ’n outentieke Victoriaanse koloniale ruimte wat in die die oorlogsjare (1899–1902) afspeel.

Die destydse verdeeldheid in Afrikanergeledere oor die onafwendbaarheid van die sogenaamde patriotiese vryheidstryd word treffend in hierdie historiese roman verreken. Dis opvallend dat daardie romankarakters wat wyer blootstelling gehad het aan ’n Britse invloedssfeer vanweë hulle opleiding en/of verblyf in die Kaapkolonie, deurgaans ’n meer gematigde siening van sake verteenwoordig. Die twee hoofkarakters, Reitz Steyn

en Ben Maritz (hierna slegs “Reitz” en “Ben” genoem) is onderskeidelik as geoloog en natuurhistorikus in Engeland en die South African College in Kaapstad opgelei.

Ben (meer nog as Reitz) oorweeg dit by geleentheid ernstig om die wapen neer te lê en die eed van getrouheid aan Brittanje te onderteken sodat hy na sy familie kan terugkeer (2002:19; 161). Reitz herinner sy vriend Ben in sulke oomblikke dan altyd daaraan dat die ondertekenaars van die eed as “drosters en verraaiers” gebrandmerk word wat op ongenaakbare wyse deur die bittereinders gestraf sal word. Ben, Reitz, Tante en Niggie is diep onder die indruk van die vergeefsheid van hierdie stryd en spreek aanhoudend hulle afkeer in die bloedvergieting uit.

Een van die hoofredes waarom Ben en Reitz trouens die “inperking” in die oorgangskamp onder Gert Smal se bevel duld, is juis omdat dit hulle van aktiewe deelname aan die stryd vrywaar. Na die oorlog vestig Reitz hom spesifiek in Kaapstad om weg te kom van die Transvaal en Vrystaat, wat hy by uitstek met oorlogsherinneringe assosieer. “Ons uit die kolonie,” het Niggie op ’n stadium laat blyk, “ons knoop nie so maklik ’n barbaarse stryd aan oor volk en vryheid nie” (2002:196).

Daarteenoor staan die bittereinders en “veglustiges” soos generaals Bergh en De Wet, kapteins Swartpeet Petoors en Sagrys Skeel, Oom Mannes, Oom Honne, en Gert Smal. Saans om die kampvuur vervloek die “onbehaaglike” Smal dan die strategiese flaters aan Boerekant (en veral die oorgawe van Cronjé by Paardeberg). Sy siening oor die sogenaamde “Uitlanderkwessie” as een van die aanleidende oorsake tot die oorlog strook ook in beginsel met die meer tradisionele historiese opvattinge daarvoor:

Piet Cronjé se moer, sê Gert Smal. Die ou keer in 1889 vir Jameson by Doornkop ... en dis die enigste ding wat hy gedoen het wat die moeite werd is. Paul Kruger koop al wapens dat dit klap in 1888. Geslepe ou bliksem. Alfred Milner begin die onderhandelingsproses in die rigting van oorlog stuur. Alfred Milner se móér. Twee en twintig duisend Uitlanders teken ’n petisie. Oom Paul moes hulle van die begin af kortgevat het. Nog voor hy en Milner in Bloemfontein bymekaargekom het. [...] Milner was van die begin af bo Oom Paul se kerf – hy onderhandel kastig oor die tydperk vir die stemreg vir Uitlanders. Dit was maar ’n manier om Oom Paul te druk tot hy nie meer kon nie. Eers sê oom Paul: Nee, sê hy, dit kan nie. Later kan hy dit nie meer vat nie en hy huil soos ’n verdomde vrou. Julle wil my land hê, sê hy. [...] Terwyl hy nog sy trane wegvee, lag Alfred Milner in sy mou. Se moer. Milner se móér. Nee, sê Oom Paul na elke toegewing, nee, verder kan dit nie. Stuur die troepe, sê



Alfred Milner. Hy het geweet, die swernoot het geweet. Op 22 September word die ultimatum gestel: die Uitlanders kry volle gelykheid en mag stem na een jaar. [...] En Alfred Milner het gekry wat hy wou gehad het – hy het sy oorlog gekry (2002:48).

Gutleben (2001:193) beweer dat die herroeping van ’n vervloë era asook die nabootsing van ’n *argaiëse taal* onderliggend is aan die nostalgie van neo-Victoriaanse fiksie. Du Plooy (2009:2) voer aan dat Winterbach ’n “voorliefde het vir die ongewone woord: argaiëse woorde wat in nuwe kontekste gebruik word, vervreemdende frases waarin woorde op ironiserende wyse in skynbaar onvanpaste registers geplaas word.”

Die herbenutting van argaiëse stelwyses word alreeds in die vooruitsig gestel deur die prominensie van die woord “niggie” (’n gedateerde generiese verwysing na jong vroue) in die romantitel. Talle ander argaiëse woorde word deur John (2004) asook deur Botha en Van Vuuren (2002, 2007) geïdentifiseer. John (2004:30) redeneer verder dat, indien die taalgebruik beskou word as implisiete kommentaar op die eietydse status van Afrikaans, dit vooruitwys op “totale verbrokkeling en inkoherensie, maar ook op lewende en kragtige kreatiwiteit”. Hierdie argument strook met Van Vuuren (2008) se opmerking oor die voortbestaan van Afrikaans in *Die boek van toeval en toeverlaat*, waar die herwinning van ongebruikte en gedateerde Afrikaanse woorde asook die ontwikkeling en uitsterwing van tale ook (soos die uitsterwing van spesies) direk in verband gebring word met Darwin se evolusieleer.

Gilmour (2000) meen egter dat die neo-Victoriaanse romantradisie *veel meer* behels as bloot die gewone historiese roman wat ’n bepaalde periode (synde die Victoriaanse periode) uitbeeld: die noemer “neo-Victoriaans” moet breed vertolk word om *alle tekste* in te sluit “*which are inward with the conventions of the period*” (my kursivering). Shiller (1997:538) bevestig dat romans in hierdie tradisie deurweef is met ’n historisiteit wat herinner aan die negentiende-eeuse roman (“new Victorian fictions that imitate nineteenth century literary conventions”).

Shuttleworth (1998) se stelling dat die tipiese neo-Victoriaanse roman (net soos die Victoriaanse voorgangertekste) ’n gelyktydige verkenning van die natuurlike én spiritistiese sferes wil wees, is alreeds in Afdeling 5.1 hierbo aangehaal. In Afdelings 5.3,

5.4 asook 5.5 word die geldigheid van haar kernuitspraak met verwysing na *Niggie* getoets deur te fokus op:

- (a) die empiries-Darwinistiese verwysingsveld;
- (b) die dramatisering van die Darwinistiese oomblik wanneer die selfverklaarde Christen-boerekrygers in die roman gekonfronteer word met 'n stel wetenskaplike feite wat hulle eie Bybelse lewensbeskouing uitdaag, en
- (c) die beskrywing van bonatuurlike verskynsels in die teks.

Buell (1995:6) se stelling dat die (menslike) geskiedenis altyd uit natuurhistoriese faktore afleesbaar is, dien as verdere motivering vir 'n verkenning van die natuurhistoriese verwysings in *Niggie* in Afdeling 5.3 hieronder.

### **5.3 DARWINISTIESE PATRONE: “Animal, vegetable, mineral”**

#### **5.3.1 Ter aanvang**

Die tipies Victoriaanse verwondering oor die eindelose vorme en verskynsels van die natuurlike wêreld asook die prominente posisie wat destyds aan die natuurgeskiedenis toegeken is, vind (soos in die ander Winterbach-romans wat in Hoofstuk 4 in oënskou geneem is) ook neerslag in *Niggie*. Shuttleworth tipeer sülke tekste as natuurgeskiedenisromans (“natural history novels”), wat sy as subkategorie van die neo-Victoriaanse roman aantoon.

Vir Byatt (2000:8) is die stel “loosely Darwinian ideas”, “present voice of Darwin” en “Darwinian content” (2000:78) die essensie van alle neo-Victoriaanse fiksie (ook “natural histories” genoem). Die *gestalt* van Darwinistiese aannames wat Levine (1988:13) identifiseer, word ook treffend en toeganklik verduidelik deur die twee hoofkarakters in *Niggie*, Ben Maritz en Reitz Steyn, in hulle lesings aan die burgers in die oorgangskamp. Hierdie groep beginsels, wat alreeds in Afdeling 4.2 uiteengesit is en dus nie weer hier herhaal sal word nie, sal rigtinggewend wees vir die bespreking in Afdeling 5.3.2 hieronder.

### 5.3.2 In gesprek met Darwin

Soos dikwels die geval is met tipiese Victoriaanse en neo-Victoriaanse romans, is die twee hoofkarakters in *Niggie* ook professionele wetenskaplikes (sien Kucich 2000). Kannemeyer (2005:660) wys tereg op die teenstelling tussen dié twee hoofkarakters en die tradisionele voorstellings van die vegtende Boer as “ruie en onderontwikkelde persoon”. Roos (2006:77) meen dat die verhaal van die twee hoofkarakters se betrokkenheid by ’n reeks komplekse menseverhoudings asook hulle “toegewyde bestudering en wetenskaplike kartering van geologiese en botaniese verskynsels” in die roman tot *universele ervarings* uitgebou word.

Reitz Steyn en Ben Maritz is albei natuurwetenskaplikes in hulle veertigerjare. Hulle deel ’n “hartstog vir die natuurlike wêreld” wat die basis van hulle vriendskap vorm en is albei van jongs af besig met “waarnemings en optekeninge van die natuur” (2002:13). Die beskrywing van Gutleben met verwysing na neo-Victoriaanse romankarakters as oorwegend “goedaardige protagoniste wat ’n nostalgiese waardesisteem verteenwoordig”, is ewe gemaklik op veral Ben van toepassing. Reitz (wat vae ooreenkomste met ’n gekwelde Eugène Marais vertoon) het voor die oorlog eers sy jong kind en daarna sy vrou verloor. Hy is, in ooreenstemming met die naturalistiese romantradisie, ’n komplekse, gekwelde karakter vol skuldgevoelens wat sy gestorwe vrou se aanwesigheid deurentyd aanvoel.

Reitz is ’n geoloog wat in (Victoriaanse) Engeland opgelei is en daarna as myngeoloog in Johannesburg begin werk het – ’n karakter wat dus intiem vertrou is met die Victoriaanse kultuurlewe en Britse dampkring. Kort voor die oorlog het hy hom in Pretoria gevestig waar hy die geologiese kenmerke van die Middelveld opgeteken het. Van Reitz word gesê dat hy hom op sy kennis beroep wanneer hy ontstem is, “want in kennis is daar troos en afleiding” (2002:83). Sy aantekeninge, sketse en kennis is “borswering en verweer teen die donker, wanhopige klonterigheid van sy gedagtes” (2002:211); “troos teen die indringing van verderflike gedagtes” (2002:212):

Dit troos hom soms, dit laat hom bedaar, al die name. Die gedagte aan die groot verskeidenheid van vorms in die natuur. Die oorfloed van spesies. Die onvoorstelbaar lang geskiedenis van die aarde, waarvan hulle op hierdie tydstip

net 'n bitter klein deeltjie is. 'n Geskiedenis oneindig omvattender as die vreesaanjaende engte van sy eie klein emosies (2002:212).

Tog word hy soms so oorweldig deur sy situasie dat “geen name, geen kennis, bestand [is] teen die opeenvolgende gruwels van sy drome nie, of sy gevoelens van totale ontredding wanneer hy lank slapeloos in die donker lê” (2002:213).

Reitz se vriend, Ben, is aan die Engelstalige South African College in Kaapstad ('n voorloper van die latere University of Cape Town) opgelei in die natuurgeskiedenis en dus deeglik onderlê in Darwin se evolusieleer. Ben is getroud en het 'n vrou en kinders, maar weet glad nie waar sy gesin hulleself tydens die oorlog bevind nie. Terwyl die twee kamerade op kommando is, maak hulle onophoudelik aantekeninge in hulle wetenskaplike joernale:

Wanneer die kommando van die een na die volgende staanplek beweeg het, het dit Reitz en Ben die geleentheid gegee om wanneer moontlik in die omgewing veldwerk te doen. Hulle bevindinge het hulle in joernale opgeteken. Hierdie joernale gaan oral met hulle saam – vir die wis en die onwis (2002:17).

Du Plooy (2006) wys daarop dat die wetenskaplike optekeninge 'n oorlewingstrategie by die twee mans word; dat dit iets tasbaar is waaraan hulle kan vashou; dat hulle daardeur 'n greep op die werklikheid behou. Die joernale word in trosseltjies bewaar saam met instrumente (soos Reitz se waterpas, driepoot en kartografiese bord), klippe, grondmonsters, fossielreste, insekte, plantjies, allerlei beentjies en skedeltjies en “alles wat hulle met verloop van tyd versamel het”. Die wetenskaplike joernale bevat “twee en 'n half jaar se noukeurige optekeninge en twee nuwe spesies insekte” (2002:221). Voor in Reitz se joernaal verskyn sy eie handgeskrewe kalender waarop hy al die “slopende dae, weke en maande van die oorlog daagliks afgemerk het” (2002:188) – 'n verwysing wat herinner aan die rotskalender in *Belemmering* en “Salas y Gomez” (sien Afdeling 6.2.2).

By die oorstaankamp ontmoet hulle die heldersiene en sjamanistiese Oompie, wie se voorspelling oor Reitz en Ben (met ruim gebruikmaking van Bybelse frases), soos volg lui:

Julle het boeke, sê hy. Julle het groot boeke waarin julle skryf. Julle is manne met geleerdheid. Julle dra kennis van berge en dale. Van die kragte wat berge vorm. Van die voëls van die hemel en van die blomme van die veld. Van die diertjies en die insekte. Julle ken elkeen by sy soort en naam. Maar julle is nog nie aan die einde van julle reis nie (2002:45).

By verskillende geleenthede word daar verwys na die beduidende aanspraak wat Reitz en Ben se joernale op hulle maak. In nabetragting van Japie Stilgemoed se stelling dat boeke sy redding was, voer Reitz aan dat dit in hulle geval weer die veldwerk en joernale was: “Was dit nie daarvoor nie, sê hy, het hy lankal van sy kop af gegaan. En Ben sê: Ja, dit is so, die joernale was hulle behoud” (2002:161). Op aandrang van die verwonde en stemlose Ben (wat op ’n stadium slegs die woorde *Ons joernale* op ’n lei skryf) en Niggie (“Jy moet daardie joernaal so gou moontlik gaan haal”), durf Reitz alleen die terugtog van die plaas na die oorstaankamp aan in ’n verbete poging om die “kosbare” joernale saam met hom terug te bring:

Sy joernaal in sy hand sal vir Ben moed gee (2002:189).

Mag God gee dat hy veilig reis, en die joernale veilig terugbesorg. Hy voel reeds die soliede gewig van daardie vertroude boek in sy hande. Deur al die onbestendige tye – die nuttelose slingertogte, die veldslae van tyd tot tyd, die gruwel van bloedvergiëting, die verveling en ongerief van hulle daaglikse bestaan, die reën, die koue, die min kos – was sy joernaal ’n vaste punt, en hy weet dat dit ook vir Ben so was (2002:221).

Die wetenskaplike joernale bly in die slag toe die oorstaankamp uitgewis word en dié gevoelige verlies word uiteindelik die sigbare draer van alle verlies in die teks (vergelyk die bespreking in Afdeling 5.6 hieronder). Die joernale is ook ikonies van die intrinsieke waarde wat daar tydens hierdie Wetenskaps-era (1789–1914) aan kennis toegedig is.

Terwyl hulle deur die veld ry, is Reitz fyn ingestel op die geologiese formasies, terwyl Ben weer talle verskillende spesies uitwys. Volgens Byatt (2000:72) is die protagonis se ontdekking van ’n fossiel (en veral iets soos *Ichthyosaurus platydon* wat die akwatiese oorsprong van die mens bevestig) “a regular topos, almost a cliché in these retro-Victorian novels”. Insiggewend genoeg vermeld Ben dan later ook by name die “igtiosouriërs” in sy lesing (2002:145). Nét so is Reitz voortdurend “op die uitkyk vir ’n ongewone klip, vir ongewone rotsformasies, vir fossiele”:

Tydens die Slag van Allesverloren het hy op 'n goed bewaarde fossiel afgekom waar hy langs 'n miershoop in die veld gelê het. Dit bewaar hy in sy trommeltjie. Stuur dit vir identifikasie sodra die oorlog verby is. Hy is trots op hierdie vonds, dit het hom genoegdoening verskaf om dit op die slagveld op te tel (2002:172).

Die herhaalde verwysing na fossiele in neo-Victoriaanse romans is vir Glendening (2007:198) 'n bevestiging van die kontinuïteit van lewe oor tydruimtelike grense heen (sien Afdeling 3.5.2). Vergelyk voorts die veelvuldige beskrywings van rotsformasies, gesteentes, fossielrekords en geologiese tydperke in *Niggie* (pp. 10, 14-15, 18, 28, 31, 51, 89, 125, **137-142**, 172, 195, 209, **211-212**, 221 en 242):

Hy noem die gesteentes op: blou ysterklip, vuursteen, kalksteen, rooiklip, sandsteen, skilferklip, olieklip, ysterklip, kristalklip. Dolomiet, veldspaat en skalie. Alles wat hy weet, roep hy op. Met al die kennis waaroor hy beskik, verweer hy hom teen die nag. Die name van edelstene sê hy op: melkkwarts en rooskwarts, donker lepidoliet en bleek lepidoliet, magnesiet, serpentyn, grys jaspis, bruin opaal, botter chert, bruin en grys graniet, groen en geel opalies. Chrisoberil en goudsteen. Berilsteen en luiperdklip. Grys marmer. [...] Hy dink aan die groot ouderdom van die heeal. [...] Hy dink aan die aarde en haar tydperke. Die tydskaal daarvan bykans onvoorstelbaar vir die menslike begrip. Die Kambrium- en Ordovisiumtydperk. Die Siluur en die Devoon – tydperk van visse. [...] Hy dink aan die vorming van gesteentes [...] Hy dink aan die aarde en haar stadige vormingsprosesse, wat hulle oor miljoene jare voltrek. Hy dink aan die aarde wat so groot soos 'n sandkorrel in die heeal is (2002:211-212).

Hierdie geologiese verwysingsveld in die roman onderstreep die aanspraak van Gutleben dat die motief van geologie een van die belangrikste interpretatiewe sleutels word vir die vertolking van neo-Victoriaanse romans: sulke romans vertoon volgens hom dieselfde *gelaagdheid* as die aardkors. 'n Soortgelyke gelaagdheid of meervlakkigheid word veral deur Gouws (2008:25) aangestip met verwysing na Winterbach se visuele kuns én skryfwerk. Die vele geologiese verwysings en kartografiese metafore dra uiteindelik suksesvol by tot die herskepping van 'n outentieke Victoriaanse ruimte waar die teorie van Lyell oor geleidelike verandering, soos verkondig in *Principles of geology*, groot populêre aanhang geniet het. Die ontdekking van goud en diamante – en die prominente rol van die geologie daarin – word in die teks selfs voorgedra as een van die snellers wat tot die konflik in die Transvaal gelei het (2002:71).

Ten spyte van sy indrukwekkende kennis is Reitz akuit bewus daarvan dat die aarde nog “vele geheime en verborgenhede” moet prysgee (2002:15); dat die gang van evolusie en geskiedenis van die mens uit fossielrekords afleesbaar is; dat oorspronge volgens Darwin uit die wetenskap (en nie die teologie nie) verklaar kan word: “Die geologie bestudeer die geskiedenis van die aarde, sê hy, en die grond en die gesteentes onder ons voete is die rekords wat die chronologie van daardie geskiedenis vertel” (2002:138). Hierdie verwysings na (ondergrondse) verborgenhede word trouens ook deur Du Plooy (2009:4) uitgesonder as ’n deurlopende motief in die Winterbach-romans (sien Hoofstukke 4 en 6). Vergelyk vervolgens die sketse (in Bylaag D, Figuur 4) waaruit Winterbach se eie belangstelling in die opgraving van fossiele en skedels in haar visuele kuns blyk.

Die volslae behepthed met observasie, benoeming en Linnaeiese klassifikasie van spesie(s) in die neo-Victoriaanse romantradisie is alreeds in Afdeling 3.5.2 en Afdeling 4.9 aangetoon. Ben verduidelik byvoorbeeld selfs die klassifikasiesisteam van Linnaeus aan die burgers tydens sy lesing (2002:143). Ná die oorlog ontdek Ben ’n kewer uit die orde *Coleoptera* wat hy uit erkentlikheid na Niggie (sy nuwe vrou) vernoem. Reitz en Ben se waarnemings word ook deurgaans in eksakte, kontroleerbare wetenskaplike detail verskaf:

Hy wys vir Reitz die klein boontjiekalander –’n effens langwerpige snuitkewer met witterige vlekke op die dekvlerke. Hy verduidelik dat dit onderskei moet word van die kafferboontjiekalander, wat kleiner is, byna vierkantig, en bruin- of roesrooi, met groter oë en wit strepies op die dekvlerke, waarvan die larwes in kafferbone ontwikkel en daarop teer, en wat waarskynlik nie in hierdie omgewing aangetref word nie. Alhoewel hy dit nie met stelligheid sou wou beweer nie (2002:104).

Roepgeluide van voëls word telkens, soos in ’n voëlidentifiseringsgids, klankmatig weergegee: kek-kek-kek-kek (blouvalk); lielieli-leelee (sandhoender); tjik-tjik (geelvinke); sjree-sjree (nonnetjiesuil). Die beskrywing van die nonnetjiesuil se roepgeluid in *Niggie* stem presies ooreen met die inskrywing in Sasol se *Voëls van Suider-Afrika* (Sinclair e.a 2002:240): “**Roep**. Baie en wisselende roepe, meestal ’n onheilspellende ‘sjreee’.”

Winterbach se bekende gebruik om lang lyste met spesiename te verskaf (dikwels afgewissel met poëtiese intervensies), word net soos in al haar voorafgaande romans ook in *Niggie* ’n bedagte vertelstrategie. John (2004) verwys hierna as die “katalogusvorm van die roman”:

Taaibos, sê Ben soms. Hardepeer en kriedoring, sê hy nadenkend, afgetrokke. Aalwee en bitteraalwee. Bitterboegoe. Kankerbos. Bitterwortel en kankerblaar. Huilbos. Hulle weet nie of hy meer spesifiek iets uitwys en of hy homself aan die name herinner nie (2002:26).

Hy probeer die name onthou van al die diere en insekte wat in Ben se joernaal opgeteken staan, soos wat Ben dit soms vir hom voorgelees het of in die omgewing uitgewys het. Die aardwolf en die pieringmuishond. Die rooihaas en die vlakhaas, die likkewaan en die ystervark, die bloukopsalmander, die graatjiesmeerkat. Bakoorjakkals en tierboskat. Wildekat. Rooimeerkat. Die rooiwanguil wat op maanlignagte ’n lieflike geluid maak. Die hawermannetjie in sy kokon van stokkies, kunstig verdoesel om te oorleef (2002:212).

Die boeiende en improviserende woordspeletjies wat Ben en Reitz speel terwyl hulle in die veld ry, het meestal opeenvolgende alfabetletters as vertrekpunt. Elkeen se gespesialiseerde kennis van die natuurlike wêreld blyk telkens uit hulle onderlinge keuse van woorde (sien veral pp. 29-30; 172, 231). Kort voordat hulle in ’n lokval gelei word waarin albei gewond word, speel hulle (veelseggend genoeg) ’n speletjie rondom die woord “dood” (2002:172-173) met afleidings soos *doodkruid*, *doodloopspoor*, *doodskloppertjie*, *doodskaduwee* en *doodtevrede*. Botha en Van Vuuren (2006:4) identifiseer in hierdie verband vier breë semantiese velde wat deur Winterbach se “taalargeologiese ontginning” bestryk word: taboewoorde; name van fauna, flora en gesteentes; plekname asook eksperimentele taalspel.

Du Plooy (2009:3) vermeld ook Winterbach se gebruikmaking van taal uit talle verskillende “domeine, registers, uitgebreide semantiese velde en diskoerse-in-betoog”. Sy verwys spesifiek na “die taal van die wetenskap”. Net soos wat Victoriaanse kunstenaars volgens Paradis en Postlewait (1981:xii) dus beelde en metafore uit die wetenskap ingespan het om ’n nuwe woordeskat daar te stel, skep Winterbach insgelyks ’n eie woordeskat (’n *argeologie van denke*, om Du Plooy (2009) se navorsing oor Foucault ook hier te betrek) wat onder meer op die wetenskaplike wêreldbeeld van die negentiende eeu geskoei is.



Alle konsepte wat aan die basis van Darwin se evolusieleer lê, word deur die loop van Ben en Reitz se lesings op toeganklike wyse aan die skeptiese burgers uitgespel. Die idee van oorfloed (“abundance” volgens Levine) kom byvoorbeeld al vroeg in die roman aan bod wanneer Oompie liries raak oor “die oorfloed van die skepping en geheimenisse van die natuur”. Reitz adem later “die volheid in, hierdie begenadiging van lig en oorfloed”. Ben beskryf in sy lesing die oorfloed en verskeidenheid van vorme met groot entoesiasme:

Die natuurlike wêreld, sê hy, is verbluffend in die veelheid en verskeidenheid daarvan. Vir iemand met ’n belangstelling daarin, is die natuur ’n nimmer-eindigende bron van inligting, verwondering en variasie. ’n Groot en onuitputlike studieveld! [...] As ons dink aan die veelheid van die planteryk, om mee te begin, sê hy. Die blomplante en die keëldraers, die varings en die mosse, die naaksadiges en die alge, die een- en tweesaadlobbiges, die broodbome en litjiesdenne – elkeen van hierdie ordes met sy talle soorte getuig van die oorfloed en variasie van die natuur!

En die diereryk met die talle vertakkinge dáárvan! As ons dink aan die vorms en verskeidenheid van lewende organismes, van insekte, van voëls en visse – om van diersoorte nie eers te praat nie – wat die aarde al sedert die vroegste tye bewoon, dan kan ons nie anders as met ontsag vervul word oor die oorfloed van die natuurlike wêreld nie, sê Ben (2002:143).

Die Darwinistiese uitgangspunt dat alle lewensvorme ’n onderlinge verbondenheid of interverweefdheid met mekaar vertoon in patrone van erflikheid en interafhanklikheid, word soos volg deur Ben in sy lesing verduidelik: “uit die bewyse van opgrawings en fossiele aanvaar ons vandag in die natuurhistoriese dat *alle lewe in die see begin het*, en hoewel die mens ... die hoogtepunt is van miljoene jare van ontwikkelende lewe, gaan ook sy stamboom af deur die ape van die ou wêreld, deur die soogdiere, die amfibieë, na *daardie gedeelte oerbron waaruit alle lewe ontstaan het*” (2002:148; my kursivering).

Soos in *erf*, *Belemmering*, *Karolina Ferreira*, *Landskap met vroue en slang* asook *Buller se plan* is daar ook hier weer evolusionêre verwysings na die akwatiese oorsprong van die mens. Die onderwaterse metafoor word romanmatig veral uitgebrei in die beskrywings wat betrekking het op Oompie: sy reënjas het ’n mosbegroeide

groenerige skynsel “asof hy daarmee onderwater geswem het” (2002:45); sy vel word beskryf as vergelykbaar met “die glimmende geoliede huid van ’n dier wat lang tye onder die water moet vertoef” (2002:98). Later word daar weer verwys na Oompie se jas wat soos sy tweede vel is: “olierig soos die huid van ’n dier – ’n waterdier” (2002:119). Dis asof Oompie hierdeur ’n tasbare skakel word met die verlede.

Dié (tipies negentiende-eeuse) gelykstellings tussen mens en dier was indertyd ’n logiese uitvloeisel van Darwin se evolusieteorie waar subjekte se rangorde in die natuur heroorweeg is, waar die mens as deel van die diereryk geklassifiseer word en waar spesiegrense dus begin vervaag. Vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband Ben se tipering van Reitz as “hardedopsrinkaan”, asook die kontroversiële wetenskaplike klassifisering van die mens as primate wat tot die evolusiedebat in Hoofstuk 9 van *Niggie lei* (sien die tersaaklike bespreking in Afdeling 5.4 hieronder).

In sy lesing fokus Ben ten slotte op Darwin se ontdekking dat die oorlewing van spesies uitsluitlik afhanklik is van natuurlike seleksie as die meganiese aandrywer van evolusie:

Alle elemente van die omgewing, sê Ben, klimaat, plantegroei, plek – werk in op spesies om hulle te verander. Die individue van ’n spesie wat die beste aanpas, het die beste kans op oorlewing. Groepe wat minder aanpasbaar is, sterf uit. Op dié manier, sê Ben, is alle lewende dinge merkwaardig goed aangepas by hulle omgewings en ingeskakel by die ingewikkelde web van lewe waarin hulle voorkom. Die lewe op aarde, sê Ben, is ’n stryd om oorlewing, en dit is dié wat daarvoor die geskikste is wat oorleef – dié wat hulle die beste by nuwe omstandighede aanpas (2002:147).

Die versameling en bewaring van spesies en monsters (’n deurlopende tema by Winterbach) word deur Ben en Reitz as deel van hulle normale wetenskaplike aktiwiteite bedryf. Die byman Oompie se versameling gepreserveerde monsters in sy halfskemer woning verdien ook spesiale vermelding (2002:91-93):

Op die rakke is daar glasflesse van alle groottes, met deksels. In die flesse is voorwerpe, vloeistowwe, vaste stowwe, inhoude – onbepaald, onbeperk, moeilik

identifiseerbaar in die swak lig. Daar is die reuk van stof, die seperige reuk van droë beendere, die medisinale reuk van versterkwater. Die lug is koel en muf, swamagtig. In een hoek is daar bliktrommels en kartondose. Op een van die boonste rakke is daar skedels: ’n perde- en bobbejaanskedel, iets wat lyk op ’n vlakvarkskedel; ’n groot aantal kleineres soos van meerkatte en molle.

Die trots in Oompie kurioseitskabinet is egter drie flesse waarin onderskeidelik die kop van ’n albinoluislang, die hermafroditiese klipsalmander en ’n toekomsvoorspellende mensekop gepreserveer word. Die verwysing hier bo na die bewaring van spesies en monsters in die werk van Winterbach geld nie net haar literêre werk nie, maar vind ook neerslag in haar visuele kuns (sien die pasteltekening in Bylaag A; vergelyk ook die bespreking van bonatuurlike verskynsels in Afdeling 5.5 hieronder).

Soos in ander romans kan die wetenskaplike prosesse van groei en evolusie ook in *Niggie* metafories dui op die psigologiese en emosionele groei van romankarakters: “dit gaan hier om die vermoë tot insig en groei op sigself en om die voortdurende bewustheid daarvan dat hierdie soort prosesmatigheid ’n onvermydelike eienskap van lewe is wat nooit afgehandel is nie” (Du Plooy 2006).

Die bostaande teksvoorbeelde is verteenwoordigend van ’n sterk Darwinistiese empirisme wat die roman onderlê. In hierdie konteks wyk *Niggie* dan geensins af van die oevrepatroon wat in Hoofstuk 4 ten opsigte van Winterbach se ander romans geïdentifiseer is nie. In haar volgehoue beskrywings van natuurhistoriese verskynsels en beginsels toon Winterbach se oeuvre dus sterk verwantskappe met die neo-Victoriaanse romantradisie soos wat dit deur veral Byatt en Shuttleworth voorgehou word.

Berold (2007:17) kom tot die gevolgtrekking dat die uitgebreide wetenskaplike verwysingsveld in *Niggie* uiteindelik ’n metafoor word van die romanskrywer se éie nougesette waarnemings: “Science gives her a perspective to counter nationalism, superstition, religious fundamentalism and the trauma of the war itself.” Winterbach is voorts op rekord dat sy haar lesers wil “opvoed” en dié didaktiese doelwit word bevorder deur die grootskaalse popularisering en verspreiding van kennis in die roman.

#### 5.4 DIE DARWINISTIESE OOMBLIK: “Dit strook nie met die Bybel nie”

Raby (1996:9) beskryf die periode direk na die publikasie van *On the origin of species* as ’n stormagtige periode waar die ouer Bybelse wêreldorde nie meer geakkommodeer kon word nie: “Life was in flux, not fixed.” Dié Victoriaanse drama rondom die verlies van geloof as ’n direkte uitvloeisel van nuwe evolusionêre kennis is alreeds in Afdeling 3.3.2 aangespreek. Beide Byatt (2000:78) en Shuttleworth (1998; 2001) identifiseer die geloofsonsekerheid as ’n stuwende krag (“driving force”) in retro-Victoriaanse romans:

It seems odd, in a way, to write natural histories, centering on a set of beliefs in gradual change, minute adaptations over long, almost immeasurable periods of time, and to construct them around the existential moment of crisis of faith (Byatt 2000:70).

’n Soortgelyke dramatisering van die sogenaamde Darwinistiese oomblik (“Darwinistic moment”) speel ook in *Niggie* uit waar evolusie in die wetenskap gevolg word deur revolusie in die godsdienst. Die romankarakter Generaal Bergh toon vanuit die staanspoor ’n buitengewone belangstelling in Ben en Reitz se navorsingsaktiwiteite en gee aan hulle ’n opdrag om lesings oor hulle spesialisgebiede aan ’n groepie Boerekrygers voor te dra: “Ek verwag van julle manne elk ’n bondige lesing oor julle onderwerp as ek terugkom” (2002:72). Die hele Hoofstuk 9 (pp. 136-155) word vervolgens aan hierdie opdraglesings gewy en die skryf van dié betrokke hoofstuk was volgens Winterbach ’n uiters tydrowende aspek van die skryfproses (Lemmer 2004a).

Die volgende drie belangrike perspektiewe in *Niggie* word tereg deur MacKenzie (2008:112) onderskei:

The empirical-scientific, post-Darwinian perspective of Ben and Reitz; the biblical-literalist view exemplified by Willem and the conservative Boers who assail Ben and Reitz after their lectures; and the preternatural occult view represented by Niggie in all her guises.

Hierdie lesings lei volgens Kannemeyer (2005:661) tot ’n interessante teenstelling van wetenskaplike inligting en die twyfel wat daaroor vanuit ’n “konserwatief-behoudende en Bybelse hoek” uitgespreek word. Botha en Van Vuuren (2007:122) wys eweneens op

die lesinginhoud wat “veels te progressief” vir die gehoor se “naïewe wêreldbeskouing” is. Du Plooy (2009:15, 16) beweer dat die burgers se afgeleë bestaan daartoe bydra dat die Bybel as hulle enigste gesaghebbende bron erken word:

Hulle kennis word bepaal en beperk deur die konkrete werklikheid van ervaring en deur die verklaringsraamwerk wat uit die Bybel afgelei word en wat onbevraagtekenend beskou word as realistiese referensiële en wetenskaplik geldige feite. Hierdie mense is eksponente van ’n naïewe geloofsbeskouing en ’n teologie wat basies fundamentalisties is omdat dit die Bybel bykans as wetenskaplike handboek hanteer. [...] Hierdie mense is gevang binne die fundamentalistiese denke wat vanaf die begin van die Christelike godsdiens voorkom, en wat in hierdie geval ook aansluit by die konkrete realistiese opvattinge van die negentiende eeu, sonder om eers kennis te neem van die ontwikkelinge wat in die werk van mense soos Darwin en later Freud voorgekom het.

Die seminaar word, nadat die gebruikelike foto geneem is, op tradisionele wyse met Skriflesing en gebed geopen. Uit hulle lesings (waaruit ruim aangehaal is in Afdeling 5.3) blyk dit dat Reitz en Ben die teorieë van onderskeidelik Charles Lyell en Charles Darwin aanvaar, onderskryf en ter wille van hulle gehoor ook populariseer. ’n Prikkelbare Reitz verduidelik byvoorbeeld sekere geologiese beginsels aan die hand van die rotsformasies direk rondom hulle. Ben gebruik weer die toeganklike voorbeeld van ’n perd om die evolusionêre proses aan die Boerekrygers te verduidelik. Du Plooy (2006) verduidelik dat die vraagstuk na die ideologiese en epistemologiese basis van kennis onderliggend aan hierdie wetenskaplike lesings lê: die twee wetenskaplikes se sienings is gegrond op wetenskaplike observasie, terwyl die meeste ander burgers ’n statiese wêreldbeeld aanvaar.

In Afdelings 3.3.2 en 5.3.2 is alreeds verduidelik dat Lyell se *Principles of geology* as model gedien het vir Darwin se teorie rondom die ontwikkeling van spesie. Byatt (2000) bevestig dan ook dat neo-Victoriaanse fiksie ten sterkste beïnvloed word deur die werk van denkers soos Lyell, Darwin en Spencer. In *To hell with Cronjé*, die Engelse vertaling van *Niggie*, word die spesifieke frase “principles of geology” (as direkte toespeeling op Lyell se meerdelige teks *Principles of geology*) gebruik met verwysing na die verskynsel van geleidelike verandering (“gradualisation/uniformitarianism”) wat, in teenstelling met die vervlietendheid van die menslike bestaan, oor miljoene jare voltrek word. Met verwysing na die debat oor die ouderdom van die aarde merk MacKenzie

(2008:117) in 'n voetnoot krities op dat Ben en Reitz se kompromislose wetenskaplike wêreldbeskouing merkwaardig verlig was vir hulle eeu. Hy meen dat die werklike ouderdom van die aarde eintlik eers in die middel van die twintigste eeu met sekerheid vasgestel is.

Die vyandige gehoor (met uitsondering van Jannie Neethling, Kosie Rijpma en Japie Stilgemoed) besef met toenemende onthutsing dat hierdie empiriese kennis hulle vaste Christelike oortuigings ondergrawe. Die bekende Bybelse narratief van skepping en verlossing word nou verplaas deur die nuwe wetenskaplike feit van evolusie. Ten spyte van die generaal se herhaalde versoeke om kalmte word die sprekers telkens onderbreek met uitroepe van verontwaardiging: “liederlike godslastering”, “byderwetse nonsens”, “volksondermynende liegstories”, “stront” en “volksvreemde verraderlike uitlandse kak”. Willem prewel onophoudelik dat dié inligting “nie met die Bybel strook nie”. Hulle kry egter te doen met die onwrikbaarheid van Ben se oortuigings: “oor die feitelike waarheid sal hy nie 'n minlike skikking aangaan nie” (2002:146).

Die kontradiskoers bestaan hoofsaaklik uit aggressiewe vrae oor veral die geskatte ouderdom van die aarde asook die mens en aap se gedeelde afstamming. Die burgers se fundamentalistiese Christelike oortuiging dat 'n mens die kroon van God se skepping is en dus onmoontlik genetiese verwantskappe met die primate kan hê, word gou duidelik. Tipiese misverstande en mites rondom evolusie word ook voortgesit in hulle foutiewe aannames dat mense byvoorbeeld lineêr van ape sou afstam (2002:144). Op 'n stadium wil die gehoor selfs oor die geldigheid van hierdie betrokke wetenskaplike teorieë stem, maar die generaal bevind dat dit nie wenslik is om oor “nuwe kennis” te stem nie; dit kan gewoon verwerp of aanvaar word.

Tydens die aandgodsdienst is dit asof die burgers hulle eie saak en geloof weer wil versterk deur die voorlesing van Ou-Testamentiese Bybeltekste wat as direkte kommentaar op die lesinginhoud gesien kan word. Die eerste sitasie kom ewe voorspelbaar uit die boek van Genesis 1 en handel oor “God wat die sewende dag geseën en dit geheilig het, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het”; daarna volg vers 26 en 27:

God wat gesê het laat daar mense na sy beeld gemaak word, na sy gelykenis, wat sal heers oor die visse van die see, en die voëls van die hemel, en oor die hele aarde en oor al die diere wat oor die aarde kruip. En God wat die mens na sy beeld geskape het, wat hulle as man en vrou geskape het (2002:154).

Die ander skrifgedeelte wat Willem met groot nadruk uit die Bybel voorlees, is Job 38 en 39 (waar God aan Job vra of hy die wette van die hemel ken). Beide Du Plooy (2009:15) en Van Vuuren (2008) wys op die doelbewuste keuse van die skeppingsverhaal in Genesis 1 en die verswyging of vermyding van die alternatiewe Bybelse skeppingsverhaal in Genesis 2.

Die reaksie op hulle lesings is só negatief dat Ben teenoor Reitz opper dat hulle “vandag ’n paar vyande gemaak het” (2002:153). Reitz glo dat hulle so gou moontlik by die kamp moet wegkom, aangesien “alles hulle daar aankla van dwaasheid en oormoed” (2002:155). Kort na afloop van die lesings word die twee hoofkarakters op ’n (erg verdagte) militêre sending gestuur waar hulle deur onsigbare soldate in ’n hinderlaag gelei word. Daar is ’n sterk suggestie in die teks dat hulle nie deur “Kakies” nie, maar deur sekere ontstoke lede van die gehoor aangeval is (2002:236). Reitz word lig in die been verwond, terwyl Ben ’n ernstige skietwond in sy nek opdoen. Hy (Ben) verloor as gevolg hiervan uiteindelik sy vermoë om te praat en word dus effektief stilgemaak. Die onheilspellende afloop van die “verduiwelse” lesings word soos volg deur MacKenzie saamgevat:

The two groups greet and part. The significance of this strange encounter never becomes fully clear, but it serves the purpose of creating a baleful atmosphere – and also conveys the idea that this is an unknown and threatening landscape in which the unpredictable happens and in which Ben and Reitz’s science is of little use. Even empirical first-hand observations are not guaranteed to yield incontrovertible knowledge. [...] The two rival worldviews of the world of the father are thus played off against each other, and the progressive, secular views of Ben and Reitz are shown to be superior. However, they are no match for the dark powers of Niggie in her various guises” (MacKenzie 2008:113).

## 5.5 BONATUURLIKE EN PARANORMALE VERSKYNSELS

### 5.5.1 Ter inleiding

Heldersiendes, mediums, geeste, trieksters, okkulte gelowe en drome bevolk volgens kritici soos Bown, Burdett en Thurschwell (2004), Melechi (2008) en Willburn (2006) die Victoriaanse en neo-Victoriaanse romanvorme: “The Victorians were haunted by the supernatural, by ghosts and fairies, table-rapping and telepathic encounters, occult religions and the idea of reincarnation, visions of the other world and a reality beyond the everyday” (Bown e.a 2004).

Paranormale verskynsels was dus ’n kultureel ingebedde verskynsel in die Victoriaanse samelewing. Hierdie preokkupasie met die bonatuurlike was alreeds teenwoordig in die Gotiese roman wat veral in Engeland begin vorm aanneem het vanaf 1790–1830 en wat tot die Romantiek (1775–1830) gereken word. Dié vorm het later weer ’n opbloei beleef in die Victoriaanse Gotiese romans van die 1880’s. In hierdie romankuns beweeg die leser vanaf die relatiewe orde van die daaglikse lewe na ’n donker gebied wat deur bonatuurlike wesens beheer word; ’n ryk wat vrees inboesem; waar verval sigbaar is en die dood immerteenwoordig is (Dewey 2004). Bekende Afrikaanse literêre figure soos Leipoldt en Marais, wat wye blootstelling aan die Victoriaanse leefwêreld gehad het, was hier te lande ook geboei deur die okkulte (Afdeling 6.2). Vanweë ons Britse koloniale verlede het hierdie praktyke teen die einde van die negentiende eeu en begin van die twintigste eeu vanselfsprekend ook hierheen oorgespoel.

In Afdeling 3.3 is gewys op die negentiende-eeuse subjek se aangryping van paranormale praktyke in ’n sinsoekende poging om die gediskrediteerde Bybelse narratief (wat deur Darwin se evolusieleer onder verdenking geplaas is) te vervang met ’n “superwetenskap”. Beer (2004:xiii) meen dat dié besef (naamlik dat alle ou sekerhede in twyfel getrek is) die reikwydte van die moontlike (“possible”) vergroot het en dat die patrone van die verlede daardeur ondermyn is. Hierdie geloofsonsekerheid het volgens Beer spesifiek betrekking op die vraag na *die verhouding tussen lewe en dood* asook die opwindende moontlikhede wat alles met betrekking tot dié vraag ingehou word in die lig van evolusionêre teorie en termodinamiese wette.



'n Preokkupasie met die dood, 'n atmosfeer van misterie en spanning, bedreigende landskappe, voorbodes, drome en visioene, onverklaarbare gebeure asook gekwelde karakters wat oorweldig word deur gevoelens van woede, hartseer en ang is verhaalelemente wat volgens Harris (2008) kensketsend van die Gotiese romantradisie is. Al hierdie aspekte is ook terug te vind in die agt Winterbach-romans onder bespreking. Daar is alreeds by herhaling aangetoon dat die neo-Victoriaanse roman sowel die natuurlike as bonatuurlike wêreld beskryf. Dié vermelde Gotiese kenmerke hierbo is gevolglik ook aantoonbaar in die neo-Victoriaanse roman, wat amper as 'n versnit van die Victoriaanse natuurhistoriese en Gotiese roman bestempel kan word. Die fokus van hierdie studie is weliswaar op die wetenskaplike interteks in die romans, maar in Afdeling 5.5.2 sal, met *Niggie* as eksemplariese voorbeeld, ook aangetoon word dat die bonatuurlike sfeer ewe sterk in Winterbach se romans figureer.

Die doodstematiek staan byvoorbeeld sentraal binne haar oeuvre. Gouws (2008:17) bevestig hierdie terugkerende tema van die dood en van *ten gronde gaan*. Hy vermeld in hierdie verband byvoorbeeld “die grafte, gate in die grond, leë kelders, spesimens in bottels, die liggaam as anatomiese preparaat (*Gray's Anatomy* is 'n belangrike bron)” asook die outopsie en veelvuldige voorkoms van skedels, fossiele en skulpe. Die vergestaltings van die dood is alreeds in besonderhede deur Human (2008b) ondersoek en hy is van oordeel dat al die romans sedert *Karolina Ferreira* eintlik as literêre verkenning van die dood gelees kan word.

Benewens hierdie doodstematiek kom insidente van heldersienheid, drome, visioene en trieksterverskynings ook voor in die meeste Winterbach-romans. Daar is die fortuinvertelster en heldersiene Willie September in *Karolina Ferreira*, die aartstrikster Geelgert in *Belemmering* en die orakelman asook mevrou Kriek in *Buller se plan*. Talle drome en visioene word ook deurlopend vanaf die debuutnovelle uitgebeeld. Du Plooy (2009:5) verwys na 'n bepaalde siening van die menslike ervaring wat volgens haar tematies in die Winterbach-romans verwerk word, naamlik dat daar in die menslike kondisie meer ter sprake is as die “blote oppervlak”: “Die oppervlak, dit wat inspanningloos sigbaar is, word in werklikheid vir hierdie skrywer bepaal deur *die onderliggende, die verborge dinge en kragte*” (my kursivering).

Gouws (2008:19) argumenteer dat die bestaan van bonatuurlike verskynsels in Winterbach se werk in 'n sekere sin teen sy *eie* interpretasie van haar oeuve indruis. Sy interpretasie, soos wat dit uit die onderstaande aanhaling blyk, strook presies met die uitgangspunt wat in hierdie navorsingsverslag voorgehou word:

Die oorkoepelende Westerse singewingsperspektief in die algemeen (en van die volk in die besonder), en die Joods-Christelike beeld van die geskiedenis as toneel van 'n ontwikkelende heilsgebeure, word vervang deur 'n onpersoonlike niereligieuse perspektief waarin die mens nietig is – 'n toevallige produk van toevallige omstandighede, eerder as 'n wese wat deur God geskep is. Binne hierdie oorkoepelende konteks – evolusionêr, geologies en kosmies – met sy onmeetlike ruimtes en verbysterende tydskaal, is die mens minuskuul en sonder kosmiese betekenis. In die heelal is alles, sonder uitsondering, verganklik. Die geloof in 'n onsterflike God of onsterflike siel is iets van die verlede. Dood is dood.

Hy poog om die vermelde bonatuurlike verskynsels met sy bostaande interpretasie te versoen deur voor te stel dat hierdie magiese elemente van die leser “a suspension of disbelief” vra, omdat dit meestal gekoppel is aan die ervaringswêreld van die karakters. Die literêr-historiese plasing van Winterbach se oeuve binne 'n neo-Victoriaanse romantradisie verklaar (en noodsaak) egter hierdie gelyktydige verkenning van natuurlike en bonatuurlike sferes as 'n logiese uitvloeisel van die reaksie op Darwin se evolusieteorie.

Daarbenewens is 'n bemoeienis met die bonatuurlike ook 'n kenmerkende Victoriaanse kulturele verskynsel wat dikwels tematies in neo-Victoriaanse fiksie teregkom. Winterbach se fassinatie met die Romantiese digter en skilder William Blake (1757–1827) is in hierdie verband insiggewend (sien die motto by *Buller se plan*). Vir Blake het die spirituele wêreld, soos skynbaar ook vir Winterbach, nie onafhanklik van die natuurlike wêreld bestaan nie: “[The one is] seamlessly a part of the other; foster[s] the existence of the other, and determines its quality (Heims 2006).

Drie aspekte wat verband hou met die komplekse *verhouding tussen lewe en dood* (soos wat Beer hierbo daarna verwys), naamlik spiritisme, trieksters en drome, sal vervolgens kortliks ter sprake kom.

### 5.5.2 Spiritisme, trieksters en drome

Die verskynsel van spiritisme (“spiritism”) of spiritualisme (“spiritualism”) verwys na die vermoë van ’n medium om kontak met gestorwenes te bewerkstellig. Hierdie geloof dat dooies met lewendes kan kommunikeer was veral in die 1850’s ’n modegier in Europa en die VSA. Spiritisme het sy ontstaan hoofsaaklik te danke aan die geskrifte van die Sweedse natuurwetenskaplike Emanuel Swedenborg (1688–1772). Na sy spirituele ontwaking, wat met talle drome en visioene gepaardgegaan het, het Swedenborg agtien teologiese werke geskryf, waaronder die bekende *Heaven and hell* (1758).

Swedenborg se mistieke gedagtes, wat aanvanklik ook vir Blake sterk beïnvloed het, is in die laat agtiende eeu verder gevoer deur die Oostenrykse hipnotiseur Franz Anton Mesmer (Everett 2007). Verskeie Victoriaanse medici soos John Elliotson het die wetenskaplike potensiaal van mesmerisme ingesien en uiteindelik het dié praktyk na Victoriaanse Engeland oorgespoel, waar dit aanleiding was tot ’n uitgebreide populêre spiritistiese beweging. Teen die tyd wat Darwin se evolusieteorie in 1859 rugbaar geraak het, was spiritisme dus alreeds ’n kultureel ingebedde verskynsel, maar die geloofsvakuum wat uit die evolusieleer voortgevloei het, het selfs verdere stukrag aan die beweging verleen.

Victoriaanse burgers het toenemend gewonder oor wat ná die dood sou gebeur en baie het hulle antwoord in die mesmerisme en spiritisme gevind, wat gou ’n teelaarde vir bedrieërs geword het (Rousseau 1974:131). Die beweging het gaandeweg legitimiteit ingeboet toe sekere wonderbaarlike resultate nie onder streng wetenskaplike toesig herhaal kon word nie. In sy navorsing oor die negentiende-eeuse spiritistiese beweging onderskei Melechi (2008) dan veral drie groepe: diegene wat werklik in die geeste geglo het, diegene wat hulle oproep het en diegene (soos Harry Houdini) wat die eersgenoemde twee groepe probeer ontmasker het.

Melechi toon verder aan dat daar, benewens die mesmeriseerders, mediums, tafelkloppers, kulkunstenaars en trieksters, ook talle literêre figure en wetenskaplikes was wat op een of ander wyse by die kontroversie oor spiritisme betrokke geraak het.

Arthur Conan Doyle, Charles Dickens, Anthony Trollope, Elizabeth Barrett Browning en George Eliot het hulle byvoorbeeld by die spiritiste geskaar. Dié tema van spiritisme kom dus wydverspreid voor in die Victoriaanse (Gotiese) romans, maar ook in die oeuvres van Afrikaanse skrywers soos Marais en Leipoldt wat blootstelling aan die Victoriaanse leefwyse gehad het. Die bekendste eietydse verteenwoordiger van neo-Victoriaanse fiksie, A. S. Byatt, betrek ook Swedenborgiaanse spiritisme as romangegewe in *Possession* (1990) en “The conjugal angel” in *Angels and insects* (1992). (Sien Afdelings 3.4.2, 3.5.2, 6.2. en 6.3.)

Die natuurkundige Alfred Russell Wallace, medeontdekker van evolusie, was een van die bekendste Victoriaanse spiritiste. Eugène Marais en C. Louis Leipoldt (ook albei amateur-natuurwetenskaplikes) se buitengewone belangstelling in die bonatuurlike is welbekend. Leipoldt was byvoorbeeld alreeds in Kaapstad, voor sy vertrek na Londen, lid van ’n vereniging wat bonatuurlike verskynsels ondersoek het (Kannemeyer 1999). Rousseau (1974:131) bestempel “die bonatuurlike” as een van Marais se “grootste studierigtings” tydens sy Londense verblyf. Die romankarakter Reitz Steyn, wat sy streng wetenskaplike voorbehoude laat vaar in ’n poging om kontak met sy ontslape vrou te probeer bewerkstellig, lyk dus na ’n weerspreking, maar het vele Victoriaanse (en selfs Suid-Afrikaanse) presedente.

*Niggie* speel in geheel af tydens die Anglo-Boereoorlog (1899–1902), ’n Victoriaanse koloniale periode. Die karakter Reitz is as geoloog in Victoriaanse Engeland opgelei en beskik by implikasie nie slegs oor voorkennis van Darwin en Lyell nie, maar dra ook kennis van die spiritistiese praktyke wat in daardie periode aan die orde was. Hy is ’n karakter wat diep onder die indruk is van sy eie en ander se sterflikheid. Die aanwesigheid van die doodstematiek in *Niggie* is alreeds sigbaar uit die veelvuldige verwysings na die doderyk: “sodat hy nie wegglip in die *newelsfeer* nie”; “die *oorkantste oewer* lok hom” (2002:181); “tot sy self, vanuit die *doderyk* – ’n aanspraak op hom begin maak het” (2002:234); “na die *skaduryk* verban is” (2002:246); “teruggegely in die *newelryk* waaruit hy haar te voorskyn geroep het” (2002:250; my beklemtoning).

In die openingstoneel van die roman word Reitz diep geraak deur 'n boer se vertelling oor dié se gestorwe vrou. Sy gedagtes word daarna toenemend oorheers deur sy eie ontslape eggenote. Hy slaap snags onrustig, droom aanhoudend en wanneer sy groep die oorgangskamp bereik, voel hy dat die area hom nie net geologies interesseer nie, maar ook “'n ander, onbepaalbare aanspraak op hom maak” (2002:51): “Reitz weet sy is daar. 'n Teenwoordigheid agter die klippe, en agter die daaglikse ommegang en snags, agter die drome en die nagreuke en die sagte geroep en geskarrel van klein diertjies. Hy dink: Hulle word deur 'n membraan geskei waarteen sy aandruk, en druk, om na hom toe deur te bars” (2002:22). Hy voel deurentyd dat sy gestorwe vrou met hom in aanraking probeer kom:

Wat hom aan die gang gehou het, was hulle veldwerk – die optekeninge wat hy en Ben waar moontlik in hulle joernale gemaak het. Maar die afgelope dae het hy 'n vermoede dat selfs sy joernaal, wat deurgaans vir hom 'n vaste punt was, hom nie meer kan beskerm nie. Hy is ontstem deur die gevoelens wat in hom losgekome het. En dit is nie al nie. Sy het hom ingehaal. Sy is hier. Sy is in die fluistering van die bome oordag en in die verskietende pad van die sterre snags. Dit het begin met die boer se droom van die verehoedjie, en dit het nie daarby gebly nie (2002:68).

Hy bieg aan Ben dat hy hierdie aanwesigheid al aanvoel sedert hulle by die boer aangedoen het wat vir hulle oorspronklik van die triekstervrou vertel het: “Ek hou dit nie, Ben”, sê Reitz, “ek weet nie hoe ek dit langer moet verduur nie” (2002:74). Reitz ervaar orals op hulle reis deur die oorlogslandskap die voortekens van naderende onheil: in die koue nagte wat aan hulle rûe en niere lek-lek, in die gesmoorde roepe van die gevlekte ooruil en nonnetjiesuil asook in die alewige teenwoordigheid van Gert Smal se hond met die geel oë (2002:37, 56, 59, 64, 69, 119, 171, 175). Hierdie voorbodes asook die uitbeelding van 'n verlate landskap wat dikwels as vervreemdend en bedreigend ervaar word, is 'n tipiese Gotiese verhaalstrategie (Harris 2008):

Luister na die klein geluidjies van nagdiere. Die donker, warm gepiep van vlermuisagtige dinge agter hom in die grot. Die hemel is groot en oop. Die nag is troosryk as die dag. Diep in die nag roep die uil. Naby hom vlieg 'n nagvoël vervaard op. 'n Jakkals blaf in die uitgestrekte verte (2002:229).

In sy toestand van psigiese nood nader Reitz ten einde raad die heldersiene Oompie, “die groot toornaar” wat “baie trieks ken” en “dinge vooruit [kan] sien” (2002:42). Hy versoek Oompie om hom in aanraking met sy gestorwe vrou te bring, maar dié

antwoord dat die projek teen 'n prys sal kom: “Reitz moet besef, sê Oompie, dat jy met die dooies in verbinding kom teen 'n helse prys soms. Want die dooies in die skaduryk behoort liefste onopgeroep te bly” (2002:97). Die geslepe Oompie gee dan aan Reitz 'n ongespesifiseerde kruiemengsel met die uitdruklike instruksie dat hy elke aand teen skemer (en in afsondering) die mengsel moet rook. Hy moet dan aan sy dooie vrou dink soos wat hy haar graag sal wil sien, maar hy mag geen onverwagse bewegings maak nie, want “dit skrik die dooies af. Hy moet geen oordrewe emosies toon nie. Die dooies weet nie hoe om daarmee om te gaan nie. Dit maak hulle ongemaklik, nydig selfs, afhange van waar hulle hulle bevind” (2002:98). Oompie benadruk dit dat Reitz nie meer as drie aande agtermekaar die prosedure mag herhaal nie en eerder die oorblywende kruiekonkoksie moet begrawe.

Die eerste keer wat Reitz die mengsel (toegedraai in 'n bladsy van sy kosbare joernaal) rook, raak hy in sy benewelde toestand vaagweg bewus van “'n ligte newel – soos saamgeperste waterdamp” (2002:100) waarbinne hy die dowwe buitelyne van 'n vrouefiguur sien wat die vae vorm van sy geliefde aanneem (“halfherkenbaar, halfgevorm”). Die rimpeling wat deur haar gestalte gaan, laat dit lyk asof haar oppervlak water is, maar dan vervaag sy en “los op”. Dié eerste vlugtige verskyning word opgevolg deur 'n tweede poging waarin die vrouefiguur nou 'n vaster en meer herkenbare vorm aanneem. Reitz sien haar as sy vrou (ten spyte van die vloeibare gelaatstrekke asof sy 'n skaduwee op water is) en roep haar naam uit, maar sy toon geen blyke van herkenning nie, vervaag en glip dan terug in die newel waaruit sy tevoorskyn gekom het (2002:105).

Op die derde dag waarop Reitz hom in sy eie woorde “op duiwelskuns verlaat om haar vir 'n paar oomblikke terug te vind”, vermaan Ben hom om die dooies met rus te laat (“die dooies hoort nie meer by ons nie”). Soos by die twee vorige geleenthede ervaar Reitz sekere onwillekeurige fisiologiese veranderinge (soos kouekoors, stadiger hartklop en swaar tong) terwyl hy hallusineer. Hy sien weer die newel waarbinne sy vorm aanneem, maar hierdie keer “soos sy was”. Weer roep hy haar naam pleitend, maar “in haar blik is daar niks wat daarop dui dat daar enige vertrouwdheid tussen hulle was nie. Haar blik is weer sonder herkenning, sonder aantyging, sonder verlange, sonder aanspraak” (2002:109); weer gly sy terug in die newel.

Teen alle instruksies van Oompie en herhaalde waarskuwings deur Ben, rook hy 'n vierde keer van die kruiemengsel. Sy liggaamsveranderinge is hierdie keer selfs meer akueel en die gestorwe vrou verskyn ook vinniger uit die newel as vantevore. Haar liggaam word algaande meer herkenbaar, maar lyk steeds asof dit in water weerkaats word. Hierdie keer antwoord sy egter: “Ek het hongerte na die lig” voordat sy deur “die donkerte ingesuig word”. Ben en Esegïel moet hierdie keer tot Reitz se redding kom, want met elke opeenvolgende poging ervaar hy hewiger simptome van buikkrampe en koors as die vorige keer (“hy is ysig soos die dood”).

Beset deur roekeloosheid besluit Reitz om die mengsel vir 'n vyfde keer te beproef. 'n Koelte “soos 'n vlerkgeklap” skuif oor die aarde en sy vrou kom weer uit die newel te voorskyn, beur teen iets “asof sy teen 'n onsigbare membraan aanleun” (2002:114). Hy pleit by haar om vergifnis en wanneer sy weer praat (“Die lig.”), versag haar gelaatstrekke met iets wat lyk op medelye voordat sy “kragtig teruggesuig word deur die skemeragtige newel waaruit sy gekom het”. Hierdie laaste poging ontaard byna in Reitz se dood toe hy gehoor gee aan 'n stem (soos Oompie s'n) wat hom na die “anderkantste oewer” lok, maar Ben en Esegïel kom net betyds tot sy redding.

Reitz se poging om deur bemiddeling van die Oompie se kruiemengsel die wetmatighede van die natuur te probeer oorstyg, slaag dus net vir die tydsduur van sy hallusinasies. Winterbach noem in 'n onderhoud met Botha (s.j.) dat die kruid dikwels 'n hulpmiddel is om 'n karakter “verby die grense van sy persepsie te druk – om die reikwydte van die gewaarwording te vergroot – en op dié manier die nate van sintuiglike ervaring in 'n roman te versit”. Die “verskynings” van die gestorwe vrou is derhalwe slegs waanbeelde van 'n bedwelmdede en hallusinerende Reitz. Oompie se skynbare “towermagte” spruit weer uit sy veldkennis rakende die medisinale effek van sekere plantsoorte. Dié bonatuurlike verskynsel het hier dus klaarblyklik 'n volkome wetenskaplike verklaring (sien die bespreking by Marais en Leipoldt in Afdeling 6.2).

'n Bedrogspul wat hierby aansluit, is die insident waar Oompie kamstig as medium optree om 'n boodskap, komende van die gepreserveerde mensekop in die glasfles, aan die twee wetenskaplikes oor te dra. Dié “pratende” mensekop kan volgens hom die toekoms voorspel: die kop is bleekswart met onmiskenbaar negroïede hare, afgeplatte gelaatstrekke soos wat dit teen die kante van die bottel aandruk en slegs die een oog is

éffens oop. Die mond vertoon die sweem van 'n glimlag (of grynslag) en die kop het “iets kouds en saprofietagtigs, soos 'n reuse-bleekswart swam” (2002:92). Oompie skommel aan die bottel sodat die vloeistof teen die rante klots en moedig dan 'n verbouereerde Reitz en Ben aan om hulle vrae te stel. Op Ben se vraag oor wanneer die oorlog uiteindelik verby sal wees, begin die water borrel en kook, waarop Oompie met sy oor teen die bottel aanleun.

Nadat hy skynbaar intens geluister het, dra hy “die boodskap” oor dat die oorlog oor twee maande iets van die verlede sal wees, maar dat die *stryd* nog lank nie verby is nie: “Die einde van die stryd sal nie afgelope wees in julle lewens nie, en nie in julle kinders se lewens nie, en nie in julle kinders se kinders se lewens nie.” Op 'n opvolgvraag of die stryd dan tevergeefs was, antwoord Oompie namens die “pratende” kop bevestigend dat dit wél tevergeefs was. Terug by die kamp word die twee ontsenude wetenskaplikes gevra of hulle 'n spook gewaar het, waarop Ben lakoniek bevestigend antwoord. Later, wanneer Ben kokonnetjies in die veld bestudeer, laat die beskutte insekvoormpie wat later as vlinder tevoorskyn kom, hom wel wonder of “die graf werklik die einde moet wees, en of die herlewing van die gees nie tog moontlik is nie” (2002:81).

Trieksterfigure (soos Oompie) en droomverskynings kom algemeen voor in die Winterbach-oeuvre. Die verskynsel van trieksterfigure is reeds nagevors deur kritici soos Botha en Van Vuuren (2008), Foster (2005), Human (2002; 2007), John (2008) asook MacKenzie (2008). In geeneen van hierdie navorsingsbydraes word die bonatuurlike verskynsels egter in verband gebring met die kulturele inbedding van trieksters asook die talle droomteorieë wat so kenmerkend van Victoriaanse samelewings was nie. Die verwysingsraamwerk is deurgaans eerder dié van Wes-Afrika en die inheemse San. John (2008:78) konstateer egter wel dat die triekster 'n figuur is wat dwarsoor die wêreld in verskeie mondelinge tradisies voorkom, waar dit by uitstek met verskillende fasette van identiteit geassosieer word.

Reeds in *Belemmering* kom die eerste verwysing na 'n trieksterfiguur voor wanneer Geelgert beskryf word as iemand wat die “hand (het) van jou aartstrickster, jou wáre poetsbakker, jou argetipiese *gedaanteverwisselaar*” (1990:181; my kursivering). In *Karolina Ferreira* (1993) is die mees opvallende verteenwoordiger van 'n trieksterfiguur weer die “heldersiende” natuurgeneser Willie September. Hy voer aan



dat die magistraat “’n gevurkte straal pie” en dat hy vanuit die staanspoor sy geld op die rooie (Jess Jankowitz) gaan sit om Karolina te bekoor. Dit is egter bloot Willie se fyn observasievermoë en kennis van alternatiewe geneesmiddels wat hom in staat stel om korrekte voorspellings en diagnoses te maak (wat hom dan met ’n aura van “heldersienheid” beklee). In *Niggie* is daar ’n hele galery van trieksterfigure: die triekstervrou met die verehoedjie, Oompie, Niggie, Esegiël en Seun (Botha & Van Vuuren 2008). Human (2002:28) identifiseer verder ook vir kommandant Servaas Senekal en Gert Smal as trieksters. Hy som die trieksterskynings in die roman soos volg op:

Hulle kom die triekster op verskeie plekke en in verskillende gedaantes in die roman teë: sy verskyn in hulle gekwelde drome, hou ’n mak meerkatjie onder ’n mantel van karos skuil, loer deur die Oosterse ogies van Oompie en kyk selfs skalks onder Niggie se verehoedjie uit” (Human 2002:28).

Die triekstervrou wat in ’n droomverskyning in die openings- en slottonele voorkom, maak ’n onuitwisbare indruk op Ben en veral Reitz: in beide tonele kom die vrou met ’n besondere verehoedjie ter sprake. Vergelyk in hierdie verband die opmerking deur Winterbach dat die “veergegewe” ook op strukturele vlak ’n belangrike organiseringsbeginsel was (sien Afdeling 5.2.2). Wanneer Reitz en Ben in die openingstoneel teen skemeraand by ’n wewenaar se plaas aandoen, vertel hy hulle van ’n droom wat hy die nag vantevore gehad het. In dié droom sien hy ’n rooihaarvrou met witgepoeierde gesig en verehoedjie “so sag soos die vlerke van ’n berghaan met ’n flits van blougroen lig daarin”.

Die triekster skep aanvanklik by die boer die indruk dat sy ’n vrou is, maar sodra hy haar wil omhels, verander sy van gedaante deur skielik ’n man te word terwyl die vrou elders op die stoep lag. Hierdie genderambivalensie van die triekster (Foster 2005) kom later weer ter sprake wanneer Reitz en Ben oor die geslag van ’n inheemse inwoner bespiegel. Dié figuur hou ’n streepmuishond onder ’n karos en kyk skalks op agter ’n klossie vere wat “dieppers, rooigroen in die gloed van die laaste namiddaglig” glim (“Ek kon sweer dit was ’n vrou”).

Later droom Ben ook “van ’n vrou met so ’n soort verehoedjie” en vertel aan Reitz dat hy haar as ’n “boodskapper” van die dood ervaar het (2002:257). Toe hy haar wou

omhels, het haar lyf ineens swart geword en toe hy by haar ingaan, was dit heerlik “maar dit was soos die liggaam van die dood”. Ben vertolk sy eie droom as ’n versoeking om homself aan die dood oor te gee; “asof die dood ’n uitweg was en ’n verlossing”. Reitz wil later by Ben weet of dié verehoedjie in die droom parallelle vertoon met die hoed wat die boer (in die openingstoneel) beskryf het as een met “vere wat glans in die son, soos op die vlerke van die voël”. Ben antwoord bevestigend hierop.

Wanneer Reitz en Niggie die graf van Gert Smal gaan soek, dra sy self ook ’n verehoedjie in plaas van haar gewone kappie (“Die vere flits skalks in die son. Soos die vere van ’n voël wat pronk.”). Toe Winterbach destyds in ’n onderhoud gepols is of die vrou-met-die-verehoedjie en Niggie dieselfde persoon is, was haar antwoord egter: “My guess is no” (Steinmair 2004.). Kannemeyer (2005:660) wys daarop dat die droomgestalte van die triekstervrou met die verehoedjie ’n sentrale motief in die roman word wat ooreenkomste vertoon met Leroux se ontwykende Salome-figuur. Sy is ’n kwelgees wat aanwesig is “agter drome en in geluide en in die skitterende roetes van die verskietende sterre”. Venter (2002:7) bevestig dat die mans in *Niggie* geïsoleer is op kommando, terwyl die vrou slegs ’n droomverskyning of kwelling is.

Daar is reeds op die trieksterfiguur van Oompie gewys, wat uitgebeeld word asof hy uit ’n ander wêreld, ’n ander ryk afkomstig is – “’n Oosterse ryk”. Die sinspeling op die Ooste hou by implikasie alle moontlikhede van die eksotiese en bonatuurlike in (vergelyk die konsep van Oriëntalisme). ’n Ander triekster is die enigmatiese Niggie self, wat beweer dat Niggie nie eintlik haar regte naam is nie, maar dat almal haar so noem (2002:178): die “regte naam” word nooit openbaar nie en sy verkry daardeur ’n allure van geheimsinnigheid wat deur die voorblad van die Engelse vertaling bestendig word.

Die swart perdehandlanger Esegïel word beskryf as “’n boodskapper, ’n tussenganger tussen die ryke van die skadu en die lig” (2002:120). Kannemeyer (2005:660) noem hom Gert Smal se “wandelende ensiklopedie”, want hy beskik oor die sonderlinge vermoë om enige onvoorbereide vraag oor die Afrikanergeskiedenis en die oorlog te beantwoord. Dit word trouens saans ’n spel om hom te probeer vasvra en elke vraesessie verloop volgens presies dieselfde patroon: die vraag word gevra, Esegïel tree

vanuit die skaduwees tot binne in die ligkring, beantwoord die vraag tot groot vermaak van al die omstanders korrek, en verdwyn dan weer in die skaduwees. Hy word ook “die engel van die dood” (2002:177) genoem en daar is verwysings na sy “toorgoed”.

Die ontwykende Seun skram heeldyd weg van al die ander kampgenote (met uitsondering van Gert Smal). Hy het ’n haaslip en praat byna geen woord met Reitz en Ben nie, maar hou hulle navorsingsaktiwiteite fyn dop vanuit ’n verskuilde posisie agter ’n klip. Wanneer Reitz na die oorgangskamp reis om die joernale te probeer vind, tref hy Seun as die enigste oorlewende daar aan. Hy kry met moeite die storie van die kamp se vernietiging uit ’n geskokte Seun, maar dié weier om saam met Reitz terug te keer na die plaas. In Reitz se koorsbeswying verdwyn en verskyn die verskrikte seun daarna om die beurt: “Hy droom dat Seun die perd opgesaal het en weg is met haar. Hy droom Seun het ’n mak meerkatjie op sy arm. Seun lag skalks” (2002:228). Uit hierdie laaste aanhaling blyk die vervloeiing van die verskillende trieksterfigure ook duidelik.

Drome en nagmerries teister verskillende romankarakters: die boer in die openingstoneel, Gert Smal, Ben, Anna en natuurlik Reitz. Vergelyk ook die volgende bladsyverwysings in die roman waar reekse drome ter sprake kom (pp. 8, 47, 68, 83-84, 106, 110, 119, 157, 176, 183-184, 198, 213, 236, 240-241). Vir Gouws (2008:9) is die *oppervlak en struktuur van die drome* (“hulle droomagtigheid”) in die romans belangriker as die betekenis agter die droom. Hy meen verder dat drome nie slegs net as tematiese gegewe binne die tekste voorkom nie, maar ook as ’n model vir Winterbach se romankuns as sodanig dien; dat dit selfs metafores van die verbeelding word. Viljoen (2003) wys daarop dat drome ook ’n belangrike rol in die verkenning van die menslike psige speel.

Die moontlikheid dat die private aktiwiteite en intuïtiewe domein van die karakters ’n teenvoeter vir die brutale oorlogsgeweld rondom hulle is, word deur Berold (2007:17) voorgehou: wetenskaplike metode, sjamanisme en introspeksie bied dus aan die protagoniste ’n uitweg om hulle integriteit te midde van ’n disintegrerende maatskappy te behou.

## 5.6 NOSTALGIE EN VERLIES

Shuttleworth (1998:260) se oortuiging dat verlies as een van die kritieke komponente van die Victoriaanse en neo-Victoriaanse roman beskou kan word, is alreeds in Afdeling 3.5.2 aangehaal (“Many Victorian novels are also informed by a sense of loss”). Neo-Victoriaanse romans is per definisie nostalgiese herskeppings van ’n Victoriaanse periode wat rondom die verkenning van verlies gekonseptualiseer is (“explorations of loss”). Gutleben (2001:193) spreek hom soos volg uit oor dié nostalgie wat inherent aan klassieke neo-Victoriaanse tekste is:

Retro-Victorian fiction displays signs of nostalgia in its very principle, namely the revival of a bygone tradition, in the conservation of certain Victorian aesthetic precepts and in the imitation of a language of the past. If retro-Victorian fiction reverts to the past, it is then, at least partially, because the present is deemed inadequate, wanting, deficient. [...] Dissatisfaction with the present state of affairs is then a general tendency among contemporary writers; the fact that it is systematically, in fiction and in theory alike, expressed in terms of loss – loss of a feeling subject, loss of authenticity, loss of aesthetic integrity presupposes the existence of a culture predating these losses, an uncorrupted culture. It is essentially in this perception of a lesser present that resides the nostalgia of postmodernism.

Verlies word meermale gesien as ’n kerngegewe in Winterbach se prosa, ’n aspek wat alreeds deeglik ondersoek is in ’n doktrale proefskrif deur Human (2007) met die titel *Verlies in die oeuvre van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach*. Vir Du Plooy (2009:4) speel verlies ook ’n buitengewoon prominente rol in Winterbach se oeuvre en sy voer aan dat dit meestal eerder gaan “oor die aard en die kondisies van die voortgang van die lewe ná die verlies as oor die verlies as sodanig.”

Winterbach self beweer dat sy, soos die Boeddhiste, glo dat alle lewe lyding impliseer; dat die eerste wet van ons menslike bestaan op verandering en verlies berus; en dat daar wel kortstondige oomblikke van geluk is, maar dat die groter prentjie beslis een van verganklikheid en verlies is (sien De Vries 2008:218). Sy is verder van mening dat ’n ouer generasie veral met *Niggie* se sin vir verlies en futiliteit sal kan identifiseer. Viljoen (2003:76) meen ook dat *Niggie* die enorme gevoel van verlies vasvang wat gepaard gegaan het met “die teleurstellende afloop van die oorlog vir die Boeremense.”

*Niggie* word deur Human (2002:28) bestempel as 'n roman wat deurspel is met (persoonlike en kollektiewe) verlies, verdriet en verlange. Venter (2002:7) noem dit "'n boek van verlies, van stukkies bymekaarmaak en verder probeer lewe". Die ontsettende gevoel van verlies oorheers ook vir Kannemeyer (2005:661) die laaste gedeelte van die roman, maar hy sien nietemin in Ben en Niggie se huwelik en ongebore kind "iets soos 'n hoopvolle einde, al bly hierdie hoop vir Reitz uit". Roos (2006:75) wys insgelyks op die broosheid en verlies wat eie aan die mens se lewe is; op strategieë wat verkeerd loop en verlore raak. Sy verwoord ook die naturalistiese veronderstelling dat ambisie en liefde ondergeskik staan aan die noodlot en die dood. Human (2007:278) kom tot die gevolgtrekking dat *Niggie* 'n roman is waarin die geskrewe woord "soms triomfeer, maar altyd ook 'trick' deur sy skamelheid en feilbaarheid te demonstreer. Tog bly algehele selfverwesenliking vir sowel die leser as die romankarakter 'n ideaal en versugting – net soos die illusionêre triekstervrou met haar besondere verehoedjie."

Die nostalgie wat volgens Gutleben (2001) sigbaar blyk uit die argaïese taalgebruik, is reeds in Afdeling 5.2.2 te berde gebring. Bykans al die romankarakters in *Niggie* ervaar angs wat voortspruit uit hulle traumatiese oorlogservarings, maar veral Reitz word voortdurend "oorval deur gevoelens van verlies" (2002:125). Ten aanskoue van die verwoesting wat deur die oorlog gelaat is, verloor beide Reitz en Ben op 'n stadium hulle belangstelling in die omringende omgewing: "Alles wat voorheen 'n aanspraak op hulle gemaak het ... daarop reageer hulle nouliks" (2002:247).

Op 'n tematiese vlak is daar talle ooglopende verliesmerkers: die dood van gevallende oorlogskamerade, vroue en kinders; ekonomiese en sentimentele verliese van plaashuise, vee en grond; die verlies van Ben se vermoë om te praat; Anna se vernietigde tuin; die gefnuikte liefdesverhouding tussen Anna en Reitz; die verlore joernale met onherwinbare navorsing; die verlore vryheidsideaal en talle ander onmeetlike verliese:

Daardie tye, daardie dinge, alles wat ons verloor het. Daardie klank van die wind. Daardie presiese klank. As dit oor die agterste koppies aankom en om die hoek van die huis verbykom. Daardie geluid wat jou dag en nag soos seëning omgewe. Daarna verlang ek, en dit het ons alles verloor (2002:242).

Venter (2002:7) voer aan dat veral die wegraak van die joernale hierdie “sirkel van verlies” wat die roman kenmerk, voltooi. Al die droefheid en smart word versinnebeeld wanneer Reitz en Ben die plaas waarop Niggie en die ander vroue hulle versorg het, aan die einde van die oorlog verlaat:

Toe hulle buite sig is, in die oop veld, vra Reitz dat hulle ’n oomblik moet stop. Hy klim van sy perd af, leun teen haar dun flank aan, en huil soos hy nooit vantevore gehuil het nie. Hy huil oor sy dooie vrou wat hy deur sy dwaasheid vir ewig na die skaduryk verban het. Hy huil oor sy vriend Ben wat swaar getref is. Hy huil oor die kinders – sy eie vroeggestorwe kind oor wie hy nooit voldoende gerou het nie; oor die groter kind wat oornag vrou geword het en oor die kleintjie. Hy huil oor die lot van sy kampgenote. Hy huil – bitterlik – oor Anna, omdat dit hulle nie toegestaan is om mekaar lief te hê nie. Hy huil omdat hulle lewens hierna nooit weer dieselfde sal wees nie. Hy staan lank so, teen die perd se geduldige flank, voor hy sy kop ophig, die trane met sy mou van sy gesig afvee, en vir Ben beduie dat hulle verder kan gaan (2002:246).

Die enkele teksvoorbeelde hierbo, geles saam met die indringende navorsing oor verlies wat deur Human (2007) onderneem is, dien as bewys daarvan dat *Niggie* binne die parameters van die neo-Victoriaanse romantradisie (met die klem op verlies en nostalgie) geplaas kan word.

## 5.7 GEVOLGTREKKING

Die gedeeltelike of algehele fiksionele representasie van ’n era wat chronologies saamval met die Victoriaanse era (1837–1901) onderlê dikwels die tipiese neo- of retro-Victoriaanse roman, maar is volgens teoretici nie ’n dwingende voorvereiste vir fiksie binne hierdie tradisie nie. Die vereiste is veel eerder dat die teks vertrouwd moet wees met die konvensies van die tersaaklike periode (vergelyk Gilmour 2000 en Shiller 1997). Soos alreeds in die gevolgtrekking by Hoofstuk 4 aangetoon, voldoen Winterbach se romans in verskillende grade aan die fiksionalisering van ’n Victoriaanse tydvak, met *Niggie* wat dan ’n algehele herskepping van hierdie betrokke periode verteenwoordig. Kirchknopf (2008:44) se benoeming van tekste in hierdie literêre tradisie as Victoriografieë, Victoriana en selfs post-Victoriaanse fiksie het dus ook op *Niggie* betrekking. Dié roman staan ook (soos Kannemeyer oor *Karolina Ferreira* aangevoer het) “in die trant van” die negentiende-eeuse roman en vertoon genrekonvensies wat inherent aan hierdie periode is, soos byvoorbeeld die bedagte

keuse van wetenskaplikes as romankarakters, 'n alwetende vertelinstantie en 'n prominente natuurhistoriese instelling.

Soos al die ander tersaaklike romans is ook hierdie teks volgens 'n patroon gestruktureer wat, in navolging van Levine (1988) en Byatt (2000), as Darwinisties en evolusionêr bestempel sou kon word. In Afdeling 5.3 is dié empiries-wetenskaplike wêreldbeeld derhalwe ondersoek met Levine se *gestalt* van Darwinistiese konsepte as vertrekpunt (sien ook Afdeling 4.2). Idees rondom wetenskaplike waarneming; oorfloed; die oorsprong, benoeming, ontwikkeling en uitsterwing van spesies; die interafhanklikheid tussen verskillende lewende organismes asook die onderworpenheid aan natuurwette is met eksemplariese voorbeelde uit *Niggie* toegelig.

In hierdie opsig strook *Niggie* dus, soos trouens al die romans wat in Hoofstuk 4 bestudeer is, met Chapple (1986) se tipering van Darwinistiese, ontwikkelings- of evolusionêre romans, maar ook met Shuttleworth (1998, 2001) se beskrywing van die natuurhistoriese roman as subgenre binne die neo-Victoriaanse romantradisie. Die wetenskapsromantiek, synde 'n konvergensie tussen wetenskaplike en estetiese praktyke, is 'n verdere bruikbare begrip waarmee Winterbach se natuurhistoriese instelling raak beskryf kan word (vergelyk weer Afdeling 3.2.3).

Die sogenaamde Darwinistiese oomblik, waar die ontmoeting tussen wetenskaplike feite en die Bybelse narratief as onversoenbaar beleef word, is aangetoon met verwysing na die reaksie op Ben en Reitz se lesings. Die gehoor se oordrewe reaksie is oorweeg en in ooreenstemming gevind met tradisionele wanopvattinge oor evolusie, veral met betrekking tot die gedeelde genealogie tussen mens en primate. Ben en Reitz se lesings lewer ook implisiete kommentaar op die aard en funksie van kennis in 'n samelewing.

Rigtinggewende uitsprake deur Byatt (2000) en Shuttleworth (1998, 2001), naamlik dat neo-Victoriaanse fiksie 'n simultane verkenning van natuurlike en bonatuurlike sferes behels, is vervolgens aangespreek met verwysing na sekere paranormale gebeurtenisse soos spiritisme, trieksterfigure en droomverskynings. Die aanwesigheid van Gotiese elemente soos die bedreigende landskap, onheilstekens, voorbodes, visioene en gekwelde protagoniste is aangetoon. Winterbach se kunsteoretiese oortuiging dat *die*

*opposisie tussen kennis en iets minder rasioneel* die kern van haar werk vorm, is in direkte ooreenstemming met die voormelde uitsprake deur Byatt en Shuttleworth. Die jukstapenering van 'n empiriese wêreldbeskouing teenoor romangegewens wat met die bonatuurlike verband hou, is ook binne die konteks van die neo-Victoriaanse tradisie uitgepluis.

Ten slotte is bevind dat *Niggie*, soos talle neo-Victoriaanse tydgenote, aspekte van verlies en nostalgie beklemtoon. Die postmoderne herskrywing van die (Afrikaner-)geskiedenis sinjaleer volgens kritici soos Gutleben (2001) 'n nostalgiese herwaardering van 'n vervloë era wat in die argaïese taalgebruik en verlieskodes van die roman tot uiting kom, maar waardeur ook sinvolle kommentaar op die hede gelewer word. Met verwysing na die kriteria wat in Afdeling 5.1 geïdentifiseer is, wil dit dus voorkom asof *Niggie* in talle opsigte aan die genrekonvensies van neo-Victoriaanse fiksie voldoen; dat dit selfs in navolging van Kirchknopf (2008:44) 'n Victoriografie genoem kan word.



## HOOFSTUK 6

### OOR NEFIES EN NIGGIES: LITERÊRE SOORTGENOTE

In both literary criticism and biology, the initial stage of understanding is to sort, to classify and to identify by similarities and difference.

M. Gerhardt, *Genre choices, gender questions*

#### 6.1 INLEIDING

Darwin verduidelik sy teorie oor die afstamming van spesies na analogie van 'n vertakkende boom (Boulter 2008:57). Daarvolgens stam lede van verskillende spesies nie eenlynig van 'n enkele voorouer af nie, maar ontwikkel eerder soos die takke van 'n boom waar party *ad infinitum* vertak en hervertak, terwyl ander weer afsterf. Literêre vorme, tradisies en verwantskappe vertoon opvallende metaforiese ooreenkomste met spesies en ontwikkel op soortgelyke wyse. Die beweging van die literêre Darwinisme (met eksponente soos Carroll, Bonheim en Fowler) ondersoek trouens alle moontlike analogieë tussen literêre sisteme en die evolusie van biologiese spesie.

Cohen (1987:244) beklemtoon dat genres families van tekste is met “close or distant relatives”. Schaeffer (1989:175) verklaar verder dat lede van sulke teksfamilies ook nie noodwendig almal dieselfde herhalende eienskap deel nie, maar dat party tekste bepaalde eienskappe met sekere soortgenote (“congeners”) deel en ander eienskappe weer met ánder soortgenote. In die biologiese wetenskappe en Darwinistiese genreteorie word hierdie klassifiseringsdilemma, waar lede van 'n spesie (en genre) só ontwikkel dat almal nie deurgaans aan 'n vasgestelde stel minimumkriteria voldoen nie, die “Linnaean blues” (Conley 1986) genoem.

Die oplossing wat in die biologie voorgestaan word, en wat in Darwinistiese genrebenaderings nagevolg word, is om lede van 'n spesie/genre te beoordeel deur 'n *holistiese beskrywing van diachroniese én sinchroniese faktore* (Lemmer 1994). Die jukstaponering van verskillende tekste deur verskillende voorgangers en tydgenote sal

in hierdie hoofstuk die bostaande beginsel van *soortgenootlikheid* in die evolusionêre biologie én die letterkunde illustreer. Alle verwysings na literêre vorme en tradisies in hierdie navorsingsverslag moet dus binne hierdie konteks beoordeel word. Vergelyk ook Viljoen (2007b:5) se beskrywing van die literêre tradisie as “’n versamelterm vir al die konvensies, vorme, literêre tegnieke en uitdrukkingswyses wat ‘n skrywer erf van die verlede.”

In Hoofstukke 4 en 5 is alreeds aangetoon dat Winterbach se romans ’n Darwinistiese instelling vertoon wat veral uit haar vindingryke herwinning van natuurhistoriese data blyk. Haar intertekstuele verwysings na Afrikaanse voorgangers soos Eugène Marais, C. Louis Leipoldt en C.J. Langenhoven is besonder insiggewend, aangesien veral die eersgenoemde twee ook ywerige amateur-natuurwetenskaplikes en derdekultuurdenkers was wat die natuurwetenskaplike feite en prosesse op unieke wyse in hulle prosa vergestalt het. In Afdeling 6.2 sal die “genealogiese” en *diachroniese* skakels tussen Winterbach en haar Afrikaanse voorgangers dus nagespeur word.

In sowel *Landskap met vroue en slang* (1996:37) asook *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006:148) verwys Winterbach ook by name na die Victoriaanse outeur George Eliot, wat deur die eietydse Britse literêre kritikus en skrywer A.S. Byatt as een van haar eie literêre voorgangers (“ancestors”) bestempel word. Dié gedeelte verwysings na Eliot (en spesifiek *Middlemarch*) deur sowel Winterbach as Byatt het die vermoede van ’n moontlike verwantskap tussen dié twee eietydse skrywers laat ontstaan.

Byatt se romankuns word, soos dié van Winterbach, gedefinieer deur haar bevoorgroding van Darwinistiese konsepte asook haar konsekwente weiering om die kloof tussen die natuur- en geesteswetenskappe te aanvaar. Sy word dan ook deur Shuttleworth (1998) as ’n spilfiguur binne die neo-Victoriaanse romantradisie beskou – ’n stroming wat alreeds in Hoofstuk 3 bespreek is as die tipiese uitvloeisel van ’n eietydse era waar die modernistiese grens tussen die wetenskap en letterkunde verstel word. Die vergelykende lesing in Afdeling 6.3 tussen *Karolina Ferreira* (Lettie Viljoen 1993) en *Angels and insects* (Byatt 1992) is dus ’n *sinchroniese* bestudering van die potensiële soortgenootlikheid tussen Winterbach en ’n tydgenoot soos Byatt.

Die oogmerk in hierdie hoofstuk is dus nie om alle denkbare invloede op Winterbach asook alle intertekstuele verwysings in haar werk na te speur nie, maar eerder om haar tekste te vergelyk met *verwante* tekste en skrywers uit verskillende eras wat in dieselfde sleutel skryf. Na sommiges hiervan verwys Winterbach direk in haar romans, na ander kom daar glad nie 'n verwysing voor nie. Die uitsluitlike navorsingsdoelwit is gevolglik om vertakkende soortgenote naas mekaar te stel om sodoende 'n duideliker prentjie van 'n derde kultuur en die neo-Victoriaanse romantradisie te verkry.

## 6.2 AFRIKAANSE VOORGANGERTEKSTE

### 6.2.1 Ter aanvang

Wanneer die karakter Helena Verbloem (in *Die boek van toeval en toeverlaat*) opdrag ontvang om die Afrikaanse titels in die stadsbiblioteek met die helfte te verminder, hou sy die volgende stapel publikasies uit vir bewaring en eie gebruik: “*Die sewe duiwels en wat hulle gedoen het* deur Ou Oom Jan, Eugène Marais en Louis Leipoldt, *Verspeelde lente* van J. van Melle, *Na vaste gange* van M.E.R, *Somer* en *Laat vrugte* van C.M. van den Heever, *Die meulenaar* van D.F. Malherbe, en *Die sprinkaanbeampte van Sluis* van Jochem van Bruggen. Hiermee kan ek my vermaak as ek saans nie kan slaap nie” (2006:112; my kursivering). Helena is betrokke by 'n ambisieuse herwinningsprojek van Afrikaanse woorde wat in onbruik verval het en haar baas, Theo Verwey, laat haar dink aan “meneer Casaubon in *Middlemarch*, met sy sleutel tot alle mitologieë” (2006:148).

Met haar veelvuldige literêre verwysings uit die Westerse kanon (en veral ook uit die ouer Afrikaanse letterkunde) wil dit amper voorkom asof Winterbach, net soos die karakter Theo Verwey, haar eie herwinningsprojek onderneem waarin sy sekere ouer publikasies *sinvol* wil herwin en daardeur van uitsterwing wil red. Volgens Jansen (1999:738) is daar talle aanduidings dat die diskoers van die ouer Afrikaanse roman en kortverhaal inwerk op die romandiskoers by Winterbach.

Marais en Leipoldt word allerweë erken vir hulle niefiksionele wetenskaplike tekste, maar het ook in hulle belletristiese werke blyke gegee van hulle belangstelling in die natuurlike wêreld. Marais, Leipoldt en ook Langenhoven se kennis van Darwinisme en die invloed wat dit op hulle onderskeie oeuvres gehad het, is welbekend. Dié wetenskaplike kennis word meermale gejuks taponeer met 'n nierasionele element; 'n jukstaposisie wat ook in die romans van Winterbach aantoonbaar is (sien Afdeling 5.5).

In 'n onlangse koerantartikel waarin Aucamp (2010) die sporadiese verskynsel van die Gotiek/neo-Gotiek in Afrikaans aantoon, sonder hy die ontginning van magiese of bonatuurlike kragte in die oeuvres van Marais, Leipoldt en Langenhoven uit. Die Gotiese/neo-Gotiese teks waarin die paranormale verskynsel prominent figureer is (soos die natuurhistoriese roman) óók 'n literêre subkategorie van die Victoriaanse/neo-Victoriaanse teks (sien Afdelings 3.4.2 en 3.5.2). Die neo-Gotiese teks verken egter nie noodwendig altyd (soos die klassieke neo-Victoriaanse tekste onder bespreking) die natuurlike wêreld *in samehang* met die spiritistiese sfeer nie, maar fokus gewoonlik *eensydig* op grieselrige, bonatuurlike en okkulte aspekte. Aucamp verwys veral na Marais se “versnyding” van die geheimsinnige met die dekadensie, die hipnose en parapsigologie; hy vermeld ook die verskyning van die “bose” dier, kraai en slang.

Aucamp identifiseer verder die spookstories van Leipoldt en Langenhoven as Goties en vermeld ook Elise Muller se debuutverhaal “Rachel”, wat in die kerkhofromantiek-kategorie val. Die talle verwysings in die Winterbach-oeuvre na begraafplase, dood, grafte en ondergrondse ruimtes is alreeds in Afdelings 4.3, 4.7 en 5.5 vermeld. Muller se “Rachel” bevat selfs suggesties van moord en bloedskande. Die vindingryke tematiese herwinning van bloedskande (en meegaande genetiese implikasies) kom hieronder kortliks by die bespreking van Leipoldt (*Bushveld doctor, Die donker huis*) en Byatt (“Morpho Eugenia”) aan bod. Shuttleworth (1998:264) betrek ook die name van George Eliot (*The mill on the floss*) en Nabokov (*Ada or Ardor: a family chronicle*) in hierdie verband. Kohlke (2009:264) bevestig dat die neo-Victoriaanse teks nie terughunker na 'n geïdealiseerde Victoriaanse weergawe van familiewaardes nie, maar dat dit eerder fokus op die “dysfunctional, exploitative, and commodified, not to say gothicised domestic relations found in much nineteenth-century literature by Dickens and the Bröntes”.

I.D. du Plessis is egter vir Aucamp (2010) die eintlike eksponent van die neo-Gotiek in Afrikaans met verhale soos “Necropolis”, “Die feniks”, “Die swart aap”, “Die weerwolf”, “Scorpio”, “Maria” en “Mal Gert” (sien Afdeling 6.2.5). Meer resente eksponente van hierdie beweging is dan Aucamp sêlf, Johann de Lange, Francois Bloemhoff en Reza de Wet. Hy meen ten slotte dat ’n universiteitskursus oor neo-Gotiek in Afrikaans nie onvanpas sal wees nie. Aucamp noem wel die naam van die Britse romanskrywer A.S. Byatt, maar laat egter na om enigsins na Winterbach in hierdie verband te verwys.

Benewens haar aansluiting by die bovermelde tendense in die Afrikaanse letterkunde verwys Winterbach na spesifieke Afrikaanse voorgangertekste wat in Afdelings 6.2.2. tot 6.2.4 bespreek sal word. Soms word verbande tussen verskillende skrywers gelê deur te verwys na *algemene oeuverkenmerke en periodetendense* (sonder veel aandag aan spesifieke voorbeelde) en soms word daar weer slegs op ’n *enkele eksemplariëse teks* ten koste van ’n oeuvre gefokus.

### **6.2.2 Eugène N. Marais**

Marais se blootstelling aan Victoriaanse Londen vanaf 1896 en die voortspruitende invloed daarvan op sy werk word sterk beklemtoon deur Rousseau, J. L. Marais en Kannemeyer. Met verwysing na hierdie tyd van “intellektuele revolusie en nuwe idees” wys Rousseau (1974:38) daarop dat Marais eintlik al van lank voor sy Londense verblyf terdeë bewus was van “elke nuwe wetenskaplike teorie wat die Victoriaanse wêreld geskud het” (sien ’n uitgebreide bespreking van hierdie tydsgees in Hoofstuk 3). J.L. Marais (2001) benadruk veral Louw se tipering van “biologies-evolutioniste” met betrekking tot Eugène Marais en Jan Smuts, synde verteenwoordigers van die “geslag van 1890”:

Marais se volgende fase, naamlik sy verblyf in Londen, sou juis belangrik wees as ’n tydperk waarin hy ’n deurslaggewende ‘wetenskaplike onderdompeling’ sou ondergaan en waartydens die invloede van die Victoriaanse tydperk en die Darwinisme sterk en duidelik aantoonbaar op hom sou inwerk. [...] Marais het hom derhalwe in Londen in ’n tydperk bevind waarin dramatiese verskuiwings in opvattinge oor die mens se plek in sowel samelewing as die natuur

voorgekom het. [...] Een van die belangrikste aspekte hiervan was waarskynlik sy besoeke aan Londen se museums, en ‘the museum’s sister institutions, the zoo and the botanical gardens’ (Black 2000:3). [...] In die breë gesien, moet ’n mens Marais se verblyf in Londen teen die agtergrond van die Victoriaanse tydperk met sy talle onderstrominge plaas. Die Victoriaanse tydperk, wat met sy hakke op die Industriële Revolusie gevolg het, word gekenmerk deur die groot vertroue wat dit in die natuurwetenskappe gestel het. Binne die kader van die biologiese wetenskappe het Darwin se *The origin of species* ’n verreikende bydrae gelewer tot die totstandkoming van ’n nuwe wêreldbeeld wat groot prominensie aan die rol van die wetenskappe gegee het. Ook Marais sou telkens met die Darwinistiese tradisie in gesprek tree wat meer as ’n terloopse kennis daarvan verraaai (2001:45, 53).

Kannemeyer (1978:226) wys byvoorbeeld daarop dat selfs Marais se poësie by sowel die Engelse as Duitse romantiese tradisies aansluit en hy noem spesifiek Marais se belangstelling in hiërogliewe, diernavorsing, hipnotisme, spiritisme en goëlery gedurende sy Londense verblyf (1978:223). Kannemeyer meen verder dat die fokus op “die geheimsinnige en psige” wat later in Marais se prosaverhale aanwesig is, ook die basis vir sy natuurwetenskaplike geskifte vorm waarin hy, “uitgaande van die teorieë van Darwin, die ‘siel’ van die mier, aap, bobbejaan en slang ondersoek” (1978:226). Eugène Marais se populêr-wetenskaplike geskifte, waarin daar volgens J.L. Marais (2001:115) meermale ’n “lerende verteller” met ’n “didaktiese ingestelheid” aan die woord is, sluit die volgende tekste in: *Natuurkundige en wetenskaplike studies* (1928), *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928), *Die siel van die mier* (1934), *Burgers van die berge* (1938), ’n *Paradys van weleer en ander geskifte* (1965) (met ’n reeks artikels wat onder die titel “Die siel van die aap” gebundel is), *Die skepbekertjie: oor die voëls van Witklip* (1968), *The soul of the ape* (1969) en *The road to Waterberg and other essays* (1972).

J.L. Marais se finale gevolgtrekking is dus dat Eugène Marais (soos wat Darwin trouens ook in *On the origin of species* doen) in sy natuurwetenskaplike prosa narratiewe strategieë aanwend om die wetenskaplike kennis meer toeganklik vir sy lesers te maak:

Die studie bevind dat *paradigmaverskuiwings van die afgelope jare die kloof tussen die literatuur en wetenskap verklein het*, hoewel modernistiese opvattinge

voortleef. Marais se wetenskaplike prosa bevat elemente van sowel die literêre as die wetenskaplike benadering, en beide vra om volle erkenning in sy werk (2001:294; my kursivering).

Marais se kortverhale, wat volgens J.L. Marais (2001:293) die “eienskappe van sy wetenskaplike prosa in die ‘vooruitsig’ gestel het” is soos volg gebundel: *Magriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie* (1922), *Dwaalstories en ander vertellings* (1927), *Die huis van die vier winde* (1933) en *Die leeus van Magoeba en ander verhale* (1934). Publikasies wat oorspronklik in *Die Boerevrou*, *Die Huisgenoot* en *Ons/Die Vaderland* verskyn het, word postuum gepubliseer in *Keurverhale* (1948), *Spore in die sand en ander vertellings* (1949) asook *Laramie die wonderwerker en ander verhale* (1949). In Marais se prosa is die verhaalkern meermale die geheimsinnige gebeurtenis wat deur terugkerende karakters soos dokter Paul de Roubaix, professor Paul de Ritter of kolonel Francois de Ville opgelos en *wetenskaplik verklaar* word:

Dikwels is die karakters patologies of abnormaal, en deur die spannende opwerk tot ’n klimaks toon dit – soos die werk van Van Reenen – ’n ooreenkoms met Edgar Allan Poe se “tales of mystery”, alhoewel dit deur sy *belangstelling in die okkulte en in die wetenskaplike verklaring* weer by die verhale van Leipoldt aansluit (Kannemeyer 1978:239; my beklemtoning).

Vergelyk as tipiese voorbeeld van hierdie verhaalpatroon Marais se bekende “Diep rivier” uit *Die leeus van Magoeba en ander verhale* (1934) (in Du Randt 1973:76-117). Hier is dié geheimsinnige gebeurtenis waarna Kannemeyer verwys, die onverklaarbare verskyning van talle mambaslange op die Van Niekerks se plaas, Avonduur. Die mambas verskyn veral in die teenwoordigheid van die plaaseienaar se vrou Marie en word toegeskryf aan “towersy, Naturelletowersy” (1973:78). De Ville en De Roubaix (wat herinner aan die Victoriaanse speurderspaar Sherlock Holmes en Watson) word na die plaas genooi en versoek om die saak te probeer oplos.

Op ’n staptog saam met die veldkenner, Oom Dirk Brink, verduidelik laasgenoemde die paringsgedrag van diere met verwysing na natuurlike seleksie aan De Ville en Roubaix. Kragtens Brink se verduideliking skei die wyfiedier van die meeste werwelgraatdiere ’n sekere reuk af wat die mannetjie oor groot afstande heen aanlok. Wanneer die mannetjie

gelyktydig met 'n mededinger by die wyfie sou uitkom, volg 'n geveg “op die uiteinde waarvan die skone die buit word van die sterkste. Die natuur is nooit sentimenteel nie. Reg verskaf nooit die minste voorkeur nie. As dit anders was, sou die vernaamste werking van natuurlike uitsoeking nie bestaan nie” (1973:103).

Hierdie etologies-wetenskaplike feit verklaar uiteindelik die mambas se skielike aanwesigheid wanneer die verpoeierde geslagsklierstof van 'n wyfieslang in die besit van die halfbloed-kinderoppasser Juanita Perreira gevind word. By nadere ondersoek blyk dit dat Perreira se onbeantwoorde liefde vir die plaaseienaar (saam met wie sy grootgeword het) haar aangespoor het om sy vrou te teister. Deur telkens van dié poeier naby haar “liefdeskonkurrent” (1973:110) te strooi, word die mannetjieslange dus nader gelok en verkeer Marie van Niekerk deurentyd in lewensgevaar. Juanita het dié veldkennis by haar toordokteroupa Radoni aangeleer en die “bonatuurlike” gebeurtenis het dus 'n rasionele wetenskaplike verklaring. Sy pleeg op bisarre wyse selfmoord deurdat sy 'n mamba op soortgelyke wyse na haarself aanlok en uiteindelik doodgepik word.

J. L. Marais (2001:81) verwys pertinent na die besondere gebruikmaking van “plantkundige en/of etologiese kennis en vertelstrategieë wat telkens die ‘waarheid’ (d.w.s *niefiksionaliteit* van die vertelling) beklemtoon” en wat tot die ontknoping van die raaisel lei. Ander verhale waarin die bonatuurlike op soortgelyke wyse wetenskaplik verklaar word, is (benewens “Diep rivier”) ook die titelverhaal in *Die huis van die vier winde* (1933), asook ‘Die spookbul van Faronelle’ (Marais 2001:81). Vergelyk ook die kort bespreking van die vertellings in *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* (1949) hieronder. In *Niggie* (Winterbach) bied Oompie se kennis van die hallusinatoriese uitwerking van sekere kruiesoorte byvoorbeeld 'n soortgelyke wetenskaplike verklaring vir die bonatuurlike “verskyning” van Reitz se gestorwe vrou. Willie September (in *Karolina Ferreira*) se intieme kennis van alternatiewe of natuurgeneeskunde bemagtig hom weer om sekere siektetoestande op sigwaarde te diagnoseer, wat hom gevolglik met 'n aura van “heldersiendheid” beklee.



Die literêre verband tussen Winterbach en Marais word in *Belemmering* direk bevestig met die onderstaande intertekstuele verwysing na die Marais-kortverhaal “Salas y Gomez”:

Het jy ooit die storie geles van die Voortrekker Hendrik du Preez, wat 5 maande en 6 dae lank op die berg Roerdomp (’n oostelike spits van die Middelgebergte) vasgekeer was? Dis ’n ontsaglike en aangrypende ruimte wat Marais daarin voorstel. Dit is die soort landskap waarvan ’n mens sou kon sê: ja, dit is genoeg om van hier af te begin. Marais stel dit voor as ’n paradyslike landskap – behalwe dat dit natuurlik reeds die stempel van Hendrik du Preez dra. Daardie landskap is baie anders as die landskap hier. [...] Maar hierdie barre landskap was 5 miljoen jaar gelede ’n paradys. Palms en digte woude, en ’n verbysterende ryk verskeidenheid aan voël- en dierelewe het die omgewing gekenmerk. Klimatologiese veranderinge in die laat-Miloseen het die omgewing laat verander, en in die vroeg-Plioseen was dit reeds oper, met die graslande en fynbosvegetasie wat die area vandag nog kenmerk. Dit het natuurlik ingrypende gevolge vir die faunale lewe ingehou. Maar dit is mooi, hoor. Dit is baie mooi. Dit is anders as wat dit was, 5 miljoen jaar gelede, en dit is anders as Marais se paradys van weleer, maar dit bly steeds ’n aangrypende landskap (Viljoen 1993:109).

In Marais se kortverhaal word die hoofkarakter, Hendrik du Preez, se Darwinistiese oorlewingsdrang treffend uitgebeeld wanneer hy (na ’n rotsstorting) vir langer as vyf maande op ’n smal rotslys op bronkors, rotssalpeter, duiwe- en dassievleis moet oorleef (Marais in Du Randt 1973:118-183). Hier kerf hy ’n rotskalender uit om tred te hou met die tydsverloop. J.L. Marais (2001:82) sonder vir Hendrik du Preez uit as een van ’n aantal Marais-karakters wat hulle selfverworwe natuurkennis gebruik om in krisissituasies te oorleef. Vergelyk in hierdie verband ook die apokaliptiese kortverhaal “Ondergang van die Tweede Wêreld” (in *Keurverhale*) waar die mededinging om ’n skaars hulpbron soos water die verhaalkern vorm.

Net soos Hendrik du Preez in “Salas y Gomez” word die mans in die Winterbach-roman ook vanweë ’n buitengewone situasie op die berg vasgekeer en ook hulle skep ’n rotskalender. Jansen (1999) verwys na dié kalender as een van die subtile verbindings tussen die twee verhaallyne in *Belemmering*; die naam van Hanna se minnaar is trouens ook “Henrik” (sien Afdeling 4.5). Vasgevang in ’n politieke *interregnum* voer elkeen van die karakters in *Belemmering* (soos die Afrikaners waarvan hulle die nasate is, maar ook soos die fiktiewe karakter Hendrik du Preez) ’n persoonlike en politieke stryd om oorlewing.

*'n Paradys van weleer en ander geskifte* (1965) is die titel van 'n (postume) Marais-versamelbundel waarin 'n aantal populêr-wetenskaplike tydskrifartikels byeengebring is. Die gelyknamige skets, “'n Paradys van weleer”, word in die voorwoord beskryf as 'n bron van inligting oor Marais se geboortestreek asook sy latere reis per ossewa na die Vrystaat waar hy op Boshoff skoolgegaan het. 'n Latere besoek deur die verteller aan hierdie ruimtes plaas sy jeugherinnering (naamlik dat daar “seker geen deel op aarde was waar die lewe makliker en deurgaans aangenamer was (nie)” in perspektief wanneer hy die invloed van 'n knellende droogte op die “paradys van weleer” waarneem:

Ek het Agter-die-Berg nou die dag weer besoek – natuurlik nie die eerste maal nie – en onwillekeurig het die herinneringe uit my kindertyd my gemoed tot uitsluiting van alles anders in beslag geneem, en dit het 'n gevoel van onbeskryflike weemoed veroorsaak. Hoe kan 'n mens ooit in woorde stel die onderskeid tussen wat ek gister gewaar het en die glorieryke dae wat – helaas! – nog net in my geheue bestaan? Die “Paradys” van vroeër het 'n dorre klipwoestyn geword (Marais 1965:65).

Dié ambivalensie van die Marais-paradys (sien die aanhaling uit *Belemmering* hierbo) kom ook weer ter sprake in *Karolina Ferreira*, waar die panele in die barokagtige eetsaal van die plattelandse hotel onderskeidelik die paradys as plek van konflik én pastorale vrede uitbeeld. Net so is die fiktiewe Vrystaatse dorp, Voorspoed, oënskynlik 'n rustige plattelandse paradys, maar “ondergronds” woed daar 'n felle politieke oorlewingstryd.

Hierdie uitbeelding van die paradys as arena van beide ondergang en weldadigheid is ook 'n terugkerende motief in veral *Landskap met vroue en slang*, waar die “verlore paradys” spesifiek met toespeling op Marais se *Paradys van Weleer* (1996:179), Milton se *Paradise lost*, Darwin se sublieme landskap en Nicholas Poussin se landskapskilderye figureer (sien Afdeling 4.6). Die volle Hoofstuk 17 (“'n Gesig op die Paradys”) word daaraan gewy om 'n omgewing van “voorwêreldlike prag” te beskryf wat “'n paradys (is) vir enigteen met 'n belangstelling in die natuurlike wêreld” (1996:127).

Botha en Van Vuuren (2007:120) verwys in hulle bespreking van die intertekstuele stramien in *Niggie* (sien Hoofstuk 5) na verskillende karakters met die van “Winterbach” wat in Marais se kortverhale voorkom. Hulle vermeld spesifiek die kortverhaalreeks “Die pad van drome” in *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* (1949). Dié bundel is ’n fiktiewe samestelling uit die “dagboek en nagelate dokumente van dr. Roubaix” en bestaan uit twee hoofafdelings.

Die eerste afdeling (“Laramie, die wonderwerker”) bestaan uit tien vertellings waarin die wonderbaarlike telkens bevoorgrond word. Ene Laramie, ’n waterwyser, arriveer by dr. Roubaix se staning waar hy aan Roubaix van sy wêreldreise vertel waar hy wonderwerkers uit die vertoningswêreld ontmoet het (die gedagtelesende Lanzic-egpaar; die Italiaanse medium Eusapia Palladina; Houdini; die susters Crosswell; Maskaleyne en Cook). Sy eie soektog bly egter na die verborge “ongenaakbare sielkundige geheim”; “die werklike bron” van die wonderwerkers se bonatuurlike krag; die wetenskaplike verklaring vir die paranormale verskynsel.

Laramie openbaar vervolgens sy eie merkwaardige “bonatuurlike” talent (verwerf as student van Charcot aan die Salpêtrière) aan Skat Pretorius en sy vriende in ruil vir kaart en transport van ’n afgeleë plaas. In die daaropvolgende vertellings word byeenkomste beskryf waar levitasie (synde “die beweging van materiële voorwerpe sonder sigbare oorsaak”) beoefen word. Die hipnose van individue of groepe waartydens voorafbeplande suggesties gelaat word, kom ook aan bod. Wanneer Roubaix ten slotte vir Laramie as bedrewe hipnotiseur ontmasker, pleeg dié uiteindelik selfmoord.

Ten opsigte van die eksakte wetenskaplike stelwyse is daar soms merkwaardige ooreenkomste tussen tekste van Winterbach en Marais. Vergelyk die onderstaande beskrywing van sterreliëgame in die sesde vertelling (“Laramie en die Venterbende”) met soortgelyke inventarisse in *Belemmering* (1990) en *Landskap met vroue en slang* (1996):

In ander lande is Orion natuurlik ook sigbaar, maar nooit is Aldebaran, Betelgeuse, Rigel, Sirius, Procyon, Canopus en die groot Oostelike ster van die Kruis so heerlik as wanneer hulle afgeset word deur die newelgoud van Centaurus nie (Marais 1980: 42).

Pou lê die naghemel vir hulle uit. Hy wys die sterre Aldebaran, Regulus, en Spica uit, wat maklik met helder planete verwar kan word. Hy wys Adhara, Wezen, Sirius, Saiph, Rigel, Bellatrix en Betelgeuse uit, en M1, die krap-nebula, veroorsaak deur 'n supernova-ontploffing in 1054, soos aangeteken deur Sjinese sterrekundiges (Viljoen 1999:15).

Rigel en Betelgeuse, Arcturus en Spica, Aldebaran en Regulus, en M1 die krap-nebula. Sy wou sterrekundige word (Viljoen 1996:37).

Die tweede afdeling van die Marais-bundel is getiteld “Die pad van drome” en bestaan uit 'n viertal verhale oor die Anglo-Boereoorlog: “Drome en dromers”, “Die droomlewe van Donou Winterbach”, “Die visioen van die witpad” en “Verdediging van Tweepoort deur Donou Winterbach”. Die droomstaat asook die epiese ruimte van die Anglo-Boereoorlog is natuurlik welbekende terugkerende aspekte in Winterbach se eie prosa (sien Afdelings 4.3–4.8 asook 5.5). Botha en Van Vuuren (2007:120) knoop ook Rousseau se uitspraak dat daar 'n skakel tussen drome en “die wêreld van die toorkuns” bestaan, direk aan die handelinge van 'n karakter soos Oompie.

In die vier vertellings is die briljante Boere-strateeg, ene Donou Winterbach, telkens die hoofkarakter. Volgens Roubaix se vertellings rondom die kampvuur (wat sterk herinner aan soortgelyke kampvuurtonele en droomrelase in *Niggie*) was Donou Winterbach 'n slaapwandelaar wat ook as “realistiese dromer van die eerste rang” geklassifiseer sou kon word. Dié kategorie dromer word in die eerste vertelling uitgesonder as iemand wat van herkenbare landskappe droom, selfs vervolgdrome het. Sulke gedroomde landskappe vertoon soveel ooreenkomste met die werklikheid dat die hoofkarakter selfs 'n “droomkaart” kon opstel tydens sy sessies met Roubaix. Tydens die slag van Tweepoort weer Donou Winterbach 'n Britse aanval uit 'n onverwagte oord suksesvol af deur staat te maak op sy visioen van die witpad (wat 'n spieëlbeeld van die omgewing by Tweepoort was). Die jong vrou wat hom in sy droom oor die hinderlaag waarsku, verskyn ook te perd uit die niet tydens die werklike veldslag (in die gedaante van ene

Smart Landsberg), herhaal haar waarskuwing en bely dat sy vantevore ook van hóm gedroom het.

*Laramie, die wonderwerker en ander verhale* (1949) verreken dus Marais se bykans obsessionele belangstelling in tipies Victoriaanse praktyke soos goëlyery, levitasie, mesmerisme en hipnose (sien Afdeling 5.5). Brink (1965:101) benadruk egter dat die geheimsinnige by Marais met soveel “presiesheid” in ’n werklike wêreld gesitueer word dat dit volkome aanvaarbaar word; dat die natuurlike en bonatuurlike naatloos saambestaan. Dié tendens sluit ten nouste aan by Winterbach se soortgelyke uitbeelding van visioene en drome (*Klaaglied vir Koos, Belemmering, Karolina Ferreira, Landskap met vroue en slang, Niggie*); voorvalle van heldersiendheid, toekomsvoorspelling en “talking heads” (*Karolina Ferreira, Buller se plan, Niggie*); trieksterverskynings (*Belemmering; Niggie*) asook spiritisme (*Niggie*).

### **6.2.3 C. Louis Leipoldt**

In *Die boek van toeval en toeverlaat* verwys Winterbach by name na Leipoldt, maar geen spesifieke tekste van hom word uitgesonder nie. Die mees tersaaklike biografiese gegewens en oeuverkenmerke sal vervolgens oorweeg word om die status van Leipoldt as Afrikaanse voorganger van Winterbach te beredeneer.

Leipoldt was ’n afstammeling van die negentiende-eeuse sendelingfamilies, ’n tipe wat al as “die produk van die Victoriaanse era en van Charles Darwin” beskryf is (Pakendorf in Kannemeyer 1999:5). Hy was (soos Marais) van jongs af ingestel op die outodidaktiese bestudering van plante en diere in die omgewing van Clanwilliam – ’n belangstelling wat hy later in *Bushveld doctor* (1937) as ’n belangrike vormende invloed beskryf het:

I can imagine no more ‘formative’ influence upon the mind of a moderately intelligent boy than the study of natural history. [...] I do not allude to systematic biology or any other “ology”, but to the practical teaching in the field

of botany, of the habits and life-history of birds, insects, and indeed, all living things. [...] I therefore carried with me a frame for botanical specimens, field glasses, a geological chisel for digging, and a collector's gun, the last only to be used for obtaining rare or unidentified birds (1980:18-19).

Sy eie hegte vriendskappe met natuurwetenskaplikes soos MacOwan, Marloth, Schlechter en Bolus asook die sendeling F.C. Kolbe, wat skynbaar 'n kenner van plante, diere en gesteentes was, het ook op hóm 'n durende invloed gehad. Leipoldt het 'n buitengewone aanvoeling vir die plantkunde vertoon, maar Kannemeyer (1999:87-105) wys ook op sy versameling van klippe, skoelappers, motte (wat hy snags na bewering met 'n mengsel van moskonfyt en brandewyn gevang het) en later ook boeke.

Met betrekking tot die opvallende enumerasie van natuurbesonderhede in sy landskaps-poësie, meen Viljoen (1998b:579) dat dit 'n katalogisering is wat tuishoort by die "botaniserende" Leipoldt. Dié term is ontleen aan Pratt se "herborizer", wat beskou is as "a decidedly literary figure, armed with nothing more than a collector's bag, a notebook and some specimen bottles, desiring nothing more than a few peaceful hours alone with the bugs and the flowers" (in Viljoen 1996b:58). Viljoen (1998b) voer Leipoldt se gedetailleerde geografiese, soölogiese en botaniese beskrywings in *Uit my Oosterse dagboek* (1932) dan ook terug na die tradisie van Linnaeus.

In 1901 vertrek Leipoldt na Londen, waar hy as mediese dokter opgelei word en waar hy tot en met 1914 vir lang tydperke vertoef tussen sy ander reise (na Wes-Europa, Amerika en Indonesië). Smith (in Nienaber 1948:95) roep die besoeke van Leipoldt in Hampstead Heath in herinnering waar hulle onder meer die werk van Stevenson (*The strange case of Dr. Jekyll and Mr. Hyde*) en Spenser (*The Faerie Queene*) bespreek het. Kannemeyer (1978:130) vermeld Leipoldt se "ruimer geestelike horison" en verwys in hierdie verband na sy kennis van Nederlandse, Duitse en veral Britse skrywers: George Eliot, Jane Austen, Byron, Shelley, Browning, Tennyson, Stevenson, Milton, Wordsworth en Alfred Noyes.

Fielding se *The hearts of men*, waarin die effek van Darwin se evolusieleer op gevestigde godsdienstige veronderstellings ondersoek word, word uitgesonder as 'n teks

wat hom so diep beïndruk het dat hy dit selfs vir Bolus aanstuur (soos ook die drie dele van 'n Darwin-biografie). Sy bestudering van Kropotkin se *Mutual aid*, 'n wetenskaplike studie oor aspekte van die evolusieleer, word ook vermeld (Kannemeyer 1999:197-292). Hy word bestempel as 'n “estetiese didaktikus” en “'n veelleser vervul met 'n onversadigbare nuuskierigheid” (Burgers 1948:78), op wie “die bonatuurlike 'n vat gehad het” (Kruger 1948:110). Viljoen (1998:583) beskryf die “tweespalt” by Leipoldt soos volg:

[...] Leipoldt die storieverteller en mistikus wat glo aan die bestaan van onpeilbaarhede in die menslike gees wat grens aan die bonatuurlike en Leipoldt die wetenskaplike wat die behoefte het om bonatuurlike verskynsels op wetenskaplike en rasionele wyse te verklaar.

Selfs voor sy vertrek na Londen was Leipoldt alreeds lid van 'n studiegenootskap in Kaapstad wat sekere “paranatuurlike” verskynsels ondersoek het met die doel om wetenskaplike verklarings daarvoor te probeer vind; 'n belangstelling wat hy in Londen sou voortsit (Kannemeyer 1999:231). Leipoldt se “naïewe geïnteresseerdheid” in die eksotiese, die vreemde, die abnormale en die randgebiede van die menslike gees word deur Kannemeyer (1978:131) benadruk. In Surabaya (Indonesië) maak hy byvoorbeeld kennis met toewery en goëlery, waarvoor hy in sy reisverslag, *Uit my Oosterse dagboek* (1932) uitwei. Tekste waaruit sy fassinatie met die Ooste blyk, word saam met sy spookverhaalliteratuur gereken as Leipoldt se belangrikste bydrae tot die Afrikaanse kanon. Die drie bundels kortverhale – *Waar spoke speel* (1927), *Wat agter lê* (1930) en *Die rooi rotte* (1932) – getuig volgens Kannemeyer (1978:142) daarvan dat die bonatuurlike die verhale soms só oorheers dat 'n logiese verklaring, ten spyte van Leipoldt se bygevoegde breedvoerige wetenskaplike verklarings, heeltemal ontbreek.

Die Leipoldt-kortverhaal “Die boomstam” is tekenend van hierdie hebbelikheid om die “bonatuurlike” soms heeltemal ten koste van 'n logiese verklaring te oorspeel (boonop hier nog sónder 'n uitgebreide wetenskaplike verduideliking). Dié verhaal verskyn in 'n manuskrip met die titel “Satieriese Sprokies” en word in 'n sekere sin amper “aangevul” deur die hoofstuk “Die oerbos” (in die reisteks *Uit my Oosterse dagboek*), waarin die inboorlinge se oerbos-mitologie en animistiese praktyke verduidelik word. In hierdie

“oer-ekologieverhaal” reageer ’n asmatiese sendeling woedend op sy “bekeerdes” se aanbidding van boomgeeste (Aucamp 1997:123). Hy begin om ’n sekere boom (waar hulle die offerandes neerlê) af te kap, maar besluit na talle pleidooie om die boom te spaar. Sy getrouste bekeerling, Abdoer, oorreed hom om ook ’n offer aan die boom te bring. Die sendeling se asma verbeter na dié insident sodanig dat hy self begin glo aan die boom se ondeurgrondelike kragte, sy eie geloof aflê en die bediening verlaat.

Daar is wel ’n verband tussen die “wonderbaarlike” genesing van sy asmatiese toestand en die boom, maar nié op die wyse waarop die sendeling dit vertolk nie: hy sien sy genesing uitsluitlik as beloning van die boomgeeste omdat hy nié die boom afkap nie. Nóg Aucamp (1997), nóg Viljoen (1998), nóg Kannemeyer (1999) verskaf enige wetenskaplike verklaring vir die verskynsel. Die feit dat die verhaal in ’n manuskrip met ’n veelseggende titel soos “Satieriese Sprokies” opgeneem is, dui vooruitskouend aan dat die swakhede en wanpraktyke van ’n gemeenskap hier bespot gaan word (Pretorius 1992:464). Daar is wel subtiele aanduidings in die teks dat daar tog ’n logiese botaniese verklaring moet wees vir die ondeurgrondelike magte. Die toevallige sameloop van die sendeling se sittersy op nat gras, sy koorsigheid kort daarna, sy potensiële psigosomatiese reaksie op die bekeerlinge se voorspellings en die volgende beskrywing van die boom hou die sleutel tot ’n “wetenskaplike” verklaring:

’n Ingewikkelde stelsel van omsettery, waarteen die beste skeikundige werkswinkel wat deur mense uitgedink was, soos die opgestapelde speelgoed van ’n kind was, het binne sy weefsels gewerk, vlytig, geduldig, deur die duisende van dae, totdat die kleurlose metaal verander was in skitterende bladgroen, en die onsigbare gasse in stewige hout en bas (in Aucamp 1997:128).

Hierdie allergene (synde die giftige stowwe en/of die boom se stuifmeelproduksie) is waarskynlik die oorsaak van sy akute asma-aanvalle. Die genesing van sy allergie het dus niks met bonatuurlike magte te make nie, maar eerder met die vrygestelde allergene op ’n bepaalde oomblik in die lug. Vergelyk die reeds vermelde gevalle in *Niggie* waar die bonatuurlike ook dikwels wetenskaplik verklaar kan word.



Antonissen (1982) onderskei voorts die sogenaamde “wetenskaplike tesis”-romans by Leipoldt met verwysing na *Die donker huis* (1931), *Galgsalmander* (1932) en *Die dwergvroutjie* (1937) waar “mense slegs ’n funksie van die teorie” word (1982:93). Oor Leipoldt se selfsensuur ten opsigte van die presiese aard van ’n verhouding wat in *Die donker huis* beskryf word, bespiegel Kannemeyer (1999:538) soos volg: “...is dit die skroom van die Victoriaan wat Leipoldt as kind van sy tyd ook was?” Vergelyk in hierdie verband Leipoldt se vertelling in *Bushveld doctor* (1980:50) waar die geval van ’n tweeling wat uit die bloedskendige verhouding tussen ’n broer en suster verwek is, soos volg beskryf word: “I know of no scientific reasons why two persons, both physically and mentally sound, should not marry and breed equally sound progeny. But I confess that I have never found progeny of such strict endogamy so perfect as those two twins” (sien ook Byatt soos bespreek in 6.3.2). Dit is ’n bekende feit dat Darwin self met sy eie niggie, Emma Wedgwood, in die huwelik getree het; ’n gegewe wat in ’n onlangse rolprentvrystelling oor sy lewe (*Creation*) ook beklemtoon is.

Ook in hierdie drietal Leipoldt-romans meen Kannemeyer (2005:88) dat die karakteruitbeelding, soos in die speurromans, soms ten koste van die wetenskaplike verklaring verdring word. Hierdie “neiging tot wetenskaplike verklaring” ten koste van karakteruitbeelding geld volgens Kannemeyer nog selfs in ’n groter mate vir Leipoldt se speurverhale (*Die moord op Muisenberg*, *Die verbrande lyk* en *Die moord in die Bosveld*). Nienaber beweer dat die “spoke, die misdadigers en ander psigiese abnormales wat in Leipoldt se prosa ... ’n bestaan voer, getuig van sy poging om uit die ondervindings van hulle, wat ook nie die normale, rustige, breedgebaande weg bewandel nie, wyserplate te konstrueer vir eie gebruik” (1948:44).

Populêr-wetenskaplike titels wat deur Leipoldt gepubliseer is, sluit byvoorbeeld die volgende in: *Skoolgesondheid*, *Praatjies met die Kinders*, *Praatjies met die Oumense*, *As die Natuur gesels* (Nienaber 1948:27). Ten opsigte van sy didaktiese instelling (wat verskerp is deur sy joernalistieke vermoë om toeganklik te skryf), word Leipoldt deur Nienaber met Langenhoven vergelyk (1948:75): “didakties in die sin waarin Langenhoven didakties was, toe hy voorsien het in die behoefte van die volk aan sekere soorte leesstof, waarin hy self ook belang gestel het.” Ook Schoonees plaas vir Leipoldt naas Langenhoven as eksponent van die didaktiese prosa (1922:259); sy publikasies

vervul “’n belangrike opvoedkundige funksie” (Kannemeyer 1999:427). Hierdie didaktiese instelling sluit aan by ’n uitspraak van Winterbach (sien Afdeling 4.1) waarin sy die begeerte uitspreek om ook haar lesers deur middel van ’n opbouende diskoers op te voed, maar dan met al die byvoordele wat ’n narratief kan bied. Leipoldt se voorliefde vir die natuurwetenskaplike en bonatuurlike sfere is dus ’n eienskap wat ook by Winterbach identifiseerbaar is.

#### 6.2.4 C.J. Langenhoven

Langenhoven word wyd bestempel as ’n prominente verteenwoordiger van die didaktiese en satiriese prosa in Afrikaans. Sy hoogste strewe was om “die volk” te leer lees” (Brink 1965:94). Met *Loeloeraai* (1923), ’n verhaal waarin ’n astrale wese die aarde besoek, het hy toegetree tot die genre van wetenskapsfiksie, ’n literêre vorm wat dikwels deur navorsers binne die interdisipline van letterkunde en wetenskap bestudeer word. Kannemeyer (2005:95) plaas dié teks in die tradisie van die negentiende-eeuse wetenskapsfiksieskrywers H.G. Wells en Jules Verne. Hy merk op dat Langenhoven tydens sy studentejare aan Stellenbosch reeds met Wells en Darwin moes kennis maak het en vermeld ook sy voorliefde vir Walter Scott, Charles Dickens en ander “Victorians” soos Eliot (Kannemeyer 1995:130, 141). Langenhoven skryf verder ’n aantal spookverhale, gebundel in *Geeste op aarde* (1924) en *Die wandelende geraamte en ander verskynings* (1930) waaruit sy belangstelling in die bonatuurlike blyk.

In *Landskap met vroue en slang* (1996) word *Die Krismiskinders* (1926) van Langenhoven direk vermeld. Die hoofkarakter (Lena Bergh) se kind, Natalie, is vernoem na die oudste dogter in *Die Krismiskinders*: “(Die kind is Natalie genoem na die meisie in Langenhoven se verhaal *Die Krismiskinders*)” (1996:138). Soos een van die Langenhoven-Krismiskinders verwyel Natalie ook graag háár tyd deur te teken.

Die openingsin van Langenhoven se jeugverhaal verrai alreeds daardie didaktiese ingesteldheid wat ook, alhoewel op ’n veel subtieler en meer gesofistikeerde wyse, sekere Winterbach-romans onderlê:

Lesertjie, of leseressie, was jy al in die Kangogrotte in die Oudtshoornse distrik? Nee? Nou ja, wanneer jy groter is, sal jou mense jou daarheen neem; of wanneer jy eendag heeltemal groot is, sal jy self daarheen gaan. Want hulle is baie wonderlik. Dis gate diep onder die aarde, diep in die hart van die berge. 'n Mens kan urelank daar rondloop deur gange en kamers en sale, groter as wat die grootste kerke van binne is, en nooit op 'n end daarvan kom nie. Van daardie grotte, of drupkelders soos hulle ook genoem word, wil Ou Oom julle nou 'n storieltjie vertel (1947:1).

Die sogenaamde Krismiskinders (Natalie/Talie en die tweeling, Aristo en Sontie) word almal as buitengewone kersgeskenke aan 'n kinderlose egpaar “geskenk”. Die drie kinders speel onderskeidelik viool, skryf gedigte en teken. Hulle word dus op metaforiese vlak verteenwoordigend van alle kunstenaars. Hierdie gegewe is uiteraard van besondere intertekstuele belang in 'n teks soos *Landskap met vroue en slang*, waarin daar ook deurgaans oor die aard en funksie van kunstenaarskap besin word. Die hoofkarakter, Lena Bergh, is byvoorbeeld 'n skilder wat 'n gebrek aan inspirasie ervaar sedert haar verhuising van die Wes-Kaap na Durban. Onder haar vriende tel die skrywer Mara Darboven, die digter Keet en skilder Sophie Brand. Lena se kunstenaarstrewes is na die *sublieme landskap* (sien bespreking in Afdeling 4.6).

Die Krismiskinders se kunstalent red hulle aanvanklik van 'n gewisse dood wanneer hulle deur die Boesmans ontvoer word. Die klassieke muses Harmonie, Aurora (godin van die daeraad) en Minerva (die beskermers van *die kunste en wetenskappe*) bedien die kinders deurentyd van raad en hulle slaag uiteindelik daarin om te ontsnap. 'n Gedierte wat soos 'n vlermuis lyk, maar so groot soos 'n volstruis is met bobbejaanhande, voer hulle egter mee na die skaduwêreld van die Kangogrotte; na die Koning van die Donker. Hulle opdrag is om hom te vermaak, maar hulle weier om toe te gee aan sy eise om die bese/donkerte in hulle kuns te dien:

Ek het nooit skaduwees geskilder om skaduwees ontwil nie. Ek het skaduwees geskilder om te wys waarvandaan die lig skyn. [...] My kuns is in die diens van die land van die Koning van die Lig. Van daardie diens sal niks wat jy kan doen my afvallig maak nie. My kuns is vir my heilig. My kuns is die kuns van skoonheid, en van soetheid, en van die liefde. My kuns is die kuns van die lewe en nie die kuns van die dood nie (1947:91-92).

Net soos wat Lena Bergh die sublieme landskap nastreef, streef die Krismiskinders ook na 'n soortgelyke sublieme vorm van skoonheid. Die kinders se straf is egter dat hulle verban word na 'n benederyk – “die agterste, diepste afgrond waar die ongehoorsames bewaar word, die diepte van die uiterste duisternis” (1947:92). Hier wag hulle dan slapend op die magte van die Lig om hulle te verlos.

Talle verwysings na vlermuise verskyn ook in *Landskap met vroue en slang* (soos trouens ook in *Klaaglied vir Koos*, *Belemmering*, *Karolina Ferreira* en *Buller se plan*). Wanneer Natalie en haar pa (Jack) uit die Karoolandskap wegry, begin “die vlermuise onreëlmatig vlieg en die donker wolkformasies verander” (1996:149). Die betrokke toneel herinner sterk aan die moment in *Die Krismiskinders* waarin die drie kinders deur 'n vlermuisagtige gedierte weggeraap word. Die ambivalente en bedrieglike *vorm* van die vlermuis (“nog muis, nog voël”; sien Viljoen 1993:57) word meermale in Winterbach se romans beklemtoon en die assosiasie met die Gotiek is hier ter sake. Vergelyk in dieselfde trant ook die digter Keet se waarneming van 'n reuseskoenlapper wat bo die begraafplaas huiwer en wat hy aanvanklik met 'n vlieënde piering verwar (1996:25). In *Buller se plan* hang daar weer 'n reusemot bo die dorp (sien Afdeling 4.7), terwyl reusagtige motte ook in Byatt se “Morpho Eugenia” hulle verskyning maak (sien Afdeling 6.3.2).

Die dogtertjie Natalie (in *Landskap met vroue en slang*) vertel aan haar ma (Lena Bergh) dat sy 'n skoelapperprinses is wat vir vier jaar eers 'n papie was en nou in 'n hokkie met roosblare woon. Dié betrokke gedaanteverwisseling tussen dogtertjie en skoelapperprinses herinner vaagweg aan 'n ander Langenhoven-vertelling, “Brolloks en Skoonlief” (in *Brolloks en Bittergal*, 1925). 'n Klein dogtertjie, Kapokkie, word deur die Neandertalagtige Brolloks gevang en in sy grot vasgebind. Sy ander gevangene, Skoonlief, help dan vir Kapokkie om te ontsnap deurdat sy laasgenoemde met Brolloks se kerie aanraak. Nadat die towerformule uitgespreek word (“Kindjie, kindjie, word vir 'n uur 'n skoelapper”), verander die dogtertjie van vorm, vlieg dadelik as skoelapper na haar ouers en transformeer voor hulle oë weer terug na 'n dogtertjie (“En sy was vir hulle baie, baie mooier as die skoelapper met die skitterende vlerke”). Vergelyk 'n soortgelyke verhaalgegewe in die fabel “Things are not what they seem” (Byatt 1992) soos bespreek in Afdeling 6.3. In Afdeling 4.6 is daar ook alreeds verwys na die

veelseggende beskrywing van Natalie as die produk van “vyftig miljoen jaar se evolusionêre geskiedenis” (1996:17); die transformasie van bykans alle vrouekarakters, en spesifiek Karolina Ferreira, by Winterbach is vanselfsprekend ook hier van belang.

In die geïllustreerde Leon Rousseau-verwerking van *Brolloks en Bittergal* word die twee mensvreter-towenaars van die Karoo uitgebeeld as half-mens/half-aap (weer ’n verbandhoudende evolusionêre verwysing). Beide Brolloks en Bittergal beskik oor die sonderlinge vermoë om hulle slagoffers *van vorm te laat verander*, te laat “metamorfoseer” (om Winterbach se eie operatiewe woord te gebruik). Die dogtertjie word byvoorbeeld ’n skoenlapper, terwyl Bittergal weer ’n seuntjie tydelik in ’n likkewaan verander. ’n Soortgelyke tematiese preokkupasie met gedaanteverwisseling, vormverandering, metamorfose, evolusie en transformasie is afleesbaar uit al die vermelde Winterbach-romans (sien Afdeling 4.3–4.8) asook uit “Morpho Eugenia” (Byatt).

### **6.2.5 I. D. du Plessis (“Mal Gert”)**

Winterbach verwys geensins na Du Plessis nie, maar die kortverhaal “Mal Gert” word bespreek omdat dit, soos ’n tipiese neo-Victoriaanse teks, ’n meesterlike versnit van Gotiese en natuurwetenskaplike tendense is. Leipoldt se fassinatie met die Ooste word deur I.D. du Plessis verder gevoer in laasgenoemde se studies oor die Kaapse Maleiers asook sy eie besoek aan Indonesië (gedokumenteer in *Die hart van Java*). Die suggestie van ’n Oosterse invloed blyk by Winterbach uit die subtiele, maar betekenisvolle verwysing na Oompie se “Oosterse ogies” en sy gepaardgaande bonatuurlike vermoëns (sien Afdeling 5.5). In *Karolina Ferreira* wy Jess Jankowitz weer vir Karolina Ferreira in die weë van die Boeddhisme in (1993:123; sien Afdeling 6.6.3).

Aucamp identifiseer vir Du Plessis as die belangrikste verteenwoordiger van ’n Gotiese stroming in Afrikaans (vergeelyk Afdeling 6.2.1). Hy fokus op die besondere bekoring wat die okkulte en parapsigologiese vir Du Plessis ingehou het en verwys veral na ’n groep okkulte en gruwelverhale in die monobundel *Uit die ander wêreld* (1935). *Die*

*verbode ryk* (1943) bevat weer verbandhoudende vertellings oor twee verbode ryke, naamlik die politieke asook die bonatuurlike ryk. Aucamp sonder veral die kortverhaal “Mal Gert” (in die bloemlesing *Drie wêrelde*, 1970) uit as een van Du Plessis se “sterkste Karooverhale” – Langenhoven, Schreiner, Elise Muller en Abraham De Vries synde die ander bekende Karooskrywers.

Die naasmekaarstelling van rasionele wetenskaplike kennis (oor geologie en spesie) en die bonatuurlike of nierasionele (soos die mirakelagtige verskyning van oerdiere) word uitsonderlik uitgebeeld in hierdie betrokke kortverhaal. Die karakter Mal Gert word vanuit die staanspoor van sy maats onderskei vanweë sy andersheid: “Mal Gert het alles gedoen *asof hy met een voet in ’n ander wêreld staan*. Sy oë was nooit rustig nie, en partykeer het ’n mens gevoel *dat hy ander dinge sien*” (Du Plessis in Aucamp 1994:58; my kursivering). Hy vertel aan die ander gedurig van die vreemdhede wat die Karoo kan oplewer (“En die dinge wat hy gesien het, was vreemd en aaklig”). Volgens Aucamp word Mal Gert ’n verbinding tussen hede en verlede; tussen die rasionele en die irrasionele: “hy [Du Plessis – EL] versoen fantasie en werklikheid op ’n artistiek-oortuigende wyse” (1998:404).

Mal Gert sien teen skemer die Karookoppies roer asof dit bewegende boggelrugte van “halfversteende gedrogte” is wat spartel om hulleself los te skeur. Snags droom sy maats van hierdie prehistoriese monsters wat na bewering op die plaas skuil. Twee verdere gebeurtenisse rig die res van die kortverhaal: die verdwyning van enkele skape en “die koms van die fossielsoekers”. Die twee paleo-antropoloë vertel aan die seuns van ’n tyd toe die Karoo “heeltemal anders was as nou”; van oerdiere uit verafgeleë tydperke. Aucamp tipeer hierdie gedetailleerde Du Plessis-beskrywings van die oer-Karoo tereg as “informasiediens” – ’n beskrywing wat ook vir Winterbach se prosa kan geld (1998:403):

Dit was ongelooflik dat die Karoo miljoene jare gelede ’n enorme moeras was. Toe hulle van die ontstaan van die Karoo-rotse praat, van die sediment wat laag op laag deur die ontelbare jare neergelê is, kon ons nie altyd volg nie, maar dit het darem duideliker geword hoe die fossiele wat hulle by die koppies gekry het, so in die aarde vasgelê was. En hulle het gepraat van die plantvretende Grootwange en Platkoppe, van die roofsugtige Beerreptiele, die Wolfreptiele en

die Vreeslike Gesigte, die Katreptiele. Toe ons vir Vader vertel dat die fossielsoekers sommer van tweehonderd-en-vyftig miljoen jare praat, het hy hom geërg. Hy was Bybelvas en het nie aan sulke nuwerwetse idees geglo nie. ‘Dis sommer ’n raaiery,’ het hy gesê. ‘Hulle weet nie eers watter soort vel die diere gehad het nie, dan kom hulle met sulke wysshede.’

Die ongemak wat deur die teorieë van Lyell en Darwin veroorsaak is by “Bybelvaste” subjekte soos die vader in die verhaal, blyk duidelik uit die bostaande aanhaling. Die seuns vra aan die fossielsoekers of daar steeds sulke oerdiere bestaan (“lewensvorme waarvan ons nie weet nie”), maar laasgenoemde verseker hulle dat daar “net bene” oor is van diere wat alreeds ongeveer tweehonderd miljoen jaar gelede uitgesterf het.

In ’n poging om vas te stel waarheen die skape snags verdwyn, ontdek die seuns, hulle pa en die fossielsoekers dat Mal Gert die skuldige is wat die skape snags vaslê. Ten aanskoue van almal gooi hy ’n halwe skaap in ’n diep skeur af wat skynbaar na talle ander onderaardse gange lei. Wanneer hulle hom konfronteer, “hoon” hy die fossielsoekers en skreeu triomfantelik: “Fossiele! Julle grawe fossiele uit, en julle weet nie wat hier is nie!” Die verteller en sy vriend Piet hou dan agterna vol dat hulle te midde van die “triomfkrete” bewus geraak het van ’n skerp reukwalm uit die verseëelde skag en selfs ’n “onderaardse geluid” gehoor het.

Die wins lê vir Aucamp daarin dat die oerdier nooit werklikheid word nie: “Hy bly ‘ondergronds’, as ’n soort kollektiewe herinnering aan die oer-Karoo” (1998:403). Dié akute bewussyn vir die feit dat die mens se oorspronge afleesbaar is uit die ondergrondse, uit verborge fossiele, is ook in Winterbach se romans ’n herhalende patroon (in veral *Belemmering* en *Niggie*).

Die gevolgtrekking in Afdeling 6.4 sal die gemeenskaplikhede ten opsigte van die Afrikaanse voorgangers wat hierbo bespreek is, saamvat. Net soos wat Winterbach se werk treffende ooreenkomste vertoon met Afrikaanse voorgangers wie se oeuvres die wetenskaplike omwentelinge van die laat-negentiende eeu vergestalt, vertoon haar tekste uiteraard ook verwantskappe met eietydse verteenwoordigers van ’n neo-Victoriaanse romantradisie. In Afdeling 6.3 hieronder volg ’n vergelykende lesing van

twee tydgenootlike tekste, naamlik *Karolina Ferreira* (Winterbach) en *Angels and insects* (A.S. Byatt, 1992) met die oog daarop om sodanige neo-Victoriaanse verwantskappe te identifiseer.

### 6.3 TYDGENOTE: WINTERBACH EN BYATT

#### 6.3.1 A.S. Byatt: 'n inleiding

A.S. (Antonia Susan) Byatt, suster van die ewe bekende Margaret Drabble, word in *The Salon Interview* soos volg voorgestel (Miller 1996):

A.S. Byatt could be the patron saint of bookworms. She describes her often-bedridden childhood self as having been “kept alive by fictions” – mostly the novels of Dickens, Austen and Scott. She has always been a self-described greedy reader, who weaves her many interests – biology, history, philosophy among them – into her work. The results are novels with, as she has often stated, ‘the whole world in them’, books that teem with characters and ideas, books in which reading and writing usually prove a matter of life, death and freedom.

Soos Winterbach is Byatt dus ook 'n selfverklaarde bibliofiel wie se romans (wat al by geleentheid “learned novels” genoem is) uitgesonder word vir hulle intellektuele verwysingsraamwerk. Die idee van romans wat 'n hele wêreld darf omsluit, vind aansluiting by Winterbach se soortgelyke strewe om haar romans “vol te stop soos 'n wors”. 'n Bestudering van Byatt se webtuiste (Byatt s.j.) verklap ook dié skrywer se buitengewone belangstelling in die natuurlike wêreld. Haar studeerkamer is, soos die werksruimte van Winterbach, met allerlei natuurlike objekte soos skulpe en klippe gevul (vergelyk Afdeling 4.1):

I write in a Victorian attic in Putney. [...] The objects in the room are in a way a metaphor of my mind. They are brightly coloured, or transparent, and are about intricate patterns and structures. [...] There are also stones. A piece of chalk cliff at Flamborough Head in Yorkshire, a bit of pumice from an Icelandic lava field.



Rose quartz from Norway. [...] There is a case of South American insects I found in a Conran shop, and a glass of snail shells. There is also a reproduction mediaeval print of Babel tower. Snails, towers, DNA. I like spirals. It looks like clutter but it's a kind of order.

Die ikone wat Byatt op haar webwerf gebruik om na verskillende onderafdelings te verwys, is onder meer 'n mot, kristal en spinnekop. Haar e-posskuilnaam is “Arachne” (Grieks vir “spinnekop”) en is 'n toespeling op die Griekse meisie wat die godin Athena in 'n weefwedstryd verslaan het. Uit wraak het Athena haar toe in 'n spinnekop verander wat gedoem was om vir ewig te bly weef (Van Reeth 1994:25; vergelyk die spinnekopmotief in *erf*, bespreek in Afdeling 4.4).

Byatt som haar lewensfilosofie op as een waarin sy nooit ophou om haar volle aandag aan *objekte/dinge* (“things”) te gee nie en op 'n vraag aan haar of skrywers of wetenskaplikes die meeste waarde tot die toekoms kan toevoeg, antwoord sy onomwonde: “The answer is obviously scientists. If anyone's going to get us out of global warming, it's scientists, and if anyone is going to find a cure for Alzheimer, it's scientists. If anyone's going to stop the war in Iraq it's probably journalists, not novelists” (*The Independent* 2009).

Byatt beskou die realistiese roman ('n noemer waarmee Winterbach se romans toenemend beskryf word namate daar 'n groter fokus op plot/verhaalgebeure val) as 'n vorm waarin karakters toegelaat word om sowel denkende mense as gevoelsmense te wees. Sy word allerweë beskou as romansier wat (soos Winterbach) die opposisionele pole van intellek en emosie met groot gemak oorbrug:

*Byatt refuses to accept the division between feeling and intellect as she refuses to accept the division between the 'two cultures' of science and arts, a division taken for granted at the time and place at which she was educated. She is acutely aware of the interplay between intellectual and emotional life – perhaps it is for this reason that she so often expresses admiration for the writing of George Eliot. Increasingly her writing is concerned with the actual operations of the mind, the brain, whether physical or metaphysical. Inevitably such concerns finally refuse the boundaries of academic discipline* (Sturrock 2002:93-104; my kursivering).

Dié beskrywing met betrekking tot Byatt onderlê 'n kernhipotese van hierdie studie, naamlik dat ook Winterbach se romans tekenend is van 'n derde kultuur waar die kloof tussen die intellek en emosie, die wetenskap en die kunste insgelyks oorspan word. Anders as F.R. Leavis, het Byatt nooit die aanname ondersteun dat taaldepartemente die kulturele sentra van die wêreld was nie: “I thought that biologists were doing something that English Literature students had no idea about, which was actually very important.”

Haar uitgesproke bewondering vir George Eliot as literêre voorganger (“literary ancestor”) vind neerslag in 'n akademiese werk oor Eliot, maar blyk veral uit die essay “Ancestors” in *On histories and stories* (2000:67, 84):

To simplify fiercely – George Eliot’s natural histories insist on the gradual operation of natural laws, which is her image of time, and the comparison, and relation, of human beings to the creatures. [...] Eliot sensed what DNA shows – that all living forms are quite closely related. [...] George Eliot’s interest in natural history led her to be interested in the inexorable movements of natural laws, and thus in probable and typical human conditions and actions.

Dié sterk band tussen Eliot en Byatt word bevestig deur die publikasie van Eliot se *Middlemarch* en Byatt se *Possession* as 'n dubbelpakket deur Virago. Winterbach verwys self spesifiek na *Middlemarch* in *Die boek van toeval en toeverlaat* en bevestig daarmee 'n bepaalde voorkennis van hierdie belangrike Victoriaanse voorgangerteks. Met verwysing na die invloed van ander skrywers merk Byatt op dat sy eers later van tyd beseft het dat beide Walter Scott en Balzac ook maatskaplike veranderinge beskryf het asof dit geologiese of selfs Darwinistiese veranderinge is (Newman & Friel 2003).

Vergelyk verder die volgende insiggewende kunsteoretiese uitspraak deur Byatt wat strook met Winterbach se eie voorneme om haar lesers op te voed: “The novel is an agnostic form – it *explores and describes*; the novelist and the reader *learn more about the world along the length of the book*” (British Council s.j., my kursivering). In *A whistling woman* (2002) word hierdie filosofie treffend verwoord deur die karakter Frederica, wat haar loopbaan as literêre kritikus opsê omdat sy vasgevang voel deur die beneptheid (“narrowness”) van 'n enkele dissipline: “The world is bigger” (2002:411). Gerard Wijn Nobel, 'n karakter in dieselfde teks, is ook toegewy aan dié idee van “crossing the artificial invisible barriers between disciplines” (2002:326).

Die narratief in *A whistling woman* ondersteun dus ’n keuse vór fenomenologiese denke in stede van kategorieëse denke. Die gevolg is derhalwe dat hierdie spesifieke Byatt-roman oorloop van idees uit die wiskunde, psigologie, biochemie, genetica en kunsgeskiedenis: “Increasingly, Byatt’s novels [asook dié van Winterbach – EL] have become full of this sense of variety, complexity, fascination, and *interrelatedness of human knowledge*. Michael Worton has written of the intense excitement that Byatt herself finds in learning. She generates in the readers of her fiction a similar excitement *in learning of many kinds*” (Sturrock 2002:93, my kursivering). Die reeds vermelde didaktiese Victoriaanse ideaal van “instruction and amusement” (vandag “infotainment”) sluit hierby aan.

Byatt se oeuvre is omvangryk, met die mees resente werke *The virgin in the garden* (1978), *Still life* (1985), die Booker-pryswennende *Possession. A romance* (1990), *Angels and insects* (1992), *Babel tower* (1996), *The biographer’s tale* (2000), *A whistling woman* (2002) en *The children’s book* (2009). *Possession* asook *Angels and insects* word dikwels deur kritici as neo-Victoriaanse tekste bestempel. *Angels and insects* bestaan uit twee novelles, naamlik “Morpho Eugenia” en “The conjugal angel”.

In hierdie afdeling sal die bespreking van *Angels and insects* fokus op “Morpho Eugenia” vanuit ’n Darwinistiese hoek (sien 6.3.2 hieronder), terwyl “The conjugal angel” slegs verbandhoudend betrek sal word. In Afdeling 6.3.3 volg ’n beskouing van *Karolina Ferreira* (Viljoen), insgelyks deur ’n Darwinistiese bril, met die oog daarop om in Afdeling 6.4 gemeenskaplikhede tussen die twee tydgenootlike tekste aan te toon.

### **6.3.2 “Morpho Eugenia” (A.S. Byatt, 1992)**

Die gelyktydige verkenning van die natuurlike en spiritistiese wêreld (synde ’n wesenskenmerk van die Victoriaanse én dus ook neo-Victoriaanse romantradisies) word alreeds in die oorhoofse titel *Angels and insects* gesuggereer. Die diskoerse van natuurgeskiedenis en spiritisme wat ook in *Possession* (1990) vervleg was, word deur Shuttleworth (2001:147) as die twee distinktiewe narratiewe modusse van die twee

novelles uitgesonder: “If ‘natural history’ were truly written, would we be set down with the insects or float free with the spirits?”

Kendrick meen dat ’n negatiewe aspek van die teks juis is dat daar té veel Swedenborg in “The conjugal angel” is en te veel natuurgeskiedenis in “Morpho Eugenia”. Die oorfloed van wetenskaplike kennis en teorieë word deur verskeie kritici gekritiseer, terwyl Gribbin weer beweer dat die kweekhuisgevoel (“hothouse feel”) van die teks boei en dat die wetenskaplike diskoers wel suksesvol geïntegreer is (in Complete review 2003-2009). Vergelyk soortgelyke kontrasterende vooroordele jeens Winterbach, veral met betrekking tot *Die boek van toeval en toeverlaat*. Op dieselfde webwerf (Complete review 2003-2009) word “Morpho Eugenia” bestempel as “a Darwinian tale” met “considerable Darwinian debate”. *The San Francisco Examiner* berig soos volg in sy resensie van die werk: “In these breathtaking novellas, A.S. Byatt returns to the territory she explored in *Possession*: the landscape of Victorian England, where science and spiritualism are both popular manias, and domestic decorum coexists with brutality and perversion” (in Random House s.j.).

“Morpho Eugenia“ is volgens Sturrock (2002:93) ’n laat-twintigste-eeuse herskepping van die 1860’s wat wetenskap met letterkunde kombineer: dit lei lesers om sentrale kwessies tydens dié era te herdink ten einde ’n beter begrip te probeer vorm van die aard van Westerse (en spesifiek Victoriaanse) kultuur. Die geskiedenis van die wetenskap, die wetenskap sêlf asook die verhouding tussen wetenskap en die breër kultuur (spesifiek die verhouding tussen wetenskap en godsdiens) word in hierdie novelle oorweeg:

Beyond that, the novella is concerned with *human knowledge and understanding*, past and present, *of the natural world*. Through the interaction of these *different kinds of knowledge*, Byatt frees herself to explore both the intellectual potential and the limitations of reasoning by analogy. *The crossing of borders between disciplines* [...] enables her to question the intellectual processes on which human beings base their thoughts and actions (Sturrock 2002/3:94; my kursivering).

Die navorsing wat die skryf van “Morpho Eugenia” voorafgegaan het, word soos volg deur Byatt (2001) aangestip: “I read. Ants, bees, Amazon travels, Darwin, books about Victorian servant life, butterflies and moths.” Die teks bevat, net soos *Karolina Ferreira*, verskillende afbeeldings van skoenlappers (pp. 1, 21, 160), ruspes (p.129) en motte (pp. 134, 136) (sien Bylaag E). Byatt betrek veral entomologiese gegewens oor termiete as analogie van gegoede 19de-eeuse Britse huishoudings (“And then he discovered his ruling passion, the social insects. *Here was the clue to the world*” (Byatt 1992:10; my kursivering). Benewens hierdie sentrale termiet-analogie is daar ook ’n verdere mens-mot-analogie wat alreeds uit die titel “Morpho Eugenia” in die vooruitsig gestel word (sien ook die fabel “Things are not what they seem” in laasgenoemde novelle).

Byatt erken dat sy reeds van jongs af gefassineer is deur die vergelyking tussen mens- en insekgemeenskappe. Sy noem as bronne van inspirasie die werk van E.O. Wilson en Maurice Maeterlinck (wat na bewering die navorsing van Eugène Marais geplagieer het). Sy fokus op die antropomorfistiese gebruik om die verskillende funksies by insekte te differensieer met behulp van terme soos “koningin”, “soldaat”, “slaaf” en “werker”. Maeterlinck se (antropomorfistiese) beskrywing van die termietkoningin ná die paringsvlug, wat in beide voorbeeldtekste hieronder in detail uitgebeeld word, word uitgesonder (Byatt 2000:114).

In ’n opstel getiteld “True stories and the facts in fiction” (2000:29) verklaar Byatt dat die oorspronklike idees waaruit *Angels and insects* ontstaan het, net sowel in vakwetenskaplike artikels beslag sou kon vind met titels soos “Sexual Selection and Insect Societies in Victorian Thought”; “The Earthly Paradise: Adam, Linnaeus, Wallace, Bates, the English Hedgerow and the Amazon Jungle”; “The Life after Death in Victorian Imagination”; “Swedenborg, Spiritualism, the energetic Principle of Love for the Beautiful” of “The Human Form Divine and other uses of the Human Body in *In Memoriam*”. Dié uitspraak beklemtoon hier die *vloeibare grense* tussen roman en vakwetenskaplike artikel. Vir Byatt is haar novelle “Morpho Eugenia” enersyds verwant aan ’n vertolking van Darwin binne die konteks van George Eliot se romans en essays, maar andersyds ook aan die vertolking van meer moderne Darwinistiese fiksie

(2000:92). Sy beskryf die novelle as “an entirely fictitious tale – intended as a kind of robust Gothic allegory”.

Die hoofkarakter in “Morpho Eugenia” is ’n entomoloog uit die laer middelklas, ene William Adamson (uiteraard met toespeeling op die Bybelse Adam en sy naamgewings-funksie). Adamson se karakter is geskoei op dié van die natuurkundiges Bates, Wallace en Spruce (Byatt 2000:79). Ná sy terugkeer van ’n rampspoedige ontdekkingsreis in die Amasone word Adamson in 1860 in diens geneem deur ene Sir Harald Alabaster – synde aristokraat, predikant en amateur-natuurkundige in die tradisie van Gilbert White, Phillip Gosse en die romankarakter Mr. Farebrother in *Middlemarch*. Sy taak by Bredely Hall is om Alabaster se versameling natuurlike objekte te klassifiseer en te orden:

There were also free-standing hexagonal, glass-topped display cabinets, in lustrous mahogany, inside one of which reposed, on their pins, several of William’s earlier captures, the Heliconeae, the Papilionidae, the Danaidae, the Ithomiidae. Above the cases hung texts, written out with careful penmanship in Gothic script, and bordered with charming designs of fruit, foliage, birds and butterflies. [...] Now I have in my outhouses – I am ashamed to admit it – crate upon crate I have enthusiastically purchased, from Mr. Wallace, from Mr. Spruce, from Mr. Bates and yourself, but also from travellers in the Malay peninsula, in the Australias, in Africa – I had quite underestimated the task of setting these in order. There is something very wrong, Mr. Adamson, in plundering the Earth of her beauties and curiosities and then not making use of them for what alone justifies our depredations – *the promotion of useful knowledge, of human wonder* (1992:14, 17; my kursivering).

Die gesprekke tussen Adamson (as wetenskaplike /“new man”) en Alabaster (as predikant) verteenwoordig die tipiese negentiende-eeuse konflik wat daar in dié spesifieke era tussen Darwinisme en teologie geheers het. Hierdie gesprekke werp volgens Sturrock (2002:97) lig op die komplekse wyses waarop kennis, idees en kultuur ook voortdurend verander. Adamson ondersteun as wetenskaplike uiteraard die teorie van natuurlike seleksie, terwyl Alabaster meen dat daar noodwendig ’n oorhoofse ontwerper (“a Creator, a Designer”) moes wees wat elke spesie vir ’n bepaalde doel geskep het (1992:33-36). In sy beoogde boek wil Alabaster uiteindelik die teologie met

die Darwinisme probeer versoen (soos die hedendaagse voorstanders van Intelligente Ontwerp):

I am as aware as you must be that all arguments of force are upon the other side. If I were a young man now, a young man such as you, I would be compelled towards atheistic materialism by the sheer beauty, the intricacy of the arguments of Mr. Darwin, and not only Mr. Darwin. [...] But now we have a powerful, almost entirely satisfactory explanation – in the *gradual* action of Natural Selection, of slow change, over unimaginable millenia. And any argument that would truly seek to find an intelligent Creator in His works must take account of the beauty and force of these explanations, must not sneer at them, nor try to refute them for the sake of defending Him who cannot be defended by weak and partial reasonings (Byatt 1992:33).

Shuttleworth (2001:148) sonder hierdie dramatisering van die Darwinistiese oomblik in Victoriaanse geskiedenis uit as een van die kernidees in neo-Victoriaanse tekste, waar die fokus spesifiek geplaas word op die krisis wat in 1859 voortgespruit het uit die publikasie van *On the origin of species* “and [where] the profoundly ahistorical forms of natural history espoused by the natural theologians gave way to the new science of evolutionary biology.” Harald Alabaster se argumente is volgens Byatt (2000:181) geskoei op dié van Asa Gray se 1860-artikel “Natural selection and natural theology”.

Die openingstoneel van die novelle beeld, in nabootsing van ’n Darwinistiese seleksieproses, ’n dans by Bredely Hall uit (let op die fonetiese merker “breed”; “teel” of “aanteel” in Afrikaans). Die vroue, wat in die meerderheid is, ding met mekaar mee om die guns van die enkele beskikbare mans te probeer wen. Lady Alabaster spreek haar seuns aan om hulle plig te doen (“you must do your duty”) en spoor ook vir William Adamson aan om te dans: “Our young ladies have made themselves beautiful in your honour, and I hope their efforts will not have been in vain. [...] I shall ask Matty to find you a pretty partner, unless you can pick one out for yourself” (1992:3). Dié danskode (ook prominent in *Karolina Ferreira*) resoneer later weer in ’n beskrywing van die seksuele gedrag van keisermotte asook die paringsvlug van termiete, wat retrospektief dus die openingstoneel binne ’n Darwinistiese konteks plaas: “How busy, how festive, how happy the dancing seemed! How tragic its outcome for almost all the participants” (1992:102).

Die drie Alabaster-dogters Eugenia, Rowena en Enid word uitgebeeld as Ariese tipes: “pale-gold and ivory creatures, with large blue eyes and long pale silky lashes”; “soft white creature(s) so milky wholesome”. Hulle wasbleek voorkoms kontrasteer dus skerp met die donker, olyfkleurige vroue waarmee Adamson in die Amasone verkeer het. Die Alabaster-broers Lionel en Edgar vertoon dieselfde bleek-goue voorkoms waar die blou are deur die wit vel skyn: “They made a charming and homogeneous group” (1992:4). Die Alabasters word voorts beskryf met woorde soos “ancient”, “noble” en “pure-blooded” (1992:22).

Enid verduidelik aan William dat dans ’n sosiale vaardigheid is wat die Alabasters al van kindsbeen af aangeleer het; dat Eugenia die beste danser van almal was voordat sy so melancholies geraak het ná die skielike dood van haar verloofde (1992:6). Wanneer William vir Eugenia vra om te wals, voel hy dadelik seksueel aangetrokke tot haar: “He shifted himself inside Lionel’s dress suit, and reflected – he was, after all, a scientist and an observer – that these dances were designed to arouse his desire in exactly this way, however demure the gloves, however sweetly innocent the daily life of the young woman in his arms” (1992:6). Vergelyk in hierdie verband ook Matty Crompton se latere Darwinistiese uitspraak dat mans se seksuele dryfvere hulle fundamentele definiërende kenmerk is.

Terwyl hulle dans, gesels hulle oor die funksie van kleur as seksuele lokmiddel in die natuur. William wys daarop dat die manlike lede van skoenlapperspesies die helderste kleure vertoon (“making themselves brilliant for their brown mates”); ’n strategie wat ook onder oerwoudstamme in die Amasone voorkom waar die mans helderkleurige vere en verf dra. In ’n Westerse wêreld (by implikasie die setel van beskawing) is dit egter weer die vroue wat kleurvol lyk (“a flower garden in full flight”), terwyl die mans verbeeldingloos (soos “black beetles”) aantrek. Dié gesprek oor kleurverskille tussen manlike en vroulike lede van ’n spesie (sien ook *Landskap met vroue en slang* in 4.6) word later verder gevoer wanneer William dié verskynsel aan Harald Alabaster verduidelik met verwysing na Darwin se teorie oor natuurlike seleksie:



Mr. Darwin, I know, inclines to think that the fact that it is very preponderantly *male* butterflies and birds that are so brilliantly coloured – whilst females are often drab and unobtrusive – suggests that there is perhaps some advantage to the male, in flaunting his scarlets and golds, which might make the female select him as a mate. Mr. Wallace argues that the drabness of the female is *protective* colouring – she may hang under a leaf to lay her eggs, or sit in the shade of her nest and melt unseen into the shadows (1992:19).

Hy verduidelik egter ook dat sekere spesies, soos die *Papilios* (en spesifiek die spesie *Morpho eugenia*) se helder kleure soms as waarskuwing dien eerder as aanlokker. Hierdie observasie verkry later reliëf met betrekking tot Eugenia se eie geheime seksuele aktiwiteite. Byatt (2000:81) verduidelik hierdie tipiese Victoriaanse belangstelling in skoonheid/estetika soos volg:

One of the things that delighted me about writing *Angels and Insects* was playing with the comparison of human ideals of beauty (in the Victorian age) and beauty in the creatures. The early evolutionary thinkers were baffled by the beauty of male birds and butterflies, and showed a male tendency at first to think of this merely as a sign of the greater importance of that sex. Then both Wallace and Darwin began to think about *the idea of sexual selection, of female choice*. Darwinian ideas affected two kinds of narrative that were venerable parts of the forms of Western art. *They affected not only the idea of religion – creation, salvation, immortality – but the quite different idea of romantic love*. I wanted in ‘Morpho Eugenia’ to depict my hero’s passionate attraction to the beautiful and well-bred Eugenia Alabaster as *a question of pheromones and Victorian love combined* (my kursivering).

William probeer aanvanklik moedig om in te skakel by al die sosiale geleenthede op Bredely Hall. Hy weerhou homself doelbewus daarvan om nie te veel kennis ten toon te stel nie, aangesien hy ’n ooraanbod van inligting (“didactic rushes of information”) as ’n irriterende gewoonte van terugkerende reisigers bestempel (1992:3). Daar is egter deurentyd ’n voorkeur vir die wetenskaplike feit en stelwyse in die novelle. In private gesprekke met Alabaster beskryf William byvoorbeeld sy wetenskaplike vondste, soos dié van *Morpho eugenia* (’n subsesie van die metaalblou *Morpho rhetenor*) op noukeurige, maar nietemin toeganklike wyse:

They were able to bring me a pair of a related species *equally* rare and in its way equally lovely, though not blue – here, look – the male is lustrous satiny-white, and the female is a quieter pale lavender, but still exquisite. When they were brought to me, in such perfect condition, I felt the blood rush to my head, truly felt I might faint with excitement. I did not know how appropriate they were to add to your collection. They are related closely to *Morpho Adonis*. And to *Morpho Uraeis Batesii*. They are *Morpho Eugenia*, Sir Harald” (1992:18-19).

Dié strategie om veelvuldige lyste met spesiename te verskaf, om verwonderd te staan voor die eindelose verskeidenheid van vorme (om Darwin se veelgebruikte frase aan te wend), is by beide Winterbach en Byatt ’n prominente vertelstrategie. Vergelyk die onderstaande aanhaling as een van talle soortgelyke voorbeelde in die novelle:

And then he had begun to take a collecting box, bring things home, press them, categorise them, with the aid of Loudon’s *Encyclopaedia of Plants*. He discovered the Crucifers, the Umbellifers, the Labiates, the Rosaceae, the Leguminosae, the Compositae, and with them the furious variety of forms which turned out to mask, to enhance the underlying and rigorous order of branching families, changing with site and climate (1992:10).

Die funksies van wetenskaplike benoeming en klassifikasie word ook dikwels (soos in *Niggie* en *Karolina Ferreira*) tematies in “*Morpho Eugenia*” aangespreek. William verklaar op ’n stadium met verwysing na Linnaeus: “There is something wonderful about *naming* a species. To bring a thing [such as a butterfly] that is wild, and rare, and hitherto unobserved under the net of human observation and human language...” (Byatt 1992). Levenson (2001:172) voer aan dat benoeming ’n toetrede tot die verskuivende web van taal is; dat dit die totale aanskyning van die wêreld kan verander. Weinroth (2005:187) toon ook in haar bespreking van die novelle aan dat klassifikasie ’n ontologiese gegewe van menslike rede asook ’n fundamentele meganisme van kennis is. Sy beweer egter dat dit ook ’n tweesnydende swaard kan wees, want waar dit die individu enersyds met bykans goddelike magte bekleed om te organiseer, koloniseer en betekenis toe te ken, is dit andersyds ook ’n inperkende mag wat in gebreke bly om die dieper kompleksiteit van die lewe te benoem.

Soos Winterbach beklemtoon Byatt (2000) ook die kritieke rol van *naamgewing*. Sy (Byatt) het skynbaar, eers nadat sy op die naam “*Eugenia*” vir die hoofkarakter besluit

het, ontdek dat *Morpho eugenia* eintlik 'n subspecies van *Morpho retentor* is. Die naam “Eugenia” verwys vanselfsprekend ook na “eugenics”, synde eugenetiek of rasverbeteringsleer, wat besonder relevant is binne hierdie spesifieke verhaalkonteks. Wanneer William aan Eugenia sy enigste en waardevolle eksemplaar van *Morpho eugenia* oorhandig, verduidelik hy dat die naam “lovely and shapely”, maar ook “shapechanger” beteken.

William is vanuit die staanspoor halsoorkop verlief op Eugenia (“I shall die if I cannot have her”). Sy hofmaakpogings behels onder meer die aanlê van 'n skoeklappertuin waar sy bedags die vlinders en snags die verskillende motspecies in volle vlug kan sien (1992:50-55). Hy wys byvoorbeeld aan haar 'n wyfiekeisermot wat pas uit die kokon gekruip het en verduidelik dat insekte op hul weerloosste is tydens metamorfose. Eugenia raak egter verbouereerd wanneer sy toegepak word deur talle manlike keisermotte wat op die wyfiemot toesak:

Large insects were advancing along the black floor, their wings outspread. More could be seen forcing themselves through a small hole in the conservatory door. [...] They advanced, a disorderly driven army, beating about Eugenia's head, burring against her skin, thirty, forty, fifty, a cloud, the male Emperors propelling themselves out of the night towards the torpid female. More came. And more. [...] She began to cry (1992:54).

Eugenia aanvaar uiteindelik William se huweliksaanbod, maar voer aan dat sy nooit werklik deur enigeen bemin kan word nie. Dit raak deur die loop van die verhaal duidelik dat sy 'n geheim bewaar wat met die voorafgaande stelling verband hou. Haar broer, Edgar Alabaster, staan besonder afkerig teenoor William en suggereer dat laasgenoemde *geneties minderwaardig* aan die Alabasters is (“underbred”; “bad blood”; “a hanger-on”). Uit William en Eugenia se huwelik word vyf kinders (waaronder *twee stelle tweelingdogters*) gebore wat, tot William se verbasing, álmal op die Alabasters trek (1992:69):

They don't seem to resemble me at all. [...] It is as though environment were everything and inheritance nothing, I sometimes think. They suck in Alabaster

substance and grow into perfect little Alabasters – I only very rarely catch glimpses of myself in their expression.

Die Leipoldt-verwysing na 'n soortgelyke geneties volmaakte tweeling in *Bushveld doctor* (sien Afdeling 6.2.3) is hier ter sake. Wanneer 'n seun gebore word, probeer Eugenia aanvanklik vir William oorreed om die kind Edgar te noem, maar daar word later op Robert Edgar geskik (na sý pa en háár broer).

Eugenia verkry dus die status van 'n termietkoningin (“egg laying machine”; 1992:102) wat die oorlewing van die spesie moet verseker deur primêr op aanteling te fokus. William vergelyk homself met die manlike termiet “(whose) whole existence is directed *only* to the nuptial dance and the fertilisation of the Queen” (1992:103). Vergelyk in hierdie verband die gedetailleerde beskrywing van die termietkoninginne en hulle voornemende metgeselle se huweliksvlug, wat ook as 'n kernmoment in *Karolina Ferreira* (Hoofstuk 17) vertolk kan word:

The nuptial flight of the Wood Ants offers a supremingly moving example of the inexorable secret work of Natural Selection, so that anyone observing it might be struck by how completely Mr Darwin's ideas might seem to explain it. [...] How profligate is Nature of her seeds, of her sons, making thousands that *one* may pass on his inheritance to sons and daughters (1992:102-103).

Volgens Weinroth (2005:188) artikuleer Byatt in “Morpho Eugenia” die ervarings van mense wat ingeperk word deur wette van natuur en gemeenskap:

A novella, such as “Morpho Eugenia”, which ostensibly reads as a Victorian romance, with meditations on Darwinian thought and Creationist theology, raises complex questions about the politics and ethics of human mastery, both social and epistemological. Byatt's text presents a sustained but protean, and often unsettled, *analogy between two communities – insects and people. And more specifically, a method to shed light on a certain “selfhood”* (my kursivering).

William se familieverpligtinge by Bredely Hall weerhou hom daarvan om weer op 'n uitgebreide navorsingsreis te gaan. Op aansporing van ene Matty (Mathilda) Crompton, wat na die jonger Alabaster-kindere omsien, begin hulle (hy en Matty) saam navorsing doen oor termietgedrag in die woude digby Bredely. William se taak is ook om 'n wetenskaplike opvoeding aan die jonger kindere te verskaf en hy ontwerp onder meer 'n glasplaat waardeur hulle die aktiwiteite in onderskeidelik 'n byekorf en termietnes kan bestudeer. Weinroth (2005:212) beweer dat William se noukeurige observasies (“close Darwinian scrutiny”) bevestig dat “the river bank is not a tableau of integrated pieces assigned to their appointed places, but a *tangled world*, teeming with *production* (struggles to exist), and with relentless *reproduction* (struggles to ensure continuity in species)”.

Matty en William se termietnavorsing word later vir die breë publiek toeganklik gemaak deur middel van hulle eie geïllustreerde publikasie, *The Swarming City: a Natural History of a Woodland society, its polity, its economy, its arms and defences, its origin, expansion and decline* (1862). Die eerste hoofstuk (“The explorers discover the city”) is 'n vertelling van die kindere (Tom en Amy) se ontdekkingstogte, terwyl die tweede hoofstuk “The naming and mapping of colonies” genoem word. Latere hoofstukke handel oor sake soos instink en intelligensie, ontwerp of toeval, individu en staat, ensovoorts. Hulle beoog om die geld wat uit die boekverkope verdien word, as finansiering vir die volgende navorsingsreis aan te wend.

Shuttleworth (2001:150) verklaar dat die natuurgeskiedenis beide as *motief* en as *narratiewe model* vir die novelle dien. *The swarming city* is volgens haar maar een van vele tekste wat bydra tot die *natuurhistoriese gelaagdheid* van die novelle. Ander tersaaklike “tekste” is Harald Alabaster se sirkelredenasies waar hy die evolusieleer deur die teologie wil verklaar, Adamson se persoonlike notas oor instink en intelligensie en Matty Crompton se fabel oor inseklike met die veelseggende titel “Things are not what they seem” (1992:119-140).

In dié vermelde fabel bevind ene Seth (wat Adam se seun was; vergelyk ook William se van Adamson) en sy geselskap hulleself in 'n posisie waar hulle deur 'n towerfee (Dame

Cottitoe Pan Demos) in 'n *ondergrondse* ruimte gevange gehou word. Seth ontsnap deurdat 'n mier hom toor om van gedaante te verwissel (van mens na ruspe; sien Bylaag E) – vergelyk hierdie verhaalgewe met soortgelyke gedaanteverwisselings in *Brolloks en Bittergal* (sien Afdeling 6.2.4). Die mier lei vir Seth in sy nuwe vorm deur 'n netwerk van ondergrondse tunnels na 'n tuin waar hy skielik hiperbewus raak van al die “mumbling, chumping and sawing” van duisende etende insekkake (sien die beskrywing van 'n soortgelyke sensasie by Lena Bergh soos bespreek in Afdeling 4.6).

In die tuin ontmoet Seth vir ene Miss Mouffett, wie se naam 'n toespeling is op Miss Muffett van die kinderrympie wat deur 'n spinnekop verjaag word. Sy stel verskillende motspesies aan hom voor. Hierdie beskrywings word aangevul deur die grafiese afbeelding van drie motspesies; sien Bylaag E. Winterbach (1993:157) beskryf *dieselfde motspesie en selfs subspesie* (sien Afdeling 6.3.3 en Bylaag F, Figuur 4). Eerstens kom die “Large Elephant Hawk Moth” (*Sphinx deilephila elpenor*), 'n subspesie van die pylstertmotte of *Sphingidae* (“Hawk Moths”) aan die beurt:

He is very handsome, I think, with his rosy body and wings, striped with the loveliest mossy-green. He is like a moss-rose-bud, though he is not named for that. He is a Large Elephant Hawk Moth. ‘Those are strange names,’ said Seth, considering the beautiful rosy creature, with its pointed wings and its furry breast. ‘For there is no resemblance between an elephant and a hawk, so how may Elpenor resemble both at once?’ [...] His *family* are Hawk Moths. The gluttonous Manduca [die ruspevorm van *Deilephila Elpenor* – EL] is a Hawk Moth, too. They are named for the sharpness and darting of their flight, and the pointed nature of their heads. I suppose the “elephant” is a reminiscence of his snout in the caterpillar state. His *scientific* name is *Sphinx Deilephila Elpenor*. *Deilephila* is a beautiful word, meaning ‘lover of the evening’, for he likes to fly at dusk. ‘And Sphinx?’ said Seth. [...] *Sphinx* is one of the names of the great Fairy. It means, in part, the asker of riddles. And the answer too. She loves these moths because they are riddles, like herself (1992: 133-134).

Daarna wys Miss Mouffet aan Seth die doodshoofmot (“Death’s-head Hawkmoth” ofte wel *Sphinx acherontia atropos* met die skedelteken op sy toraks; sien Bylaag E. Dié skedelteken het in verskillende kulture daartoe gelei dat hierdie betrokke mot as onheilsteke en selfs as boodskapper van die dood beskou word. Dié mot se begeleiding van Seth na die towerfee (“great Fairy”) in die “Shadows and beyond” herinner aan 'n

ooreenstemmende toneel in *Die Krismiskinders*. Saam met 'n verduideliking van die spesienaam, *Sphinx acherontia atropos*, word enkele wenke vir die voorgename reis ook verskaf:

Acheron is the River of Pain in the Underworld, where you must go, and Atropos is the Fate who snips the thread of life with her terrible shears. Hold tight to the Sphinx, no matter what forms flow past you, and remember, things are not what they seem, and the death's head is not Atropos' face, but a soft nest where you may lie in safety, if you dare (1992:136).

Op Seth se vraag 'n vraag of die fee hom sal help om weer van insek na mens te verander (“my former shape”), is die antwoord: “She will change you, for that is her work. It may be that the change will be a restoration” (1992:135). Die reis lei deur 'n rotsskeur na 'n donker onderwêreld ('n benederyk?) waar hy beurtelings deur verskeie motsoorte begelei word. Wanneer hy ná 'n diep slaapsessie uiteindelik deur 'n onsigbare figuur aangespreek word, moet hy (om hulp met sy transformasie te verkry) slegs een vraag beantwoord: “What is my name?”

Hy weier om die pratende figuur agter die masker te benoem, aangesien hy hom/haar nie kan sien nie, maar vertrou dat hy desnieteenstaande tog gehelp sal word. In hierdie “vertroue” lê dan die oplossing van die raaisel (“You have solved the riddle most excellently”). Die mot wat hom ten slotte vergesel na die kelder waar sy vriende ontset word, verander self in 'n “monstrous creature, the size of an eagle” (let daarop dat monstrositeit 'n unieke kenmerk van Gotiese fiksie is). 'n Magiese stof word deur die reusagtige mot se vlerke afgeskei waardeur Seth weer na sy oorspronklike vorm herstel word.

In die hoofverhaallyn word William se vorming van die woord “insect” tydens 'n Scrabble-spel deur Matty na “incest” verander. Die anagram *insect/incest* (ook *scient en nicest*) is volgens Shuttleworth (1998:264) ontleen aan Nabokov (entomoloog en kurator van die Harvard-natuurgeskiedenis museum) se *Ada or Ardor: a family chronicle* (1969). William word kort daarna na die hoofwoning ontbied, waar hy vir Eugenia en haar broer Edgar Alabaster op heterdaad in die bed betrap. Binne hierdie konteks verkry

Eugenia se aanvanklike verklaring dat hulle 'n gelukkige familie is (“We love each other very much”) 'n ironiese dimensie (1992:8). Die langdurige bloedskendige verhouding tussen dié twee bied uiteindelik vir William 'n biologiese verklaring van waarom al “sy” kinders na die Alabasters trek (“they revert so shockingly to the ancestral type”).

Verlos van sy morele verantwoordelikheid teenoor Eugenia erken hy en Matty hulle aangetrokkenheid tot mekaar. Matty word “Mathilda” en is volgens Byatt (2001) “the predatory worker-turned-queen in the metaphorical anthill”. Die konsep van gedaanteverandering is 'n kritieke gegewe in tekste waar die entomologie so sentraal staan soos hier: “Transfiguration is not a bad thing. Butterflies come out of the most unpromising crawling things” (1992:49). William en Mathilda vertrek ten slotte as getransformeerde karakters saam op 'n nuwe navorsingsreis na die Amasone.

Die novelle is in vele opsigte 'n eietydse weergawe van die Victoriaanse “scientific male quest narrative” en Fletcher sien selfs die *Odusseius* van Homerus en *The Faerie Queen* (Spenser) as narratiewe modelle vir *Angels and insects* (in Sturrock 2002:101). Verwysings na Milton se *Paradise lost* (1992:79) en “In Memoriam” deur Tennyson (van “nature red in tooth and claw”-faam) kom ook in dié eerste novelle van die tweelingteks *Angels and insects* voor.

Waar “Morpho Eugenia” oorwegend 'n verkenning van die natuurlike wêreld is (met sterk ondertone van die bonatuurlike), wil die tweede novelle, “The conjugal angel” (met sy fokus op die Victoriaanse fassinatie met spiritisme) hoofsaaklik 'n blik op die “ander kant” bied. Dié laasgenoemde novelle van Byatt is 'n studie van die geloofsonsekerheid van Alfred Tennyson (digter van “In Memoriam”) asook sy familie se aanhang van Swedenborgiaanse spiritisme (Emanuel Swedenborg word erken as die vader van die negentiende-eeuse spiritisme):

All this illuminates “In Memoriam” [wat ook deur Harald Alabaster in die eerste novelle aangehaal word – EL] which I believe to be one of the greatest poems in English, or in any language, and which embodies religious doubt in the face of individual death with fears of natural chance, necessity and transmutation derived from science that preceded Darwin” (Byatt 2000:80).



### 6.3.3 *Karolina Ferreira* (Lettie Viljoen, 1993) (vertaal as *The elusive moth*)

Hier is alle aktiwiteite subtieler, meer ondergronds: dié van mense sowel as van insekte.

Lettie Viljoen, *Karolina Ferreira*

*Karolina Ferreira* verskyn in 1993 ('n jaar na die publikasie van *Angels and insects*). Winterbach verower met hierdie teks die gesogte M-Net- asook die Ou Mutualprys en konsolideer daarmee haar posisie as een van die mees gerekende romanskrywers in Afrikaans. Die heruitgawe van die roman in die Klassieke Reeks van Nasionale Boekhandel (2006) is 'n verdere aanduiding van die “klassieke” status wat dié roman alreeds binne die Afrikaanse literêre kanon beklee. Die Engelse vertaling, *The elusive moth*, verskyn in 2005 en Ingrid Winterbach (nié Lettie Viljoen soos in die Afrikaanse bronteks nie) word as outeur aangedui.

In 'n belangrike opmerking, wat grootliks buite beskouing gelaat is deur Afrikaanse kritici, meen Kannemeyer (1993:30) dat dié “uiters leesbare roman” *in die tradisie van die negentiende-eeuse romankuns staan*. Dié opmerking dien as kritieke vertrekpunt vir 'n bespreking van die roman hieronder. Smuts (1994:6) beskou Winterbach as 'n “intellektuele” skrywer en wys daarop dat sekere geïkoneerde patrone, ten spyte van talle uniekhede, tog weer in hierdie roman voortgesit word. Hy vermeld in hierdie verband die rol van die geskiedenis in die vorming van ons wêreld (met 'n fokus op die situasie van vroue) as 'n belangrike oevrepatroon. Hy wys voorts op die talle intratekstuele, patroonmatige herhalings wat ooreenkomste vertoon met die struktuur van *Sewe dae by die Silbersteins* (Leroux); om van die Jungiaanse individuasieproses nie eers te praat nie.

Van Zyl (1993:10) identifiseer eweneens herhalende oevretemas soos byvoorbeeld die plek van die mens in die geskiedenis; die belang van drome en die onbewuste;

konfrontasie en oorlewing; dood en verganklikheid asook afskeid en verlies. Sy benadruk veral die veel sterker klem op die “erotiese drif en opdwingende liggaamlikheid” in *Karolina Ferreira*. Winterbach se vermoë om detail “brandskerp te registreer” en om “’n soort meerwaarde aan die sintuiglike te gee” word deur Olivier (1994:14) uitgesonder. As voorbeelde verwys hy na die durende aanwesigheid van insekte, die oorweldigende hitte van die droë somer en die noukeurigheid waarmee daar van natuurlike geneesmiddels vertel word.

Soos by die vorige tekste verklar die bandontwerp weer eens die prominente posisie wat die wetenskaplike gegewe in die teks beklee. Op die voorblad van die oorspronklike uitgawe (1993) verskyn ’n verwerking deur die outeur van ’n bekende Maria Sybille Merian-plaat (sien Bylaag F, Figuur 1). Dié skets verskyn in Merian se *Metamorphosis insectorum Surinamensium* (1705) en beeld ’n piesangplant uit waarop onderskeidelik ’n ruspe, papie en mot figureer. Hierdie voorblad sinjaleer volgens Roos (1997:63) alreeds dat Karolina Ferreira as entomoloog in die voetspore van die bekende (oorwegend manlike) natuurwetenskaplikes van die agtiende en negentiende volg – amper ’n reïnkarnasie daarvan word. Die beeld van die wetenskaplike en sy/haar navorsing word dus hier verromantiseer deur die suggestie van Karolina se deelname aan ’n lang historiese linie van wetenskaplikes.

Die blote feit dat ’n vrouekarakter (in navolging van ’n besondere voorganger soos Merian) die rol van ’n professionele wetenskaplike kan beklee, verrai die skerp genderkommentaar wat in hierdie teks opgesluit lê. Binne hierdie navorsingskonteks van Victoriaanse en neo-Victoriaanse genretiperings kan *Karolina Ferreira* selfs gelees word as ’n eietydse *omkering* van die tradisionele (Victoriaanse) manlikesoektoeg-narratief (Viljoen 1995). Haar toetrede tot ’n tradisioneel manlike domein soos die wetenskap is egter steeds oorwegend deur haar oorlede vader gefasiliteer. In die dorp Voorspoed tree veral Willie September, Pol Habermaut en Jess Jankowitz insgelyks op as haar begeleiers in die sferes van die spirituele, die dorpspolitiese en die erotiese (Viljoen 2003b:5).

Die bandontwerp van die heruitgawe (2006) (sien Bylaag F, Figuur 2) vertoon ’n foto van uitgestalde motte en skoelappers. Winterbach se voorkeur vir reëlmatige of

simmetriese spasiëring van voorwerpe, soos skoenlappers in 'n museumkas, verraaï volgens Gouws (2008:250) haar weerstand as kunstenaar teen gewone komposisieprosedures. Die vertaalde roman (*The elusive moth*) vertoon weer 'n splinternuwe bandontwerp van 'n (ontwykende?) skoenlapper/mot met toegevoede vlerke (sien Bylaag F, Figuur 3).

Op die binne- én agterblad van die oorspronklike uitgawe (1993) verskyn twee identiese Winterbach-sketse met die spesienaam van die oleander-bymot in haar eie handskrif daarby (*Deilephila nerii* van die familie *Sphingidae*; sien Bylaag F, Figuur 4). Die uitsonderlike observasie van drie subspecies van die pylstertmotfamilie, en veral die doodshoofmot, word later in die roman voorgehou as *wetenskaplike vondse, maar ook as onheilstekens* (sien *Belemmering* asook die sketse en beskrywings in “Morpho Eugenia” hierbo):

Op pad gewaar sy drie motspesies van die familie *Sphingidae*: die oleander-bymot (*Deilephila nerii*), die patat-bymot (*Agrius convolvuli*) en die doodshoofmot (*Acherontia atropos*). Sy staan lank na die groot, goed-gekamoefleerde oleander-bymot en kyk – amper onsigbaar vir die niksvermoedende oog. Dit is een van haar gunstelingmotte. Die punte van die vlerke vorm 'n driehoek met die punt van die spits, opvallende agterlyf. Die vlerke lyk soos gemarmerde papier, hulle kleur diep, hulle tekstuur sensueel: fluweelbruine en dowwe varinggroene met suggesties van pienk. Hoe uitsonderlik, dink sy, om drie spesies van die pylstertmot op dieselfde aand teë te kom. *Moet sy haarself gelukkig ag, wonder sy, of moet sy gewaarsku wees?* (1993:157; my kursivering).

Meer as 25 jaar nadat die hoofkarakter haar biologiese vader (ook 'n entomoloog) op 'n navorsingsreis na die Vrystaatse dorp Voorspoed vergesel het, keer die 35-jarige Karolina Ferreira, nou self 'n gekwalifiseerde entomoloog, terug na Voorspoed. Sy is enkellopend en haar familiebande word soos volg uiteengesit: haar suster, wat nooit belang gestel het in “enigiets met 'n senustelsel en bloedsomloop nie” bevind haar elders in 'n afgeleë landstreek waar sy klippe en meteoriete bestudeer. Karolina was as oudste dogter altyd haar pa se kind, terwyl haar suster weer 'n sterk band met die ma gehad het. Haar ma kon nooit die suster se vertrek verwerk nie en is twee jaar voor haar pa oorlede (1993:126).

Karolina dink met pyn terug aan albei haar ouers, maar die hartseer oor haar ma is (anders as oor haar pa) ’n minder intense pyn: “dit is ’n ouer pyn, meer versprei, dit deursypel haar geskiedenis.” Een implikasie van hierdie relaas is dat sy as ’n Darwinistiese produk van erflikheid en omgewing voorgehou word. Louise Viljoen (2003b:6) meen ook tereg dat Karolina Ferreira se “afrekening met haar problematiese familieverhoudinge” aansluit by die Jungiaanse individuasiereis en die Freudiaanse familieroman. Vergelyk ook Byatt en Leipoldt se uitbeelding van komplekse familieverhoudinge in respektiewelik “Morpho Eugenia” en *Die donker huis*. Hambidge (2006) wys ook op inestuose ondertone in *Die boek van toeval en toeverlaat*.

Karolina Ferreira se navorsingsdoelwit is om die oorlewingstrategieë van ’n ontwykende, endemiese motspesie (*Hebdomophruda crenilinea*; familie *Geometridae*) onder droogtetoestande na te vors (1993:20). Talle kritici wys daarop dat dié navorsingsreis parallel loop met ’n metafisiese innerlike reis waartydens die hoofkarakter bepaalde indrukke probeer verwerk asook sekere “bestaansvrae” probeer beantwoord (Human 2008:82); die navorsing word aanvullend tot die soeke na selfvervulling; ’n transformasieproses waarin die self haar groter Self soek (Gouws 1993:10).

Viviers (1996) beweer dat die veranderinge wat Karolina Ferreira op Voorspoed beleef, haar *omvorm* tot onderskeidelik ’n antipatriargale heldin, begenadigde mistieke danseres, motvrou-entomoloog en droomgeteisterde reisiger. Die uitgangspunt van Viviers (1996) berus op die volgende kunsteoretiese uitspraak van Winterbach: “Die sug na vernuwning is die sug na transformasie. Die sug na transformasie is die verlange wat die mens en die wurm gemeen het.” Die begrip “transformasie” word deur Viviers (1996) omskryf as ’n “gedaanteverandering wat op menslike vlak vertolk word as die uiterlike manifestasie van ’n geestelike hergeboorte wat tot lewensvernuwing lei”.

Olivier (1994:34) bevestig dat die hoofkarakter uitkoms soek uit ’n ongedefinieerde traumatiese verlede wat gemoeid is met die vermoë tot en begeerte na liefde. Karolina Ferreira word volgens hom op Voorspoed, met die hulp van haar manlike begeleiers, ’n “beskouer van die *ondergrondse magstryd*” tussen die plaaslike takke van die Suid-

Afrikaanse Polisie en die ANC in 'n tyd van politieke woelinge en transformasie. Hierdie groep mans word begeleiers wat haar aan verskillende domeine blootstel: die veld, die snoekerkamer, danssale van plattelandse dorpe, die aangrensende township, die erotiese sfeer, die Boeddhisme.

Haar verblyf op Voorspoed strek oor agtien weke (vanaf somer tot herfs) en die snikhete Vrystaatse Januarie simuleer vir Karolina die presiese toestande wat ook tydens die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) in hierdie streek moes geheers het direk na die implementering van die Engelse se verskroeide-aarde-beleid – 'n historiese gegewe wat onder meer ook resoneer in die geskilderde muurpaneel van die plattelandse hotel waar sy aanvanklik tuisgaan. Die geografiese situering van Voorspoed naby slagvelde soos Majuba, Ladysmith en Isandlwana bevoorgrond verder hierdie historiese subteks (wat ook later resoneer in *Buller se plan*, *Landskap met vroue en slang* en *Niggie*) met die spesifieke doel “om die Boer se stryd in verskillende stadia van sy geskiedenis te verken” (Smuts 1994:6; my kursivering). Vergelyk die bevinding in Hoofstuk 4 dat die soeke na oorspronge ook die genealogiese en familiegeskiedenis van karakters impliseer.

Die beskrywing van die hoteleetskamer se ses beskilderde panele (“waarin die ganse kosmos betrek word”) is insiggewend: vier panele beeld konfrontasie uit, terwyl twee panele weer 'n pastorale landskap (“paradise lost”) verteenwoordig. Die vier Anglo-Boereoorlogspanele verbeeld onderskeidelik die Slag van Majuba, die Beleg van Ladysmith, die Slag van Isandlwana en 'n wit strafekspedisie na 'n swart vesting. Die twee panele wat die idilliese lewe verbeeld, getuig egter, in pas met die negentiende-eeuse naturalistiese tradisie, van dreigende onheil en ramspoed (“die paradys 'n paar uur voor die val”):

In elkeen van die panele word die menslike handeling nietig uitgebeeld, verdwerg deur die teenwoordigheid van die natuur. Die landskap is die groot konstante, die mensegroepe wat daardeur beweeg klein en nietig, onbeduidend, terloops, periferaal. Die berge op die agtergrond is oud, ouer as die menslike geskiedenis; hulle dateer diep terug uit die geologiese tydperk van die Kryt, die Jura of die Eosoon. Hierdie kunstenaar het inderdaad 'n aangrypende visie gehad, 'n vermoë om in 'n enkele paneel tegelyk die oergeskiedenis van die

omgewing en die spesifieke historiese insident voor die oog te roep. [...] Dit is geskilder in 'n negentiende-eeuse heroïese styl (1993:73).

Op haar reis na Voorspoed laai Karolina Ferreira vir ene Willie September op. Hy is 'n natuurgeneser wat van tyd tot tyd by sy Argentynse leermeester, ene meneer Isayago, op die dorp loseer. Sy smee 'n hegte band met Willie, vergesel hom soggens op uitstappies in die veld en help hom smiddae met die etikettering van die monsters wat hy in sy kamer aanhou: plante, wortels, sade, bessies, verpoeierde landskulpe, klipskerwe, insekte, spinnekoppe en kristalle. In die glasflesse met alkohol is daar, benewens die misterieuse vingervormige wortel, ook 'n “vierlongspinnekop; spesie *Orthoghnatha*” waarvan hy 'n tinktuur voorberei (1993:172). Dié bewaring van voorwerpe in onnatuurlike omgewings (soos flesse, laboratoriums en museums) is in Hoofstuk 4 as oevrekenmerk by Winterbach onderskei. Die praktyk ondersteun die natuurhistoriese oogmerk van versameling, identifisering en uitstalling (aldus Merrill 1989) en skort in 'n sekere sin die mens se verganklikheid op.

Onder Willie se wakende oog leer Karolina dat die menslike liggaam met sy organe en stelsels soos 'n “enorme landkaart is waarop daar al hoe meer inligting aangebring kan word” (1993:58). Van Zyl (1993:10) noem dit “'n nuwe manier van sien”: 'n geloof in voorspellings, voorbeskikkings en groter kragte; 'n besef van die mensspesie se nietigheid teenoor die meedoënlose tydgang van natuur en geskiedenis:

Omdat sy haar tot dusver aan die bestudering van insekte gewy het, was sy geneig om die mens te sien as net 'n onderafdeling in die groot ordening van die diereryk. 'n Onderafdeling van die vertakking Gewerweldes – ewe belangrik as die Ongewerweldes, die ander groot vertakking, waarmee sy haar besig hou. (In die besonder met die stam *Arthropoda*, klas *Insecta*, met sy nege en twintig ordes). Hier met Willie in die veld sien sy die mens is 'n groot gebied (1993:58).

Stander (1994:6) vermeld die “afstandelike” (en naturalistiese) beskouing van menslikheid en onkonvensionele karakterisering wanneer sy verwys na al die insigte rakende karakters se uitskeiding, tekstuur, liggaamshitte en seksuele siklusse (sien ook die aangehaalde voorbeelde uit *Belemmering* en veral *Buller se plan* in Afdelings 4.5 en 4.7). Die aand waarop sake in Voorspoed 'n klimaks bereik, lei die “subtiele psigiese en

fisiologiese veranderinge” (1993:110) tot die “toenemende roekelose betreding van verbode terreine” (1993:110). Dié *onwillekeurige* liggaamlike veranderinge waaraan karakters uitgelewer is, word dus in dieselfde wetenskaplike en mikrofisiese taalregister beskryf as in ander Winterbach-romans.

Daar het geleidelike veranderinge in die werking van die simpatiese en parasimpatiese senustelsels ingetree, asook in die werking van die willekeurige en onwillekeurige spiere. Die hartklop versnel, die longe dy uit, die lewer en niere werk harder, die blaas word voller, die bloedsuikervlakke styg en daal vinniger, die skrotum word warmer, die penis krimp en word koeler. Ook die veloppervlak, die veltemperatuur, die sweetafskeiding wissel na gelang van die veranderende sintuiglike prikkels (1993:110).

Karolina se twee hartstogte word aangestip as “die bestudering van die mot en die verfyning van haar danstegniek” (1993:37) – die een aktiwiteit ’n wetenskaplike strewe en die ander ’n spirituele ontvlugting. Tydens haar verblyf dink sy terug aan haar jeug toe sy alreeds “die klassifikasie en taksonomie van die nege en twintig insekordes geken het” (1993:15).

Op twaaf was haar kennis reeds aansienlik. Op veertien het sy oornag of binne die bestek van ’n paar maande ’n *nuwe fase* binnegegaan – die begin van die pad na volwasse vroulikheid. Toe sy jare later weer met haar volle konsentrasie by die nege en twintig ordes uitkom, was dit nie meer met dieselfde onskuldige vertrouwe nie. *Toe sy die kennis opnuut omhels*, was dit vanuit haar onafheid, nie meer vanuit haar heelheid nie (1993:85; my kursivering).

Saans net voor Karolina gaan slaap, neem sy altyd vir oulaas bestekopname van al die insekspesies in die kamer en observeer gewoonlik ’n verskeidenheid soorte en groottes. Die onderstaande beskrywings (“informasiediens”, om met Hennie Aucamp te praat) stem ooreen met die patroonmatige kennispopularisering van Winterbach en Byatt:

Op die vensterbank sit ’n mot. Dit is die rare *Chrysophasma vrystatentis*. Dit is klein en blond, die vlerke ontmoet in ’n spits driehoekie in die middel. Die koppie is minuskuul; die vlerke is styf, soos goue brokaatkleed, delikaat met silwer geborduur (1993:38).

Die vlinder *Aloeides rileyi* is skielik in oorvloed. Teen skemer verskyn die donker misleier *Aroa melanoleuca*, en snags lok die lig die skaars mot *Eurproctis terminalis*, met sy roomwit vlerke en dig behaarde toraks en abdomen (1993:126).

Die fassinatie met vlermuise, waarna daar in *Klaaglied vir Koos* en *Buller se plan* verwys is, word in hierdie roman voortgesit. Winterbach het ook, benewens die sketse van menslike organe in flesses (sien Bylaag A), ’n gepreserveerde vlermuis in ’n glasfles geskets (Lemmer 2010). Karolina bestudeer in die Rendezvous-kafee ’n boek oor vlermuise en bekyk spesifiek die snoet van die hamerkop-vrugtevlermuis (*Hysignathus monstrosus*): “Hoeveel hou sy nie van vlermuise nie! Van kleins af. Vandat sy kan onthou, het hulle haar gefassineer. *Nóg muis, nóg voël, ’n ambivalente dier* (1993:57; my kursivering). Hierdie *bedrieglikheid van vorm* resoneer in die Byatt-fabel “Things are not what they seem” soos bespreek in Afdeling 6.3.2, maar ook in *Brolloks en Bittergal* (sien Afdeling 6.2.4).

Darwin se idee van *oorvloed* soos verwoord in die “entangled bank”-metafoor (sien Hoofstuk 4) kan weer eens afgelees word uit ruimtebeskrywings waar die mens in voortdurende interaksie staan met vele ander interafhanklike spesies:

Soos die dag vorder, word dit geleidelik warmer. Hulle soek die dieper koelte op. Die miere (orde: *Hymenoptera*; familie: *Formicidae*) word gelok deur die kos. Die sonbesies (orde: *Hemiptera*; familie: *Cicadidae*) skril oorverdowend. Die veld is droog maar geurig, vol fyn geluide van talle insekte. [...] Die miskruier (orde: *Coleoptera* – die grootste orde in die hele diereryk; familie: *Scarabaeidae*) rol haar bal in die warm loom uur van die miskruier. Die sprinkane (orde: *Orthoptera*; familie: *Acridoidae*) sit met strak oë op die wuiwende grashalms. Die reuse-bruin en swart duisendpote (klas: *Diplopoda*; ’n ander klas as insekte, hoewel albei tot die stam *Arthropoda* behoort) beweeg soos treintjies in die warm sand verby (1993:139-140).

Die negentiende-eeuse romanstrategie om mense in terme van insek-, dier- of plantsoorte te beskryf, is ’n verdere terugkerende patroon (sien ook Byatt soos bespreek in Afdeling 6.3.2). Karolina self word aanvanklik uitgebeeld asof sy ’n mot is: “Sy lyk soos iemand in wording. Onafgewerk” (1993:12). Later is haar skouers “sag en vroulik gerond, die sweet daarop fyn soos die stof op die vlerke van motte”(1993:149). Sy word



na die gloeiende Jess Jankowitz aangetrek presies soos wat 'n mot onwillekeurig na 'n kersvlam aangetrek word. Soos die ontwykende motspesie wat sy bestudeer, pas sy ook deur die loop van haar verblyf aan om te midde van die persoonlike en politieke krisis op die dorp te kan oorleef.

Verskillende oorsprongsteorieë, en veral akwatiese oorspronge van die mens, word weer romanmatig verwerk. Die plaaslike prokureur, Pol Habermaut, word deurgaans as “halfpad getransformeer na iets amfibies” (1993:59) uitgebeeld: “Die wit van die lang, waterige oë lank nie meer sigbaar nie. Die mond dun en nat. Kieue agter die ore aan die ontwikkel” (1993:59); “sy transformasie na amfibiër so na aan volledig dat hy die versinsels van sy onderwaterse verbeelding as feit begin aansien” (1993:81); “elke gelaatstrek in die proses van transformasie, metamorfosering” (1993:129). “Sy kop is glad soos dié van 'n otter. Sy vel het die tekstuur van 'n waterdier” (1993:15). Daar is verwysings na sy “wateroë” (1993:16; 60), sy swemmende oë (1993:129), sy “otterkop” (1993:15, 96, 129), hy kom na haar “aangeswem” en kyk in haar oë met sy “waterige blik, sy oë die kleur van moeraswater” (1993:27). Na die brand in die hotel lê hy in 'n kokon – toegewikkel soos 'n mummie (1993:188). Die magistraat het byvoorbeeld ook “gewebde hande” (1993:149) en Karolina se fontanel het meer as 35 jaar gelede toegegaan “soos die kleppe van 'n duikboot wat onder water gaan” (1993:96).

Hierdie beredenering van (akwatiese) oorsprong en evolusionêre aanpassing uit 'n Darwinistiese oogpunt is nie net 'n patroon in Winterbach se oeuvre nie, maar dui ook op 'n tipiese neo-Victoriaanse bevoorgoeding van spesie waar die mens se rangorde in die natuur bevraagteken word; waar hiërargiese grense tussen spesies uitgewis word; waar natuurlike seleksie geskied om te reproduseer ten einde te kan oorleef. Die insek-dier-metaforiek dien verder as meganisme om die tyd of selfs 'n bepaalde situasie te definieer. Die middag, wanneer die dorpenaars agter toegetrekte gordyne in koel huise rus, word beskryf as “die uur van die kewer”. Laatmiddag is weer “die uur van die miskruier” en middernag, wanneer die polisieklompjagte in die swart woonbuurte plaasvind, word “die uur van die rot” genoem (1993:35).

Op 'n spesifieke aand waartydens die spanning in die hotel voelbaar word, word nie slegs sekere individue nie, maar *almal* deel van 'n patroon van “ontbinding en samekoms” (1993:67); “ontbinding en transformasie” (1993:108); “van die stadige ongedanste dans wat om die tafel en *in die vlerke* voltrek word” (1993:67; 136). Almal (nie meer net Pol nie) vertoon nou amfibiese trekke; die koudbloedigheid word verhoog en “dinge raak los van hulle troebel moer, en dryf stadig na die oppervlak” (1993:67-68). Gouws (1994:6) verwys na die “kollektiewe psige” van die aanwesiges; dat hulle “een vlees, een voorneme, een geskrif, een geskiedenis” word.

Soos in Byatt se teks word die paringsdans van die termiete ook in *Karolina Ferreira* breedvoerig beskryf as analogie van die menslike seksuele seleksieproses wat in sowel Voorspoed as Bredely Hall voltrek word:

Skielik is daar meer mense in die dorp. Die wittes het soos rysmiere uit hulle gate te voorskyn gekom. [...] Karolina het 'n gevoel van afwagting by die vooruitsig om Jess weer te sien. Teen skemer, toe die reën effens ophou, en die nat strate stoom van die hitte, kom die vlieënde miere uit. Die een vlieër na die ander vou sy, haar vlerke oop en vlieg. Hulle het die teken gekry. In digte wolke styg hulle diep uit die grond op. In hulle duisende vlieg die bruide en die bruidegomme op hulle paringsvlugte. Die lug is gevul met 'n sagte gewir van vlerke en seine onhoorbaar vir die menslike oor. Na paring begin die wyfie 'n nuwe nes. Sy onderhou die eerste eiers met vetreserwes uit haar eie liggaam en met die oorblyfsels van haar vliegspiere, wat sy nooit weer sal gebruik nie, omdat sy voortaan, vir die res van haar lewe, net eiers sal lê. Watter nagte van skrynende intimiteit volg hierop vir Karolina en Jess (1993:147).

Die Darwinistiese konsep van vroulike voorkeur (“female choice”) is voorheen in die bespreking van “Morpho Eugenia” uitgesonder. Met Karolina se aankoms in Voorspoed is daar verskeie manlike aanspraakmakers op wie haar keuse uiteindelik sou kon val: die palmleser voorspel immers dat sy “'n man sien wat Karolina altyd sal liefhê” en “'n goeie vriendin wat haar nooit in die steek sal laat nie” (1993:12). Vir Willie beskou sy as kollega en vertroueling, Pol word 'n gespreksgenoot, Kolyn bly slegs 'n begaafde dansmaat, teenoor die broeiende Frans Roeg ervaar sy 'n “effense aangetrokkenheid”, die koue Gert Els is 'n kwellende aanwesigheid en Kieliemann maak geen geheim van sy seksuele intensies nie. Haar keuse val egter op die intellektuele Jess Jankowitz om haar minnaar (en potensiële vader van haar kinders) te word. Die tradisionele

romantiese liefdesverhaal word hier, soos in Byatt se roman, dus ook op verrassende wyse geparodieer.

By die eerste geleentheid waar Karolina en Willie vir Jess raakloop, besluit Willie om sy “geld op die rooie te sit” (1993:11). Jess staan uit vanweë sy opvallende roesrooi gloeiende oppervlak, sy uitstralende hitte en sy opdwingende liggaamlikheid (1993:71). Willie se “voorspelling”, wat soos vele van sy ander uitsprake op fyn observasievermoë berus, word bewaarheid wanneer Karolina en Jess later minnaars word. Karolina se vorige mansvriende word in vertroude Winterbach-terme heroorweeg en gediskwalifiseer:

Wat het van die mans geword, wonder Karolina, wat sy liefgehad het, wat sy gedink het sy liefhet? Een het *op groot swart vlerke weggevlieg*. Een het *ondergronds gegaan om daar te worstel met magte en demone* wat sy toetrede tot die bogrond lewenslank bly verhinder. Een het *bogronds gebly* en vasberade sy plig uitgevoer. [...] Een *leef in haar bewussyn voort* soos sand in ’n oester se sagte vlees – maar daar sal nooit ’n pêrel van kom nie. Die ander een *verskyn aan haar in drome in ’n groot verskeidenheid van gedaantes*. [...] Die res het soos ’n klomp varke oor die afgrond gestort (1993:77; my kursivering).

Die potensiaal om herhaaldelik tydens drome in ’n verskeidenheid van gedaantes (polimorfie) te manifesteer, word beklemtoon: “Minnaars, verguisdes, jeugvriende, onbekende familieledes meld hulleself nog steeds aan in ’n verskeidenheid van gedaantes en met uiteenlopende onontsyferbare, meer of minder obskure bedoelings” (1993:166). Om dus in ’n droomstaat te verkeer en om voortdurend oor die dood te besin, is ’n romangegewe wat op eg neo-Victoriaanse wyse as teenhanger van die strakker empiristies-wetenskaplike wêreldbeeld voorgehou word.

Die hoofkarakter word self draer van dié ambivalensie: sy is ’n entomoloog, maar besoek ’n palmleser om haar lewensloop te voorspel; sy is ’n sober wetenskaplike wat haarself aan die dans, die erotiek en die Boeddhisme oorgee. Haar afvalligheid van tradisionele kerklike godsdiens is verder afleesbaar uit haar en Willie se betekenisvolle reaksie op die preek by Tonnie Melck se roudiens (1993:117-120). Sy versoek ook vir Jess Jankowitz om aan haar die beginsels van die Boeddhisme te verduidelik.

Die verbande tussen die tekste van Winterbach, haar Afrikaanse voorgangers en Byatt word vervolgens in die gevolgtrekking by 6.4 saamgevat.

#### **6.4 INSECT/INCEST: a game the whole family can play**

Gouws (2008:25) gebruik die akkurate woord “palimpse” om die *gelaagdheid* van Winterbach se prosa en visuele kuns te beskryf. Hy onderskei verskillende opeengestapelde lae, maar sonder die intertekstuele verwysings na ander kunswerke in die romans én in die tekeninge uit. Volgens hom verskaf dit ’n “gelaagdheid, ’n digtheid en ’n meerduidigheid wat verder strek as enigiets wat bereik kan word in werk wat die illusie nastreef dat die ontmoeting van *hierdie teks* (of tekening) en *hierdie werklikheid* niks dank aan ’n *lang geskiedenis van tekste*, tekeninge en hulle *ontmoetings met die werklikheid* wat daaraan voorafgegaan het nie.”

Hierdie interverweefdheid, konteksgebondenheid en skatpligtigheid waarop Gouws sin-speel (met die uitdruklike implikasie dat geen teks in isolasie ontstaan en bestaan nie) is hierbo nagespeur met verwysing na Winterbach se aansluiting by ander tekste in dieselfde teksfamilie. Soortgenootlike tekste van Eliot, Darwin, Marais, Leipoldt, Langenhoven, I.D. Du Plessis, Kafka, Nabokov en Byatt is in wisselende grade by die bespreking betrek: soms in detail, soms net by wyse van vermelding en soms amper net as voetnoot, maar altyd deur ’n Darwinistiese lens.

Die uitgebreide netwerk van verbintenisse wat só to stand gekom het, is in die inleiding tot hierdie hoofstuk verduidelik met verwysing na Darwin se metafoer van nie-eenlynige afstamming. Alhoewel die meeste voorbeelde tekenend van ’n derde kultuur is waar die wetenskap (en dikwels die entomologie) op die roman inspeel, is nie almal altyd simplisties tipeerbaar met die noemer “Victoriaans” of selfs “neo-Victoriaans” nie. Daar is gevolglik nie hier sprake van ’n enkele gedetermineerde generiese vorm nie, maar tog is daar tekens van familietrekke; van “close and distant relatives” (Cohen

1987:244); van literêre soortgenootlikheid. Om sodanige genealogiese skakels, invloede en tradisies aan te toon, het die keuse (in pas met Darwinistiese genrebeskouings) doelbewus op 'n vergelykende lesing van sowel diachroniese as sinchroniese teksvoorbeelde geval.

Die Nabokov-anagram van *insect/incest* in die opskrif het dus enersyds betrekking op die gedeelde tema van entomologie wat in die meeste eksemplariëse tekste voorkom, maar verwys andersyds ook speels na die “inteling” wat daar in die onderhawige teksfamilie ten opsigte van ooreenstemmende motiewe, temas, vorme en wêreldbeskouing plaasvind. Die ondersoek het aan die lig gebring dat Winterbach 'n bepaalde tendens voortsit wat alreeds in die werk van Afrikaanse voorgangers soos Marais, Leipoldt, Langenhoven en Du Plessis aantoonbaar was. Ook hierdie literêre voorgangers se oeuvres staan nie onaangeraak deur hulle “ontmoetings met die werklikheid” en die linie van tekste wat hulle eie werk voorafgegaan het nie (Gouws 2008:25). Die Victoriaanse bevoorgronding van die natuurgeskiedenis, gepaardgaande met 'n soortgelyke obsessiewe soeke na dít wat ágter daardie natuurlike wêreld lê, is 'n kerngegewe in die prosa van veral Marais en Leipoldt.

Sekere Victoriaanse periode- en genrekenmerke het dus, weliswaar 'n paar dekades later, ook in die vroeëre Afrikaanse letterkunde gemanifesteer. Daardie voorlopers van Winterbach wat aan die Victoriaanse dampkring blootgestel was, se oeuvres illustreer die prominensie van die negentiende-eeuse wetenskaplike wêreldbeeld wat sedert die publikasie van Darwin se evolusieleer aan die orde was. Winterbach se romans (1984–2006) getuig dus van 'n voortgesette tendens om hierdie Darwinistiese wêreldbeeld in die Afrikaanse prosa te fiksionaliseer (sien Hoofstukke 4 en 5). Dié empiristiese wêreldbeeld word egter in neo-Victoriaanse tekste (in navolging van hulle Victoriaanse voorouers) dikwels in samehang met 'n nierasionele en mistieke ryk voorgestel. In Afdeling 6.2.3–6.2.5 is hierdie betrokke “grensoorskryding” (en gepaardgaande pogings om die bonatuurlike wetenskaplik te verklaar) uitgesonder.

Sekere opvallende ooreenkomste tussen Winterbach en die eietydse Britse skrywer A.S. Byatt (wat deur Shuttleworth (1998; 2001) as belangrikste verteenwoordiger van die neo-Victoriaanse romantradisie uitgesonder word) is alreeds in die inleidende hoofstuk

in die vooruitsig gestel. Winterbach se erkenning van Byatt as waardevolle bron in *Die benederyk* (2010) bevestig ook 'n voorkennis van Byatt se romankuns. Sy het ook aangedui dat sy wél *Angels and insects* geles het (Lemmer 2010). In Afdeling 6.3 is dié neo-Victoriaanse verwantskappe in 'n vergelykende lesing tussen *Karolina Ferreira* en “Morpho Eugenia” uitgelig.

Albei dié tekste is simptomaties van 'n derde kultuur waar die grense tussen die wetenskap en kunste subtiel herskryf word; waar die “interrelatedness of human knowledge” (Sturrock 2000) sigbaar word. Shuttleworth, Sturrock en Weinroth bevestig dat Byatt as eksponent van die neo-Victoriaanse verteltradisie sodanige derde kultuur bestendig. Byatt erken immers sélf haar skatpligtigheid aan 'n Victoriaanse voorganger soos Eliot, wat ook die wetenskaplike proses in háár romans betrek het. Winterbach se herwinning van Darwinistiese konsepte en haar spesifieke hantering van natuurhistoriese data (soms ook met die gebruikmaking van betekenisdraende newetekste), vertoon in hierdie opsig dus opvallende ooreenkomste met die romankuns van Byatt (sien Bylae E en F).

Albei tekste is onkonvensionele liefdesverhale waar die genderstereotipering van die tradisionele populêre liefdesverhaal ondermyn word: “romantic love mixed with pheromones”, aldus Byatt (2000:81). “We love each other very much” is 'n uitlating deur Eugenia Alabaster wat in “Morpho Eugenia” ironiese dimensies aanneem wanneer die bloedskendige verhouding met haar broer (voor en tydens haar huwelik met William) aan die lig kom. Die geleidelike ontplooiing van Karolina Ferreira se verhouding met Jess Jankowitz verloop ook allermins op die geekte patroon. Die hoofokus val nie slegs op die verhouding nie, maar eerder op haar navorsing en daar is selfs sprake van vriendskappe en dansery met ander mans. Die liefdesverhouding maak vir Karolina “roekeloos”, “ongeduldig”, “radeloos en beangs” en uiteindelik is dit nie die vrou wat hier aandring op 'n permanente verbintenis nie, maar wel die man.

Die gedeelde wetenskaplike verwysingsvelde skep 'n geloofwaardige vertelruimte waarbinne die twee wetenskaplikes (William Adamson en Karolina Ferreira) as roman-karakters kan funksioneer. Beide hierdie hoofkarakters se navorsingsreise kan as reise

na selfvervulling vertolk word. Byatt se teks boots aanvanklik die Victoriaanse manlike soektognarratief na, maar aan die einde van die eerste novelle word die konvensie onverwags omgekeer. Mathilda Crompton onderneem nou ook 'n navorsingsreis na die Amasone – nie slegs as William se nuwe minnares nie, maar as volwaardige navorsingsgenoot. *Karolina Ferreira* is weer vanweë die vroulike hoofkarakter se status as professionele wetenskaplike vanuit die staanspoor 'n postmodernistiese omkering van die tradisionele soektognarratief.

Soos in die neo-Victoriaanse verteltradisie is daar 'n buitengewone bevoorgending van Darwinistiese idees. Die natuurgeskiedenis tekste ageer by beide “Morpho Eugenia” en *Karolina Ferreira* as narratiewe model én motief. Wetenskaplike konsepte van evolusionêre aanpassing, seksuele seleksie (met die klem op “vroulike keuse”), groei, afstamming en metamorfose word in beide voorbeeldtekste romanmatig ontgin om die persoonlike gedaanteverwisseling van die karakters metafories te ondersteun – “things are not what they seem”. Die Engelse Bredely Hall en Vrystaatse Voorspoed is, ten spyte van die geografiese en tydsverskille, glad nie so verskillend nie: bogronds lyk alles ordelik, maar *ondergronds* woed daar 'n politieke, persoonlike en seksuele oorlewingstryd.

In 'n poging om die menslike kondisie te probeer begryp, word die mens se oorsprong in *Karolina Ferreira* en “Morpho Eugenia” beredeneer met behulp van Darwin se evolusieleer. Die interafhanklikheid tussen alle lewende organismes (of dit nou insekte, vlermuise, gewerweldes of plante is) word erken. 'n Bevoorgending van spesie met gepaardgaande kwessies van wetenskaplike observasie, benoeming, klassifikasie en bewaring staan in beide tekste sentraal. Winterbach se “nomenklatuur” is volgens La Vita (2010:6) ook in haar nuutste roman, *Die benederyk* (2010), aanwesig en sy bevestig die belangrikheid van naamgewing in haar tekste soos volg: “Die naam moet reg wees. Ek oorweeg baie, baie name. In naamgewing het ek groot plesier.” Uitgebreide inventarisse van talle verskillende spesies wat die aarde in kompetisie met mekaar bewoon, is dus kenmerkend van hierdie twee eksemplariese tekste wat in die trant van 'n neo-Victoriaanse verteltradisie staan.

Die hantering en verspreiding van natuurwetenskaplike kennis asook die meegaande populariseringsideaal is hierbo telkens aangetoon: “the promotion of useful knowledge, of human wonder” (Byatt 1992:17). Benewens die toeganklike verduideliking wat deurgaans op die strakker wetenskaplike stelling volg, is die konsep van *begeleiers* (as fasiliteerders van kennis) in beide tekste beklemtoon: William as begeleier van Matty Crompton en Harald Alabaster; die motte en Miss Mouffett as begeleiers van Seth in die fabel; die aangetoonde manskarakters as begeleiers van Karolina in die Winterbach-roman.

Die mens se oorsprongsgeskiedenis word, soos in ander Winterbach-tekste, nie slegs vasgelê in fossiele, beentjies en skedels nie, maar óók in die menslike herinnering. In sowel Byatt as Winterbach se tekste word ingewikkelde familieverbintnisse dus beklemtoon. Viljoen (2003b:6) se opmerking oor die Freudiaanse familieroman met verwysing na *Karolina Ferreira*, in samehang met die oortuiging van Kohlke (2009/2010:264) dat neo-Victoriaanse fiksie dikwels gekwelde en traumatiese gesinsverhoudings uitbeeld, verdien weer eens vermelding.

In albei tekste is die tipies negentiende-eeuse analogie tussen mense en insekte (spesifiek termiete en motte) ’n kerngegewe: die gegoede Victoriaanse Alabaster-huishouding word met ’n ondergrondse termietnes vergelyk, terwyl Eugenia weer met haar mot-naamgenoot, *Morpho eugenia*, vergelyk word. Karolina Ferreira word self uitgebeeld asof sy, soos ’n mot, in ’n staat van metamorfose verkeer. Die aktiwiteite in Voorspoed vind ook, soos in ’n termietnes, ondergronds plaas (vergelyk die motto aan die begin van Afdeling 6.3.3). In albei tekste word die danskode ook ondersteun deur ’n uitvoerige beskrywing van die termiete se paringsvlug.

Sowel Byatt as Winterbach verken die natuurlike wêreld, maar laat nie na om ook terselfdertyd te verwys na magiese bonatuurlike sferes nie (soos trouens ook Leipoldt, Marais, Langenhoven en Du Plessis). Met betrekking tot hierdie aspek is daar byvoorbeeld gewys op die oorbruggende funksie van die doodshoofmotmotief, wat enersyds as wetenskaplike verskynsel, maar andersyds ook as onheilsteken vertolkbaar is. Hierdie dualiteit bring mee dat die werk van Winterbach, in pas met die neo-



Victoriaanse romantradisie, dikwels lyk op 'n versnit van Gotiese en natuurhistoriese elemente (Shuttleworth 1998).

Die vergelykende lesing tussen “Morpho Eugenia” en *Karolina Ferreira* het aan die lig gebring dat dié ossilering tussen oënskynlik disparate pole en opposisies (soos kennis versus nierasionaliteit; wetenskap versus mistiek; natuurhistories versus kultuurhistories, man versus vrou, intellek versus emosie) 'n verdere gedeelde eienskap tussen die betrokke tekste is. Weinroth (2005:221) versoen dié “disparaathede” soos volg: “We are indeed, both angels and insects, inextricably bound to nature’s laws yet lifted by spiritual and ethical yearnings for an enhanced humanity.”

In hierdie hoofstuk was die oogmerk nie om 'n studie van alle denkbare invloede en intertekstuele verwysings in Winterbach se werk te onderneem nie. Die invloed van 'n Afrikaanse skrywer soos Etienne Leroux op Winterbach is bekend, maar val buite die parameters van hierdie navorsingsverslag, wat hoofsaaklik op die *wetenskaplike register* van die tersaaklike tekste fokus. Alhoewel Winterbach se werk ook sterk naturalistiese trekke vertoon, is 'n bespreking van die naturalistiese tradisie in hierdie hoofstuk ook buite rekening gelaat (alhoewel dit in Afdeling 4.9 kortliks beredeneer is). Jeanne Goosen het wel op 'n heel andersoortige wyse wetenskaplike inligting in *Lou-oond* (1987) en *Wie is Jan Hoender?* (2001) betrek, maar daar is tans nie enige tydgenoot van Winterbach wat in hierdie spesifieke natuurhistoriese sleutel in Afrikaans publiseer nie.

Uit die voorafgaande argumente behoort dit duidelik te wees dat Winterbach se romankuns (benewens invloede van Afrikaanse voorgangers wat aan die Victoriaanse leefwêreld blootgestel was) ook beduidende inhoudelike en strukturele verbande vertoon met die Victoriaanse Darwinistiese of ontwikkelingsroman (“Darwinian/developmental novel”) asook die eietydse permutasie daarvan, naamlik die neo-Victoriaanse roman.

## HOOFSTUK 7

### SAMEVATTING EN SLOTSOM: DIE ESTETIKA VAN KENNIS

Wanting connections, we found connections – always, everywhere, and between everything. The world exploded into a whirling network of kinships, where everything pointed to everything else, everything explained everything else.

Umberto Eco, *Foucault's pendulum*

Die *literêr-kritiese tussenruimte* waarbinne die lesing van Ingrid Winterbach se tekste (1984–2006) hier geskied het, is dié van ’n interdisipline genaamd “letterkunde en wetenskap”, synde ’n interdisiplinêre studieveld waar ’n kritiese pluralisme of veelheid van literêr-teoretiese veronderstellings beoefen word. Die benadering wat in hierdie navorsingsverslag gevolg is, stem ooreen met dié van George Levine (soos uiteengesit in Afdeling 1.5) en kan beskou word as ’n eklektiese, postmoderne benadering wat by wyse van spreke ook voortdurend moes evolueer, aanpas en probeer oorleef soos wat die diskoersargument dit vereis het. Insigte uit die literêre Darwinisme oor onder meer die analogieë tussen biologiese spesie en genre is ook oorsigtelik betrek (Lemmer 1994).

Alle intellektuele aktiwiteite word volgens Cordle (1999) gekenmerk deur die soeke na verbande, assosiasies en patrone. Die navorsingsdoelwit was gevolglik om – met Winterbach se oeuvre as spilpunt – binne bepaalde kultuurfilosofiese, sosiaal-maatskaplike en literêr-historiese parameters die potensiële verbande tussen soortgenootlike historiese periodes, literêre tradisies, oeuvres en tekste te ondersoek.

Die *breër kultuurfilosofiese konteks* wat betrek is, is dié van ’n derde kultuur (soos uiteengesit in Hoofstuk 2). Die historiese agtergrond van hierdie derdekultuur-model is bespreek na aanleiding van sekere ankerdebatte (soos dié tussen Huxley en Arnold asook Snow en Leavis) oor die status en wisselwerking van die sogenaamde “twee kulture” (naamlik die wetenskap en die kunste, wat nader omskryf is in Afdeling 3.2).

Snow het alreeds in 1963 bepleit dat die modernistiese kloof tussen die twee kulture vernou moes word om 'n derde kultuur te vestig. John Brockman het gedurende die 1990's Snow se idee herwin om sodoende 'n groter plek vir die wetenskap te beding in die publieke kultuur (wat vir die grootste deel van die twintigste eeu deur die geesteswetenskappe gedomineer is). Vir doeleindes van hierdie navorsingsverslag is die konsep van 'n derde kultuur egter betekenisverruimend aangewend om beide Snow en Brockman se interpretasies te akkommodeer. Die term “derde kultuur” verwys derhalwe na 'n scenario waar die volwaardige rol van die wetenskap erken word én waar die wetenskap en kunste weer, soos in die negentiende eeu, as 'n organiese eenheid funksioneer.

Die Wetenskapsera (1879–1914) – waarby die Victoriaanse tydperk (*circa* 1837–1901) ingereken is – asook ons eietydse inligtingsera (ook al “neo-/retro-Victoriaans” genoem) is in Hoofstuk 3 uitgesonder as twee periodes waar die bestaan van 'n derde kultuur, soos uiteengesit in Hoofstuk 2, besonder opvallend was en is. Die enorme kennisuitbreiding tydens die vermelde Wetenskapsera (en veral in die Victoriaanse tydperk) is dus vergelyk met die kennisontploffing in die wetenskap wat ook ons huidige inligtingsgedrewe samelewing kenmerk.

In Victoriaanse Engeland was die verwerwing en popularisering van kennis (en spesifiek natuurhistoriese kennis) bykans 'n nasionale obsessie. Organisasies soos *The Society for the Diffusion of Useful Knowledge*, publieke lesings, openbare lykskouings, sosiale byeenkomste met mikroskoop en teleskoop asook talle natuurhistoriese publikasies het dié Goue Era van die natuurgeskiedenis gekenmerk. Die periode is dus by uitstek gedefinieer deur talle wetenskaplike ontdekkings, waarvan Darwin se evolusieleer waarskynlik die mees opspraakwekkende was vanweë die (Christelike) burgerlike samelewing se heftige reaksie daarop. 'n Wetenskaplike wêreldbeeld is vanselfsprekend ook gereflekteer in die letterkunde van die negentiende eeu, met die gevolg dat die literêre en wetenskaplike diskoerse tydens hierdie periode 'n uitsonderlike interafhanklikheid vertoon het (sprekend van 'n derde kultuur).

Die Victoriaanse kennisideaal was om te onderrig en te vermaak en die hoogste strewe was om iets van alles te weet en alles van iets: die estetika van kennis; die “interrelatedness of human knowledge” (Sturrock 2002) is dus 'n epistemologie wat nie

net uit Winterbach se eie kunsteoretiese uitsprake en romans blyk nie, maar wat ook in die ander soortgenootlike tekste onder bespreking bestendig word. Die *literêr-historiese raamwerk* van die studie was daarom oorwegend dié van die Victoriaanse en neo-Victoriaanse romantradisie(s), wat simptome was en is van 'n derde kultuur waar die geïntegreerde grense tussen die kunste en die wetenskap heronderhandel word. Die bestaan van 'n Anglosaksiese verwysingsveld, Winterbach se voortgesette representasie van Anglo-Boereoorloggegewens asook die permutasies van talle Victoriaanse genrekode is deurgaans in die tersaaklike Winterbach-tekste aangetoon.

Winterbach se natuurhistoriese instelling, haar fiksionalisering van 'n empiries-wetenskaplike wêreldbeeld asook die romans se verankering in Darwinistiese idees vertoon duidelike verbande met die ontwikkelings-, evolusionêre of Darwinistiese roman van die negentiende eeu (Chapple 1986), maar ook met die eietydse permutasie daarvan, naamlik die neo-Victoriaanse teks (Glendening 2007; Gutleben 2001). Betekenisdraende newetekste (soos die bandontwerp van voorblaaië asook entomologiesketse van motte en spinnekoppe), tesame met die wetenskaplike presisie waarmee spesies beskryf word, herinner selfs aan die negentiende-eeuse niefiktionele natuurgeskiedenis, wat as narratiewe model en tema vir Winterbach se romans bestempel kan word.

Die mening van kritici soos Kirchknopf (2008:53), Bormann (2002:36) en Shiller (1997:58), naamlik dat tipiese neo-Victoriaanse tekste postmoderne herskeppings van die negentiende eeu veronderstel, het dus ook op Winterbach se romankuns betrekking. Hierdie wetenskaplike ingesteldheid is nie alleen tipies van die neo-Victoriaanse romantradisie wat sprekend is van 'n derde kultuur nie, maar die popularisering van natuurwetenskaplike teorieë dra selfs daartoe by dat Winterbach se romans as 'n vorm van populêre wetenskapsbeoefening beskou kan word: "How to have your facts and love them" (Merrill 1989).

In navolging van Levine (1988) is daar in Afdeling 4.2 'n stel beginsels onderskei wat vir doeleindes van hierdie verslag aanvaar is as algemene beginsels wat Darwin se evolusieleer onderlê. Hierdie beginsels hou breedweg verband met 'n herevaluering van die mens se rangorde in die natuur; die vervaging van spesiegrense; die onderworpenheid aan natuurwette van verandering; 'n verbondenheid aan voorafgaande

geskiedenis; natuurlike seleksieprosesse; die rol van toeval, en wetenskaplike observasie as kennismeganisme. Die Winterbach-oeuvre is vervolgens binne dié spesifieke matriks van Darwinistiese beginsels beoordeel. Darwin se metafoor van die lewe as ’n oorbegroeide rivieroewer (“an entangled bank”) is aangetoon as ’n sentrale metafoor waardeur Winterbach ’n negentiende-eeuse wetenskaplike wêreldbeeld op unieke wyse aktualiseer om sodoende ook kommentaar op die hede te lewer. ’n Kritiese analise van geselekteerde romans in Hoofstuk 4 het aan die lig gebring dat evolusionêre patrone van groei, transformasie, evolusie, metamorfose, transformasie en uitsterwing terugkerende (Victoriaanse) motiewe en konsepte is wat in die Winterbach-romans op artistiek verantwoordbare wyse herwin word.

Die bevinding was dus dat die bevoorgroning en wetenskaplike benoeming van spesie in die romans onder bespreking opvallend is; dat vraagstukke rondom die *oorsprong van spesie*, waarby inbegrepe die mens – en spesifiek ook die Afrikaner – die spilpunt is waarom Winterbach se oeuvre draai. Die evolusionêre feit dat geen lid van ’n spesie onafhanklik van die voorafgaande geskiedenis beskryf kan word nie, eggo in die talle romanverwysings na fossielbeddings én herinnerings. Hierdie genealogiese bewussyn en romanmatige dokumentering van die Afrikanerspesie word deur die wydverspreide verwysings na die Anglo-Boereoloog en familiechronieke bestendig.

Winterbach belig in haar romans egter *nie slegs* die negentiende-eeuse ontgogeling wat as ’n reaksie op Darwin se evolusieleer uit die somber naturalistiese romans van die laat-negentiende eeu straal nie. Haar werk vertoon vanweë die alliansie met Darwin vanselfsprekend sulke naturalistiese eggos, wat veral terug te vind is in die gekwelde personasies wat dikwels worstel met selfmoordgedagtes, skuldgevoelens, magteloosheid, ang en ’n onvermoë om traumatiese verledes te verwerk. Winterbach bied egter ook ter aanvulling ’n romantiese, verwonderde blik op die oorvloed van die natuurlike wêreld; op Darwin se “endless forms, most wonderful and beautiful” wat met soveel ywer deur die negentiende-eeuse natuurkundiges bestudeer en gepopulariseer is. Natuurlike voorwerpe soos motte, skulpe, plante, klippe en skedels is derhalwe nie slegs herinnerings aan die verganklikheid van die lewe nie, maar ook estetiese objekte. Hierdie skoonheid van natuurlike voorwerpe is ’n oorweging wat dikwels deur Winterbach sélf in onderhoude uitgesonder word met betrekking tot die aanwesigheid van natuurhistoriese invloede in haar skryf- én visuele kuns. ’n Perspektief op die

“romantiese” Darwin (aldus Levine) sluit in ’n enger verband aan by die strewe van die Romantiek (1775–1830), waarvan die Gotiese roman byvoorbeeld weer ’n uitvloeisel was. Die verromantisering van die natuurwetenskaplike en sy/haar navorsing sluit egter ook aan by ’n breër beskrywing van wetenskapsromantiek (sien Afdeling 3.2.3), wat ’n oop tradisie veronderstel waar alle estetiese konvergencies met die wetenskap bestudeer word.

Daar is voorts bevind dat die ontginning van wetenskaplike bronmateriaal in die romans onder bespreking, naas die bovermelde funksies van kennisverspreiding en die daarstelling van ’n Darwinistiese wêreldbeskouing, ook ander, meerdere funksies vervul. Die wetenskaplike register dra byvoorbeeld ook by tot die skep van ’n outentieke verhaalruimte waarbinne romankarakters, wat self professionele wetenskaplikes is óf wat ’n buitengewone belangstelling in die wetenskap vertoon, kan funksioneer. Soms ondersteun die wetenskaplike stramien selfs die karakteruitbeelding, soos byvoorbeeld in die talle mens-insek-gelykstellings. Wetenskaplike prosesse van benoeming en bewaring dien dikwels ook as borswering teen die verganklikheid. Sekere wetenskaplike metafore vervul soms selfs ’n interpretatiewe funksie.

’n Vindingryke manipulering van die wetenskaplike register, soos in *Klaaglied vir Koos, erf* en *Die boek van toeval en toeverlaat*, het tot gevolg dat alleenstaande vrouekarakters deur ’n progressiewe beheersing van die wetenskapsdiskoers bemagtig word. Die bevoorgronding van wetenskaplike konsepte en die skep van ’n woordeskat wat daarmee verband hou, is meermale metafories van die vrouekarakters (wat almal na permutasies van dieselfde tipe lyk) se reis na selfverwesenliking.

Die skepping van ’n wetenskaplike sfeer funksioneer meermale ook as opposisionele pool vir die kunstenaarskarakters en/of bonatuurlike magiese verskynsels in die tekste. Soms ondersteun dit selfs die bestaande dualiteit van rasionaliteit/nierasionaliteit binne individuele protagoniste (“Die mens is ’n groot gebied,” verklaar Willie September immers in *Karolina Ferreira*). Shuttleworth (1998) en Byatt (2000) se rigtinggewende uitsprake, naamlik dat beide die natuurlike en bonatuurlike sfere gelyktydig in neo-Victoriaanse fiksie verken word, lei ook tot die gevolgtrekking in Hoofstuk 6 dat tekste in hierdie romantradisie dikwels lyk op ’n versnit van natuurhistoriese en Gotiese elemente. Beide die Victoriaanse natuurhistoriese roman en (herleefde) Gotiese roman

word deur Shuttleworth (1998; 2001) as erkende subkategorieë binne die Victoriaanse (en neo-Victoriaanse) romankuns beskou. Winterbach se romans is gevolglik gemeet aan hierdie idee dat sowel natuurlike as bonatuurlike wêrelde gelyktydig betrek word en daar is bevind dat óók Winterbach die impak van Darwinistiese konsepte op gevestigde godsdienstige idees probeer peil. Binne die neo-Victoriaanse romantradisie bestaan hierdie oënskynlike disparate wêrelde dus naatloos saam; vul mekaar selfs aan.

Sonder om enigsins te impliseer dat alle soortgenootlike tekste telkens aan álle (of selfs aan 'n minimum) van die onderstaande genrekonvensies behoort te voldoen, word die volgende terugkerende aspekte telkens deur kritici – soos Shuttleworth (1998; 2001), Gilmour (2000), Gutleben (2001), Shiller (1997) en Byatt (2000; 2001) – as binnevuur van die neo-Victoriaanse literatuurtradisie uitgesonder:

- 'n volledige of gedeeltelike herskepping van 'n Victoriaanse periode of tydsgees;
- 'n herwinning van Victoriaanse periode- en genrekodes;
- 'n fiksionalisering van die negentiende-eeuse wetenskaplike wêreldbeeld met 'n fokus op wetenskaplike teorieë wat met evolusie verband hou;
- 'n ontginning van die eietydse impak van idees wat as breedweg Darwinisties beskou kan word;
- die dramatisering van 'n Darwinistiese moment waar wetenskaplike feite en vertroude Bybelse veronderstellings as onversoenbares ervaar word;
- die gelyklopende verkenning van bewuste en onbewuste sfere, en
- die romanmatige beskrywing van nostalgie en verlies.

In Hoofstuk 5 is bevind dat *Niggie* (2002) 'n eksemplariese verteenwoordiger van die neo-Victoriaanse romantradisie is, aangesien dit in elke opsig aan die bostaande konvensies voldoen. Die ander Winterbach-tekste beeld byvoorbeeld nie noodwendig soos *Niggie* volledig (of soms selfs eers gedeeltelik) 'n historiese Victoriaanse periode uit nie, maar is eerder tekste wat tipiese genre- en periodekonvensies van die Victoriaanse periode weerspieël (Gilmour 2000). Daar is reeds hierbo verwys na die tersaaklike Darwinistiese bemoeienis in Winterbach se romans – 'n aspek waarop daar deurgaans gefokus is en wat aanleiding gegee het tot 'n latere vergelyking met ander

lede van dieselfde teksfamilie. In Afdeling 6.2 is Winterbach se “genealogiese” verbande met soortgenootlike Afrikaanse voorgangers soos Marais, Leipoldt en Langenhoven verken. Veral Marais en Leipoldt (albei amateur-natuurwetenskaplikes) se blootstelling aan ’n Victoriaanse leefwêreld het ook in hulle eie fiksie neerslag gevind. Hierdie Afrikaanse voorgangers se geneigdheid om beide die wetenskaplike en bonatuurlike sfere in hulle werk te beklemtoon, is ’n oorgeërfde tendens wat ook in die Winterbach-oeuvre aangetoon is. Alhoewel hierdie verslag oorwegend op die natuurhistoriese en Darwinistiese diskoers gefokus het, is die aanwesigheid van bonatuurlike en onderbewuste fasette ook verbandhoudend betrek. Die geldigheid van Winterbach se kunsteoretiese uitspraak, naamlik dat haar werk die spanning tussen rasionele en nierasionele elemente reflekteer (De Vries 2008:218), is deur ’n kritiese analise van die romans (1984–2006) bevestig.

Om haar verwantskappe met ’n eietydse soortgenoot na te speur, het ’n vergelykende lesing tussen *Karolina Ferreira* (1993) en A.S. Byatt (’n spilfiguur binne die neo-Victoriaanse romantradisie) se *Angels en insects* (1992) in Afdeling 6.3 gevolg. Die bevinding was dat Winterbach se romankuns merkwaardige generiese en tematiese verbande met dié van Byatt vertoon en dat die noemer van “neo-Victoriaans” op beide se oeuvres betrekking het.

Verskeie winste spruit voort uit ’n literêr-historiese plasing van Winterbach binne die neo-Victoriaanse derdekultuur-tradisie. Kritiek dat die veelvuldige voorkoms van wetenskaplike inligting in die romans nie artistiek verantwoordbaar is nie, word deur hierdie plasing besweer, aangesien die prominente aanwesigheid en verwerking van wetenskaplike bronmateriaal juis ’n *artistieke eis en konvensie* van hierdie romantradisie is. Die popularisering van kennis en die interverweefdheid van verskillende kennisvelde in die romans word sodoende verklaar deur die aansluiting by ’n Victoriaanse ideaal van “instruction and amusement” (Rauch 2001). Winterbach se eie didaktiese strewe sluit sterk aan by hierdie Victoriaanse kennisdiskoers, wat ook uit die oeuvres van Marais, Leipoldt en Langenhoven blyk. ’n Bestudering van Winterbach se oeuvre in samehang met soortgenootlike literêre voorgangers lei ook tot ’n herwaardering van dié betrokke voorgangers se werk. Dié neo-Victoriaanse kontekstualisering verskaf verder ’n sinvolle literêr-historiese antwoord op Gouws (2007:13) se opmerking dat die onderliggende empiries-wetenskaplike wêreldbeeld in



die tekste skynbaar teengesprek word deur die aanwesigheid van romangegewens wat met die magiese en bonatuurlike verband hou.


Die reflektoring van globale tendense (soos 'n derde kultuur) in Winterbach se prosa noodsaak ook 'n nie-insulêre benadering tot die Afrikaanse letterkunde. Volgens Roos (1994:xv) moet die Afrikaanse teks binne die skryf van 'n literatuurgeskiedenis altyd, deur 'n perspektivering en kontekstualisering van daardie teks(te), tot 'n "nie-parogiale, nie-eksklusiewe, nie-dogmatiese identiteit" kan ontwikkel. Sy onderskryf daarmee die oortuiging dat literêre strominge diachronies, dinamies en aanwysend van verhoudings binne historiese en sosiale ontwikkelings is; dat die bestaan van parallelle, teenstrydige en herhalende verskynsels binne die sentrum of op die rand as 'n integrale kenmerk van die literêre sisteem gereken behoort te word (Roos 1994:xvi).

Bestaande navorsing wat alreeds oor Winterbach gepubliseer is, kan aanvullend tot hierdie breër literêr-historiese navorsingsraamwerk van 'n neo-Victoriaanse tradisie gelees word. Dié besondere raamwerk verskaf egter nie slegs 'n nuwe matriks vir die beoordeling van haar oeuvre nie, maar kan ook as stukrag vir verdere navorsing dien. Hierdie studie bewys dus die verbande wat daar bestaan tussen die romankuns van Ingrid Winterbach, die kultuurfilosofiese konteks van 'n derde kultuur en die literêr-historiese matriks van die neo-Victoriaanse romantradisie.

\*\*\*\*\*



BYLAAG A




Ingrid Winterbach, "Specimen", 2002


**Qualities Ascribed to Literature and Science in the Two Cultures Debate**

|   | Literature   | Science   |
|---|--|---|
| Object of contemplation/<br>area of concern | Words<br>Human nature<br>Private<br>Qualities<br>Sublime   | Things<br>Knowledge of nature<br>Public<br>Quantities<br>Communicable                                 |
| Method of study                             | Subjective<br>Inspiration<br>From authority  | Objective<br>Logic<br>From experiment   |
| Language                                    | Ends<br>Surfeit  | Means<br>Economy  |
| Essence                                     | Emotional, passionate,<br>personal<br>Aristocratic<br>Culture<br>Holistic<br>Natural<br>Timeless | Cool, rational,<br>impersonal<br>Democratic<br>Anti-culture<br>Specific<br>Unnatural<br>Time specific |
| Outcome of study                            | Original insight<br>Value<br>Spiritual development<br>General                                    | Cumulative knowledge<br>Fact<br>Material progress<br>Specific   |


**The Two Cultures Model**




BYLAAG C



Figuur 1




Figuur 2



Figuur 3






Figuur 5



## BELEMMERING

Lettie Viljoen




*Belemmering* is Lettie Viljoen, skrywer van *Klaaglied vir Koos* (1984) en *Erf* (1986), se eerste omvangryke prosawerk. Soos in Viljoen se vorige boeke, gaan dit in hierdie roman om die weerstande wat die mens/die Afrikaner in sy of haar verhouding tot die verlede en omgewing beleef. In Hanna se ervarings met die kind, met haar ouers en met Henrik, en in die gesprekke van 'n groep mans op 'n berg tydens 'n geheimsinnige sending, sien ons mense vasgevang in situasies wat hulle nie onder beheer kan kry nie. *Belemmering* is 'n meersterstuk van intense, brandskerp waarneming van onder andere die natuur as 'n verruklike, kwellende aanwesigheid. *Om te verduidelik wat die landskap beloof het, moet 'n mens dronkenskap hê in die keuse van woorde. – 'n Volheid. En daarmee saam, die ontgogeling.*

## TAURUS




Figuur 6




Figuur 7

# BULLER SE PLAN


Ingrid Winterbach




Figuur 8



Figuur 9




Figuur 1



Cronje surrenders to Roberts at Paardeberg.

Figuur 2








Figuur 3




Figuur 4




BYLAAG E






Figuur 1



Lettie Viljoen | **KAROLINA FERREIRA**



Figuur 2



Figuur 3



Figuur 4



## GERAADPLEEGDE BRONNE

- Abrams, M. H. 1988. *A glossary of literary terms*. 5th edition. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Alfer, A & Noble, M. 2001. *Essays on the fiction of A.S. Byatt: imagining the real*. London: Greenwood Press.
- Angier, N. & Folger, T. (eds.) 2002. *The best American science and nature writing*. Boston: Houghton Mifflin.
- Antonissen, R. 1982. Die Afrikaanse letterkunde van 1906-1966. In: Nienaber, P. J. 1982. *Perspektief en profiel: 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Perskor, p. 35-164.
- Arnold, M. 1882. Literature and science. In: Blinderman, C. & Joyce, D. 1998. Online: <http://aleph0.clarku.edu/huxley/comm/19th/Arnold.html>. Access: 5 June 2008.
- Artthrob, contemporary art in South Africa. 2003. Issue 69, May 2003. Online: [http://www.artthrob.co.za/03may/listings\\_kzn.html#nsa2](http://www.artthrob.co.za/03may/listings_kzn.html#nsa2). Access: 30 June 2008.
- Aucamp, H. 1994. *Die blote storie 2: 'n werkboek vir kortverhaalskrywers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, H. 1997. *Wys my waar is Timboektoe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, H. 1998. I.D. du Plessis (1900–1981). In: Van Coller, H. (red.) *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria. J.L. van Schaik, p. 399-417.
- Aucamp, H. 2010. Só lyk die Boere se Gotiek. *Rapport Boeke*, 7 Maart 2010, p. 3.
- Bachelard, G. 1964. *The poetics of space*. Translated by Maria Jolas. New York: The Orion Press.
- Barber, L. 1980. *The heyday of natural history: 1820–1870*. London: Jonathan Cape.
- Barricelli, J-P. & Gibaldi, J. 1982. *Interrelations of literature*. New York: The Modern Language Association.
- Bauer, H.H. 1992. *Scientific literacy and the myth of scientific method*. Illinois: University Press.

- Beer, G. 1986. Origins and oblivion in Victorian narrative. In: Yeazell, R.R. (ed.) *Sex, politics and science in the nineteenth-century novel*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Beer, G. 1990. Translation or transformation? The relations of literature and science. *Notes and Records of the Royal Society of London* 44(1): 81-99.
- Beer, G. 1996. *Open fields: science in cultural encounter*. Oxford: Clarendon Press.
- Beer, G. 1998. Has nature a future? In: Shaffer, E. (ed.) *The third culture: literature and science*. New York: Walter de Gruyter: 15-27.
- Beer, G. 2000. *Darwin's plots. Evolutionary narrative in Darwin, George Eliot and nineteenth-century fiction*. Cambridge: University Press.
- Beer, G. 2004. Foreword. In: Bown, N., Burdett, C. & Thurschwell, P. *The Victorian supernatural*. Cambridge: University Press.
- Berold, R. 2007. Winterbach's novel, translated into English, lives up to her fine reputation. *Sunday Independent*, 14 October 2007, p. 17.
- Black, B. 2000. *On exhibit. Victorians and their museums*. Charlottesville: University of Virginia Press.
- Blinderman, C. & Joyce, D. 1998. Arnold, M. Literature and Science. Originally published in *The Nineteenth Century*, August 1882. Online: <http://aleph0.clarku.edu/huxley/comm/19th/Arnold.html>. Access 5 June 2008.
- Bonheim, H. 1990. *Literary systematics*. Cambridge: Brewer.
- Bormann, D.C. 2002. *The articulation of science in the neo-Victorian novel: a poetics (two case studies)*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Botha, J. s.j. Jaco Botha gesels met Ingrid Winterbach. Aanlyn: [https://www.givengain.com/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item &cause](https://www.givengain.com/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item &cause). Toegang 30 Junie 2009.
- Botha, M.C. 1987. Difficult to make headway in novelette. *The Cape Times*, 22 April 1987, p. 8.
- Botha, M. & Van Vuuren, H. 2002. Die eksperimentele gebruik van taal in Ingrid Winterbach se *Niggie*. *Stilet* 18(2):35-46.
- Botha, M. & Van Vuuren, H. 2006. Teks op teks op teks: intertekstualiteit in Ingrid Winterbach se *Niggie*. *Literator* 27(3):1-25.
- Botha, M. & Van Vuuren, H. 2007. "Taal moet weerstand bied": 'n verkenning van *Niggie*. *Tydskrif vir Letterkunde* 44(2):119-134.



- Botha, M. & Van Vuuren, H. 2008. "Onze strijd, onze heldendood...": kreatiewe verwerking van patriotiese stof uit Celliers se oorlogsdagboek in Winterbach se *Niggie*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 48(1):111-128.
- Botha, E. 1987. *Prosakroniek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Botha, E. 1995. Die spel word telkens in die tyd herhaal: gedaantes van vernuwing in die Afrikaanse letterkunde. *Stilet* 7(2):1-10.
- Boulter, M. 2008. *Darwin's garden. Down House and the origin of species*. London: Constable.
- Bown, N., Burdett, C. & Thurschwell, P. 2004. *The Victorian supernatural*. Cambridge: University Press.
- Brand, G. 2006. Twee romans kry hoë lof. *Die Burger*, 30 Desember 2006, p. 7.
- Brantlinger, P. & Thesing, W.B. (eds.) 2002. *A companion to the Victorian novel*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Brink, A.P. 1965. Die prosa ná 1900. In: Lindenbergh, E. (red.) *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. Kaapstad: Academica, p. 86-159.
- Brink, A.P. 1985. *Klaaglied vir Koos* is van die beste prosa in jare. *Rapport*, 20 Januarie 1985, p. 14.
- Brink, A.P. 1986. 'n Novelle vol uitdagings vir die ernstige leser. *Rapport*, 21 Desember 1986, p. 10.
- British Council, s.j. A.S. Byatt. Online: <http://www.contemporarywriters.com/authors/?p=auth20>. Access 5 June 2009.
- Brits, E. 2009. Evolusie se elegante nederigheid. *Beeld By*, 7 Februarie 2009, p. 10.
- Britz, E.C. 1987. Met 'n anti-burgerlike en artistieke oog. *Die Burger*, 12 Maart 1987, p. 9.
- Britz, E. 1991. Wagteend op Geelgert. *Rapport*, 17 Maart 1991, p. 16.
- Brockman, J. 1995. *The third culture*. New York: Simon & Schuster.
- Broderick, D. 1994. *The architecture of Babel. Discourses of literature and science*. Melbourne: University Press.
- Bronowski, J. 1978. *The visionary eye. Essays in the arts, literature and science*. Cambridge, Massachusetts: MIT Press.
- Bruce, D. & Purdy, A. (eds.) 1994. *Literature and science*. Amsterdam: Rodopi.

- Buell, L. 1995. *The environmental imagination: Thoreau, nature writing and the formation of American culture*. Harvard: University Press.
- Burger, W. 1996. Komplekse teks stel hoë eise. *Beeld*, 16 Desember 1996, p. 6.
- Burger, W. 2006. Roman met veel om oor na te dink. *Rapport*, 5 November 1996, p. 4.
- Burgers, M.P.O. 1948. Leipoldt. Eensame veelsydige. In: Nienaber, P.J. *C.Louis Leipoldt. Eensame veelsydige*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, p. 74-83.
- Byatt, A.S. 1992. *Angels and insects*. London: Chatto & Windus.
- Byatt, A.S. 2000. *On histories and stories. Selected essays*. Cambridge: Harvard University Press.
- Byatt, A.S. 2001. True stories and the facts in fiction. In: Alfer, A. & Noble, M. *Essays on the fiction of A.S. Byatt. Imagining the real*. London: Greenwood Press, p. 175-201.
- Byatt, A.S. s.j. Persoonlike webwerf. Aanlyn: <http://www.asbyatt.com>. Toegang 17 Augustus 2009.
- Carroll, J. 1995. *Evolution and literary theory*. Missouri: University Press.
- Carroll, J. 2004. *Literary Darwinism: evolution, human nature and literature*. London: Routledge.
- Chapple, J.A.V. 1986. *Science and literature in the nineteenth century*. Macmillan: London.
- Chase, S. 1964. What science is. In: Cornelius, D. & St. Vincent, E. (eds.) *Cultures in conflict: perspectives on the Snow-Leavis controversy*. Chicago: Scott, Foreman and company.
- Claassen, G. & De Pauw, K. 2009. Buitengewone aansprake verg buitengewone bewyse. *Rapport*, 12 April 2009, p. 12.
- Cloete, T.T. (red.) 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Kaapstad: Nasou.
- Cloete, T.T. (red.) 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Cohen, R. (ed.) 1974. *New directions in literary history*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Cohen, R. 1986. Do postmodern genres exist? *Genre* XX:3-4; 241-257.
- Cohen, R. 1989. *The future of literary theory*. London: Routledge.
- Complete review. 2003-2009. Angels and insects by A.S. Byatt. From the reviews. Online: [www.complete-review.com/reviews/byattas/asandis.htm](http://www.complete-review.com/reviews/byattas/asandis.htm). Access 17 September 2009.

- Conley, T. 1986. The Linnaean blues: thought on the genre approach. In: Simons, H. & Aghazarian, A. (eds.) *Form, genre, and the study of political discourse*. South Carolina: University Press, p. 59-78.
- Contemporary Writers Online. 2003, A.S. Byatt. Online: <http://galenet.galegroup.com/servlet.htm>. Access 26 November 2008.
- Cordle, D. 1999. *Postmodern postures: literature, science and the two cultures debate*. Sydney: Ashgate.
- Cornelius, D. & St. Vincent, E. (eds.) 1964. *Cultures in conflict: perspectives on the Snow-Leavis controversy*. Chicago: Scott, Foreman and Company.
- Cosslett, T. 1982. *The 'scientific movement' and Victorian literature*. Sussex: The Harvester Press.
- Cowdry, B. 1991. Laboured portrait of Afrikaner. *Herald*, 5 June 1991, p. 8.
- Crews, F. C. 2002. Saving us from Darwin. In: Angier, N. & Folger, T. (eds.) *The best American science and nature writing*. Boston: Houghton Mifflin.
- Cuddon, J.A. 1999. *The Penguin dictionary of literary terms and literary theory*. London: Penguin Books.
- Cunningham, A. & Williams, P. 1993. De-centering the 'big picture': *The Origins of Modern Science* and the modern origins of science. *The British Journal for the History of Science* 26(4):407-432.
- Dale, P.A. 1989. *In pursuit of a scientific culture: Science, art and society in the Victorian Age*. Wisconsin: University Press.
- Darwin, C. 1859. Republished 1983. *The origin of species by means of natural selection or the preservation of favoured races in the struggle for life*. Middlesex: Penguin.
- David, D. 2001. *The Cambridge companion to the Victorian novel*. Cambridge: University Press.
- Dawkins, R. 1989. *The selfish gene*. Oxford: University Press.
- Dawson, G. 2006. Literature and science under the microscope. *Journal of Victorian Culture* 11(2):301-315.
- Dawson, G. 2007. *Darwin, literature and Victorian respectability*. Cambridge: University Press.
- De Villiers, H. 1991. Die lostorring van 'n Penelope-weefsel. *Die Transvaler*, 21 Februarie 1991, p.8.

- De Vries, F. 2008. *The Fred de Vries Interviews: from Abdullah to Zille*. Johannesburg: Wits University Press.
- Dewey, S. 2004. Continuing popular belief in the 19th century. Online: <http://skepticroport.com/sr/?p=164>. Access 20 June 2010.
- Derleth, A. 1952. Contemporary science fiction. *College English* 13(4):187-194.
- Du Plooy, H. 2006. Afstand en belewenis: liminale ruimtes en oorlewing in *Niggie* deur Ingrid Winterbach. *Literator*, April 2006. Aanlyn: [http://www.thefreelibrary.com/Distance + and+experience%2fendurance%3a+liminal+](http://www.thefreelibrary.com/Distance+and+experience%2fendurance%3a+liminal+). Toegang 18 Januarie 2010.
- Du Plooy, H. 2009. Die argeologie van die teken: taal en diskoers in *Niggie* en *Die boek van toeval en toeverlaat van Ingrid Winterbach*. *Stilet* 21(2):1-29.
- Du Randt, H. 1973. *Die stem van die storieverteller: verhale van Eugène N. Marais*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Easton, D. & Schelling, C.S. 1991. *Divided knowledge. Across disciplines, across cultures*. Londen: Sage Publications.
- Eichner, H. 1982. The rise of modern science and the genesis of Romanticism. *PMLA* 97(1):8-30.
- Everett, G. 2007. The Victorian Web: Spiritualism. Online: <http://www.victorianweb.org/religion/spirit.html>. Access 3 March 2010.
- Ferguson, C. 2006. *Language, science and popular fiction in Victorian Fin-de-siècle: the brutal tongue*. Burlington: Ashgate.
- Ferreira, C. 1994. An alien in Durban is the rising star of Afrikaans literature. New writer on the block. *Sunday Tribune*, 22 May 1994, p. 2.
- Fisher, D.C. 2003. *Reflections on science through literature in late nineteenth century Europe: Gustave Flaubert's Salammbô (1862), J.K. Huysmans' Against nature (1884), Leo Tolstoy's The Kreutzer sonata (1889) and Gabriele D'Annunzio's The triumph of death (1894)*. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit van die Witwatersrand.
- Foster, L. 2005. Die grenservaring is belangrik: trieksters in vier romans van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach. *Stilet* 17(2): 68-86.
- Fowler, A. 1974. The life and death of literary forms. In: Cohen, R. (ed.) *New directions in literary history*. London: Routledge & Kegan Paul, p. 77-94.
- Fulford, T., Lee, D. & Kitson, P.J. 2004. *Literature, science and exploration in the Romantic era: bodies of knowledge*. Cambridge: University Press.

- Gaigher, L. 2006. Winterbach-teks subliem. *Die Burger*, 13 November 2006, p. 11.
- Gerhardt, M. 1992. *Genre choices, gender questions*. Norman & London: University of Oklahoma Press.
- Gilmour, R. 2000. *Using the Victorians: the Victorian age in contemporary fiction*. In: Jenkins, A. & John, J. (eds.) *Rereading Victorian fiction*. London: Macmillan Press.
- Glendening, J. 2007. *The evolutionary imagination in Late-Victorian novels. An entangled bank*. Burlington: Ashgate.
- Grabo, C. 1939. Science and the Romantic movement. *Annals of Science* 4(2):191-205.
- Greeff, R. 1994. Lettie Viljoen en haar motteboek. Aanlyn: <http://www.agape.co.za/ingrid/karolina.htm>. Toegang 7 Februarie 2009.
- Grewell, G. 2001. Colonizing the universe: science fictions then, now and in the (imagined) future. *Rocky Mountain Review of Language and Literature*, 55(2):25-47.
- Grobbelaar, M. 1991. *Die bese skoonheid: verskyningsvorme van estetisisme en dekadensie in die Afrikaanse prosa met toespitsing op die werk van Hennie Aucamp*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
- Groenewald, Y. 2007. Not lost in translation. *Mail and Guardian*, 13 September 2007, p. 9.
- Gouws, A. 2008. Ingrid Winterbach as skrywer en as beeldende kunstenaar – enkele beskouings. *Stilet* 20(1):8-42.
- Gouws, T. 1993. 'n 'Halfwegstasie op pad van ons transformasie'. *Beeld*, 15 November 1993, p. 10.
- Griebenow, F. 2006. IO-ontploffing. Nuwe skote knal oor die heelal. *Beeld*, 10 Maart 2006, p. 15.
- Gutleben, C. 2001. *Nostalgic postmodernism. The Victorian tradition and the contemporary British novel*. Amsterdam: Rodopi.
- Hambidge, J. 1985a. Om boodskap en aanbod 'n belangrike prosawerk. *Die Vaderland*, 4 Februarie 1985, p. 11.
- Hambidge, J. 1985b. Vrolikheid moenie ten koste van boek wees. *Die Burger*, 14 Mei 1985, p. 8.
- Hambidge, J. 1987. Voorwaar 'n teks wat beïndruk. *Beeld*, 12 Januarie 1987, p. 6.

- Hambidge, J. 2006. Soos 'n hotnotsgot op 'n jazz-plaat – oftewel, Wat maak Ta' Ingrid daar. Aanlyn: [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270). Toegang 13 November 2009.
- Halliwell, M. 1999. *Romantic science and the experience of Self*. Sydney: Ashgate.
- Harris, R. 2008. Elements of the Gothic novel. Online:<http://www.virtualsalt.com/gothic.htm>. Access 5 December 2009.
- Hattingh, M. 1997. Landskap van vrou se stryd as kunstenaar. *Rapport*, 12 Januarie 1997, p. 18.
- Heims, N. 2006. Critical essay on “A Poison Tree”, in *Poetry for Students*, Thomson Gale. Online:[www.answers.com/topic/a-poison-tree-poem-8](http://www.answers.com/topic/a-poison-tree-poem-8). Access: 28 May 2010.
- Henkin, L.J. 1963. *Darwinism in the English novel (1860–1910). The impact of evolution on Victorian fiction*. New York: Russell & Russell.
- Hentzi, G. 1998. Darwin and Darwinism in Victorian literature. Online: <http://www.darwin.baruch.cuny.edu/faculty/hentziA.html>. Access 19 May 2010.
- Herreros, G. 2007. El sitio de la Melancolía. Robert Burton: the Anatomy of Melancholy (1621). Online: <http://www.herreros.com.ar/melanco/anatomy.html>. Access 12 September 2007.
- Herringman, N. (ed.) 2003. *Romantic science. The literary forms of natural history*. New York: Suny Press.
- Holtz, P. 1987. Soul of whites crippled by guilt. *The Daily News*, 27 Januarie 1987, p. 13.
- Howarth, J.L. 1968. Literature and science. *The Bulletin of the Rocky Mountain Modern Language Association* 22(4):177-182.
- Human, M. P. 2004. “Mnr.Y, mnr. Y, mnr. Y”: Oor die voortgesette “gesprek” wat die tekste van Ingrid Winterbach met die van Etienne Leroux voer. *Stilet* 16(1):32-49.
- Human, M.P. 2007. *Verlies in die oeuvre van Lettie Viljoen/ Ingrid Winterbach*. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit van Johannesburg.
- Human, T. 1997. Die komplekse landskap van begeerte. *Die Volksblad*, 7 April 1997, p. 6.
- Human, T. 2002. Die enigmatiese niggie ken baie trieks. *Rapport*, 1 Desember 2002, p. 28.
- Human, T. 2006. Grondig droef en verduiwels snaaks. *Beeld*, 20 November 2006, p. 13.
- Human, T. 2008a. Dit wat verborge en tergend (on)ontginbaar bly. *Stilet* 20(1):i-v.

- Human, T. 2008b. "Jan de Dood en sy bende": Vergestaltings van die dood in die romans van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach. *Tydskrif vir Letterkunde* 45(2):72-86.
- Huxley, A. 1963. *Literature and science*. London: Chatto & Windus.
- Huxley, T. H. 1880. Science and culture. In: Lancashire, I. 2003. Online: <http://www.chass.utoronto.ca/~ian/huxley1.htm>. Access 29 March 2007.
- International Federation for Modern Languages and Literatures. 1954. *Literature and science. Proceedings of the sixth triennial congress*. Oxford: Basil Blackwell.
- Jansen, E. 1999. Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach (1948– ). In: Van Coller, H.P. (red.) *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, Deel 2. Pretoria: J.L. Van Schaik, p. 733-745.
- Jenkins, A.C. 1978. *The naturalists: pioneers of natural history*. London: Book Club Associates.
- Jenkins, A. & John, J. 2000. *Rereading Victorian fiction*. London: Macmillan Press.
- John, P. 2004. "Meer dydelikhyt oor die punch en die vis": 'n vergelyking van *Niggie, Daar's vis in die punch* en *Eilande*. *Literator* 25(1):23-46.
- John, P. 2008. Die tyd van die triekster: identiteit in enkele hedendaagse Afrikaanse prosatekste. *Literator* 29(3):75-97.
- Jordanova, L. (ed.) 1986. *Languages of nature: critical essays on science and literature*. New Brunswick: Rutgers University Press.
- Joubert, G. 1997. *Die groot gedagte: abstrakte weefsel van die kosmos*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J. C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Band 1. Kaapstad: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1993. "Belemmerende" gang van vorige werk afgeskud. *Rapport*, 28 November 1993, p. 30.
- Kannemeyer, J. C. 1995. *Langenhoven: 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J. C. 1999. *Leipoldt: 'n lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J. C. 2005. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur (1652–2004)*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kent, T. 1986. *Interpretation and genre: the role of generic perception in the study of narrative texts*. Lewisburg: Bucknell University Press.

- Kimball, R. 1994. The two cultures today. Online: <http://www.newcriterion.com/articles/cfm/The-two-cultures-today-4882>. Access 27 June 2008.
- Kirchknopf, A. 2008. (Re-)workings of nineteenth century fiction: definitions, terminology, contexts. *Neo-Victorian Studies* 1(1):53-80.
- Knight, D. 1986. *The age of science: the scientific world view in the nineteenth century*. Oxford: Basil Blackwell.
- Kohlke, M-L. 2008. Introduction: Speculations in and on the neo-Victorian encounter. *Neo-Victorian Studies* 1(1):1-18.
- Kohlke, M-L. 2009. Familial complications: Review of A. S. Byatt, The children's book. *Neo-Victorian Studies* 2(2):264-271.
- Kruger, J.J. 1948. C. Louis Leipoldt. In: Nienaber, P.J. 1948. *C.Louis Leipoldt. Eensame veelsydige*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, p.109-111.
- Kucich, J. 2000. Intellectual debate in the Victorian novel: religion, science, and the professional. In: David, D. (ed.) 2000. *The Cambridge companion to the Victorian novel*. Cambridge: University Press, p.212-233.
- Kucich, J. 2002. Scientific ascendancy. In: Brantlinger, P. & Thesing, W.B. *A companion to the Victorian novel*. Oxford: Blackwell, p. 119-136.
- Kucich, J. & Sadoff, D. (eds.) 2000. *Victorian afterlife: postmodern culture rewrites the nineteenth century*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Lancashire, I. 2003. Science and culture by T. H. Huxley (1880). Online:<http://www.chass.utoronto.ca/~ian/huxley1.htm>. Access 29 March 2007.
- Landow, G.P. 2009. Victorian and Victorianism. Online: <http://www.victorianweb.org/vn/victor4.html>. Access 16 August 2009.
- Langenhoven, C.J. 1947. *Die Krismiskinders*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- La Vita, M. 2010. Nie diép genoeg nie. *Beeld By*, 27 Maart 2010, p.7.
- Le Roux, A. 1985a. Goed begin en baie gewin. *Die Burger*, 18 April 1985, p. 9.
- Le Roux, A. 1985b. Die lekkerkry met 'n sug afgewissel. *Beeld*, 20 Mei 1985, p. 8.
- Le Roux, A. 1991. Berg-op wag die leser, en wag en wag. *Insig*, 30 April 1991, p. 47.
- Leavis, F.R. 1964. Two cultures? The significance of C. P. Snow. In: Cornelius, D. & St. Vincent, E. (eds.) *Cultures in conflict: perspectives on the Snow-Leavis controversy*. Chicago: Scott, Foreman & Company, p.14-16.



- Leipoldt, C. L. 1980. *Bushveld doctor*. Eerste uitgawe 1937. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Leitch, V. 1991. (De)Coding (generic) discourse. *Genre* XXIV:83-99.
- Lemmer, E. 1994. *Gen(r)e in die resente Afrikaanse literatuur: permutasies en matriks-moonlikhede in tekste van Goosen, Krog en Brink*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Lemmer, E. 2004a. Persoonlike gesprek met Ingrid Winterbach. Durban, 28 Maart 2004.
- Lemmer, E. 2004b. Persoonlike e-poskommunikasie met Ingrid Winterbach, 15 Julie 2004.
- Lemmer, E. 2010. Persoonlike gesprek met Ingrid Winterbach. Pretoria, 22 Julie 2010.
- Lepenes, W. 1985. *Between literature and sociology: the rise of sociology*. New York: Cambridge University Press.
- Levenson, M. 2001. Angels and insects: theory, analogy, metamorphosis. In: Alfer, A. & Noble, M. *Essays on the fiction of A.S. Byatt. Imagining the real*. London: Greenwood Press, p. 161-174.
- Levine, G. (ed.) 1987. *One culture: essays in science and literature*. Wisconsin: University Press.
- Levine, G. 1988. *Darwin and the novelists: patterns of science in Victorian fiction*. Cambridge: Harvard University Press.
- Levine, G. 2000. Foreword. In: Beer, G. *Darwin's plots. Evolutionary narrative in Darwin, George Eliot and nineteenth-century fiction*. Cambridge: University Press, p. 1-9.
- Levine, G. 2006. *Darwin loves you. Natural selection and the re-enchantment of the world*. Princeton: University Press.
- Levine, G. 2007. Science and Victorian literature: a personal retrospective. *Journal of Victorian Culture* 12(1):86-96.
- Levy, H. & Spalding, H. 1952. *Literature for an Age of Science*. London: Methuen.
- Lindenbergh, E. (red.) 1965. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. Kaapstad: Academica.
- Llewellyn, M. 2008. What is Neo-Victorian Studies? *Neo-Victorian Studies* 1(1):170-185.
- Lloyd, C. 1985. *The travelling naturalists*. London & Sydney: Croom Helm.

- MacKenzie, C. 2008. Recovering “the Lost World of the Father”: Ingrid Winterbach’s Boer War. *Stilet* 21(1):106-119.
- Malan, C. 1991. Neef Chrisjan wat so lag. *De Kat*, 31 Julie 1991, p. 88.
- Marais, E.N. 1965. *’n Paradys van weleer en ander geskrifte*. Voorwoord en samesteller: Rousseau, L. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Marais, E.N. 1980. *Keurverhale*. Johannesburg: Perskor.
- Marais, E.N. 1980. *Laramie, die wonderwerker en ander verhale*. Johannesburg: Perskor.
- Marais, J.L. & Marais, R. 1998. Eugène Marais (1871–1936). In: Van Coller, H. (red.) *Perspektief en profiel*. Deel 1. Pretoria: J.L van Schaik, p. 657-671.
- Marais, J.L. 2001. *’n Ondersoek na die aard van en opvattinge oor Eugène Marais se wetenskaplike prosa*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Marais, L. 2006. Venter & Winterbach. Twee reaksies op die Suid-Afrikaanse situasie. *Beeld*, 9 Desember 2006, p. 12.
- Mawer, S. 2005. Science in literature. *Nature* 434(7031): 297-299.
- Melechi, A. 2008. *Servants of the supernatural: the night side of the Victorian mind*. London: Heinemann.
- Merrill, L. 1989. *The romance of Victorian natural history*. Oxford: University Press.
- Miller, J. 1996. The Salon Interview: A.S. Byatt. Online: <http://www.salon.com/weekly/interview960617.html>. Access 12 May 2007.
- Minot, S. 2003. *Literary nonfiction: the fourth genre*. New Jersey: Prentice Hall.
- Morgan, A. 1992. Wetenskapsfiksie. In: Cloete, T.T. (red.) *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Morton, P. 1984. *The vital science: biology and literary imagination, 1860–1900*. Boston: George Allen & Unwin.
- Mosley, N. 2004. *The uses of slime mould: essays of four decades*. Illinois: Dalkey Archive Press.
- Myers, W. 1998. *The presence of persons. Essays on literature, science and philosophy in the nineteenth century*. Sydney: Ashgate.
- Nel, J. 1991. Dié roman kan lesers beloon. *Beeld*, 20 Mei 1991, p. 6.

- Newman, J. & Friel, J. 2003. An interview with A.S. Byatt. Online: <http://www.cercles.com/interviews/byatt.html>. Access
- Nienaber, P.J. 1948. *C. Louis Leipoldt: Eensame veelsydige*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Nienaber, P.J. 1982. *Perspektief en profiel: 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Perskor.
- O'Connor, R. 2007. *The earth on show: fossils and the poetics of popular science*. Chicago: University Press.
- O'Gorman, F. (ed.) 2002. *The Victorian novel*. Oxford: Blackwell Publishing.
- O'Gorman, F. (ed.) 2005. *A concise companion to the Victorian novel*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Oets, N., Stam, B. & Joubert, J. s.j. "Belemmering". Aanlyn: <http://www.agape.co.za/ingrid/belemeri.htm>. Toegang: 20 November 2008.
- Olivier, G. 1994. Die begeerte na liefde. *Vrye Weekblad*, 26 Januarie 1994, p. 34.
- Otis, L. (ed.) 2002. *Literature and science in the nineteenth century: an anthology*. Oxford: University Press.
- Pakendorf, G. 1991. Belemmering, maar dis 'n leeservaring. *Die Burger*, 14 Mei 1991, p.11.
- Pakendorf, G. 1997. Viljoen se veelduidige werk daag lesers behoorlik uit. *Die Burger*, 30 Julie 1997, p. 11.
- Pakendorf, G. 2002. Hede word verlede. Winterbach wys weer sy is formidabel. *Die Burger*, 25 November 2002, p. 11.
- Pakendorf, M. 2007. SA kan trots wees op dié uitstekende vertalings. *Beeld*, 22 Oktober 2007, p. 17.
- Pakenham, T. 1979. *The Boer war*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Palmeri, F. (ed.) 2006. *Humans and other animals in eighteenth-century British culture: representation, hybridity, ethics*. Burlington: Ashgate.
- Paradis, J. & Postlewait, T. 1981. *Victorian science and Victorian values: literary perspectives*. New York: The New York Academy of Sciences.
- Pretorius, R. 1992. Satire. In: Cloete, T.T. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

- Prinsloo, K. 1987. Gepolitiseerde beeld van bestaan op 'n dorpie. *Oosterlig*, 5 Januarie 1987, p. 6.
- Pykett, L. 2001. Sensation and the fantastic in the Victorian novel. In: David, D. *The Cambridge companion to the Victorian novel*. Cambridge: University Press, p. 192-211.
- Raby, P. 1996. *Bright paradise. Victorian scientific travellers*. London: Pimlico.
- Random House. s.j. About this book: Angels and insects, A.S. Byatt. Online: <http://www.randomhouse.com/catalog/display.pperl?isbn=9780679751342>. Access 14 November 2008.
- Rauch, A. 2001. *Useful knowledge: the Victorians, morality, and the march of the intellect*. London: Duke University Press.
- Rees, G. 1955. The influence of science on the structure of the novel in the nineteenth century (Balzac, Flaubert, Zola). In: International federation for modern languages and literatures, literature and science. *Proceedings of the 6<sup>th</sup> biennial congress at Oxford*. Oxford: Blackwell, p. 255-61.
- Richardson, A. 2001. *British romanticism and the science of the mind*. Cambridge: University Press.
- Roos, H. 1988. Perspektiewe op die Nederlandse prosa. In: Van der Elst, J., Ohlhoff, C.H.F. & Schutte, H.J. (reds.) *Momente in die Nederlandse letterkunde*. Pretoria: Academica.
- Roos, H. 1994. Literêre geskiedskrywing en/as persoonlike perspektief. *Journal of Literary Science/Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 10(3/4):x-xx.
- Roos, H. 1997. 'n Vrou in die kolonies: oor die grense van taal en tyd. *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans* 4(1):62-77.
- Roos, H. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, H. (red.) *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria. J.L. van Schaik, p. 21-17.
- Roos, H. 2005. *Genre en tema. Enigste studiegids vir AFK202U*. Pretoria: Unisa Uitgewers.
- Roos, H. 2006. Die Afrikaanse prosa 1997–2002. In: Van Coller, H. (red.) *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 3. Pretoria: J.L. van Schaik, p. 43-104.
- Rousseau, G.S. 1978. Literature and science: the state of the field. *Isis* 9(4):583-591.

- Rousseau, L. 1974. *Die groot verlange: die verhaal van Eugène Marais*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Rousseau, L. 2006. *Die groot avontuur: wondere van die lewe op aarde*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Rousseau, L. s.j. *Brolloks en Bittergal*. Geen verdere bibliografiese gegewens aangedui nie.
- Russell, B. 1952. *The impact of science on society*. London: George Allen & Unwin.
- Ruston, S. (ed.) 2008. *Literature and science*. Cambridge: D.S. Brewer.
- Saunders, C. (ed.) 2004. *A companion to Romance from classical to contemporary*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Schaeffer, J. 1989. Literary genres and textual genericity. In: Cohen, R. *The future of literary theory*. London: Routledge, p.167-187.
- Schatzberg, W., Waite, R. A. & Johnson, J.K. (eds.) 1987. *The relations of literature and science: an annotated bibliography of scholarship, 1880–1980*. New York: Modern Language Association.
- Schiebinger, L. *The mind has no sex: women in the origins of modern science*. Boston: Harvard University Press.
- Schoonees, P.J. 1922. *Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*. Pretoria: J.H. De Bussy.
- Schutte, M. 2006. Vertaling bring nuwe fasette van verhaal na vore. *Volksblad*, 13 Februarie 2006, p. 8.
- Schweber, S.S. 1981. *Scientists as intellectuals: the early Victorians*. In: Paradis, J. & Postlewait, T. 1981. *Victorian science and Victorian values: literary perspectives*. New York: The New York Academy of Sciences.
- Shaffer, E. (ed.) 1991. Literature and science. *Comparative criticism* 13. Cambridge: University Press, p. xv-xxix.
- Shaffer, E. (ed.) 1998. *The third culture: literature and science*. Berlin & New York: Walter de Gruyter.
- Shetsova, M. 2000. From brain to mind. *PAJ: a Journal of Performance and Art* 22(1):105-110.
- Shevlin, I. 1994. New writer on the block. *Sunday Tribune*, 22 May 1994, p. 2.

- Shiller, D. 1997. The redemptive past in the neo-Victorian novel. *Studies in the Novel* 29: 538-560.
- Shuttleworth, S. 1998. Natural history: the retro-Victorian novel. In: Shaffer, E. (ed.) *The third culture: Literature and science*. Berlin & New York: Walter De Gruyter, p. 253-268.
- Shuttleworth, S. 2001. Writing Natural History: "Morpho Eugenia". In: Alfer, A. & Noble, M. *Essays on the fiction of A.S. Byatt. Imagining the real*. London: Greenwood Press, p.147-161.
- Simons, H. & Aghazarian, A. (eds.) 1986. *Form, genre, and the study of political discourse*. South Carolina: University Press.
- Sinclair, I., Hockey, P. & Tarboton, W. 2002. *Sasol Voëls van Suider-Afrika*. Derde uitgawe. Kaapstad: Struik.
- Slusser, G. & Guffey, G. 1982. Literature and science. In: Barricelli, J-P. & Gibaldi, J. *Interrelations of literature*. New York: The Modern Language Association.
- Smith, F. 1999. Uitdaging vir die intellek. Winterbach skryf die eerste keer onder haar eie naam. *Die Volksblad*, 6 Desember 1999, p. 8.
- Smith, F. 2000. Hele oeuvre resoneer in digte roman. *Die Burger*, 19 Januarie 2000, p. 8.
- Smith, M. s.j. Lettie Viljoen – Ingrid Winterbach: Buller se plan. Gramadoelas, Zuid-Afrikaanse literatuur. Aanlyn: <http://useronline.be/gramadoelas/auteur.lettieviljoen.htm>. Toegang 15 September 2008.
- Smith, M. 2002. Ingrid skep 'n "kunsfiek". *Volksblad*, 9 Desember 2002, p. 6.
- Smuts, J.P. 1994. Karolina Ferreira hoogtepunt. Jongste Lettie Viljoen-roman. *Die Volksblad*, 2 Mei 1994, p. 6.
- Smuts, J. P. 1997. Europese landskap van gees. *Insig*, 31 Januarie 1997, p. 32.
- Snow, C.P. 1959. *The two cultures and the scientific revolution*. Cambridge: University Press.
- Snow, C.P. 1971. *Public affairs*. Londen: Macmillan.
- Spangenberg, S. 2009. Darwin, die Bybel en die sondeval. *Beeld By*, 14 Februarie 2009, p.14.
- Stander, C. 1988. 'n Ontsluiting van enkele ideologiese aspekte in die teks Erf van Lettie Viljoen. Ongepubliseerde honneursskripsie, Universiteit van Wes-Kaapland.

- Stander, C. 1994. Wellus en stilte. *Die Suid-Afrikaan*, Januarie/Februarie 1994, p. 6.
- Steinmair, D. 2004. LitNet Paneelklopper: Ingrid Winterbach. Aanlyn:<http://www.oulitnet.co.za/paneelklopper/ingrid.asp>. Toegang 20 Oktober 2009.
- Stone, D.D. 1980. *The romantic impulse in Victorian fiction*. Cambridge: Harvard University Press.
- Sturrock, J. 2002. Angels, insects and analogy: A.S. Byatt's "Morpho Eugenia". *Connotations* 12(1):93-104.
- Suvin, D. 1972. On the poetics of the science fiction genre. *College English* 34(3):372-382.
- Swanepoel, E. 1991. Viljoen skiet ons literêre landskap oop (maar nie vir Boere-Calviniste nie). *Vrye Weekblad*, 25 April 1991, p. 23.
- Terry, R.C. 1983. *Victorian popular fiction, 1860–80*. Londen: Macmillan Press.
- The Independent. 2009. Interview with A.S. Byatt. 2 December 2009.
- Thomas, D. 1992. *The Victorian underworld*. Londen: John Murray.
- Thomas, H. 1992. Verligting. In: Cloete, T.T. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Thompson, K.W. 1988. *Discourse and the two cultures. Science, religion and the humanities*. Volume 19. Exxon Education Foundation Series on Rhetoric and Political discourse. Virginia: University Press.
- Todorov, T. 1976. The origin of genres. *New Literary History* VIII (1):159-170.
- Van Coller, H.P. (red.) 1998. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. (red.) 1999. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 2. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. (red.) 2005. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 3. Pretoria: J.L. Van Schaik.
- Van Coller, H.P. & Van den Berg, C. 2009. Trauma, verlies en die semiotiese bewussyn in *Karolina Ferreira* en *Niggie* van Ingrid Winterbach. *Stilet* 21(2): 29-52.
- Van den Heever, A. J. 2010. *Toevalligheid in Ingrid Winterbach se Die boek van toeval en toeverlaat: interpretasies van die roman met die fokus op die tema van kontingensie*. Ongepubliseerde MA-skripsie, Universiteit van Stellenbosch.

- Van der Elst, J., Ohlhoff, C.H.F. & Schutte, H.J. (reds.) *Momente in die Nederlandse letterkunde*. Pretoria: Academica.
- Van der Merwe, C. s.j. Herinneringe wat die psige van die Afrikaner bepaal. Aanlyn: <http://www.oulitnet.co.za/leeskring/belemmer.asp>. Toegang 2 September 2009.
- Van der Vyver, M. 1986. Kort en kragtig. *Sarie*, 30 Julie 1986, p. 11.
- Van Reeth, A. 1994. *Ensiklopedie van die mitologie*. Vlaeberg: Vlaeberg Uitgewers.
- Van Rensburg, C. 2007. Verskuil in woorde en skulpe. *Insig*, 1 Februarie 2007, p. 81.
- Van Schalkwyk, P. 2002. Karolina Ferreira (1993) van Lettie Viljoen en Vincent van Gogh se “Die Nagkafee”(1888): ’n ruimtelik-koherente lesing. *Literator* 23(2):199-221.
- Van Vuuren, H. 2004. Litnet-onderhoud oor *Niggie*. In: Steinmair, D. LitNet Paneelklopper: Ingrid Winterbach. Aanlyn:<http://www.oulitnet.co.za/paneelklopper/ingrid.asp>. Toegang 20 Oktober 2009.
- Van Vuuren, H. 2008. “Alles vloei en niks hou stand”: ’n Verkenning van Ingrid Winterbach se *Die boek van toeval en toeverlaat*. *Stilet* 20(1):163-77.
- Van Zyl, A. 1986. Aktuele verhaal oor swartes raak diep. *Die Volksblad*, 6 Desember 1986, p. 12.
- Van Zyl, D. 1993. Storie en pitkos gelyk. *Die Burger*, 21 Desember 1993, p. 10.
- Van Zyl, D. 2000. Roman vol onsekerhede. *Buller se plan* dig verweef met historiese intertekste. *Rapport*, 13 Februarie 2000, p. 23.
- Van Zyl, I. 1987. Mosaïek Mosaïek. *De Kat*, 30 April 1987, p. 101.
- Venter, L.S. 1986. ’n Prestasie in die jonger prosa. *Die Volksblad*, 18 Januarie 1986, p. 10.
- Venter, L.S. 1998. C.J. Langenhoven (1872–1932). In: Van Coller, H. (red.) 1998. *Perspektief en profiel: ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria. J.L. van Schaik, p. 564-574.
- Venter, L.S. 1999. ‘Buller se plan’ ’n langdradige en onopwindende vertelling. *Beeld*, 6 Desember 1999, p. 13.
- Venter, L.S. 2002. Winterbach se roman ‘Niggie’ verbeeldingryk. *Beeld*, 16 Desember 2002, p. 7.
- Victorian Web. 2008. Online: <http://www.victorianweb.org>. Access 17 June 2008.
- Viljoen, Lettie (ook Ingrid Winterbach). 1984. *Klaaglied vir Koos*. Johannesburg: Taurus.



- Viljoen, Lettie. 1986. *erf*. Johannesburg: Taurus.
- Viljoen, Lettie. 1990. *Belemmering*. Johannesburg: Taurus.
- Viljoen, Lettie. 1993. *Karolina Ferreira*. Kaapstad: Tafelberg.
- Viljoen, Lettie. 1994. U is 'n bodemlose put. Lettie Viljoen oor metafiksionele kwessies. *Die Suid-Afrikaan* 47:40.
- Viljoen, Lettie. 1996. *Landskap met vroue en slang*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Viljoen, Louise. 1993. Die roman as polifonie: diskursiewe verskeidenheid in Lettie Viljoen se *Belemmering*. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 9(3/4):313-325.
- Viljoen, Louise. 1995. Disrupsie en appropriasie in Lettie Viljoen se *Karolina Ferreira*. *Stilet* 7(2): 32-45.
- Viljoen, Louise. 1996a. Postcolonialism and recent women's writing in Afrikaans. *World Literature Today* 70(1):63-72. Aanlyn:<http://www.agape.co.za/ingrid/klaaglie.htm>. Toegang 15 September 2008.
- Viljoen, Louise. 1996b. Leipoldt en die Ooste: Leipoldt se reisbeskrywing Uit my Oosterse dagboek en die diskoers van Oriëntalisme. *Stilet* VIII:2:53-71.
- Viljoen, Louise. 1998a. Plek, landskap en die postkolonialisme in twee Afrikaanse romans. *Stilet* 10(1):73-92.
- Viljoen, Louise. 1998b. C. Louis Leipoldt (1880–1947). In: Van Coller, H. (red.) 1998. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria. J.L. van Schaik, p. 575-585.
- Viljoen, Louise. 1999. 'n Wonderlike eiesoortigheid. *Insig*, 31 Desember 1999, p. 50.
- Viljoen, Louise. 2003a. Die triekster met die verehoedjie. *Insig*, 30 Junie 2003, p. 76.
- Viljoen, Louise. 2003b. Voorwoord. In: Viljoen, Lettie. *Karolina Ferreira*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Viljoen, Louise. 2007a. *Die boek van toeval en toeverlaat*: 'n rykdom van verbeelding, besinning en toespeling. Aanlyn: [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270). Toegang 14 Oktober 2009.
- Viljoen, Louise. 2007b. Antjie Krog en haar literêre moeders: die werking van 'n vroulike tradisie in die Afrikaanse poësie. *Tydskrif vir Letterkunde* 44(2):5-28.

- Viviers, T. 1996. *Prosesse van transformasie in Lettie Viljoen se roman Karolina Ferreira (1993)*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Weber, R. 1980. *The literature of fact: literary nonfiction in American writing*. Ohio: University Press.
- Weinroth, M. 2005. "Morpho Eugenia" and the fictions of Victorian Englishness: A.S. Byatt's postcolonial critique. *ESC* 31(2):187-222.
- Wellek, R. 1949. The concept of "Romanticism" in *Literary History II*. The unity of European Romanticism. *Comparative Literature* 1(2):147-172.
- Willburn, S. A. 2006. *Possessed Victorians. Extra spheres in nineteenth-century mystical writings*. London: Ashgate.
- Winterbach, I. 1999. *Buller se plan*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Winterbach, I. 2002. *Niggie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Winterbach, I. 2005. *The elusive moth*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Winterbach, I. 2006. *Die boek van toeval en toeverlaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Winterbach, I. 2007. *To hell with Cronjé*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Winterbach, I. 2008. Om jou hemel en hel te kan verbéél. *Stilet* 20(1):6-8.
- Winterbach, I. 2010. *Die benederyk*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Wolk, A. 1990. Challenge the boundaries: an overview of science fiction and fantasy. *The English journal* 79(3):26-31.
- Wu, D. (ed.) 1998. *A companion to Romanticism*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Yeazell, R.R. (ed.) 1986. *Sex, politics and science in the nineteenth-century novel*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Young, R.M. 1985. *Darwin's metaphor. Nature's place in Victorian culture*. Cambridge: University Press.
- Zelig, H. 1987. Feministiese perspektiewe. *Die Transvaler*, 24 April 1987, p.18.